UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**DIE WISSELWERKING TUSSEN RUIMTE, MANLIKHEID EN DIE SKADUWEE IN *LENTE IN BEIJING* EN *DIE DAO VAN DAAN VAN DER WALT***

deur

Corine Raath

’n Mini-verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes van die graad

**MA KREATIEWE SKRYFKUNS**

in die

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE**

**Studieleier: Dr. Jacomien van Niekerk**
**Medestudieleier: Prof. Willie Burger**

Maart 2023

**Verklaring**

Ek, **Corine Raath**, bevestig dat hierdie mini-verhandeling my eie werk is. Dit word ingedien vir die graad MA Kreatiewe Skryfkuns by die Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns aan die Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika. Dit is nog nie voorheen ingedien vir enige graad of eksaminering by hierdie of enige ander universiteit nie.

Corine Raath

---------------------------------------

Pretoria, Maart 2023

## Etiekverklaring

Ek, **Corine Raath**, het vir hierdie navorsing die nodige etiekklaring verkry en verklaar dat ek die etiese vereistes van die Universiteit van Pretoria waargeneem het in terme van die Universiteit van Pretoria se kode van etiek vir navorsers en die beleidsriglyne vir verantwoordelike navorsing.

## Bedankings

Groot dank aan almal wat hierdie mini-verhandeling moontlik gemaak het:

Dr. Jacomien van Niekerk

Prof. Willie Burger

My familie en vriende vir hul ondersteuning en bereidwilligheid om as klankbord op te tree.

Spesiale dank aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) wat die grootste finansiële ondersteuning vir hierdie studie gebied het. Baie dankie ook aan die Dagbreek Trust vir finansiële ondersteuning, sowel as NB-Uitgewers wat die NB-Uitgewersbeurs (2022) aan my uitgereik het.

*Corine Raath*

*Maart 2023*

**Abstract**

In this study the novels *Lente in Beijing* (Spring in Beijing, 2003) by Francois Loots and *Die Dao van Daan van der Walt* (The Dao of Daan van der Walt, 2018) by Lodewyk G. du Plessis are analysed in the framework of Jungian psychoanalytic criticism. I focus on how the process of individuation (where the shadow is integrated into consciousness) is expressed through the characters, along with the role of space and masculinity in this process. I investigate the novels in terms of the interplay between space, the discourses of masculinity within spaces in the novels, and how these discourses have an impact on the shadows of the two respective main characters, Gerhard and Daan. In both novels the shadow is expressed through complexes, projections, and dreams (mainly Daan) or visions (mainly Gerhard). In *Lente in Beijing* Gerhard suppresses aspects of his masculinity which are seen as negative by the women in his workspace even though it corresponds to the ideals of masculinity in the space(s) he grew up with. Consequently, Gerhard has a "less manly" persona and suffers from a victim complex mainly projected onto the women at his work. This complex also leads to a lack of accountability. In *Die Dao van Daan van der Walt*, in the Kalahari where Daan spends the most of his years, masculinity is mainly, and positively, linked with the Bible. Consequently, Daan suppresses his homosexuality, suffers from an inferiority complex and develops a very religious and intellectual persona. He projects his ideals of masculinity onto his son and his inferiority complex onto his wife. It is, however, mainly through his persona that he tries to protect his shadow. In both novels new spaces (specifically in China) provide the characters with more freedom or new ideas which helps them integrate their shadow, such as Gerhard having to take accountability and Daan broadening his faith framework to include his homosexuality.

**Opsomming**

In hierdie studie word die romans *Lente in Beijing* (2003) deur Francois Loots en *Die Dao van Daan van der Walt* (2018) deur Lodewyk G. du Plessis in die raamwerk van Jungiaanse psigoanalitiese kritiek ontleed. Ek fokus op hoe die proses van individuasie (waar die skaduwee in die bewuste geïntegreer word) deur die karakters uitgedruk word, tesame met die rol van ruimte en manlikheid in hierdie proses. Ek ondersoek die romans in terme van die wisselwerking tussen ruimte, die diskoerse van manlikheid binne ruimtes in die romans, en hoe hierdie diskoerse 'n impak het op die skaduwees van die twee onderskeie hoofkarakters, Gerhard en Daan. In beide romans word die skaduwee uitgedruk deur komplekse, projeksies en drome (hoofsaaklik Daan) of visioene (hoofsaaklik Gerhard). In *Lente in Beijing* onderdruk Gerhard aspekte van sy manlikheid wat deur die vroue in sy werkruimte as negatief beskou word al stem dit ooreen met die ideale van manlikheid in die ruimte(s) waarin hy grootgeword het. Gevolglik het Gerhard 'n "minder manlike" persona en ly hy aan 'n slagofferkompleks wat hy hoofsaaklik op die vroue by sy werk projekteer. Hierdie kompleks lei ook tot 'n gebrek aan aanspreeklikheid. In *Die Dao van Daan van der Walt*, in die Kalahari waar Daan die meeste van sy jare deurbring, word manlikheid hoofsaaklik, en positief, met die Bybel verbind. Gevolglik onderdruk Daan sy homoseksualiteit, ly hy aan 'n minderwaardigheidskompleks en ontwikkel 'n baie godsdienstige en intellektuele persona. Hy projekteer sy ideale van manlikheid op sy seun en sy minderwaardigheidskompleks op sy vrou. Dit is egter hoofsaaklik deur sy persona wat hy sy skaduwee probeer beskerm. In beide romans bied nuwe ruimtes (spesifiek in China) die karakters meer vryheid of nuwe idees wat hulle help om hul skaduwee te integreer, soos Gerhard wat verantwoordelikheid moet neem en Daan wat sy geloofsraamwerk verbreed om sy homoseksualiteit in te sluit.

**Sleutelwoorde**

argetipes, bewuste, gaywees, geloof, homoseksualiteit, individuasie, Jung, kompleks, literatuur, onbewuste, projeksie, psigoanalitiese kritiek, psigokritiek, skaduwee.

**Inhoudsopgawe**


**Hoofstuk 1: Inleiding** 1

1.1 Navorsingsagtergrond en rasionaal 1

1.2 Probleemstelling 4

1.4 Beperkings van die studie 4

1.5 Oorsig oor die res van die mini-verhandeling 4

**Hoofstuk 2: Teoretiese raamwerk en literatuuroorsig** 6

2.1 Inleiding 6

2.2 Verklaring van begrippe 6

2.2.1 Ruimte 6

2.2.2 Diskoers 7

2.2.3 Identiteit 8

2.3 Psigoanalise en psigokritiek 9

2.3.1. Individuasie 10

2.3.2 Argetipes 10

2.3.3 Skaduwee 12

2.3.4 Projeksies en komplekse 12

2.3.5 Self 13

2.4 Gender en manlikheid 14

2.4.1 Genderstudies 14

2.4.2 Manlikheidstudies 15

2.5 Literatuuroorsig 18

2.5.1 Individuasie in prosatekste 18

2.5.2 Individuasie in Afrikaanse poësietekste 19

2.5.3 Die skaduwee in literêre tekste 19

2.5.4 Gender in Afrikaanse prosatekste 20

2.5.5 Ruimte in Afrikaanse prosatekste 20

2.5.6 Manlikheid in die plaasroman 21

2.5.7 Die gay man in Afrikaanse prosa 22

2.5.8 Bestaande navorsing oor *Lente in Beijing* en *Die Dao van Daan van der Walt* 22

**Hoofstuk 3: Die manifestasie en integrasie van Gerhard se skaduwee in *Lente in Beijing* (2003)** **25**

3.1 Inleiding 25

3.2 Die Suid-Afrikaanse ruimte se invloed op Gerhard se skaduwee 26

3.2.1 Komplekse 26

3.2.1.1 Minderwaardigheidskompleks 26

3.2.1.2 Die ruimte van die Rural Development Trust se invloed op Gerhard se slagofferkompleks 28

3.3 Manifestasie van Gerhard se skaduwee 30

3.3.1 Gerhard se skaduwee in visioene 30

3.3.2 Gerhard se skaduwee in drome 33

3.4 Integrasie van die skaduwee 33

3.5 Opsomming 34

**Hoofstuk 4: Die manifestasie en integrasie van Daan se skaduwee in *Die Dao van Daan van der Walt* (2018)** **35**

4.1 Inleiding 35

4.2 Die Suid-Afrikaanse ruimte se invloed op Daan se skaduwee 37

4.2.1 Komplekse en projeksies 37

4.2.1.1 Daan se minderwaardigheidskompleks in die plaas- en dorpsruimte 37

4.2.1.2 Daan se gelowige en intellektuele persona 38

4.2.2 Daan se projeksies 39

4.2.2.1 Projeksie van geloof 39

4.2.2.2 Projeksie van minderwaardigheidskompleks 41

4.2.2.3 Projeksie van skuld 42

4.3 Manifestasie van Daan se skaduwee in drome en visioene 42

4.4 Die rol van die Chinese ruimte in Daan se integrasie van sy skaduwee 43

4.4.1 You Mei as verlenging van die Chinese ruimte in Suid-Afrika 43

4.4.2 Die Chinese ruimte en tai ji se invloed op Daan se skaduwee-integrasie 44

4.5 Daan se integrasie van sy skaduwee 45

4.6 Opsomming 46

**Hoofstuk 5: Kort vergelyking van die twee romans** **47**

5.1 Inleiding 47

5.2 Die rol van die Suid-Afrikaanse ruimte in die romans 47

5.3 Die skaduwee se manifestasie in die romans 47
5.4 Die wisselwerking tussen die skaduwee en die Chinese ruimte 48
5.5 Moontlike verklaring vir die verskillende mates van integrasie in die twee romans 49

**Hoofstuk 6: Slot** **50**
6.1 Inleiding 50
6.2 Algehele gevolgtrekkings 50
6.3 Beperkings van die studie en moontlikhede vir verdere navorsing 50

**Bronnelys** **52**

## Hoofstuk 1: Inleiding

### 1.1 Navorsingsagtergrond en rasionaal

J.A. Cuddon (2013:568) beskryf psigoanalitiese kritiek as “a body of criticism which seeks to explain the significance of literary texts in terms of psychological development and conflict”. Hierdie studie maak ook van ’n psigokritiese aanslag gebruik omdat dit ’n groot bydrae kan lewer tot die interpretasie van tekste. Soos Gerda Taljaard-Gilson (2022:281) dit stel, sien psigokritici die psigoanalise “as ’n sleutel om die betekenis van literêre tekste te ontsluit”. Die fokus kan op die skrywer, leser, die teks self, of op ’n kombinasie van al drie wees (Van Gorp et al., 2007:274-275). Hierdie studie fokus op die teks. Volgens Van Gorp et al. (2007:275) is die hoofdoel van psigoanalitiese kritiek gewoonlik die interpretasie van die teks, hetsy ’n ontleding van die karakter se onbewuste aksies en uitinge of om ondersoek in te stel na die tydsgees / kollektiewe bewussyn wat in die werk uitgebeeld word. Daar kan ook gefokus word op die werk se onderliggende betekenisse. Met psigokritiese benaderings is daar wel die risiko dat analises plaasvind ten koste van die historiese, sosiale of ander kontekste (Barry, 2009:115). Hierom sluit hierdie studie ook aan by ander teorieë, spesifiek rondom manlikheid. Twee romans wat vrugbaar is vir ’n psigoanalitiese aanslag, spesifiek in verband met manlikheid, is *Lente in Beijing* (2003) en *Die Dao van Daan van der Walt* (2018) wat vervolgens aan bod kom.

In 2003 verskyn Francois Loots se tweede roman, *Lente in Beijing*. In die roman vertrek Gerhard, die gay hoofkarakter, in 1999 op 31-jarige ouderdom na China om te gaan klasgee. Enersyds handel die roman oor die feit dat Gerhard in China uiteindelik sy homoseksualiteit kan uitleef, maar andersyds handel dit ook oor die politieke en familieredes waarom hy Suid-Afrika verlaat. Gedurende die jaar van die roman se publikasie is dit onder meer deur Marius Crous, Andries Visagie, André Botha en Hennie Viljoen gerenseer. Die resensies belig die temas rondom Gerhard se seksualiteit en identiteit en hoe dit verband hou met sy verhouding met sy pa. Visagie (2003:17) meen Gerhard moet kies: “óf hy bou sy identiteit op die fondament van geweld en seksuele losbandigheid waarmee hy sy pa assosieer óf hy bou dit van nuuts af”; Viljoen (2003:13) skryf ook oor Gerhard se pa wat “voldoen aan die stereotipe macho-idee van manlikheid”. Dis wel vir Visagie (2003:17) vreemd dat Gerhard eers in China begin besin oor sy gay-identiteit aangesien hy reeds in Suid-Afrika ’n lang verhouding met ’n man gehad het.

In terme van die tekskwaliteit is die resensies in die algemeen positief, byvoorbeeld in vergelyking met Loots se debuutroman, *Nagvoëls* (2001) (Visagie, 2003:17). Daar is egter ook kritiek, soos dat die roman te langdradig/herhalend is (Crous, 2003:11) of dat dit konsentrasie verg “om al die kompleksiteite [...] na behore te verken” (Visagie, 2003:17). Botha (2003:6) meen ook die skryfstyl kan “plek-plek meer geslyp wees”. Verder wys Viljoen (2003:13) op die visioene wat Gerhard sien waarin sy oeroumagrootjie verskyn, wat ietwat geforseerd oorkom “in die wyse waarop sy as ’n skadu-super-ego die bykans obsessiewe uitlewing van Gerhard se seksuele identiteit en soeke na liefde in Beijing beïnvloed”.

Vyftien jaar ná *Lente in Beijing* verskyn *Die Dao van Daan van der Walt* in 2018 as debuutroman van Andries Buys wat hy onder die skuilnaam Lodewyk G. du Plessis laat publiseer. Die

hoofkarakter, Daan, blyk ook gay te wees en hy reis ook na China. As debuutroman het dit opslae gemaak en is onder meer met die Helgaard Steyn-, Eugène Marais- en die UJ-debuutprys bekroon. Buys "swem gemaklik saam met ander skrywers wat onlangs manlike identiteit en seksualiteit in Afrikaans ondersoek [het]," maar voeg "'n ander dimensie" by deur te fokus op 'n ouer man vir wie dit weens "institusionele handhawing van kollektiewe identiteit nooit voorheen nodig was om eie identiteit te bevraagteken nie" (Lambrechts, 2018).

Buys se roman is onder meer deur Marietjie Lambrechts (2018), Willie Burger (2018) en Stefan van Zyl (2020) geresenseer. Die resensente is dit eens dat die roman een van die beste literêre werke in Afrikaans is. Van Zyl (2020:158) voel byvoorbeeld die roman "vul 'n gaping in die Afrikaanse letterkunde wat betref die uitbeelding van veroudering soos beleef deur hedendaagse nieheteronormatiewe Afrikanermans". Al drie resensente spreek wel kritiek uit oor die taalgebruik, veral aan die begin van die roman, asook die verskeie intertekstuele verwysings. Burger (2018) meen egter die vertelwyse is een van die belangrikste kenmerke omdat die vermenging van hede en verlede in die roman, veral die achronologiese terugverwysings, help om spanning te bou en verrassende onthullings te maak. Die onbetroubare eerstepersoonsverteller boei ook die leser deurdat die gaping tussen Daan se optrede in die hede teenoor in sommige herinneringe ironie moontlik maak en empatie by die leser wek.

Soortgelyke tematiese materiaal word deur die resensente uitgesonder. Volgens Lambrechts (2018) word Daan se geskiedskrywing "'n lewensreis tot selfontdekking" terwyl hy blootgestel word aan nuwe idees. Burger (2018) wys ook daarop dat die gebruik van verwysings na mitologie, filosofie en dies meer "Daan [...] in staat [stel] om die dikwels beperkende diskoerse [...] te oorstyg". Hierdie beperkende diskoerse hou verband met Daan wat volgens Lambrechts (2018) sy ware self, spesifiek sy homoseksualiteit, wegsteek "omdat dit nie inpas by die tradisionele manlike beeld wat juis sy identiteit tot nou toe onderlê het nie". Burger (2018) plaas spesifiek klem op die "onverbiddelike gehoorsaamheid aan Gods woord" wat daartoe lei dat Daan "al die clichés van boer wees en veral manlikheid" uitleef. Van Zyl (2020:157) beklemtoon ook Daan se geloofstryd en hoe die parallelle tussen die Christelike en Oosterse geloofsisteme dit vir Daan moontlik maak om sy homoseksualiteit te aanvaar. Van Zyl (2020:157) toon spesifiek aan dat die roman beskou kan word as 'n uitbeelding van die Jungiaanse individuasieproses.

In beide *Lente in Beijing* en *Die Dao van Daan van der Walt* is identiteitsoeke 'n sentrale tema. Volgens Stuart Hall en Paul du Gay (1996:4) gaan identiteit(e) oor "what we might become, how we have been represented and how that bears on how we might represent ourselves". 'n Sielkundige proses wat hierby aansluit, is individuasie, soos beskryf deur Carl Gustav Jung. Individuasie verwys na die volwassewording van die persoonlikheid waar die onbewuste, en die skaduwee wat daarvan deel vorm, in die bewuste geïntegreer word om heelheid of die self te bereik (Jung, 2014c:par. 355, 278; Leigh, 2015:96). Beide die letterlike en figuurlike (identiteits)reise in die twee romans plaas die fokus op individuasie. Die romans het ook die gemeenskaplike tema van gay mans wat in China verhoudings met ander mans het – wat aansluit by die karakters se aanvaarding/uitleef van hul ware seksualiteit, asook hul manlikheid. Die studie gaan hierom buiten Jungiaanse psigoanalitiese kritiek ook genderstudie betrek waarin "identiteit" 'n kernkonsep is.

Daar gaan spesifiek gefokus word op die persoonlike skaduwee van Daan en Gerhard. Die skaduwee hang saam met die persoonlike onbewuste wat ooreenstem met Sigmund Freud se konsep van die onbewuste. Dit verteenwoordig alles wat die onderwerp weier om oor homself te erken en nie ten toon wil stel nie. Die skaduwee vorm deel van die belangrikste argetipes, waaronder ook die persona, die anima, die animus en die self (Crous, 1991:104). Jung beskryf die argetipes as primordiale figure wat deel is van die kollektiewe onbewuste en nie hul oorsprong in persoonlike ervaring het nie (Fourie, 2013:454). Die skaduwee is een van die dryfkragte van konflik en kan grootliks waargeneem word in komplekse en projeksies (Jung, 2014:par. 513). Hierdie komplekse word deur Jung (2014b:10-11) beskryf as "constellations of psychic elements grouped around feeling-toned contents". Die individu moet besef dat die negatiewe eienskappe wat hy in ander raaksien en haat of vrees, dikwels inhoude van sy eie psige is (Borman, 1990:56). Die persona, in teenstelling met die skaduwee, help jou om in die samelewing in te pas deurdat dit die beeld van jouself is wat jy sosiaal projekteer. Jung en Hull (2022:464) verduidelik dat die persona jou toelaat om effektief deel te neem en te vereenselwig met die sosiale wêreld. Die persona word wel problematies as iemand te veel daarmee identifiseer, want dan kan jy nie jou onbewuste en skaduwee konfronteer nie (Bologna et al., 2020).

In die Afrikaanse letterkunde is daar reeds baie studies geskryf oor die Jungiaanse argetipes en die mitiese onderbou van Afrikaanse verhale/gedigte, maar daar is min Jungiaanse benaderings wat die klem plaas op die wisselwerking tussen die skaduwee en die ruimte in 'n literêre werk. Hierom gaan daar ondersoek ingestel word na die wisselwerking tussen die ruimtes in die romans, spesifiek Suid-Afrika teenoor China, en hoe dit die integrasie van die skaduwee beïnvloed. Hierdie integrasie is daardie bewuswording van die skaduwee tydens individuasie waar daar na balans tussen die bewuste en onbewuste gestreef word. Wanneer daar van ruimte gepraat word, verwys dit na die ruimtelikheid van die fiktiewe wêreld waarin die handeling plaasvind – "die totaliteit van homogene objekte (verskynsels, toestande, funksies, figure, waardes van veranderlikes, ens.) waartussen verhoudings bestaan wat ooreenstem met die gewone ruimtelike verhoudings (kontinuïteit, afstand, ens.)" (Aleksandrov soos aangehaal en vertaal deur Venter, 2013).

Die romans gaan gevolglik nie bloot ontleed word in terme van die individuasieproses in die breë trekke nie, maar in terme van die manifestasie van die skaduwee – die wyses waarop dit vertoon word / waargeneem kan word deur die karakters se handeling, dialoog, ensovoorts – en hoe dit verband hou met manlikheid. Daar is ook in albei romans sprake van 'n koppeling van identiteit met 'n transnasionale bewussyn. Alhoewel die transnasionalisme nie die fokuspunt van hierdie studie is nie, is die manier hoe identiteit uitspeel in manlike, gay karakters, wel. Die studie sal op 'n subtiel nuwe manier aantoon hoe die plaaslike Suid-Afrikaanse ruimte bydra tot die skaduwee – en dus tot identiteit – terwyl dit ook die invloed van 'n transnasionale milieu op die integrasie van die skaduwee en verskuiwings in identiteit karteer deur 'n kontrastering met die Chinese ruimte wat die karakters se individuasie aanhelp. Die verband tussen identiteit en homoseksualiteit word ook op 'n manier aangepak wat 'n bydrae tot genderstudie in Afrikaans lewer.

### 1.2 Probleemstelling

Wat is die wisselwerking tussen ruimte, manlikheid en die manifestasie van die skaduwee in *Lente in Beijing* (2003) en *Die Dao van Daan van der Walt* (2018)?

### 1.3 Navorsingsvrae

1. Hoe manifesteer die skaduwee in die twee romans, spesifiek wat manlikheid betref, met betrekking tot die twee hoofkarakters se komplekse, projeksies, drome en visioene?
2. Wat is die wisselwerking tussen die aard van die manifestasie en integrasie van die skaduwee en die verskillende ruimtes in die romans?

### 1.4 Beperkings van die studie

Die fokus van hierdie studie is nie om karakters as argetipes te identifiseer of om in diepte simbolisme of die mitiese onderbou van die tekste te ondersoek nie. Die fokus is hoofsaaklik op die persoonlike skaduwee van die hoofkarakters in die twee romans, meestal in terme van manlikheid, en hoe dit verband hou met die verskillende ruimtes. Die betekenis van sekere tekselemente, soos name, sal wel kortliks uitgelig word waar van toepassing. Slegs *Lente in Beijing* en *Die Dao van Daan van der Walt* sal ontleed word, hoewel die onderwerp stof bied vir vergelyking met talle ander (Suid-)Afrikaanse romans.

### 1.5 Oorsig oor die res van die mini-verhandeling

In hoofstuk 2 sal die teoretiese raamwerk van hierdie studie uiteengesit word sowel as ’n literatuuroorsig. Die hoofstuk begin deur belangrike begrippe te verklaar voordat die teoretiese onderbou van die verhandeling aangebied word. Daar word gefokus op die psigoanalitiese literatuurkritiek – grootliks Jungiaanse psigoanalitiese kritiek. Verder kom relevante teorieë aangaande manlikheidstudies aan bod. Die hoofstuk sluit af met ’n literatuuroorsig oor relevante navorsing, onder meer oor individuasie, die skaduwee, ruimte en manlikheid.

In hoofstuk 3 word *Lente in Beijing* aan die hand van die teoretiese raamwerk geanaliseer. Daar word gefokus op die rol van die Suid-Afrikaanse ruimte in Gerhard se skaduwee. Komplekse wat verband hou met sy skaduwee, en die projeksies daarvan, sowel as die manifestasie van die skaduwee in visioene en drome word uitgelig. Laastens word daar gefokus op die rol van die Chinese ruimte in die integrasie van Gerhard se skaduwee.

Hoofstuk 4 fokus op dieselfde punte as hoofstuk 3, maar dit word in verband gebring met *Die Dao van Daan van der Walt.* In hierdie hoofstuk word daar ook gefokus op die rol van die Suid-Afrikaanse ruimte, spesifiek die Kalahari, in Daan se skaduwee. Daan se komplekse wat verband hou met sy skaduwee, en die projeksies daarvan, sowel as die manifestasie van die skaduwee in visioene en drome word ook uitgelig. Laastens word daar gefokus op die rol van die Chinese

ruimte, wat nuwe diskoerse aan Daan bekendstel, se invloed op die integrasie van Daan se skaduwee. Anders as by *Lente in Bejing* dui ek ook aan hoe Daan reeds die Chinese ruimte in Suid-Afrika “beleef” deur met You Mei in aanraking te kom wat as verlenging van die Chinese ruimte optree.

Hoofstuk 5 bied ’n baie bondige vergelyking van die twee romans wat hoofstuk 3 en hoofstuk 4 opsom en saambind. Die studie word afgesluit in hoofstuk 6 met algehele gevolgtrekkings, moontlike leemtes in die studie en moontlikhede vir verdere navorsing.

## Hoofstuk 2: Teoretiese raamwerk en literatuuroorsig

### 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal daar eerstens ’n verklaring van ’n paar belangrike begrippe, naamlik ruimte, diskoers en identiteit gegee word. Hierna volg die teoretiese raamwerk waarin die volgende afdelings gedek word: psigoanalitiese kritiek in die breë en Jung se psigoanalitiese kritiek in die besonder – met ’n spesiale fokus op die individuele skaduwee en komplekse – sowel as teorieë aangaande gender en manlikheid. Laastens bied die literatuuroorsig ’n voëlvlug oor relevante bestaande navorsing, onder meer oor individuasie, die skaduwee en ruimte.

### 2.2 Verklaring van begrippe

#### 2.2.1 Ruimte

Die begrip “ruimte” word dikwels bloot as fisieke ruimte of plek gesien (Brink, 1989:108). Binne die narratologie kan ruimte beskou word as ’n dimensie, soos tyd (Brink, 1989:38, 107). Hierom is dit nie net die plek (bv. kantoor) of omgewing (bv. platteland) nie, maar die hele narratiewe klimaat daar rondom; gevolglik kan iets soos vrees/oorlog ook deel vorm van die ruimte (Brink, 1989:108).

Volgens Lotman (soos aangehaal deur Brink, 1989:21) bestaan daar “grense van allerlei aard” wat ruimte betref. Persone word byvoorbeeld “binne ’n bepaalde ruimte geteken” (huis/stad/ens.), maar ook binne morele, ekonomiese, filosofiese, mitiese of ander soort ruimtes. Meer nog is dit wanneer persone “die grense van daardie ruimte oorsteek na iemand anders s’n dat ’n gebeurtenis (‘event’) ontstaan”.

André P. Brink (1989:118) onderskei tussen verskillende tipes ruimtes. Die konkrete ruimte is die konvensionele opvatting oor ruimte as plek of omgewing. Sulke ruimtes kan botsende ruimtes vorm, soos Europa teenoor Suid-Afrika (Brink, 1989:119). Meer nog word kontraste soos ver/naby of binne/buite ontgin, en ooreenkomste en parallelle kan gebruik word om ruimtes te definieer (Brink, 1989:117). Ruimte kan egter ook meer abstrak wees, soos die sosio-politieke klimaat. Die abstraksie van ruimte kom in verskillende grade voor, onder meer: psigologies (soos Freud of Jung); ideologies; en religieuse en filosofiese dimensies van menslike gedrag en verhoudinge (Brink, 1989:120). Die psigologiese beskouing (soos Jung) skep die kader, of dan die “ruimte” waarbinne karakters se optrede vertolk word (Brink, 1989:121). Daar word natuurlik dikwels kombinasies van ruimtes, oftewel meervoudige ruimtes, aangetref.

L.S. Venter (2013) tref ook ’n onderskeid tussen ruimtes, naamlik die mimetiese storieruimte, die verhaalruimte en die diskursiewe vertellersruimte. Diskursiewe ruimtes verwys na “die ordening en rangskikking van tekselemente in patrone wat ruimtelik voorstelbaar is”, en die begrip ruimte word hier “vormlik of poëtikaal aangewend”. Die vertellersruimte “is die ruimte wat geïmpliseer word deur die vertelhandeling self en deur die táál van hierdie handeling”. Venter dui ook op die mees algemene verwysing na ruimte as die ruimtelikheid van die fiktiewe wêreld waarin die

handeling plaasvind – "die totaliteit van homogene objekte (verskynsels, toestande, funksies, figure, waardes van veranderlikes, ens.) waartussen verhoudings bestaan wat ooreenstem met die gewone ruimtelike verhoudings (kontinuïteit, afstand, ens.)" (A.D. Aleksandrov soos aangehaal en vertaal deur Venter, 2013).

Soms kan karakters ook die funksie van 'n ruimte vervul. Sommige ruimtes word byvoorbeeld 'n verlenging van 'n karakter (Brink, 1989:118). Dit is ook moontlik "om 'n karakter in 'n verhaal te identifiseer in terme van 'n verhouding tot aspekte van die ruimte" (Brink, 1989:86). Dit gaan "om 'n aktiewe *wisselwerking*" (oorspronklike kursivering) tussen karakter en ruimte; 'n persoon tree onder meer anders op in ander ruimtes omdat hy 'n ander bepaalde verhouding tot daardie ruimte het. Volgens Brink (1989:112) kan ruimtes ook bepaalde funksies hê in karakters se optrede, soos om as katalisator op te tree. Brink (1989:118) verwys in hierdie verband na Roy Male se "cloistral fiction" waar die hele dinamiek van 'n storie aan die gang gesit word deur die verskyning van 'n dreigende of reddende vreemdeling in 'n vertroude of ingeperkte ruimte. Hierdie persoon tree nie net op as karakter nie, maar as verteenwoordiger van 'n spesifieke ruimte.

Vir die doel van hierdie studie word daar op konkrete ruimtes gefokus eerder as op die diskursiewe en vertellersruimte. Daar word wel in ag geneem dat ruimte meer abstrak van aard kan wees, soos waar karakters konkrete ruimtes kan voorstel en as verlenging daarvan optree. Vervolgens word daar in hierdie mini-verhandeling spesifiek gefokus op die wisselwerking tussen die konkrete ruimtes en die hoofkarakters, en daar word vermeld waar karakters as verlenging van konkrete ruimtes optree. Ek wil aantoon hoe die ruimtes bydra tot wat die karakters as hul skaduwee onderdruk en hoe 'n verandering in ruimte kan bydra tot die proses van individuasie waardeur die skaduwee geïntegreer word.

### 2.2.2 Diskoers

Diskoers bepaal die manier waarop daar op 'n betekenisvolle wyse oor 'n onderwerp gepraat en geredeneer kan word (Wetherell et al., 2001:72). Terselfdertyd beheer diskoers ook hoe idees in die praktyk toegepas word en hoe hierdie idees gebruik word om die gedrag van ander te reguleer. Dit bepaal dus hoe iets gesê kan word, maar ook hoe iets nié gesê kan/mag word nie (Wetherell et al., 2001:72).

M.S. Wetherell et al. se definisie van diskoers is ontleen aan die seminale werk van die Franse filosoof Michel Foucault. Foucault (1970:52) beweer dat die produksie van diskoers in elke samelewing beheer, geselekteer, georganiseer en versprei word deur 'n sekere aantal prosedures. Die prosedure van uitsluiting, deur byvoorbeeld die verbod van iets, soos sensuur, is van die bekendste. Volgens Foucault (1970:61) word iets as die waarheid beskou indien dit die reëls van diskoers nakom. In hierdie mini-verhandeling word daar verwys na die diskoers(e) rondom manlikheid en gaywees, onder andere hoe die twee romans daardie diskoers(e) oproep en 'n literêre representasie daarvan bied, maar ook bydra tot die huidige diskoers oor gaywees in Afrikaans.

### 2.2.3 Identiteit

Die wyse waarop identiteit gedefinieer word, blyk ’n uitdaging te wees. Stuart Hall en Paul du Gay (1996:2) is dit eens met Foucault wat meen daar word nie “a theory of the knowing subject” benodig nie, maar eerder “a theory of discursive practices”. Daar moet dus ’n desentralisering van die subjek wees. Hall en Du Gay noem dat dit, soos die evolusie van Foucault se werk toon, egter nie ’n afskaffing van die subjek behels nie, maar eerder ’n *herkonseptualisering*. Dit blyk dat die vraag rondom identiteit deesdae ontstaan rondom die verhouding tussen subjekte en diskursiewe praktyke.

Hall en Du Gay (1996:4) se definisie van identiteit aanvaar dat identiteite nooit verenig is nie en deesdae toenemend gefragmenteerd is. Dit is hierom nooit enkelvoudig nie, maar menigvuldig, gekonstrueer oor verskillende, dikwels oorkruisende en teenstrydige, diskoerse, praktyke en posisies. Identiteite is heeltyd in die proses van verandering en transformasie. Hall en Du Gay wys ook op die situering van die debat rondom identiteit veral in verhouding tot die proses van globalisasie wat Hall (1996:4) sou argumenteer sinoniem is met moderniteit, sowel as die proses van geforseerde en vrye migrasie wat ’n globale fenomeen geword het. Identiteite gaan vir hulle meer oor “what we might become, how we have been represented and how that bears on how we might represent ourselves”.

Aangesien identiteite gekonstrueer word binne-in, eerder as buite, diskoers(e), moet identiteite verstaan word as geproduseer deur spesifieke historiese en institusionele arenas met spesifieke diskursiewe formasies en praktyke en deur spesifieke strategieë. Meer nog kom identiteite na vore deur die “play of specific modalities of power, and thus are more the product of the marking of difference and exclusion” (Hall & Du Gay, 1996:4). Ernesto Laclau (1990) argumenteer, volgens Hall en Du Gay (1996:5) baie kragtig en oortuigend, dat “the constitution of a social identity is an act of power”, want indien “an objectivity manages to partially affirm itself it is only by repressing that which threatens it”. Identiteite word dus gekonstrueer *deur* verskille eerder as *buite* verskille, wat in teenstelling is met die tradisionele opvatting oor identiteit – dat dit alles insluit (heeltemal inklusief is) en nie enige interne differensiasie het nie (Hall, 1996:4). Dis slegs deur die verhouding tot die Ander, verhouding tot wat die identiteit nié is nie, tot dit waaraan dit tekortskiet, na dit wat “buite” dit is, wat identiteit gekonstrueer kan word (Hall & Du Gay, 1996:4).

In verband met identiteit en ruimteverplasing fokus queerteoritici deesdae baie op transnasionale migrasie. Martin Manalansan (2013) dui daarop dat seksuele identiteit en seksuele praktyke ’n beduidende invloed kan uitoefen op ’n individu se besluit om hul vaderland se ruimte te verlaat, en hy beskryf hierdie fenomeen as seksuele migrasie (Joubert, 2017:69). Daar is egter ook sprake van *intra*nasionale migrasie, soos beskryf deur Binnie (2004:92), waar migrasie plaasvind binne die grense van ’n persoon se geboorteland. Dit is dan ’n proses waardeur die queersubjek van ’n landelike na ’n stedelike gebied verhuis. Seksuele minderheidsgroepe word so in staat gestel “om vir hulself ’n identiteit te konstrueer wat ooreenstem met hul besondere seksuele voorkeure en om te ontkom aan die oorwegend heteronormatiewe ingesteldheid van die platteland” – of die “rural closet”, soos Binnie (2004:92) dit beskryf (Joubert, 2017:70).

### 2.3 Psigoanalise en psigokritiek

Psigokritiek het ontstaan uit psigoanalise waar die mens se onbewuste mentale prosesse beklemtoon word (Encyclopaedia Britannica, 2020). Die term psigokritiek is gemunt deur Sigmund Freud in sy boek *Die Traumdeutung* (in Engels vertaal as *The Interpretation of Dreams*) (1900). Dit is soortgelyk aan teksinterne benaderings soos die New Criticism en Practical Criticism deurdat dit biografiese feite oor die outeur verontagsaam en meer begaan is met dit wat die outeur nooit (bewustelik) bedoel het nie (Delahoyde, s.a.). Hierdie tipe psigoanalitiese kritiek vestig die aandag op die outeur se onbedoelde boodskap deur die analise van onbewuste elemente in ’n literêre teks, soos die outeur se verskuilde begeertes, emosies, kulturele agtergrond, ensomeer, en hoe dit uitdrukking vind in die teks (Delahoyde, s.a.). Beoefenaars van psigoanalitiese kritiek analiseer ook dikwels fiktiewe karakters eerder as die outeur, óf bestudeer die lesers van ’n teks – soos by Reader-response Criticism (Dawson, 2008:273; Oxford Reference, 2022).

Met behulp van psigoanalitiese kritiek is literêre tekste vir die eerste keer in terme van sielkundige prosesse verstaan. Dit is in teenstelling met vroeëre analises wat beskryf kan word as patologiese studies wat hoofsaaklik gefokus het op sosiale en morele kategorieë, soos “degeneracy” oftewel morele agteruitgang, eerder as op psigologiese prosesse per se (Dawson, 2008:269). Die eerste literêre psigoanalitiese kritiek verskyn in 1907 met Freud se *Der Wahn und die Träume in W. Jensens “Gradiva”* (in Engels vertaal as *Delusions and Dreams in Jensen’s ‘Gradiva’*). Kort hierna verskyn *Der Künstler* (in Engels vertaal as *The Artist*) ’n klein maar net so grondverskuiwende werk, deur Otto Rank (1907) (Dawson, 2008:269). Ander studies het vinnig gevolg soos Franz Riklin (1908) se *Wunscherfüllung und Symbolik im Märchen* (in Engels vertaal as *Wish Fulfillment and Symbolism in Fairy Tales*), Rank (1909) se *Der Mythus von der Geburt des Helden* (in Engels vertaal as *The Myth of the Birth of the Hero*) en Ernest Jones (1910) se “The Oedipus Complex as an Explanation of Hamlet’s Mystery”.

Jung het voortgebou op Freud se sielkunde. Ten spyte hiervan het hy ook Freud se werk teengestaan en het die argetipe-kritiek ontstaan waar die fokus nie meer op die lesers of skrywers se persoonlike sielkunde was nie, maar eerder op die kollektiewe onbewuste. Tesame met die werk van antropoloë soos Claude Lévi-Strauss en Joseph Campbell het dit gelei tot die veld van mitokritiek en argetipiese analise, soos onder andere beoefen deur Clarissa Pinkola Estés in haar bekende boek *Women who run with the wolves* (1992). Corey (2005:83) dui aan dat Jung se teorie nie reduksionisties soos Freud s’n was nie. Jung het mense positief en as individue beskou. Verder het Jung geglo dat individue onbewuste aspekte van hul persoonlikheid moet verken om hul volle potensiaal te bereik (Corey, 2005:83). Alhoewel Freud en Jung twee groot invloede in die psigoanalitiese kritiek is, gebruik literêre studies deesdae ook veral Jacques Lacan se werk nadat hy sedert die 1970’s ’n nuwe skool van psigoanalitiese kritiek geïnspireer het met ’n fokus op literêre tekste (Oxford Reference, 2022).

In terme van Jung se argetipe-teorie en mitokritiek is dit al dikwels ingespan in letterkundige studies, soos om die heldereis te beskryf. Daar is egter sekere slaggate waarin letterkundiges trap. ’n Voorbeeld hiervan is Jungiane wat dikwels verkeerdelik dink dat om ’n oppervlaknarratief

in ’n literêre werk as ’n argetipiese patroon te identifiseer, beteken om in die dieptes van die werk in te delf. Jung het dit nooit self gedoen nie (Dawson, 2008:273,276). Hierdie tipe navorsing is ook reeds in die Afrikaanse letterkunde gedoen, veral oor Etienne Leroux se werk (kyk 2.5.1). Verder moet psigoanalitiese kritiek nie berus op die naïewe aanname dat ’n deel van die werk (bv. ’n karakter) die geheel kan verduidelik of dat die karakters as ’n volkome werklike mens gelees kan word nie.

Wat vir Jung van belang was, was tekste wat resonansie het met iets dieper as die persoonlike onbewuste van die outeur (Dawson, 2008:275). Hy stel slegs belang in die outeur as verteenwoordigend van ’n “tipe” van die tyd waarin hy leef (Dawson, 2008:276). Karakters beliggaam hiervolgens ’n psigologiese dilemma, maar hierdie dilemma het te doen met die werk as geheel. ’n Baie belangrike punt is dat Jung, voordat hy argetipes beklemtoon het, geïnteresseerd was in hoe ’n werk die samelewing waarin dit gemaak is, reflekteer (Dawson, 2008:277). Jung het in wese ’n teorie oor die sosiale belang van kuns bevorder (Dawson, 2008:277). Op hierdie wyse was hy die ontwikkeling van kultuurstudie dertig jaar vooruit, en hy het verstaan dat die affektiewe (emosionele) lading van kunswerke ’n belangrike aspek van die werk én die samelewing reflekteer (Dawson, 2008:278).

### 2.3.1. Individuasie

Vir Jung is die belangrikste aspek in die sielkunde (en die lewe) die ontwikkeling van elke individu wat hy omskryf as die proses van individuasie. Individuasie is om die onbewuste te integreer in die bewuste (Jung, 2014c:par. 25, 83). Dit kan ook beskryf word as die volwassewording van die persoonlikheid (Jung, 2014c:par. 355). Tydens hierdie individuasieproses moet die mens eers sy skaduwee leer ken en dan moet daar versoening met die anima/animus plaasvind. Die proses is egter een wat gepaard gaan met konflik tussen die bewuste en onbewuste en dit word deur verskeie faktore gekompliseer; Jung verwys spesifiek na die persona wat die proses belemmer (Jung, 2014c:par. 84,523). Die volkome sintese/integrasie van die persoonlikheid bestaan egter net as ’n ideale toestand wat nooit heeltemal bereik kan word nie, maar dit bly die einddoel van individuasie (Borman, 1990:78).

### 2.3.2 Argetipes

Jung verdeel die psige in drie vlakke: die bewuste, die persoonlike onbewuste en die kollektiewe onbewuste wat argetipes bevat. Die belangrikste argetipes in die vorming van die individu se persoonlikheid tydens individuasie is die persona, skaduwee, anima, animus en die self (Crous, 1991:104).

Die persona, ook genoem die konformeringsargetipe, is afkomstig van die Latyn vir “masker” (Crous, 1991:104). Terwyl die ego is wie ons dink ons is, is die persona die beeld van onsself wat ons sosiaal projekteer. Jung en Hull (2022:464) definieer die persona as ’n funksie van die samelewing, en hy verduidelik dat die persona ons toelaat om effektief deel te neem en te vereenselwig met die sosiale wêreld. R.A. Johnson (1993:3) verwys na die persona as ons “psychological clothing”. Sommige Jungiaanse navorsers beklemtoon hoe die persona geassosieer word met voorgee (bv. Crowley, 1998). Hierdie neiging is misleidend. As sosiale

wesens het mense 'n gesonde persona nodig wat voorsiening maak vir die sosiale rolle waarin hulle betrokke is. Die persona word slegs problematies as mense daarmee ooridentifiseer omdat dit hulle afsny van selfrefleksie en onbewuste prosessering; meer spesifiek maak dit hulle onwillig om na hul skaduwee te kyk (Bologna et al., 2020). Marius Crous (1991:105) noem ook dat sekere argetipes dikwels onderontwikkel word "aangesien die sosiale norme van die Westerse samelewing sekere regulerings stipuleer en 'n premie plaas op vroulikheid wat byvoorbeeld in mans onderdruk word", en gevolglik oorheers die persona. Die persona hou dus ook met diskoers verband.

Tradisioneel beskou, is daar in die onbewuste van elke man die versteekte vroulike persoonlikheid, die anima, en in elke vrou die versteekte manlike, die animus (Jung, 2014c:par. 511,512). Terwyl die animus gedefinieer word as die bewuste, die logos, "the rational soul in man" (Hillman, 1988:179), is die anima die irrasionele en emosionele (Borman, 1990:63). Alle mans en vroue het volgens Jung die potensiaal om 'n volle reeks manlike en vroulike eienskappe te ontwikkel (Van Heerden, 2013:45). Soos individuasie plaasvind, moet mans en vroue beide die anima- en animus-eienskappe binne hulself verken en leer hoe om hierdie eienskappe ten toon te stel. Dis wanneer die mens bewus raak van hierdie innerlike kontraseksuele eienskappe wat hulle hulself kan oopstel vir "nuwe denkvlakke, gevoelens en uitlewing" (Van Heerden, 2013:45). Daar kan hierom eers sprake van individuasie wees wanneer daar versoening is met die kontraseksuele eienskappe (Borman, 1990:68). Hierdie versoening is volgens Jung die taak van die middeljare (Jacobi, 1975:123).

Deesdae word daar al meer klem daarop gelê dat die manlike en vroulike argetipes "geensins verband [hou] met rolbeskrywing, geslagstipering en gender nie" (Conradie, 2018:979). Die argetipes moet eerder gesien word soos die idee van yin en yang, die Oosterse konsep van die manlike en vroulike wat álbei in álle mense teenwoordig is. James Hillman (1988:65) noem dat Jung self twyfel openbaar het of 'n mens na die anima as vroulik kan verwys. Dit ter syde, is dit veral van belang om te let op die feit dat daar 'n kompensatoriese verhouding tussen die persona en die anima is (Borman, 1990:58). Dieselfde sou van die persona en animus gesê kan word. 'n Voorbeeld hiervan is hoe meer 'n man met sy (manlike) persona identifiseer, hoe meer is daar innerlike dominansie deur die anima. Verder wys beide Hillman en Jung daarop dat die anima nie los te maak is van kulturele en historiese aangeleenthede nie (Borman, 1990:59).

'n Voorbeeld van hoe argetipes verwikkel is met kulturele en historiese gebeure, word aangetoon deur Gareth S. Hill (1992) se post-Jungiaanse model van die self. Hierdie model rus op vier argetipiese patrone: die statiese vroulike, die dinamiese manlike, die statiese manlike, die dinamiese vroulike, en hulle verhouding met mekaar, soos dit ook in individuasie te sien is. Op enige tydstip kan een van hierdie patrone domineer (vergelyk die kompensatoriese verhouding tussen die anima en persona hier bo). Wanneer 'n patroon domineer, beteken dit dat die ander aspek van die polariteit onbewus (en in die skaduwee) kan wees en bestaan in projeksie(s) (Griessel & Kotzé, 2010:65). Die statiese vroulike/dinamiese manlike-polariteit is byvoorbeeld onderliggend aan die matriargie met die statiese vroulike as kern, terwyl die statiese manlike/dinamiese vroulike onderliggend is aan die patriargie waar die statiese manlike die kern vorm (Hill, 1992:148).

### 2.3.3 Skaduwee

Jung gebruik die term skaduwee om te verwys na die deel van die persoonlike onbewuste wat ’n persoon se onderdrukte gedagtes, gevoelens en ervaringe bevat. Volgens Jung personifieer dit alles wat die persoon weier om oor hulself te erken, tog kom dit altyd direk of indirek na vore (Jung, 2014c:par.513). Soms gebruik Jung die term skaduwee ook vir die persoonlike onbewuste. Om die subtiele verskil uit te wys, kan Bologna et al. (2020) se metafoor gebruik word: Die skaduwee is soos ’n geslote kamer in die kelder van ’n huis, terwyl die kelder die persoonlike onbewuste is – dit is dus deel van die persoonlike onbewuste, maar die enigste deel wat *aktief onderdruk word* eerder as bloot onderdruk is (Bologna et al., 2020:353, eie kursivering). Die skaduwee moet aanvaar en erken word tydens individuasie (Borman, 1990:82). Jung het dit die “realisation of the shadow” genoem. Dit is spesifiek in situasies van konflik wat die bewuste persoonlikheid geforseer word om die skaduwee te hanteer (George & Pressman, 1987:293).

Jung konseptualiseer die integrasie van die skaduwee as ’n etiese kwessie. Dit is gebaseer op die vooronderstelling dat mense nie eties kan optree as hulle hul skaduwee projekteer nie (Bologna et al., 2020:3530). Die skaduwee se bestaan is daarom in opposisie met moraliteit wat verband hou met wat goed of sleg is, en dit sluit aksies en gedagtes in (Yandi, 2021:79). Jung (2014a:20) het die skaduwee omskryf as: “a moral problem that challenges the whole ego-personality, for no one can become conscious of the shadow without considerable moral effort. To become conscious of it involves recognizing the dark aspects of the personality as present and real”. Die mens moet, voordat hy geregtigheid teenoor andere kan betoon, geregtigheid teenoor *die andere in homself* betoon (Borman, 1990:7, eie kursivering). Jung (1973:33) het self gesê “morality is not imposed from outside; we have it in ourselves from the start”.

Die kollektiewe skaduwee is nie die fokus van hierdie studie nie, maar dit is tog belangrik om daarop te let. Die kollektiewe skaduwee verwys na die universele donker kant in mense. Die massa is in die algemeen geneig tot valse individualiteit. Die “sterwe” van die valse individualiteit (aflegging van die persona) beteken noodwendig ’n konfrontasie met die skaduwee, en indien die konfrontasie ondraaglik is, soek die mens ’n sondebok op wie hy die onaanvaarbare inhoude van die psige kan projekteer (Borman, 1990:172). Ook Van Coller (1980:193) noem dat “die gemeenskap wat hom nie kan versoen met die argetipiese inhoude in die kollektiewe onbewuste nie”, telkens sy sondebok sal moet vind. Die kollektiewe skaduwee word spesifiek as boos gesien omdat mense mekaar in hul blindheid ondersteun (Von Franz, 1995:7). Voortdurende vernuwing of hergeboorte deur konfrontasie met die kollektiewe skaduwee verseker dat die orde in die samelewing nie in so ’n mate permanent raak dat stagnasie of verstarring voorkom nie (Borman, 1990:52). Dit is ’n tema wat veral in Etienne Leroux se skryfwerk uitspeel (kyk 2.5.1).

### 2.3.4 Projeksies en komplekse

Die persoonlike onbewuste, waarvan die skaduwee deel is, word georganiseer en aangedryf deur psigologiese komplekse (Bologna et al., 2020:3527). Jung (2014b:10-11) beskryf psigologiese komplekse as “constellations of psychic elements grouped around feeling-toned contents”. Hy argumenteer dat almal komplekse het en dat dit meestal ontstaan uit onverwerkte en dikwels pynlike ervaringe wat blywende psigiese wonde agterlaat (Jung, 2014b:313). Daar is sekere post-

Jungiaanse skrywers wat Jung se konsep van die kompleks verbreed het om kulturele komplekse in te sluit (bv. Beebe, 2004; Singer & Kaplinsky, 2010). ’n Kulturele kompleks is gegrond op Jung se kompleksteorie, maar anders as ’n kompleks gevorm binne die persoonlike onbewuste, word dit gevorm in die sosiale onbewuste en word dit gedeel deur ’n groep mense. Fanon (1967:188) het ’n herdefinisie van die kollektiewe onbewuste gegee as “the sum of prejudices, myths, collective attitudes of a given group”.

Kulturele komplekse word dikwels nie raakgesien nie of dit word verkeerdelik as individuele komplekse geïnterpreteer (Beebe, 2004). Wat dit moeilik maak om kulturele komplekse te herken, is dat dit ’n groep individue is wat dieselfde kompleks deel – die kompleks is dus genormaliseer (Bologna et al., 2020:3528). ’n Mens sou kon sê dat dit ’n tipe diskoers gevorm het. Daar kan slegs ontdek word wat die defekte in die bewussyn van ’n era is deur die tipe reaksie wat dit in die onbewuste teweeg bring, waar te neem (Hull & Jung, 1989:3). Een manier om die teenwoordigheid van ’n kulturele kompleks te identifiseer, is “the emotional reactivity of a trigger word” in ’n groep (Singer & Kaplinsky, 2010:20).

Behalwe vir die ontwikkeling van komplekse, neem mense ook ander verdedigingsmeganismes aan as “ways of dealing with outer as well as inner reality” (Holland, 1990:67). Tyson (1999:17) definieer verdedigingsmeganismes as “the processes by which the contents of our unconscious are kept in the unconscious”. Die skaduwee verskyn in sulke verdedigingsmeganisme, veral in projeksies op persone, of dit word gepersonifieer in drome/visioene. Projeksie is ’n verskynsel waar ’n persoon negatiewe gevoelens teenoor hom- of haarself na iemand anders kanaliseer (Freud, 1920:218). Dit is die tendens om klein dele van jou skaduwee in jou eie geslag raak te sien, maar jy is meer geneig om dit in die teenoorgestelde geslag raak te sien (Keyes, 1976:77). Projeksies veroorsaak konflik deurdat dit objektiwiteit belemmer en die moontlikheid tot egte menslike verhoudinge beperk (Keyes, 1976:80). Die oplossing hiervoor is dat die individu moet besef die negatiewe eienskappe van die ander mense wat hy so haat of vrees, is niks anders as inhoude van sy eie psige nie (Borman, 1990:56).

Wanneer die verdedigingsmeganismes op hul swakste is, manifesteer die onbewuste in drome (Wright, 1984:11). Jung is dit eens met Freud dat drome ’n blik gee op die onbewuste, maar hy heg ander funksies aan drome as Freud (Corey, 2005:74). Volgens Jung is drome toekomsgerig en help dit die mens om voor te berei vir ondervindings of geleenthede wat in die toekoms verwag word óf drome is daar om balans in die persoon te bewerkstellig, met ander woorde om te help met individuasie (Corey, 2005:74).

### 2.3.5 Self

Jung (2014c:par. 278) verwys na die heelheid waarna daar in individuasie gestreef word as die self. Die self transendeer die bewussyn. Dit is die psigiese totaliteit, en dit sluit die ego in (Jung, 2014c:par. 248). ’n Groot psigiese gevaar wat met individuasie gepaard gaan, is om bewussyn van die ego as die self te sien (Jung, 2014c:par. 254). Die ego strek egter net sover as die bewuste terwyl die self beskou kan word as verhewe bo die ego (Jung, 2014c:par. 315). By individuasie gaan dit oor die strewe na die self deur die vereniging van opposisies in die psige deur middel

van die integrasie van die onbewuste, wat die skaduwee insluit. Jung noem hierdie vereniging die transendente funksie (Jung, 2014c:par. 524). Die transendente funksie is soos 'n dialoog tussen die bewuste en onbewuste en bestaan gewoonlik uit "a series of fantasy-occurrences which appear spontaneously in dreams and visions" (Jung, 2014b:80). Wanneer daar 'n versoening van opposisies is, gaan dit dikwels met 'n argetipiese verskuiwing gepaard (Bologna et al, 2020:3532).

## 2.4 Gender en manlikheid

### 2.4.1 Genderstudies

Genderstudies het in die 1970's saam met, sowel as uit, vrouestudies ontwikkel (Zaborskis, 2018). Teorieë rondom genderidentiteit is al sedert die laat 20ste eeu deur sielkundiges, filosowe en sosiale aktiviste nagevors en oor gedebatteer (Encyclopaedia Britannica, 2022). Sogenaamde essensialiste hou vol dat genderidentiteit by geboorte vasgestel word deur genetiese of ander biologiese faktore. Aan die ander kant argumenteer sosiale konstruktiviste dat genderidentiteit, of die manier hoe dit uitgedruk word, sosiaal gekonstrueer is – met ander woorde dit word deur sosiale en kulturele invloede bepaal. 'n Variasie van sosiale konstruktivisme wat bekend staan as performatisme hou vol dat genderidentiteit opgestel word eerder as uitgedruk word deur 'n volgehoue "performance" van gender (Encyclopaedia Britannica, 2022); veral die teorieë van Judith Butler is baie bekend in hierdie verband. In Afrikaans het Joan Hambidge (2000) byvoorbeeld haar PhD-studie "Gender-konstruksies in die Afrikaanse letterkunde: 'n ondersoek in kultuurstudies, literêre teorie en kreatiewe skryfwerk" wat aantoon hoe gender gekontrueer word.

Dis belangrik om daarop te let dat gender apart van biologiese geslag beskou word (Encyclopaedia Britannica, 2022). Die rede hiervoor is omdat sommige individue min of geen konneksie tussen hul biologiese geslag en gender het nie, byvoorbeeld transgender mense. Gender toon ook iets aan van gesosialiseerde gedragspatrone. Zaborskis (2018) meen dat iemand se gender nooit geïsoleer is van ander faktore wat daardie persoon se posisie in die samelewing bepaal nie. Hierdie faktore sluit in: seksualiteit, ras, klas, vermoëns, geloof, streek/oorsprong, burgerskapstatus, lewenservaring, en toegang tot hulpbronne. Die feit dat gender ingebed is in sosiale faktore word ook vasgevang deur die slagspreuk van die derde golf van feminisme gedurende die 1980's – "the personal is political". Met ander woorde, die staat, of magstrukture, beïnvloed die heersende idees rondom gender. Dat mag ten opsigte van seksualiteit uitgeoefen word met behulp van politieke en sosiale beheermeganismes, is reeds deur Foucault (1980:125) uitgewys. Foucault verwys daarna as "bio-power". Volgens Foucault (1980:125) word individue op 'n spesifieke manier geklassifiseer sodat die samelewing sy doelwitte kan bereik. Dit sluit aan by die idee dat diskoers volgens sosiale orde gerangskik word en daar in elke milieu sekere diskoerse rondom gender bestaan. Daar is verskeie faktore wat bydra tot hierdie diskoers, insluitend ras, geografiese ruimte, ensomeer (Morrell, 1998:31).

In die gekose romans is daar vooropgestelde idees oor hoe die hoofkarakters veronderstel is om op te tree op grond van hul gender, wat in hierdie geval manlik is. Binne die ruimtes waarin hulle leef, is daar ook sekere gesosialiseerde gedrag in terme van hoe mans optree of behoort op te

tree. Daar word in hierdie studie ondersoek ingestel na hoe hierdie ruimtes, en dus die idees rakende gender in daardie ruimtes, hul skaduwee beïnvloed.

### 2.4.2 Manlikheidstudies

M.S. Kimmel en verskeie ander navorsers het aangetoon dat manlikheid, nes gender, 'n sosiale konstruk is wat tussen kulture verskil en voortdurend binne dieselfde kultuur dinamies verander. In terme van manlikheid het R.W. Connell Antonio Gramsci se konsep van hegemonie op manlikheidstudies van toepassing gemaak en die term hegemoniese manlikheid gemunt. Hegemonie dui op die kulturele dinamika waardeur 'n bepaalde groep 'n leidende posisie in die samelewing verkry en behou. Hegemoniese manlikheid kan verander en is eerder die ideaal op 'n tydstip as 'n statistiese standaard (Morrell, 1998:4).

Dis belangrik om daarop te let dat (manlike) stereotipes en hegemoniese manlikheid nie as eenders beskou kan word nie. Hegemonie verwys na leierskap of dominansie. Hegemoniese manlikheid gaan hierom oor die dominansie van een groep oor 'n ander. Hierdie dominansie word dikwels deur norme en idees ondersteun, byvoorbeeld deur instellings (Rosamond, 2020). Van die magtigste instellings wat hegemoniese manlikheid onderhou, is die staat, kerke en skole (Morrell, 1998:6). Stereotipes, aan die ander kant, gaan oor die vereenvoudiging van 'n groep of mens (Encyclopaedia Britannica, 2023). Daar kan dus 'n stereotipe van manlikheid bestaan sonder dat dit die hegemoniese vorm van manlikheid is.

Hegemoniese manlikheid behels gevolglik dat 'n sekere weergawe van manlikheid oorheers en mag en voordele bied aan die mans wat dit aanneem of ondersteun (Morrell, 1998:5). Sommige navorsers toon aan dat mans hegemoniese manlikheid kan ontgin wanneer dit voordelig is, maar op ander tye hulself strategies daarvan distansieer (Connell & Messerschmidt, 2005:841). Baie mans wat onder die sambreel van hegemoniese manlikheid leef, kry wat Connell (2005:116) na verwys as patriargale dividende. Mans wat die voordele van die patriargie verkry sonder om 'n sterk weergawe van manlike dominansie uit te oefen, is skuldig aan medepligtige manlikheid (Connell & Messerschmidt, 2005:832). Aangesien mans voordele kry, of ten minste dink hulle kry voordele, is hulle meer geneig om sekere tipes manlikheid te propageer (Reeser, 2010:21). Dis egter nie net mans wat deelneem aan hierdie proses van propagasie nie; dit word ook gedoen deur vrouens, gay mans en lesbiërs (Reeser, 2010:21). 'n Voorbeeld hiervan is hoe vroue manlikheid kan nastreef, byvoorbeeld binne bepaalde beroepe wat deur mans gedomineer word. Nog 'n rede hoekom mans nie as die enigste bydraers tot manlikheid gesien kan word nie, is omdat baie mans krities staan teenoor sekere idees of ideale rakende manlikheid (Reeser, 2010:21).

Hegemoniese manlikheid verwys net na een vorm van manlikheid, terwyl daar verskeie vorme van manlikheid bestaan. Volgens Connell (2001:141) word die term "manlikhede" gebruik om na die verskillende fasette/variante van manlikheid te verwys. Connell (2005:73) onderskei tussen vier kategorieë van manlikheid, naamlik: dominant, medepligtig, onderdanig, en opposisioneel. Hierdie kategorieë is vloeibaar en oorvleuel, en is nie uitsluitlik van toepassing op biologiese mans nie. Connell (2001:141) verwys verder na die spanning tussen hierdie manlikhede wat dikwels

veroorsaak word deur teenstrydige begeertes en praktyke wat die manlikhede beliggaam. Soos Reeser (2010:32) dit stel, is diskoerse nie op sigself koherent nie. ’n Diskoers kan nie ’n tipe manlikheid of manlikhede as stabiele identiteite skep nie. Nes die institusies met wie manlikhede ’n noue verband het, is die manlikhede eerder teenstrydig, beide binne-in hulself en tussen verskillende diskoerse. Ons kan hierom praat van die diskoers van manlikheid, maar dit beteken nie die hele diskoers impliseer dieselfde soort manlikheid nie.

Daar is ook verdere spanning tussen manlikhede omdat die verkryging en handhawing van hegemoniese manlikheid volg uit mededinging (Du Pisani, 2002:584,587). Navorsing toon aan dat sekere manlikheidsbeelde vir baie lank die norm bly deurdat dit in stand gehou word deur sosiale instansies en dat sekere patrone van manlikheid, insluitend gestigmatiseerde seksualiteit, hardnekkig kan voortbestaan (Morrell, 1998:10; Connell & Messerschmidt, 2005:848). ’n Voorbeeld van hoe verskillende institusies mag uitoefen in terme van manlikheid, kan aangetoon word aan die hand van militêre manlikheid (Reeser, 2010:23). Hierdie tipe manlikheid word nie net deur die weermag geskep nie, maar ook deur films, boeke en dies meer wat daardie tipe manlikheid ondersteun en propageer en sodoende mag oor die verbruikers uitoefen.

’n Aspek van manlikheid wat deurgaans onthou moet word, is die moontlikheid van weerstand. Geen diskoers kan stabiel bly nadat dit geartikuleer is nie, selfs wanneer die artikulasie van ’n tipe manlikheid mag het op grond daarvan dat dit ’n amptelike status het. Reeser (2010:33) verwys in verband hiermee na Foucault wat skryf: “Where there is power, there is resistance,” en hierdie weerstand kan kom van mense in magsposisies of dié daarsonder. Reeser (2010:21) belig ook die feit dat manlikheid met verloop van tyd verander soos wat dit geskep en uitgedaag word. Daar kom hierom gereeld nuwe diskoerse rondom manlikheid na vore. Dis veral die belangrikheid van transnasionale arenas vir die konstruksie van manlikheid wat deesdae beklemtoon word vanweë die groeiende aandag op globalisering (Connell & Messerschmidt, 2005:849).

Een diskoers wat meer onlangs na vore gekom het, is die uitbeelding van manlikheid as gewond (die “wounded masculine”), vroulik of vervroulik, geviktimiseer, of selfs queer gemaak (Reeser, 2010:21). Gevolglik, en in reaksie hierop, word die behoefte uitgedruk om mans weer te vermanlik en ’n minder vroulike vorm van manlikheid te skep. Aan die ander kant is daar ook kontemporêre diskoerse van manlikheid wat die teenoorgestelde benadering inneem – diskoerse wat krities staan teenoor manlike dominansie. Hierdie dominansie word op so ’n wyse geartikuleer dat mans self gedomineer word deur hul eie manlikheid, en gevolglik is manlikheid iets waaraan hulle ly.

Daar is deesdae ook ’n diskoers van manlikheid wat ’n anti-tradisionele manlikheid ontlok, die beeld van die “new age sensitive man” wat manlikheid herposisioneer as iets vriendeliker, sagter, en as mans in gesprek met hul vroulike kant (Reeser, 2010:32). Synnott (2009:26) verwys ook na hierdie sensitiewe new age man – ook bekend as die “nuwe” man, *l’homme rose*, wat dikwels deur vroue gesien word as ’n man wat ongelukkig is met sy manlikheid (Synnott, 2009:50). Daar is natuurlik ook verskeie ander manlikhede; Synnott (2009:26) noem byvoorbeeld die ridder, die heer, en die man wat homself bevorder het in die samelewing deur daarvoor te werk. In die Afrikanergeskiedenis is daar weer ander beelde teenwoordig, veral dié van die eenvoudige, eerlike, standvastige, godsdienstige en hardwerkende boer met puriteinse morele waardes – wat

vir lank die primêre simbool van manlikheid was selfs ná grootskaalse verstedeliking van boere plaasgevind het (Du Pisani, 2002:594).[1] 'n Eienskap wat besonder prominent uitgebeeld word, is 'n werksetiek van harde, eerlike arbeid. Dit kan teruggevoer word na die Bybelse opdrag: "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet" (Gen. 3:19) (Du Pisani, 2004:91).

Reeser (2010:23) meen dit kan nuttig wees om manlikheid as 'n ideologie te beskou, ook omdat dit meermale met mag verbind word. Hy noem dat een van die paradokse van manlikheid as ideologie die idee is dat dit jou vryheid gee, in teenstelling met vroulikheid. Reeser (2010:27) meen egter die enigste vryheid wat jy het, is of jy sekere vorms van manlikheid aanvaar of verwerp. Die moontlikhede vir mans se gedrag word grootliks beperk deur institusionele geskiedenisse, ekonomiese dryfkragte en deur persoonlike en familieverhoudings (Connell & Messerschmidt, 2005:843). Die opofferings wat sekere gedragskeuses vereis, kan baie wees veral omdat die samelewing dié wat konformeer beloon en dié wat dit nie doen nie, straf of benadeel (Le Roux & Dreyer, 2013:4). Die geskiedenis is deurtrek van voorbeelde van hoe minderheidsgroepe stilgebly het en stilgehou is deur dominante diskoerse en maghebbers, byvoorbeeld hoe homoseksualiteit tydens apartheid onderdruk en gereguleer is (Le Roux & Dreyer, 2013:5). Gay mans was in sulke tye óf onderhewig aan óf uitgesluit van hegemoniese manlikheid (Morrell, 1998:5). Sodoende gebeur dit dikwels dat gay persone hulself reguleer en beperk om aan te pas by die dominante heteronormatiewe diskoerse; hulle hou dus 'n sekere persona voor.[2]

Homofobie hou ook verband met die instandhouding van sekere magsverhoudings of sosiale ordes. Die term homofobie is die eerste keer in 1967 deur die sielkundige George Weinberg gebruik en dui op 'n vrees vir mense met 'n homoseksuele oriëntasie en is verwant aan verskynsels soos rassisme en seksisme (vgl. Davidson, 1987). Dit gaan, soos rassisme en seksisme, meer oor vooroordeel as vrees (Herek, 2004:6-14). Thompson beweer, volgens Heidi de Villiers (2007:141) tereg, dat homofobie en misogenie/vrouehaat (wat dikwels met stereotipiese idees van manlikheid geassosieer word) twee kante van dieselfde muntstuk is, want albei berus op 'n minagting van vroulike eienskappe. Anders gestel, is dit 'n vrees dat vroulike eienskappe die orde van manlikheid kan ontwrig of oorheers. Ook in die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing is daar 'n verskeidenheid diskoerse wat die andersheid van die gay identiteit wil temper en/of beheer, ten spyte van die progressiewe menseregte waarop die land roem (Le Roux & Dreyer, 2013:5).

---

[1] Die Afrikaner en Afrikaneridentiteit is nie die fokus van hierdie studie nie, veral omdat dit 'n te breë veld is om genuanseerd binne die woordbeperkinge aan te pak. Daar word wel op bepaalde plekke daarna verwys, veral omdat Afrikaneridentiteit in beide *Lente in Beijing* en *Die Dao van Daan van der Walt* ter sprake kom en dit dus byna onvermydelik is om nie daarna te verwys nie. Daar word wel kennis geneem dat Afrikaneridentiteit 'n komplekse onderwerp is en nie beperk kan word tot sekere stereotipiese kenmerke of eienskappe wat met "Afrikaners" geassosieer word nie.

[2] Heteronormatiwiteit is 'n term wat in 1991 gemunt is deur die sosiale kritikus Michael Warner. Dit is 'n verkorte term vir normatiewe heteroseksualiteit. Dit verwys na deurdringende en onsigbare norme van heteroseksualiteit (slegs seksuele aangetrokkenheid tot die teenoorgestelde geslag) wat ingebed is in sosiale institusies en teorieë. Enigiemand wat afwyk van heteronormatiwiteit word gemarginaliseer (Encyclopedia.com, 2022).

## 2.5 Literatuuroorsig

### 2.5.1 Individuasie in prosatekste

Op internasionale gebied is daar al heelwat oor individuasie in die letterkunde geskryf met ’n groot fokus op mites en feëverhale. Marie von Franz se *The Golden Ass of Apuleius: The Liberation of the Feminine in Man* (1966) (oor die oudste roman in Latyn) en *The Problem of Puer Aeternus* ([1959]1960) (oor *Die klein prinsie* deur Saint-Exupéry) is van die beste voorbeelde van Jungiaanse literêre kritiek (Dawson, 2008:286). Sy publiseer in 1977 ook *Individuation in Fairy Tales*. Clarissa Pinkola Estés, ’n Jungiaanse analis, skrywer en digter, toon individuasie in sprokies aan en fokus op die “Wild Woman”-argetipe in *Women who run with the wolves* (1989).

Baie navorsing oor die Afrikaanse letterkunde fokus ook op mitologie en argetipes. Etienne Leroux se soektog na ’n lewendige/nuwe mite is ’n tema wat al breedvoerig ondersoek is, onder meer deur Rob Antonissen (1979) en Elize Botha (1982). Ampie Coetzee (1990:32, 40) belig die invloed van Jung op die Sestigers, byvoorbeeld die argetipes in Leroux se werk. Die Jungiaanse onderbou van *18-44* (Etienne Leroux, 1967) is al baie geanaliseer, maar dis spesifiek *Sewe dae by die Silbersteins* (1962) wat gelees kan word as “’n modernisering” van die inisiasieproses van Henry (Coetzee, 1990:40). Leroux het self ’n nuwe mite geskep deur veral die satiriese reisverhaal (Van Coller & Van den Berg, 2009:34). Vivienne Sheer (1982) en Hein Viljoen (2004) wys op hoe Leroux se wye verwysingsveld in romans soos *Hilaria* (1986) met ’n sterk mitiese onderbou dikwels kritiek uitgelok het en Paula Fourie (2013:450) dui dieselfde aan.

Meer resent bestudeer Hennie van Coller en Cilliers van den Berg (2009) individuasie in Ingrid Winterbach se roman *Karolina Ferreira* (1993). Hierdie roman kan ook as ’n satiriese reisverhaal gelees word. Droomtematiek staan weer sentraal in Joni van Heerden (2013) se psigokritiese ondersoek om Reza de Wet se dramas te interpreteer, onder meer die droomgegewe binne die dramas en die wyse waarop die karakters se onbewuste deur middel van surrealistiese elemente betrek word.

Baie onlangs publiseer Gerda Taljaard-Gilson (2022) ’n artikel waarin aandag gegee word aan psigoanalitiese begrippe wat ooglopend aan bod kom in *’n Hart is so groot soos ’n vuis* (2021) deur P.P. Fourie. Talgaard-Gilson toon onder meer die skrywer se pennestryd teen Jacques Lacan se Wet van die Vader aan, en daar word gefokus op hoe fallosentriese romanstrukture in die roman uitgedaag en ondermyn word. Sy kombineer haar studie met teorie rondom die Bildungsroman – ’n romanstruktuur wat aansluit by ’n persoon se ontwikkeling, soos met individuasie, alhoewel eerder gerig op jongmense.

In Suid-Afrikaanse Engelse literêre studies word daar minder van psigoanalitiese kritiek gebruik gemaak, maar daar is wel enkele studies. Matthew Brophy (2006) neem byvoorbeeld ’n psigoanalitiese benadering tot Marlene van Niekerk se *Triomf* (1999) en beskou die roman as ’n allegorie waarvolgens die karakters komponente van die Afrikanerbewussyn is wat sukkel om met die geskiedenis van apartheid en ’n utopiese nasionalistiese identiteit vrede te maak.

### 2.5.2 Individuasie in Afrikaanse poësietekste

Individuasie word met betrekking tot die poësie ook in verband met argetipes en mitologie ondersoek. Nicolaas van der Westhuizen (1983) ondersoek die magie-element in *Nuwe Verse* (N.P van Wyk Louw) en *Blom en Baaierd* (D.J. Opperman) en beskou individuasie as 'n goddelike/religieuse aksie. Pieter Conradie (1996) kyk na hoe geslagtelikheid in die tekste van Antjie Krog uitgebeeld word en maak gebruik van psigoanalitiese kritiek om die intrapsigiese stryd wat die meeste moeder-dogter-verhoudings kenmerk, te bestudeer. Hermann Wessels (1998) ondersoek weer die verhouding tussen primordialiteit en simbolisering en fokus op mitologiese beelde in *Komas uit 'n bamboesstok* (D.J. Opperman) en die roman *Isis Isis Isis* (Etienne Leroux). Inge Brüggemann (2007) gaan meer globaal te werk en vergelyk die argetipes in Ingrid Jonker, Sylvia Plath en Anne Sexton se werk. Baie resent bestudeer Teneal Apollis (2020) nes Conradie (1996) die moeder-dogter-verhouding deur postkoloniale teorie saam met die psigoanalitiese kritiek te gebruik om 'n interpretasie van die verhouding in die tekste van swart Afrikaanse vrouedigters te bied.

### 2.5.3 Die skaduwee in literêre tekste

Daar is enkele studies in die Afrikaanse prosa wat spesifiek die skaduwee in tekste ondersoek. M.L. Crous (1991) beskou in sy artikel "Karakterisering in Christine: 'n Jungiaanse perspektief" die karakters in Bartho Smit se drama as voorstellings van die skaduwee- en anima-argetipe. Crous sien die drama as analogie vir die psige, dieselfde metode wat Brophy (2006) gebruik het. In *Christine* verteenwoordig die karakters Die Man, Die Verpleegster en Christine die argetipes in Paul Harmse se psige. Die skaduwee word spesifiek met Die Man geassosieer en die jong en ou Christine word gesien as Paul se anima (Crous 1991:106).

Borman (1990) beskou Etienne Leroux se tweede trilogie (*Sewe dae by die Silbersteins*, *Een vir Azazel* en *Die derde oog*) as die eerste fase in die soeke na die self, naamlik die kennismaking met die skaduwee. Sy wys op hoe die skaduwee gekonfronteer word deurdat alter-ego's van karakters hul verskyning maak. Borman (1990:40) verwys ook na die kortverhaal "Beste M" in *'n Kat in die sak* (Jeanne Goosen) wat 'n opvallende Jungiaanse skadufiguur bevat.

Op internasionale vlak publiseer Russel M. Brown en Donna A. Bennett (1976) die studie "Magnus Eisengrim: The Shadow of the Trickster in the Novels of Robertson Davies." Marjorie George en Richard S. Pressman (1987) publiseer die studie "Confronting the Shadow: Psycho-Political Repression in Chesnutt's *The Marrow of Tradition*", en Amy Mandelker (1990) skryf haar artikel "The Woman with a Shadow: Fables of Demon and Psyche in 'Anna Karenina'".

Terence Dawson (2008) verwys na verskeie Jungiaanse studies wat onderneem is. In verband met die derde periode van Jungiaanse kritiek (1980-2007) was daar byvoorbeeld studies deur Snowden (2005) en Tacey (2006) (Dawson, 2008:284). Dawson (2008:285) sonder die goeie werk van Bettina Knapp uit. Knapp het studies oor Franse en Engelse literatuur sowel as teater, musiek, vroueskrywers en dies meer, geskryf wat byna almal deur Jung beïnvloed is. Nog 21ste-eeuse studies wat Dawson (2008:287) uitlig, sluit in Paul Bishop (2002) se kommentaar op Jung se *Answer to Job* (1952), sowel as Dawson se eie poging (Dawson, 2004) om die narratiewe van

vier negentiende-eeuse romans te bestudeer. Verder wys hy op die toenemende belangstelling in Jungiaanse benaderings tot film (byvoorbeeld Fredericksen (1979, 2005); Denitto (1985); Izod (1992, 2001)) en hoe sosiale en politieke sienings en hul implikasies al meer in Jungiaanse studies ingesluit word. In hierdie verband verwys Dawson (2008:290) onder meer na Singer en Kimbles (2004) se studies. Dawson noem egter nie spesifiek hoe en watter studies die skaduwee-argetipe betrek nie.

### 2.5.4 Gender in Afrikaanse prosatekste

Aangesien die fokus van hierdie studie op die skaduwee meestal in terme van manlikheid is, is dit vrugbaar om navorsing aangaande gender, spesifiek manlikheid, te beskou. Andries Visagie (2004) gee ’n oorsig van manlike subjektiwiteit in die Afrikaanse prosa vanaf 1980 tot 2000. Visagie (2004:37-50) belig ’n aantal manlikheidsbeelde in die Afrikaanse literatuur tot en met 1980. Dit sluit in: die jagter, avonturier, boer, vader, kryger, intellektueel en die gay man. Hy wys daarop dat die prosa van manlike skrywers sedert die 1980’s gekenmerk word deur ’n intensiewe bevraagtekening van gekonsolideerde manlike subjektiwiteit. Dit is opvallend dat feitlik elke teks, ook dié van gay skrywers soos Koos Prinsloo, ’n verhouding handhaaf met hegemoniese manlikheid (Visagie, 2004:249).

Romans ná 2000 blyk ook verband te hou met hierdie tema en betrek dikwels die plaasroman, onder meer is daar studies deur Heidi de Villiers (2007), en Joanita Erasmus-Alt en H.P. van Coller (2017 en 2018). Alhoewel die rol van manlikheid en identiteit al ondersoek is in die konteks van romans, word dit nie spesifiek in verband gebring met Jung se skaduwee-argetipe nie. Loura Griessel en Martina Kotzé (2010) gebruik wel Hill (1992) se model van die self (kyk 2.3.2) om te analiseer hoe vroulike Afrikaneridentiteit ingebed geraak het binne die Suid-Afrikaanse sosiale en politieke kontekste.

### 2.5.5 Ruimte in Afrikaanse prosatekste

Die ruimtes waarin karakters hulself bevind, beïnvloed die vorming, maar ook die verandering, van hul identiteit. Ruimte is al in die Afrikaanse letterkunde ondersoek – dikwels in verband met die postkoloniale. In ’n essay getiteld “Plek, landskap en die postkolonialisme in twee Afrikaanse romans” wys Louise Viljoen (1998) daarop dat kulturele landskappe ’n beduidende rol speel in sowel A.M.H. Scholtz se *Vatmaar* (1995) as Ingrid Winterbach se *Landskap met vroue en slang* (1996). Volgens Viljoen kan die uiteenlopende wyses waarop ruimtes, of natuurlike landskappe, in hierdie romans gefokaliseer en uitgebeeld word, gelees word as die manifestasie van twee uiteenlopende postkoloniale identiteite. Ampie Coetzee (2000) se bekende boek *’n Hele os vir ’n ou broodmes* wys daarop dat die plaasruimte van besondere belang is vir die Afrikaanse letterkunde en hoe ruimtelike motiewe in die ouer plaasroman bydra tot die vestiging en instandhouding van sekere identiteite.

Nog studies oor ruimte sluit in Susan Meyer (2006) se studie oor Elsa Joubert en Riana Scheepers waar die rol van die ervaring van plek met betrekking tot die ontwikkeling van identiteit bestudeer word. Suzanne-Louise Bezuidenhout en Dorothea van Zyl (2007) toon die wisselwerking tussen ruimte en identiteit in Dan Roodt se *Moltrein* aan. Van Zyl (2010) ondersoek

ook identiteit en landskap in *Raka die roman* (Koos Kombuis) en *Asbesmiddag* (Etienne van Heerden) deur die ooreenkomste tussen die romans in terme van subjektiwiteit, identiteit, ruimte en plek aan te toon – veral die middeljarige manlike karakters en Stellenbosch-ruimte wat in albei romans belangrike rolle speel. In albei romans dien die manlike subjektiwiteit as basis vir die konstruksie van verskeie sosiale en persoonlike identiteite van die hooffigure wat nou skakel met die verskillende ruimtes wat hulle beset. In haar meestersverhandeling getiteld "Om die verlede te bemeester: Geheue en identiteit in die prosa van Dana Snyman", toon Paula Pereira (2010) dat Snyman se verhale ŉ kollektiewe geheue en ŉ kollektiewe verwysingsveld betrek waardeur die Afrikaner ŉ besondere identiteit aanneem.

Meer onlangs stel Christiaan Johannes Joubert (2017) aan die hand van Eben Venter se oeuvre ondersoek in na die verhouding tussen ruimte en identiteit in ballingskapsliteratuur. Joubert (2017:4) ondersoek die plek, rol en identiteit van die Afrikaner in 'n geglobaliseerde en transnasionale ruimte. Hy bestudeer die invloed van seksuele migrasie en gay karakters se toeëiening van queer-ruimtes op die leser se konseptualisering van Afrikanermanlikheid en of dit bydra tot ŉ herevaluering van heteronormatiewe waardes in ŉ postkoloniale en globale konteks (Joubert, 2017:37). Joubert (2017:19) noem dat "die problematiek van ŉ gay identiteit vervleg [is] met die kwessie van ballingskap" in *Lente in Beijing*. Beide *Lente in Beijing* en *Die Dao van Daan van der Walt* sou met vrug vanuit die invalshoek van seksuele migrasie bestudeer kon word.

#### 2.5.6 Manlikheid in die plaasroman

In prosatekste kan vorme van manlikheid beoordeel en verstaan word op grond van bestaande opvattings van manlikheid wat "afhanklik [is] van die kulturele, religieuse, ideologiese en ook historiese omstandighede" (Van Zyl & Du Plooy, 2015:5). Een van die belangrikste genres in die Afrikaanse letterkunde wat idees rondom manlikheid uitgebeeld het, was (en is) die plaasroman. Die plaasroman was onder meer die draer van 'n sekere manlikheidsbeeld van die wit Afrikaanse man. Van die tradisionele beskouings wat daarin te sien is, sluit die stereotipiese hoofpersoon, erflating, die plaas as 'n mitiese ruimte, en die rol van die vrou in (Erasmus-Alt, 2016:298). Die plaasromans van ouer skrywers, soos van C. M. van den Heever en D.F. Malherbe, "kan beskou word as draers van Afrikaner-nasionalisme" (De Villiers, 2007:134).

Coetzee (2000:115) noem dat die plaasroman gesentreer het rondom die optrede van die patriarg. Verder tree die eienaar van die plaas as baas op en al die ander neem 'n ondergeskikte plek in (Van Coller, 2003:65). Visagie (2008) sluit hierby aan en sê dat die ouer Afrikaanse plaasroman gekenmerk word deur 'n stoere vaderfiguur, die boer, wat sy patriargale waardes afdwing. Van Coller (2014:183) identifiseer dan ook die tipiese hoofpersoon in die tradisionele plaasroman as "'n man wat trekke van die mitiese heldefiguur vertoon". Voorts noem hy dat hierdie hooffigure "deur die bank tipiese manlike eienskappe vertoon". Meer nog is "'n outoritêre geneigdheid, heerssugtigheid, roekeloosheid en selfs wellustigheid" alles skadukante van hierdie ideaaltipe.

### 2.5.7 Die gay man in Afrikaanse prosa

Gay mans was vir ’n lang tydperk nie deel van hegemoniese manlikheid in die Afrikaanse kultuur en literatuur nie. Du Pisani (2001:167) identifiseer die gay man as ’n manifestasie van “afwykende” manlikheid gedurende die apartheidsperiode. Visagie (2004:2) noem egter dat die uitbeelding van manlikheid in die letterkunde lank reeds nie meer ’n vanselfsprekende en deursigtige gegewe is nie. Die groter verdraagsaamheid wat daar sedert die 1960’s is, het daartoe aanleiding gegee dat skrywers nie meer van maskerings- en verdoeselingstegnieke gebruik hoef te maak wanneer hulle oor die onderwerp van homoseksualiteit skryf nie (Visagie, 2004:49).

Tog bestaan daar steeds sekere stereotipes rondom die uitbeelding van gaywees. Die gay persoon word volgens Rhebergen en Human (2015:55–60) in Afrikaanse jeugromans meermale uitgebeeld as iemand wat “anders” is, besonder kreatief, baie flambojant, ’n “fashion item” of “lusobjek” en iemand wat ’n ander sosiolek het. In teenstelling hiermee wys Van Zyl en Du Plooy (2015) in hul ondersoek oor die representasie van manlikheidsbeelde in Eben Venter se roman *Santa Gamka* (2009) hoe die hoofkarakter Lucky Marais se veelfasettigheid van manlikheid uitgebeeld word. Venter se uitbeelding van Marais wyk dus af van die stereotipe. Van Zyl en Du Plooy se ondersoek toon spesifiek aan hoe Lucky “sosiaal gekonstrueerde grense soos dié van ras, seksualiteit, ekonomiese klas en politieke status” oorskry deur “aan te pas by omstandighede”. Hulle (2015:2) toon met hulle studie aan hoe “bestaande idees en stereotipes bevestig of gedestabiliseer word deur die narratiewe strategieë wat skrywers in romans gebruik”. Met ander woorde, die uitbeelding van die gay persoon in die roman kan aansluit by ’n sekere diskoers óf daarvan afwyk – weerstand daarteen bied – soos wat Venter vermag het.

Daar bestaan ook ’n paar ander studies oor gay literatuur in Afrikaans. Ernest Frost (1989) het ’n lesing by die Universiteit van Pretoria aangebied getiteld: “Kodes van die homo-erotiek in die Afrikaanse poësie”. In 2011 word Hennie Aucamp (2011) se boek *Lendetaal: homoërotiek in die kunste en in die letterkunde* gepubliseer. Joanette van der Merwe (2012) het ook ondersoek ingestel na die “Destabilisering van Heteronormatiwiteit ten opsigte van Homoseksualiteit, Vigs en Dood in Queer Narratiewe.” Hierdie studies fokus grootliks op die uitbeelding van gaywees in die letterkunde of hoe die uitbeelding van gaywees sekere diskoerse rondom manlikheid en heteronormatiwiteit uitdaag.

### 2.5.8 Bestaande navorsing oor *Lente in Beijing* en *Die Dao van Daan van der Walt*

Daar is nog weinig navorsing oor *Lente in Beijing* en *Die Dao van Daan van der Walt* gepubliseer. Zhandi van Zyl (2019) se artikel “Coming to terms with ‘being foreign’: Lente in Beijing (2003) and the re-experience of linguistic citizenship” fokus op die gebruik van taal in die roman en hoe dit aansluit by burgerskap, die gevoel van êrens hoort en identiteit. Van Zyl (2019:391) dui byvoorbeeld op hoe Gerhard se gebruik van die Chinese naam vir Suid-Afrika, “Suidelike rigting”, beteken dat hy die frase approprieer om na Suid-Afrika te verwys en sodoende emosioneel daarvan afstand doen. Hierdie tipe appropriasie word ook gereflekteer in die Chinese studente se gebruik om vir hulself Engelse name te kies en só ’n identiteit te skep wat gegrond is op linguistiese persepsie. Van Zyl (2019:392) meen verder dat Gerhard se beoefening van kalligrafie

in China ’n aksie van “home-ing” of “re-experiencing” word – ’n vorm van strategiese en tydelike “belonging” (selfs ’n vorm van pseudo-burgerskap).

’n Belangrike studie oor *Die Dao van Daan van der Walt* is Annette du Plessis (2022) se artikel waarin die roman vanuit ’n gerontologiese beskouing betudeer word. Die kern probleem wat sy ondersoek, “is hoe veroudering in die roman met rypwording as ’n transformatiewe proses verbind kan word” (2022:27). Sy gebruik die *reifungsroman* (wat sy vertaal as die rypingsroman) – ’n subgenre van die literêre gerontologie – waarin “[o]nverwerkte konflik of onopgeloste verhoudingsprobleme uit die verlede” as katalisator dien vir die persoon om hul lewenspad te beskou (2022:26).

Volgens Du Plessis (2022:31) is dit Daan se soeke na seksuele identiteit wat uiteindelik daartoe lei dat hy ’n spirituele reis aanpak. Sy fokus grootliks op Daan se geloof en beskryf sy stryd met sy seksualiteit in verband daarmee. Daan se aanvanklike onwilligheid of onvermoë om met die kerk te breek, moet volgens haar (2022:32) “uit sy konserwatiewe agtergrond verstaan word”; Daan se reis is byvoorbeeld bemoeilik “deur die patriargale manier waarop hy God by sy pa leer ken het” (2022:28). Du Plessis (2022:28) bring ook Daan se seksualiteit in verband met manlikheid deur kortliks daarop te wys dat sy “onvermoë om sy seksuele identiteit as jong volwassene te kon eien” waarskynlik te wyte is aan hegemoniese manlikheid waar homoseksuele vorme van manlikheid volgens Visagie (2004) se studie soms heel onder geplaas word in die geslagtelike hiërargie tussen mans.

Du Plessis (2022:32) dui ook op die feit dat Daan se voortdurende reis na selfkennis hom “in konfrontasie gebring [het] met mense wie se sienswyses radikaal van syne verskil”. Dit het hom die keuse gegee om die ander/vreemde kulture te verwerp of te akkommodeer. Sy (2022:27) is ook in akkoord met Burger (2018) wat in sy resensie (kyk 1.1) aandui hoe Buys ’n wyer blik op die (gay) seksualiteitskwessie skep deur die vertellershede in China te plaas en ’n jukstaposisie te skep tussen die Christelike geloof en mites uit die antieke Griekse tyd, die Midde-Ooste en die Chinese kultuur. Sy meen ook Buys gebruik die sterk seksuele ondertone van Daan se terugflitse tydens sy verblyf in China om sy “insig in sy identiteitsondersoek uit te beeld, namate hy intens bewus word van sy wanbalans ten opsigte van manlike subjektiwiteit”. Meer nog het die reis na China ’n groot aanpassing van Daan geverg, en die feit dat hy daarin geslaag het om sy religieuse beskouing te verbreed en ander kulture te akkommodeer, getuig van ’n denkskuif wat nie vir hom moontlik was op die plaas Ystervarkfontein nie (Du Plessis, 2022:35). ’n Nuwe ruimte was dus nodig.

Alhoewel daar verskeie verbande tussen Du Plessis se studie en hierdie studie getrek kan word, is daar ook belangrike verskille. Die kern van Du Plessis se studie is veroudering en hoe dit gepaard kan gaan met ’n identiteitsreis. Hierdie studie fokus nie soseer op Daan se ouderdom nie, maar wel op sy identiteitsreis as deel van sy individuasie. Nes Du Plessis aandui, toon hierdie studie ook aan hoe ruimte ’n rol kan speel in die blootstelling tot nuwe inligting en die verruiming van identiteit, maar daar sal ook uitgelig word hoe karakters as verlenging van hierdie ruimte kan optree – naamlik You Mei as verlenging van die Chinese ruimte. Waar Du Plessis Daan se sterk geloof sien as die rede vir sy onderdrukking van sy homoseksualiteit word Daan se geloof in

hierdie studie eerder as deel van sy persona beskou wat ’n *gevolg* is van sy onderdrukte homoseksualiteit. My benadering is dus omgekeerd. Meer nog word daar baie meer gefokus op hoe Daan onbewustelik optree deur projeksies en hoe die diskoers rondom manlikheid nie net tot die onderdrukking van sy homoseksualiteit gelei het nie, maar ook tot die ontwikkeling van ander komplekse wat hy uiterlik projekteer.

**2.5 Samevatting**

Hierdie hoofstuk het begin deur ’n verklaring van ’n paar belangrike begrippe te gee, naamlik ruimte, diskoers en identiteit. Daarna is die teoretiese raamwerk van die studie uiteengesit. Die psigoanalitiese kritiek in die breë en Jung se psigoanalitiese kritiek in die besonder is gedek – met ’n spesiale fokus op die persoonlike skaduwee, projeksies en komplekse. Daar is ook teorie aangaande gender aangebied met ’n groot fokus op manlikheid. Laastens gee die literatuuroorsig ’n voëlvlug oor relevante bestaande navorsing, insluitend navorsing oor individuasie, die skaduwee, ruimte, manlikheid en die gay man in die Afrikaanse letterkunde. Sommige verbandhoudende internasionale studies is ook vermeld. Laastens is bestaande navorsing oor die twee gekose romans betrek met spesiale aandag wat gegee is aan Annette du Plessis (2022) se gerontologiese studie van *Die Dao van Daan van der Walt* wat op verskeie vlakke aansluit by hierdie studie.

## Hoofstuk 3: Die manifestasie en integrasie van Gerhard se skaduwee in *Lente in Beijing* (2003)

### 3.1 Inleiding

*Lente in Beijing* (2003) sentreer rondom die 31-jarige Gerhard Vos wat uit Suid-Afrika na China reis om te gaan klasgee. Sy reis word grootliks gemotiveer deur sy struwelinge met teenstrydige diskoerse oor manlikheid in Suid-Afrika. Meer spesifiek het hy die begeerte om afstand te doen van ’n manlike identiteit wat hy voel deur hierdie diskoerse hom opgelê is. Hierdie identiteit skakel onder meer met sy verbintenis met sy brigadierspa wat baie van die eienskappe het wat deel vorm van ’n sekere diskoers oor manlikheid. Verder bied China vir Gerhard as gay man ook ’n geleentheid om na mans uit te reik op ’n manier wat nie in Suid-Afrika vir hom moontlik was nie. Alhoewel hy in Suid-Afrika verhoudings met mans gehad het, was dit geïnhibeerd, veral weens die werksruimte waarbinne hy homself bevind het. Binne hierdie werksruimte behels die heersende diskoers oor manlikheid dat manlikheid skadelik, ongewens en gevaarlik is. Gerhard voel sy identiteit word ingeperk deur hierdie diskoers omdat hy juis probeer om nie hierdie “manlike” eienskappe te hê nie.

*Lente in Bejing* het ’n ongewone romanstruktuur. Die roman word voorafgegaan deur twee motto’s:

> Golden chrysanthemums covered the open spaces; silvery willow-trees bordered the water’s margins. Cao Xueqin, The Dream of the Red Chamber, 1791
>
> You revisit these old places but find nothing … There is no moss, no round gateway, no yellow chrysanthemums … Instead, there are only the same standard red brick buildings. Gao Xingjian, Soul Mountain, 1989

Albei motto’s word agter in die roman verklaar. Die eerste motto handel oor die leefstyl en intriges van ’n ryk familie tydens die Qin-keiserryk en hou verband met een van die eerste gay karakters in Chinese letterkunde. Die verwysing na krisante sluit ook aan by die visioene wat Gerhard in China van ’n tuin het waarin daar krisante blom. Die tweede motto verwys na *Soul Mountain,* ’n roman deur Gao Xingjian, waarin die verteller ’n tweede lewe gegun word en ’n reis deur China onderneem. Tesame plaas die motto’s die fokus op gaywees sowel as op die idee van ’n nuwe lewe deur na ’n nuwe plek te reis – iets waarna Gerhard ook streef deur na China te reis.

In terme van die romanstruktuur is *Lente in Beijing* opgedeel in ’n inleiding, deel 1, deel 2, deel 3, en ’n kort deel getiteld: Amerika. Daar is geen hoofstukindelings in die onderskeie dele nie. Die teks is eerder aanhoudend, soos ’n gedagtestroom, met enkele paragraafbreuke. Die inleiding is baie kort en speel af op die lughawe net voordat Gerhard na China reis. Deel 1 speel af in China in 1999 en strek vanaf bladsy 11 tot 148. Ten spyte van die groot hoeveelheid bladsye dek hierdie deel slegs Gerhard se eerste paar dae in China. Die rede vir die groot hoeveelheid bladsye is hoofsaaklik omdat dit verskeie terugflitse na Suid-Afrika insluit wat verklaar hoekom Gerhard na

China toe gegaan het. Die eerste deel eindig waar Gerhard saam met Daniel, ’n getroude Chinese man met wie hy later ’n verhouding aanknoop, vir ete gaan.

Deel 2 (pp. 151-345) dek ’n aantal maande wat Gerhard in China spandeer. In deel 2 vind Gerhard uit hy word voor die universiteit se dekaan gedaag aangaande die joernalistiekklas wat hy aanbied. Die tweede gedeelte eindig met Gerhard wat ’n nag saam met Henry, ’n man van Singapoer, deurbring in ’n poging om afstand te doen van Daniel. Deel 3 strek weer oor ’n korter gedeelte (pp. 349-376). Hier vind Gerhard uit dat hy sonder sy medewete vir Lulu, Daniel se dogtertjie, aangeneem het en dat Daniel vir hom ’n werk in Amerika gereël het. Aan die einde van deel 3 meen Gerhard: “’n Pad kry miskien self koers, maar hierdie keer is ek nie alleen nie” – met verwysing na Lulu wat saam met hom na Amerika reis. Laastens is daar ook ’n kort deel van die roman wat in Amerika afspeel (pp. 379-388). Dit is in hierdie deel vier jaar later, in 2003, waar Gerhard saam met Lulu in Amerika woon en sy brigadierspa vir hulle kom kuier.

Hierdie hoofstuk stel vervolgens ondersoek in na Gerhard se struweling met sy identiteit en sy uitleef van sy seksualiteit as deel van sy individuasie. Eerstens is die fokus op die wisselwerking tussen die ruimtes in die roman en Gerhard se integrasie van sy skaduwee. In terme van die Suid-Afrikaanse ruimte sal daar gewys word op hoe hierdie ruimte Gerhard gemotiveer het om sekere dele van sy persoonlikheid te onderdruk en deel te maak van sy skaduwee, terwyl hy uiterlik ’n ander manlike identiteit (persona) voorhou. Daar word ook aangetoon hoe Gerhard se skaduwee afgelees kan word uit sy komplekse (minderwaardigheids- en slagofferkompleks) wat uiting vind in projeksies, drome en visioene. Verder word gewys op hoe die Chinese ruimte vir Gerhard die geleentheid gee om sy skaduwee te konfronteer en te begin integreer. Die integrasie sal veral in verband met die verandering van sy visioene aangedui word.

## 3.2 Die Suid-Afrikaanse ruimte se invloed op Gerhard se skaduwee

### 3.2.1 Komplekse

#### 3.2.1.1 Minderwaardigheidskompleks

Gerhard spandeer sy kinderjare in Pretoria en word groot in die vroeë 1970’s waartydens Pretoria die bakermat van die nasionaliste was, sowel as van die burokrasie, weermag en polisie. Later onthou hy Pretoria as ongenaakbaar (121).[3] Dit is binne hierdie ruimte waar sy brigadierspa ’n groot invloed op hom en sy idees aangaande manlikheid uitgeoefen het. Aangesien sy pa ’n brigadier is, word Gerhard groot met die idee dat mans aan oorloë deelneem. Hy het byvoorbeeld self met ’n speelgoedgeweer terroriste op hulle werf gejag (115). Met verloop van tyd het sy pa se dade as brigadier egter sy persepsie van manwees binnegesypel (92), en die foto’s wat sy broer, Hendrik, van gemartelde terroriste het, is vir Gerhard ’n bewys van die slegte dade “waartoe ons Vosse in staat is” (108).

[3] Alle verwysings na *Lente in Beijing* (2003) word slegs deur ’n bladsynommer aangedui.

Sy pa het ook op ander wyses ’n rol gespeel. Binne sy huislike ruimte sien Gerhard hoe sy pa sy ma met ’n sekretaresse verneuk. Gerhard wou egter self sy pa se hand op ’n seksuele wyse “teen [hom] voel druk” (34). Hy het ook sy pa se geheim oor die verneukery met “kinderlike trots bewaar” (102). Gerhard wonder later selfs of sy hunkering na sy pa se hand op hom “nie die fondament [is] waarop [sy] identiteit eintlik gebou moet word nie” (109). Hierdie vraag impliseer dat Gerhard sy identiteit moet bou op sy gaywees eerder as op die diskoerse oor manlikheid waarmee hy gekonfronteer word. Ten spyte hiervan was sy pa ook vir hom soos ’n vreemdeling, en dit het altyd gevoel asof sy pa hom dophou met “sy skroeiende blik” (32). Gerhard het dus ’n baie ambivalente verhouding jeens sy pa.

Gerhard ontwikkel ook as kind ’n ambivalente houding teenoor manlikheid. Dit is deels vanweë ’n minderwaardigheidsgevoel omdat hy nie aan sy pa se standaard van manlikheid voldoen nie. Voorbeelde hiervan is waar hy karate beoefen eerder as om rugby te speel (32), maar dit het Gerhard “eendag astrant besluit”, “want só kon [hy homself] teen [sy pa] se gesag en sy leuens begin verset” (32). As kind het Gerhard ook verontreg gevoel in vergelyking met Hendrik. Op paradoksale wyse is Hendrik terselfdertyd ’n manlikheidsideaal waarna Gerhard streef én ’n bedreiging vir sy eie manlikheid. Volgens Gerhard het Hendrik “as eersgeborene amper alles gesteel wat daar vir ons geslag Vosse oor was” (106). Dit sluit die grootte van sy geslagsdeel in – wat Gerhard as ’n kenmerk of teken van manlikheid beskou (42). Gerhard noem ook hoe mense – selfs dié wat Hendrik “bosbefok” noem – “’n heimlike bewondering vir sy manlikheid” het (106).[4] Hendrik blyk ook baie meer soos hul pa te wees: Hy het hul pa se oë, en hy het in hul pa se voetspore gevolg deur by die polisie aan te sluit (69, 105). Meer nog het Gerhard Hendrik se opdragte as kind uitgevoer omdat hy eendag soos Hendrik wou wees, maar ook omdat hy, soos met sy pa, seksuele aangetrokkenheid tot Hendrik gevoel het (136, 205).

Later, nadat Hendrik in die bosoorlog dood is en Gerhard se ma ’n ineenstorting gehad het – albei gebeure wat daartoe gelei het dat Gerhard sy rug op sy pa en die tipe manlikheid wat hy met sy pa assosieer, wou draai – moet Gerhard in die Kaap op die platteland by pleegouers gaan bly. Ook hier voel hy daar is sekere dinge wat van hom as man verwag word. Een van die idees waarmee hy gekonfronteer word, is dat groot seuns nie huil nie (29, 34, 70). Dit is ook nadat hy hierdie idee aanleer wat hy die druk van sy pa se hand verwerp. Tog soek Gerhard steeds toenadering by ’n vaderfiguur, naamlik oom Cobie, in wie se skoot hy veilig gevoel het (31). Sy ambivalente verhouding met mans speel ook uit in Stellenbosch waar hy studeer en met Dirk ’n verhouding aanknoop. Dirk het Gerhard egter net vir hulp met sy Maatskaplike Werk-module gebruik (178, 191-192). Gevolglik beskou Gerhard homself as ’n slagoffer in sy romantiese verhoudings, selfs wanneer hy later presies dit doen waarvan hy Dirk beskuldig deur vir Dirk verblyf aan te bied met die hoop op ’n verhouding (297). In hierdie geval sien Gerhard steeds homself as die slagoffer in die verhouding.

---

[4] “Bosbefok” verwys na mense wat ly aan posttraumatiese stres nadat hulle in die grensoorloë en teenopstandsbewegings in die 1970’s en 1980’s geveg het.

#### 3.2.1.2 Die ruimte van die Rural Development Trust se invloed op Gerhard se slagofferkompleks

In *Lente in Beijing* is 'n belangrike Suid-Afrikaanse ruimte die Rural Development Trust waar Gerhard maatskaplike werk doen. Hy word binne hierdie ruimte met 'n baie kragtige diskoers rondom die identiteit van wit mans gekonfronteer. Hierdie diskoers word verwoord deur die vroue by sy werk, veral Bertha, en behels grotendeels 'n negatiewe beeld van mans of manlikheid.

Die kollektiewe skuld van wit Afrikaanssprekende mans vorm deel van die diskoers rondom manlikheid wat by die Rural Development Trust voorgehou word.[5] Gerhard wil deur die hele roman afstand doen van hierdie skuldgevoel deur die blaam na sy voorsate te verskuif. Hy verwys na vryburger oergrootjie Hendrik Gerhardus Vos (8) en wonder "wat sou gebeur het as Hendrik Gerhardus domonnosele Vos hom nooit hier [in Suid-Afrika] kom vestig het nie" (55). Hierdie skuldgevoel vorm deel van Gerhard se skaduwee en gaan ook oor ongelyke genderverhoudinge aangesien sy oeroumagrootjie as slaaf aan sy oeroupagrootjie verkoop is (139). Om te kompenseer vir sy skuldgevoel stel Gerhard uiterlik met sy persona 'n beeld voor van iemand wat nie verantwoordelik voel vir die verlede nie. Hyself sien byvoorbeeld nie "die nut daarvan om boete te betaal, of uit skuldgevoel gemeenskapsdiens te doen nie" (280). Volgens hom is "[d]ie blote feit dat [hy] in die land was, gewerk en daardeur 'n bydrae gemaak het [...] 'n voldoende antwoord" op sy pa-hulle se dade (279) – met verwysing na hul dade tydens die apartheidsjare.

'n Voorbeeld van sy (onbewustelike) boetedoening is sy besluit om maatskaplike werk te beoefen – 'n beroep wat grootliks deur vroue gedomineer word. Gerhard wil spesifiek homself van sy pa distansieer deur by sy werk "'n identiteit sonder hom [...] [te] skep" (108). Hierdie identiteit word egter daagliks by die Rural Development Trust bevraagteken (134) en laat Gerhard nog meer soos 'n slagoffer voel omdat sy poging om 'n "goeie man" te wees, futiel is. Volgens Gerhard skryf hy sy beroepskeuse toe aan blote belangstelling (280) eerder as 'n manifestasie van sy skuldgevoel. Hy sien dus nie in dat sy beroepskeuse 'n manier was om die verlede te verwerk nie. Soos genoem, sluit hierdie verlede in: sy oeroumagrootjie wat as vrou aan sy oeroupagrootjie verkoop is, sy pa se generasie se wandade tydens apartheid, sowel as algemene slegte gedrag wat binne sekere ruimtes met mans geassosieer word, soos geweld en losbandigheid. Sy ware motivering vir sy beroepskeuse blyk later uit die feit dat hy die keuse gemaak het nadat Hendrik in die oorlog omgekom het en Gerhard meteens "mansmense nie vertrou [het] nie" en hom in 'n beroep bevind waar daar hoofsaaklik vroue was (115). Hy wou hom dus pertinent deur sy beroepskeuse distansieer en "anders as Pa-hulle" wees (34). Gerhard vlug hierom ook na China

---

[5] Hierdie kollektiewe skuld verwys vanuit 'n normatiewe morele posisie na Afrikaners in postapartheid Suid-Afrika se "nederige kollektiewe skulderkenning en spyt vir die onregte van die verlede" wat hulle moet toon (Lambrechts & Visagie, 2009:92). Lizabé Lambrechts en Johann Visagie (2009:92) verwys na die metafoor van die "slagoffer" wat deur talle wit Afrikaanssprekendes gebruik word, "om die blaam te verskuif vanaf die onregte gedurende apartheid na hulle wat nou ook 'slagoffers' van onregverdige prosesse is".

wanneer sy pa voor die Waarheid- en Versoeningskommissie (WVK) moet getuig omdat almal by sy werk sou uitvind wie sy pa is.

Ten spyte van Gerhard se poging om afstand van sy pa te doen deur maatskaplike werk te beoefen, leer hy as maatskaplike werker "opnuut […] dat dit máns is wat keer op keer die broodgeld op drank spandeer, hulle gesinne mishandel, of vroue verkrag" (34). Volgens Gerhard snou die vroue by sy werk hom sy "manwees as tekortkoming [toe]" en verkondig hulle "mans is aggressief, selfsugtig, ambisieus" (42). Volgens Bertha "is elke man, gay of nie, promisku en 'n potensiële verkragter" (63). Haar woorde word deur Gerhard as "gebode" beskryf (115). Hierdie woordkeuse benadruk die feit dat hy hierdie diskoers as voorskriftelik of beperkend vir sy gedrag in terme van sy manlikheid beskou. Dis interessant dat Gerhard as kind gevoel het hy kon nie aan die diskoers van manlikheid voldoen nie, en nou binne sy werksruimte kan hy weer nie "reg" optree as man nie. Hy word byvoorbeeld tydens hul maatskaplike besoeke aan dorpies agterdogtig aangestaar (63) omdat dit ongewoon is vir wit mans om maatskaplike werk te doen – 'n posisie waarin Gerhard homself geplaas het. Hy plaas homself dus weer in 'n slagofferposisie wat ooreenstem met sy posisie as kind binne sy huislike ruimte.

Die aard van Gerhard se slagofferkompleks is só dat hy homself sien as 'n slagoffer van sy (werks)omstandighede. Hy voel hy word binne sy werksruimte onregmatig gelykgestel aan ander mans, spesifiek mans in sy familie, wat 'n sekere diskoers oor manlikheid beliggaam. Dis ook volgens hom onregverdig dat hy sy manlikheid moet onderdruk in 'n poging om boete te doen vir ander mans se dade. Soos hy dit stel, het hy "in 'n poging om 'n goeie man te wees", verbete by sy werk sy "manwees leer ontken" (34) deur sy manlikheid te onderdruk en deel van sy skaduwee te maak. Hy kan byvoorbeeld nie vir Bertha sê dat die aande in die dorpies wat hulle besoek moeilik is omdat hy eintlik seksuele verhoudings sou wou aanknoop nie, want dan bevestig dit haar stellings dat mans losbandig lewe. Hy maak homself ook wys dat hy nie soos ander mans optree nie en het veral gay mans begin veroordeel vir dit wat hy graag self wou hê (34) – naamlik verhoudings met ander mans. Gerhard voel hierom hy moet sy kwaad "onderdruk totdat [hy] daarin versuip" en hy voel "sonder identiteit" (35). Woede of aggressie vorm hierom ook deel van sy skaduwee.

Gerhard projekteer gevolglik sy slagofferkompleks op die vroue rondom hom. Hy verwys na die vroue se "slagofferstatus" (138) en meen "[h]oe meer onreg jou aangedoen word en hoe harder jy daaroor praat, hoe groter is jou status en hoe meer jou mag", met verwysing na hulle (94). Hy het ook aanvanklik gevoel die vroue vertel hom hoe sleg wit mans is, om op "een of ander manier die verlede [te] verwerk en van 'n woede ontslae [te] raak" (228). Sy projeksies op die vroue is egter ook 'n manier om sý woede oor die verlede, en sy voorgeslagte se dade, te probeer verwerk. Hy noem dat hy nie homself "met die verlede drapeer" deur vir sy vrouekollegas daarop te wys dat homoseksualiteit ook in die apartheidsdae onwettig was net om sy "woedende selfbejammering by hulle tuis te bring nie", want hy wil goed wees en homself só bewys (94).

Gerhard is egter oneerlik met homself. Hy was nie altyd "goed" nie en het in Suid-Afrika onprofessioneel opgetree deur 'n seksuele verhouding met Ben, een van die mans met wie hulle 'n maatskaplike projek gedoen het, aan te wil koop. Hy neem ook nie verantwoordelikheid vir sy

dade nie en beskryf die aksie as ’n manifestasie van Bertha se manhatery en sy pa se dagvaarding wat hom daartoe gedryf het (115) – hy projekteer dus die skuld. Later meen Gerhard Ben was vir hom ’n manier om te rebelleer en vir die vroue by sy werk “te wys dat [hy] hulle verdomde hoer is en nie ’n fok meer omgee nie” (332) – om met ander woorde wel te voldoen aan hulle diskoers van manlikheid. Gerhard projekteer selfs die skuld op Ben wat hom om die bos gelei het om te verseker dat die befondsing vir sy maatskaplike projek nie stopgesit word nie. Gerhard meen die skuld sou, onregverdig, op hom as maatskaplike werker gepak word, “want die befondser is ’n wit man wat net in drank en seks belangstel” (332). Hy gaan selfs so ver om na China te vlug eerder as om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy onprofessionele optrede.

### 3.3 Manifestasie van Gerhard se skaduwee

#### 3.3.1 Gerhard se skaduwee in visioene

In China woon Gerhard in ’n baie klein woonstel met slegs ’n slaapkamer, badkamer en kombuisie wat deel vorm van die universiteitseiendom. Die gebou is omring deur soortgelyke geboue, soos die manskoshuis waarin studente bly, en dit is grys en lelik. Deur sy woonstelvenster kyk hy af op ’n leë betonblad, maar kort na sy aankoms “sien” hy daagliks visioene van ’n tuin op die plek waar daar in werklikheid net beton is. Stelselmatig word die tuin groter en sekere plante, veral krisante, groei en vermeerder. Die visioene van die tuin wat Gerhard sien, is volgens hom waar hy homself “half onbewustelik in ’n verre verlede [wou] drapeer” om te ontsnap van sy lewe (302), maar op ironiese wyse word hy juis in sy visioene deur sy skaduwee gekonfronteer aangesien sy onbewuste uitdrukking vind in hierdie visioene. Dis veral sy slagofferkompleks wat hier uitdrukking vind.

Hendrik verskyn ’n paar maal in Gerhard se visioene (81-82, 117). ’n Belangrike geleentheid is wanneer hy verskyn nadat Gerhard vir Hendrik as “makabere [seksuele] fantasie” opdis aan Josh (’n Japannese man wat die tema van marteling seksueel prikkelend vind) (108). Gerhard vra homself af of hy hom só “deel van ’n kollektiewe witmanskuld” maak, maar verskuif die blaam na sy voorgeslagte deur te sê die aksie was gewetenloos soos “mans mos maar is” en “soos sy pa-hulle” (109). In sy onbewuste voel Gerhard egter skuldig, want die volgende oggend is die tuin in sy visioen verwoes (117). Hendrik verskyn ook in die visioen en gee vir Gerhard ’n paar vuishoue. Gerhard se visioen dui op sy onbewuste woede teenoor homself en sy aksies. Hierdie visioen laat Gerhard ook later besef dat al dink hy hoe nostalgies oor Hendrik was die werklike Hendrik baie meer soos die Hendrik in sy visioen wat hom ’n vuishou gee (135). Daar is dus die besef dat hy met ’n rooskleurige bril na sy broer gekyk het, grootliks vanweë sy bewondering vir Hendrik se manlikheid. Dit sluit aan by Gerhard se aksies, want op dieselfde nag wat hy Hendrik as fantasie opdis, tree hy roekeloos op deur in Beijing sonder ’n kondoom seks met ’n vreemdeling op die dak van ’n woonstelgebou te hê (112). “Op daardie oomblik was al wat getel het [sy] begeerte om [homself] as man te bewys” (114). In hierdie situasie skemer Gerhard se slagofferkompleks ook deur aangesien hy homself as ’n slagoffer sien van hierdie (onbewuste) begeerte om “manlik”, soos Hendrik, te wees.

Gerhard se slagofferkompleks kom verder in sy verhouding met Daniel na vore en sy onbewuste struweling hiermee word ook deur sy veranderende visioene uitgebeeld. Aanvanklik blom die krisante oornag in sy visioentuin nadat hulle saam slaap (235). Wanneer hy egter later weer ’n nag saam met Daniel deurbring, verdroog die blomme oornag (308). Hierdie verandering vind plaas soos Gerhard bewus word van die feit dat hy nie kan volhou met sy verhouding met Daniel nie – die verdroogte blomme reflekteer Gerhard se besef dat die verhouding tot ’n einde moet kom. Ten spyte van hierdie besef wat sy visioen help bewerkstellig, gaan Gerhard voort met die verhouding selfs al blyk dit later dat Daniel, nes Dirk in Suid-Afrika, Gerhard misbruik vir sy eie voordeel. Gerhard beskou hom egter steeds as slagoffer eerder as om die verhouding te beëindig. Hy projekteer ook sy woede op Daniel. Dit pla Gerhard byvoorbeeld nie as Daniel vir sy vrou, Charmaine, jok oor hulle buite-egtelike verhouding nie (307), maar as Daniel vir hom jok, is Daniel die teiken vir Gerhard se frustrasie, want “hy’t gelieg en gekul” (343). In plaas daarvan om in te sien dat hy oneties optree deur ’n verhouding met ’n getroude man te hê waarin hy boonop misbruik word, wil Gerhard eerder “wraak neem” deur met iemand anders te slaap (343).

Buiten Hendrik en Daniel wat ’n rol speel in Gerhard se visioene is dit veral die visioene van sy oeroumagrootjie wat inskakel met sy slagofferkompleks. Soos genoem, verwys Gerhard na die vroue by sy werk se “slagofferstatus” (138), maar na sy oeroumagrootjie verwys hy as die “moederfiguur van alle slagoffers” (138). In sy gedagtes was sy “nie net die stammoeder van ons Vosse nie, maar ook die moederfiguur van vroulike lyding” omdat sy as slaaf aan sy oeroupagrootjie verkoop is (139). Gerhard bied nie genoegsame rede om haar as die “moederfiguur van alle slagoffers” te beskou nie. Dit is egter belangrik om daarop te let dat sy eintlik deel van sy onbewuste is. Hy sien dus homself as die grootste slagoffer van almal. Sy oeroumagrootjie voldoen ook nie aan sy stereotipe van ’n slagoffer in terme van voorkoms (139) of houding (170) nie, want sy is nie uittartend of aggressief soos Bertha-hulle nie. Omdat sy deel vorm van Gerhard se onbewuste kan dit gelees word as ’n onbewuste besef dat hy nie voldoen aan die vereistes van ’n slagoffer nie.

Aanvanklik voel Gerhard magteloos in sy oeroumagrootjie se teenwoordigheid (169) wat verband hou met hoe hy in sy huislike ruimte en werksruimte gevoel het. Sy oeroumagrootjie verskyn ook nie net in die tuin nie, maar ook in die klasse wat hy gee (171). Met verloop van tyd is hy minder paniekerig as hy haar sien omdat hy besef hy is deels verantwoordelik vir haar verskyning (213). Hy begin selfs wonder of hy haar agtervolg het na China (214). Hierdie vraag is belangrik, want sy oeroumagrootjie is oorspronklik van China waar sy aan die einde van 17de eeu in Dongxing gebore is. Gerhard se keuse om spesifiek na China te reis, is waarskynlik deels ’n poging om sy herkoms te ondersoek en sy skuldgevoelens oor sy voorgeslagte se dade te verwerk. Hierdie skuldgevoel sluit aan by sy oeroumagrootjie se lewensomstandighede waar sy baie hard op oergrootjie Hendrik Vos se plaas moes werk (237), en dit vorm deel van die kollektiewe skuldgevoel wat Gerhard onderdruk.

Namate Gerhard bewus word van sy slagofferkompleks, verander sy oeroumagrootjie se voorkoms en gedrag in sy visioene. Sy meen byvoorbeeld later dat oergrootjie Vos eintlik goed was vir haar, hy was ’n uitweg (236), en sy kon hom die grootste geskenk gee van ’n dogter en ’n seun (237) waarna sy ’n groen rok en goue lyfband kry. Gerhard sien ook sy oeroumagrootjie

in ’n groen rok terwyl hy in die middestad is (240). Later word sy oeroumagrootjie selfs op ’n manier ’n maat (259). Gerhard begin dus “vriende” word met sy skaduwee soos hy in China sy seksualiteit ondersoek. Ook in haar aksies stel Gerhard se oeroumagrootjie sy individuasie voor. Sy hou byvoorbeeld ’n stuk wierook na hom uit as versoeningsgebaar nadat hy ’n vroulike prostituut slaan (275). Dis interessant dat Gerhard sy oeroumagrootjie se gebaar as ’n afkeuring van sy gedrag sien. Dit kan eerder gelees word as ’n teken van medelye wat hy onbewustelik vir homself het – ’n versoeningsgebaar teenoor homself – omdat hy besig is om met sy skaduwee en onderdrukte manlikheid te worstel.

Gerhard reageer op die gebaar deur te vra of sy oeroumagrootjie verwag dat hy “die tipe man is wat ’n vrou hiet en gebied” (275). Hy meen dis ’n rol wat hy nie kan vervul nie. Anders gestel, voel hy nie hy kan soos sy voorgeslagte optree in terme van watter tipe manlikheid hy beliggaam en hoe hy vroue behandel nie. Alhoewel hy voel hy kan nie die rol vervul nie, het hy tog voldoen aan die diskoers dat mans aggressief is deur die prostituut te slaan. Hy het tydens die insident met die prostituut ook steeds die blaam geprojekteer deur te vra of dit instink is, en deur die skuld na sy hand te verplaas wat hom nader bring aan Bertha-hulle se negatiewe sienswyse dat mans vroueslaners is (270). Hy wil ook graag vir Sonny blameer wat hom na die bordeel geneem het, maar meen Sonny het eintlik net vir hom gewys waartoe hy in staat is (279). Dit blyk dat aggressie deel van Gerhard se skaduwee is, omdat hy sê die klap is iets wat hy in die Kaapse kantoor by Bertha-hulle uit woede soms wou doen (290) om sodoende ’n “onherroeplike skeidslyn” tussen hom en “die Evasgeslag” te trek. Dit gaan dus spesifiek oor ’n genderkwessie, nie net om aggressief te wees nie, maar aggressief teenoor vroue.

Nog ’n belangrike toneel is waar Gerhard sy oeroumagrootjie tydens die dekaansverhoor sien waar hy moet verslag gee oor die inhoud van sy joernalistiekklas. Hierdie verhoor volg nadat hy nie pertinent kritiek uitgespreek het teenoor Amerika in verband met Kosovo nie (333).[6] Sy oeroumagrootjie lyk tydens die vergadering vir hom soos ’n skoolhoof wat toesig hou (333). Haar stem is ook dieper en growwer as in die verlede, en agter haar jong gesig skuil iets donkerder en ouer. Gerhard is egter nie meer bang vir haar nie, maar woedend (334). Hierdie woede is eintlik op homself gerig omdat hy nou nes sy pa, wat voor die WVK moes getuig, self voor ’n dekaan gedaag word. Tydens die verhoor sê Gerhard dat Amerika se aggressie ten sterkste veroordeel moet word (334), maar eintlik is dit sy eie aggressie wat ten sterkste veroordeel moet word.

Tydens die dekaansverhoor projekteer Gerhard sy woede deur in sy gedagtes aan sy oeroumagrootjie te vra hoe sy durf inmeng in sy lewe (334). Gerhard noem haar ook in sy gedagtes verskeie skelname, soos “vark”, “bitch”, “teef” (334), sowel as “[m]anipulerende feeks” (343). Die feit dat hy haar as manipulerend beskou terwyl hyself sulke gedrag toon, soos met Dirk, (kyk 3.2.1.1) is weereens ’n projeksie. Sy woede word ook verplaas na die mense in die vertrek en hy sê: “As ons swakker as iemand anders is [...] voel ons minderwaardig. [...] En om

---

[6] Die verwysings na Kosovo in *Lente in Beijing* hou verband met die aanvalle deur die KLA (Kosovo Liberation Army) op Serwië. Die Serwiese polisiemag het saam met die Joego-Slawiese magte beheer van die Kosovo-area probeer neem. NATO (North Atlantic Treaty Organisation) het ingegryp om die konflik stop te sit. Amerika is een van die stigterslede van NATO en is hierom in China as deel van die “vyand” beskou.

onsself meerderwaardig te laat voel, maak ons uit hulle ’n spoegpaal” (335). Hierdie uitlating herinner baie aan sy uitlating oor die vroue by sy werk wat hul woede oor die verlede probeer verwerk deur dit op hom te projekteer (kyk 3.2.1.2) en is weer ’n projeksie van sy slagofferkompleks. Gerhard se woorde herinner ook aan hoe hy nie in Suid-Afrika verantwoordelikheid wou aanvaar vir die feit dat hy onprofessioneel was deur met Ben ’n seksuele verhouding aan te knoop nie (kyk 3.2.1.2).

Ná hierdie visioen van sy oeroumagrootjie kom Gerhard se skaduwee weer in sy aksies na vore. Hy gebruik naamlik vir Henry, een van die mans wat hy in China ontmoet, bloot vir seks. Gerhard regverdig sy optrede weereens deur daarop te wys dat hy bloot voldoen aan die standaard wat vir hom gestel is. Hy sê: “Ek is ’n Vos, julle jagse hoer” (343) en hy noem homself ’n “[a]rme skepsel, vasgevang in die perke van die menslike liggaam” wat sy gedrag die volgende dag “in terme van daardie liggaam” sal regverdig (344). Daar is dus bewustheid van sy optrede, maar nog nie ’n verandering in sy gedrag nie. Hy konfronteer met ander woorde sy skaduwee, maar integreer dit nog nie.

Laastens is daar ook die toneel waar Gerhard se visioentuin heeltemal verwoes is (361). In hierdie visioen dui sy oeroumagrootjie se veranderde voorkoms weereens sy onbewuste aan. Sy lag soos Bertha, haar kappie is af, haar hare amper borselkop geskeer, haar gesig ouer met meer plooie, en sy het ’n gehawende vuil stuk lap aan (362). Sy sê Gerhard moenie dink sy “gaan vir altyd ’n kappie opsit vir julle Vosmansmense nie”. Gerhard vra weer wie haar die reg gee om in sy lewe in te meng, en hy sê sy was nie eens ’n bakkie rys werd nie (362). Hy begin haar selfs met klippe gooi (362). Hierdie toneel dui daarop dat hy besef hy kan nie vir ewig die slagoffer van sy voorgeslagte, die “Vosmansmense”, wees nie. Hy moet begin verantwoordelikheid neem vir sy eie lewe, want innerlik voel hy chaoties, soos die toestand van die tuin aantoon. Sy verwysing na die bakkie rys dui ook daarop dat hy voel hy is nie veel werd nie, veral op grond van hoe hy opgetree het, byvoorbeeld deur die prostituut te slaan. Sy woede teenoor sy oeroumagrootjie is ook woede teenoor sy eie dade, want in sy onbewuste weet hy dat hy nie regtig ’n slagoffer is nie, maar grootliks self bydra tot sy omstandighede.

### 3.3.2 Gerhard se skaduwee in drome

In die roman manifesteer Gerhard se slagofferkompleks grootliks in visioene, maar daar is een belangrike droom waar dit na vore kom. In hierdie droom (295-296) sê Dirk vir Gerhard: “Jy loop rond soos iemand wat verontreg is, asof almal jou leed aandoen en die wêreld jou iets skuld”. Dirk sê verder dat Gerhard nie van hom kan verwag om verantwoordelik te wees vir sy geluk nie (296). Hierdie droom kan gelees word as Gerhard se onbewuste wat hom tugtig omdat hy heeltyd die mense rondom hom wil blameer eerder as om self verantwoordelikheid vir sy dade te neem. Dis eintlik nie eers nodig dat Dirk dit in Gerhard se droom vir hom sê nie, want dit kon reeds uit Dirk se optrede teenoor Gerhard afgelees word (kyk 3.2.1.1).

## 3.4 Integrasie van die skaduwee

In die voorafgaande bespreking behoort dit duidelik te blyk dat daar ’n groot fokus is op Gerhard se konfrontasie of kennismaking met sy skaduwee, maar weinig integrasie daarvan. Gerhard kom

in China deurgaans tot sekere insigte, soos dat hy vir Dirk wou misbruik (297) en dat hy eintlik die manipulerende een in hul verhouding was (192), maar in sulke gevalle verplaas hy steeds die skuld na die diskoers rondom manlikheid. Hy beskryf homself byvoorbeeld as "'n [r]egte mansmens, koud en manipulerend" (193).

Daar is egter een geval waar dit werklik lyk asof Gerhard sy skaduwee begin integreer. Dit word weer voorgestel deur sy oeroumagrootjie se veranderde voorkoms. Die laaste keer wat hy haar sien, is wanneer sy agterbly in China, met 'n mooi en moderne voorkoms, terwyl hy met Lulu, Daniel se dogter, na Amerika vertrek vir sy nuwe werk (374). Dis belangrik om daarop te let dat die werk in Amerika en Lulu se aanneming deur Daniel gereël is (364) en as't ware op Gerhard afgedwing word. Soos genoem, wil Gerhard as deel van sy slagofferkompleks nie verantwoordelikheid neem vir sy dade nie. Hier moet hy egter verantwoordelikheid neem om na Lulu om te sien. Gerhard verwys na aanleiding hiervan na "die nuwe [hy] wat [sy] skoene volwaardig moet volstaan" (370). Sy (gedeeltelike) integrasie word dan aangetoon deur sy oeroumagrootjie wat agterbly in China eerder as om hom na Amerika te volg (374). Wanneer Gerhard na Amerika moet vertrek, voel hy ook vry van haar "sodat [hy] haar niks skuld nie" (368). Gerhard het ook in terme van sy beroep 'n kopskuif gemaak, want hy is verlig dat meer as 'n derde van die mense wat saam met hom in Amerika gaan werk mans is (376) – wat in kontras staan met sy keuse om maatskaplike werk te doen wat deur vroue gedomineer word.

### 3.5 Opsomming

In hierdie hoofstuk het ek aangetoon hoe die Suid-Afrikaanse ruimte 'n rol gespeel het in wat deel vorm van Gerhard se skaduwee. Daar is onder meer gefokus op sy huislike ruimte met sy pa en Hendrik wat 'n sekere soort manlikheid beliggaam het, sowel as die Rural Development Trust waar Gerhard gekonfronteer is met die idee dat sekere manlikheidseienskappe, wat verband hou met sy pa en Hendrik se tipe manlikheid, verkeerd is. Binne die Suid-Afrikaanse ruimte(s) het Gerhard eerstens 'n minderwaardigheidskompleks ontwikkel in terme van sy manlikheid, maar oorkoepelend kan 'n mens sien dat hy 'n slagofferkompleks het. Daar is verder aangedui hoe die Chinese ruimte vir Gerhard meer vryheid gegee het om sy onderdrukte "manlike" eienskappe na vore te laat kom deur byvoorbeeld verskillende seksuele verhoudings aan te knoop en deur sy interaksie met die prostituut. Meer nog is daar gewys hoe Gerhard se skaduwee, veral in verband met sy slagofferkompleks, uitdrukking vind in sy projeksies op sy oeroumagrootjie wat in sy visioene verskyn. Die visioene waarin sy verskyn, dui ook sy individuasie aan.

## Hoofstuk 4: Die manifestasie en integrasie van Daan se skaduwee in *Die Dao van Daan van der Walt* (2018)

### 4.1 Inleiding

*Die Dao van Daan van der Walt* (2018) speel af oor 'n hele aantal jaar en handel oor Daan, 'n volstruisboer op die plaas Ystervarkfontein (later afgetree), wat na sy seun Jan-Willem in China reis. Hierdie reis word grootliks onwillig deur Daan onderneem omdat hy eintlik sy nuwe vriendin, You Mei van der Merwe, wat haar ouers se grafte in China wil besoek, ondersteun. In China kry Daan 'n vertigo-aanval nadat hy hoor Jan-Willem is met 'n Chinese vrou getroud (270). Gevolglik laai Jan-Willem vir Daan by Die Tempel van Ewige Vrede af waar hy hom bevind tussen 'n groep monnike wat daagliks tai ji beoefen. By die tempel skryf Daan twee "historias", oftewel geskiedskrywinge, oor sy lewe waarmee hy sy lewensverloop probeer uitpluis. Hy skryf ook briewe aan sy oorlede vrou, Magrieta. Hierdie dokumente vorm deel van sy soeke na self, spesifiek in terme van sy seksualiteit wat hy deur sy skryfwerk probeer naspeur.

Daan se identiteitsreis en integrasie van sy skaduwee begin reeds in Suid-Afrika, grootliks wanneer hy die ruimte van sy plaas vir die stadsruimte van Kaapstad moet verruil om na 'n aftreeoord te verhuis. Dis hier waar Daan vir You Mei leer ken, 'n Chinese vrou wat met 'n Suid-Afrikaner getroud was, wat hom blootstel aan nuwe inligting wat in teenstelling is met sy verwysingsraamwerk – spesifiek met betrekking tot sy idees rakende geloof en gaywees. Wanneer Daan na China reis, word hy verder met nuwe idees gekonfronteer, soos deur die tai ji-afrigter, meester Yang. Daan se ervaringe lei tot 'n bevraagtekening van sy identiteit, meestal ten opsigte van sy homoseksualiteit wat hy tot op hede onderdruk het. Hy som sy penarie goed op deur te sê hy "staan met [sy] een voet op die Dao en [sy] ander voet, plat Boer wat [hy] is, op 'n sanderige plaaspad in die Kalahari" (315).[7]

Die motto voor in die roman ("Humanity is the mould to break away from, the crust to break through, the coal to break into fire … – Robinson Jeffers: 'Roan stallion'") som die hooftema van die roman goed op, naamlik dat Daan sy identiteit onafhanklik van die samelewing wil vind. Dit is dus 'n verwysing na die feit dat hy wegbreek van die idees waarmee hy grootgeword het wat 'n beperking gestel het op hoe hy "mag" optree in die samelewing, spesifiek hoe sy gaywees verkeerd is volgens die Bybel wat as rigtingswyser optree binne die gemeenskap waar hy hom bevind het.

Die roman begin met 'n tipe inleidingshoofstuk. Die inleiding is in Chinees getiteld: *Jīn Jī Dú Lì*, met die Afrikaanse vertaling daarby – Die goue haan staan op een been. In hierdie inleiding is Daan reeds een week by Die Tempel van Ewige Vrede en word daar terugverwys na Suid-Afrika en Daan se eerste week in China. Daar word baie klem geplaas op Daan se struweling met seks en seksualiteit, Daan verwys spesifiek na sy "wellus", wat die leser daarop voorberei dat seksualiteit 'n belangrike tema in die res van die roman gaan wees. Daan besluit aan die einde van die hoofstuk om vir Magrieta 'n brief te skryf. Die res van die roman sluit dan ook baie briewe

[7] Alle verwysings na *Die Dao van Daan van der Walt* (2018) word slegs met bladsynommers aangedui.

na Magrieta in en vorm deel van Daan se manier om haar om vergifnis te vra vir die stand van hul huwelik.

Ná die inleidingshoofstuk volg die eerste amptelike deel van die roman wat voorafgegaan word deur ’n titelblad. Die titelblad sluit ook die gedig “An Upbraiding” deur Thomas Hardy in wat handel oor iemand wat eers ná ’n persoon se afsterwe oor hulle begaan is. Dit skakel in met Daan se skuldgevoel teenoor Magrieta in terme van hul huweliksverhouding. Ná die titelblad volg die woorde: Deel 1 DIE WEG VAN ’N MAN. Deel 1 word opgedeel in 22 hoofstukke, alhoewel daar ook ’n hoofstuk 3(a) is, en elke hoofstuk word opgevolg met ’n brief aan Magrieta. Nes die inleidingshoofstuk sluit deel 1 baie terugflitse na Suid-Afrika in soos wat Daan die geskiedskrywing van sy lewe doen tot en met sy vertigo-aanval in China.

Deel 2 word ook voorafgegaan deur ’n titelblad (DIE HISTORIA VAN DJ VAN DER WALT IN CHINA) wat ’n aanhaling van die Griekse dramaturg Euripides (Wat ons soek is ons nie beskore nie; wat ons die minste verwag, is deur die gode vir ons voorberei) en die verse van Deuteronomium 28:64-66 bevat. Ná die titelblad volg die woorde: DEEL 2 DIE MAN VAN DIE WEG. Waar deel 1 die onbepaalde lidwoord “’n” gebruik, word hier verwys na “die man”. Hierdie verskuiwing dui op ’n wegbeweeg van ’n onsekerheid oor identiteit. Die inverse van “Die weg van ’n man” na “Die man van die weg” dui ook ’n verskuiwing van fokus aan. In deel 1 is die fokus op die reis, terwyl deel 2 eerder die fokus plaas op die man, naamlik Daan wat sy ware identiteit begin omarm. Soos Du Plessis (2022:32) dit stel, impliseer deel 2 se titel dat die nuwe pad wat Daan in China ingeslaan het “’n totale breuk met sy vorige lewe is”. Verder sluit hierdie verskuiwing ook aan by die feit dat hierdie deel begin met ’n brief aan Magrieta waarin Daan erken hy het oor sekere gebeure en feite in sy historia gejok.

Struktureel bestaan deel 2 uit agt hoofstukke elk met ’n Chinese naam en Afrikaanse vertaling. Die agt hoofstukke is na aanleiding van die stel tai ji-bewegings genaamd die agt stukke brokaat, die *Bā Duàn Jīn* (283). Die feit dat Daan die hoofstukke Chinese titels gee, dui op ’n aanvaarding van die Chinese ruimte en sy diskoerse – wat aansluit by Daan se verruiming van sy perspektiewe. Byna al die hoofstukke word weer met ’n brief aan Magrieta afgesluit behalwe die derde een, maar ná die vierde hoofstuk is daar twee briewe aan haar. Die langste verloop van tyd is tussen die sesde en sewende hoofstuk, een maand, en tussen die sewende en agste waar daar ses maande verloop. Hierdie ses maande is die tyd wat Daan al terug is in Suid-Afrika ná sy reis na China.

In hierdie hoofstuk stel ek vervolgens ondersoek in na Daan se struweling met sy identiteit en sy uitleef van sy seksualiteit as deel van sy individuasie. Eerstens is die fokus op die wisselwerking tussen die ruimtes in die roman en Daan se integrasie van sy skaduwee. In terme van die Suid-Afrikaanse ruimte sal daar gewys word op hoe Daan in hierdie ruimte sy persoonlike skaduwee gevorm het in ’n poging om ’n gekonstrueerde manlike identiteit (persona) voor te hou. Hierdie persona straal ’n beeld van gelowige en intellektuele meerderwaardigheid uit wat Daan se manlikheid moet ondersteun om te kompenseer vir sy onderdrukte homoseksualiteit. Daar word ook aangetoon hoe Daan se skaduwee (wat sy komplekse insluit) uiting vind in projeksies en drome. Laastens sal ek wys op hoe ruimteverplasing Daan aan nuwe diskoerse blootstel wat sy

verwysingsraamwerk en sy identiteit verruim deurdat die nuwe inligting hom toelaat om dele van sy skaduwee, spesifiek sy seksualiteit, te integreer.

### 4.2 Die Suid-Afrikaanse ruimte se invloed op Daan se skaduwee

#### 4.2.1 Komplekse en projeksies

##### 4.2.1.1 Daan se minderwaardigheidskompleks in die plaas- en dorpsruimte

Daan word groot binne die ruimte van die Kalahari en sy familieplaas, Ystervarkfontein, waar hy later self boer. Dit is binne hierdie plaas- en dorpsruimte waar die mag van die Bybel as rigtingwyser uitgestippel word. Die Christelike geloof vorm deel van die heersende diskoers en bepaal wat jou gedrag as man behoort te wees, wat onder meer inhou dat jy heteroseksueel moet wees. God was vir Daan soos 'n "Big Brother" wat oor sy skouer loer. Daan sê: "Ek het saam met die Seun van God grootgeword" (213), hy was altyd daar, ook "snags op my knieë voor my bed as ek hom vertel hoe bang ek is vir die oordeelsdag wanneer ek en ander seuns soos ek soos lusernstoppels in 'n vuuroond sal brand" (214). Daan was dus as kind reeds bewus van sy homoseksualiteit, maar het dit onderdruk (deel van sy skaduwee gemaak) weens sosiale- en geloofsverwagtinge. Du Plessis (2022:28) meen dat Daan as lidmaat van die Gereformeerde kerk "volgens die aanvaarde standaarde van die samelewing" heteroseksueel moes optree.

'n Belangrike persoon in die dorpsruimte is Dominee Ferdinand, oftewel Flip. Flip en Daan het saam op Stellenbosch gestudeer en het tydens hul studentejare 'n enkele vryery gehad (72). Hierna het Flip vir ses jaar nie met Daan gepraat nie "asof hy sê: wyk, Satan" totdat Flip op die dorp as dominee aangestel is en vir Daan gesê het hy moet na hom verwys as die gesalfde van die Here (72-73). Die feit dat die Bybel op die dorpsruimte 'n groot rol speel, word deur Dominee bevestig wanneer hy sê die Bybel is "die onfeilbare Woord van God" en Daan spottend beaam: "Ons Doppers ken die onwrikbare standpunt oor die onfeilbaarheid van die Heilige Skrif" (128).[8] Daan se motivering om sy homoseksualiteit te onderdruk, word ook deur Dominee se gedrag bevestig. Dominee, wat ook blyk sy seksualiteit te ontken, ken nes Daan die Bybel se bewysstukke oor homoseksualiteit uit sy kop uit (129). Dit is veral die herhaling van Dominee se woorde "Jis, Daantjie'" (132) wat terugverwys na die nag se vryery saam met Daan (72), wat daarop dui dat hy ook sy homoseksualiteit onderdruk het om 'n heteropersona voor te hou.

'n Idee wat verband hou met veral die Christelike geloof is familieplig, byvoorbeeld om op die familieplaas te gaan boer. Daan sê hy "het die voorreg gehad om 'n bietjie geleerdheid bymekaar te skraap, maar [hy] moes [sy] beroep los om op Ystervarkfontein te gaan boer" (15). Dit gebeur aan die einde van Daan se eerste jaar as advokaat nadat sy pa dood is (29). Hierdie opoffering herinner aan Gen. 20:12: "Eer jou vader en jou moeder dat jou dae verleng mag word […]". 'n Gevoel van weersin teenoor familieplig vorm dan ook deel van Daan se skaduwee. Verder is dit ook deel van sy familieplig om kinders te kry sodat daar 'n nageslag is wat die boerdery kan oorneem. Gevolglik bevind Daan hom in sy huwelik met Magrieta, 'n vrou wat baie intelligent en

[8] Doppers verwys na lede van die Gereformeerde kerk.

geleerd is. In sy huwelik word Daan se minderwaardigheidsgevoel, wat hy reeds vanweë sy onderdrukte homoseksualiteit het, vererger deurdat Magrieta meer intelligent is. Dit hou ook verband met Daan wat sy advokaatsberoep moes prysgee om sy familieplig na te kom, anders as Magrieta wat haar intellektuele doelwitte nastreef, soos om haar nagraadse studies te voltooi.

Daan voel dikwels asof identiteite aan hom toegeken word. Hierdie identiteite verbind hy met sy naam (wat ook dui op sy herkoms). Daan meen Daniël Jacobus van der Walt is wie hy wou wees "in plaas van die man aan wie vele name toegedig is" (112). Hy was op laerskool "Daantjie", op hoërskool "Danie", op universiteit "Daan", as aanklaer "advokaat Van der Walt", en op die dorp "oom Daan". Later het die arbeiders en kinders op die plaas hom "Oupa" of "Klei'baas" genoem (112). In die "Nuwe Suid-Afrika" het hy "sommer *ou* Daan geword" (13, oorspronklike kursivering). Later kry hy ook 'n skeldnaam, naamlik "die Vark van Ystervarkfontein" (182) nadat hy aangekla word van moord ná 'n plaasaanval waar sy bure, Koos en Elsie, vermoor is en Daan teen die plaasaanvallers help veg het.

Ten spyte van al hierdie identiteite is dit die verwysing na hom as homoseksueel wat vir Daan die grootste probleem is, juis omdat dit in teenstelling is met die diskoers rakende geloof en manlikheid waarmee hy grootgeword het. Daan hoor allerhande skeldname vir gay mense (128) en sê dit is die ewige woord "wat nie deur mot en roes verteer word nie, net deur die mens verloën" (238). Hy verwys spesifiek na sy homoseksualiteit as "a name that dare not speak its name" (14). Hierdie frase is 'n woordspeling op "A Love that dare not speak its name" – die laaste reël van die gedig "Two Loves" deur Lord Alfred Douglas, geskryf in 1892. Oscar Wilde het daarna verwys in sy onsedelikheidsverhoor, en die frase word dikwels as eufemisme vir homoseksualiteit gebruik. Soos wat Oscar Wilde dit gebruik het, verwys dit ook na 'n groot liefde van 'n ouer man vir 'n jonger man. Volgens Du Plessis (2022:29) suggereer hierdie frase van Daan "dat dit vir hom 'n stryd was om daardie 'ewewig' te bewaar, deur sy homoseksualiteit te onderdruk" – anders gestel, dat dit moeilik was om sy heteropersona voor te hou.

Wanneer Daan na China reis, kry hy 'n nuwe naam "Da Ni Eu" wat Meester Yang, die tai ji-instrukteur, hom volgens die Chinese uitspraak noem (9). Hierdie naam is ook 'n geleentheid om 'n nuwe identiteit aan te neem, maar Daan sê: "My naam is Da-ni-el. Daniël Jacobus van der Walt. Eens die digter-dromer, volstruisteler en boerbokboer op die plaas Ystervarkfontein […] in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees Daniël Jacobus gedoop" (11-12). Hierdie stelling is egter grotendeels ironies bedoel omdat nie een van hierdie "identiteite" wat Daan aan sy name koppel ooit regtig hy was nie, dit was eerder identiteite wat hy móés wees – sy persona(s).

#### 4.2.1.2 Daan se gelowige en intellektuele persona

Omdat Daan innerlik struwel met sy manlikheid vanweë sy onderdrukte homoseksualiteit, oorbeklemtoon hy uiterlik sy manlikheid deur 'n sterk gelowige en intellektuele persona voor te hou. Hy is byvoorbeeld nie net 'n Calvinis nie maar 'n "stoere Calvinis" (268), en hy "soek vaste spyse in die geloof" (53). Daar kan ook weereens 'n verband met Flip se persona getrek word deurdat Flip, volgens Du Plessis (2022:30), "sy eie seksuele identiteit op die kerk se altaar geoffer

het". Dit blyk ook uit Mevrou Dominee se woorde ná Flip se afsterwe: "Die man het jou liefgehad, Daan, kon jy dit nie sien nie?" (355). Du Plessis (2022:30) meen Daan se deurgaans negatiewe verwysing na Flip se preke as "vuur-en-swawel-boodskappe" laat dit klink "asof Flip die ervaring met Daan [...] wil besweer" – met verwysing na hul vryery. Dit is verder opvallend dat Daan "in sy gesprekke [...] met Flip hoogdrawende 'kerktaal' gebruik" en Flip as "Dominee" aanspreek (Du Plessis, 2022:29). Daan het dus met sy persona afstand van Flip probeer bewerkstellig – dieselfde taktiek as wat Flip toepas met sy "vuur-en-swawel-boodskappe".

In terme van Daan se nakoming van familiplig hou hy ook 'n valse persona voor. Daan praat met groot trots van sy erfenis. Hy is onder meer "van Afrika, die vierde geslag Van der Walt wat op hierdie plaas boer. Die grond [...] is gedoop in [sy] en [sy] voorgeslagte se sweet" (149). Die waarheid is dat die "laaste 37 jaar op die plaas [...] soos die Israeliete se veertig jaar in die woestyn" vir Daan was (29) – dit was nie aangenaam nie. Die plaasruimte is egter deel van wie hy veronderstel is om te wees volgens die gemeenskap se verwagtinge van hom as man. Hierom hou Daan steeds sy persona voor wanneer Jan-Willem voorstel hy verkoop die plaas deur te sê hy sal eerder sterf as om sy "geboortereg [te] verkoop vir dertig potte boontjiesop" (149). Dis opmerklik hoe hy die stelling verbind met 'n Bybelverwysing. Dit dui op die groot mag van die Bybel in Daan se denkraamwerk.

Verder probeer Daan as gevolg van sy minderwaardigheidskompleks in terme van sy intellek terselfdertyd 'n intellektuele én nederige persona voorhou. Aan Magrieta sê hy: "Ek is net myself" wanneer sy "te geleerd raak" vir hom (11). Hy beskryf ook homself as "nie die deskundige op letterkundige gebied nie […] net 'n gewone leser" (109). Daan se vals persona van 'n nederige ingetoë boer blyk uit Flip se onthulling: "Op sy dag was oom Daan 'n advokaat. [...] Hy gee net voor hy weet min en verstaan niks. Op skool was sy bynaam Slim Daantjie. Hy lees nie die Bybel in Afrikaans nie. Nee, hy weet weer beter, hy lees die Vulgaat om sy Latyn te behou." Daan hou egter vol Flip se woorde is 'n "twyfelagtige pryslied" (29). Jan-Willem en Magrieta meen ook albei Daan maak asof hy "soveel van die letterkunde weet as 'n kat van saffraan" (257). Verder wys You Mei op Daan se hoogdrawendheid en sê: "Hou tog op met jou alewige Latynse aanhalings, Daan" (259-260). Daan skerm deur te meen You Mei "gaffel" hom "met die horings van die hemelbul" deur te sê net "aanstellerige mense peper hul taal met onverstaanbare aanhalings om belangrik te klink" (260). Hy sê: "Aanstellerig! Ek vra jou! 'n Nederige ingetoë man soos ek" (260).

### 4.2.2 Daan se projeksies

#### 4.2.2.1 Projeksie van geloof

Daan projekteer sy geloofstwyfel deur ander se geloof te veroordeel. Hy meen byvoorbeeld die "AGS is nes die wederdopers en deesdae se ander springmielie-godsdienste" (53). Wanneer Boerseun, 'n jong man wat Daan in Kaapstad ontmoet met die hoop op 'n seksuele verhouding, kritiek teenoor die kerk uitspreek wat gay mense hanteer asof hulle melaats is en wat hulle wil reg bid (112-113), meen Daan steeds die Afrikaanse Bybel "is die aangewese weg" (117). Hierdie stelling is ironies gegewe die feit dat Daan juis saam met Boerseun besig is om sy homoseksualiteit te ondersoek. Daan se optrede is op ander geleenthede ook nie geïntegreerd

nie. Hy gebruik byvoorbeeld die Bybel as verskoning om verhoudings aan te knoop ná Magrieta se dood, aangesien die Bybel sê dit is nie goed vir die mens om alleen te wees nie (56). Dis wel belangrik om daarop te let dat Daan deurentyd op ironiese, afstandelike wyse met die Bybel omgaan. Net so is hierdie ironiese gebruik van die Bybel as "verskoning" om 'n verhouding aan te knoop eintlik Daan wat dui op hoe die Bybel se tekste dikwels vir eie gewin of vir sekere doelstellings gebruik kan word wanneer dit buite konteks beskou word. Sulke ironiese verwysings na die Bybel vind al meer plaas soos Daan bewus word van hoe Bybeltekste rondom homoseksualiteit ook binne konteks beskou moet word.

Voordat Daan blootgestel word aan nuwe diskoerse rakende gaywees en hoe sekere Bybelverse geïnterpreteer kan word, voel hy hy het sy geloof as 't ware in die steek gelaat met sy homoseksualiteit. Hy projekteer hierom ook aanvanklik sy skuldgevoelens op Jan-Willem. Wanneer Jan-Willem ná sy studies sê hy wil nie meer predikant wees nie, vra Daan: "Jou gat afvee aan my en jou ma se gelofte aan die Here?" (158). Daan noem ook dat Jan-Willem nie in China is "om die evangelie te verkondig", soos hy en Magrieta "die Here beloof het nie" (17-18). Hierdie skuldgevoel het betrekking op sy en Magrieta se belofte om Jan-Willem "aan die Here [te] wy" (140), omdat hulle gesukkel het om kinders te kry. Daan voel dus dat hy God verskuldig is omdat hy sy geloof op twee wyses verraai, eerstens deurdat Jan-Willem nie sy "plig" doen deur sy graad in teologie te gebruik nie, en tweedens deurdat Daan eintlik gay is. Daan projekteer selfs sy homoseksualiteit op Jan-Willem en sê 'n pa "raak onrustig as sy seun so lank sloer" en in "dié sondige ou wêreld is 'n ouer maar bekommerd" oor of jou seun gay is (51). Daan is waarskynlik meer bekommerd dat hy sy homoseksualiteit aan Jan-Willem oorgedra het, veral omdat Jan-Willem meer in letterkunde, 'n "minder manlike" veld volgens sekere diskoerse, belangstel.

Daan projekteer ook sy idees rakende familieplig. Alhoewel Daan self weersin het in die feit dat hy sy familieplig moes nakom deur sy beroep op te offer en sy homoseksualiteit te onderdruk, verwag hy van Jan-Willem om sy familieplig na te kom. Jan-Willem sê hy het as kind "'n skuldlas gedra om [Daan se] wil te doen" (142) en "[v]an voor my geboorte af beheer jy my lewe". Jan-Willem sê ook vir Daan: "Jy het my versmoor soos jy Ma versmoor het" (142). Deel van Daan se wil wat Jan-Willem moet doen, is om vir Daan 'n kleinseun te gee – "'n seuntjie met 'n blonde koppie en sy oupa se liggrys oë. [Sy] klein Danie. Oupa se aapstert!" (51). Meer nog "sou die kleinding se portretjies hang langs die standerdvyf-foto van sy pa [...] of by die foto van die hoërskool se eersterugbyspan [...] die kaptein, breëbors tussen die ander bulletjies, gespierde Boerseuns" (51). Daan herhaal later "[k]lein Danie. Oupa se aapstert" (351). Die kind moet nes Daan wees, soos geïmpliseer deur die familienaam, maar die kind moet ook voldoen aan sekere manlikheidsideale, soos om rugby te speel en 'n sekere voorkoms te hê. Dit is dus iemand waarop Daan sy (manlikheids)ideale, maar eintlik die ideale van die gemeenskap, kan projekteer.

Daan projekteer ook sy weersin in familieplig op You Mei. Hy beskryf byvoorbeeld haar plig teenoor haar ouers, genaamd "filial piety" (240), as "stront" (241). Die feit dat Daan eintlik net 'n beeld voorgehou het deur sy familieplig na te kom en te gaan boer, kom verder na vore in die feit dat sy buurman, Koos, wat drie jaar ouer is, nog boer, terwyl Daan reeds afskaal en dit op sy ouderdom blameer (41). Daan gebruik ook Jan-Willem as verskoning deur te sê: "Vir wie sal ek boer met 'n seun wat nie sy voete op die plaas sit nie?" Daan se projeksie van familieplig kom

verder voor wanneer hy vir Jan-Willem sê: “Toe die erfgrond my geroep het, het ek kom boer. Ek het my plig kom doen” (41). Die feit dat Daan later bereid is om afstand te doen van sy plaas, wat grotendeels sy identiteit binne die samelewing bevestig het, getuig reeds van ’n denkskuif. Hy wil sy lewe anders begin lei in ’n nuwe ruimte (Kaapstad) en ook met ’n nuwe, egter identiteit.

#### 4.2.2.2 Projeksie van minderwaardigheidskompleks

Daan se minderwaardigheidsgevoel in terme van sy intelligensie/geleerdheid word geprojekteer deur kritiek op ander te lewer. Hy het byvoorbeeld vir Magrieta probeer oortuig “dat die Sestigers die leser verveem het met hul pogings om soos die Franse onverstaanbaar te klink” (69), en na Magrieta se vriende verwys hy as skrifgeleerde Sadduseërs na wie hy graag hap (80). Dit is sy “versamelnaam vir opgeblaasde papsakke [wat] lief [is] vir groot woorde en grootdoenerige argumentasies. Wysneuse” (215-216); “[b]eterweters wat ’n soort sosiale beheer probeer afdwing, soos Philip Roth dit stel: Jy is nie wat jy dink jy is nie, jy is wat óns dink jy is, jy is wat óns vir jou kies om te wees” (216). Die ironie is egter dat Daan hom laat voorskryf deur die diskoerse waarmee hy grootgeword het en wat dus vir hom gekies het wie hy moet wees.

Daan projekteer verder deur te sê Magrieta gebruik groot woorde soos “diskoers” (38) om belangrik of slim te klink. Hy gebruik egter self deftige woorde en oordrewe taal, bv. “Blaaskakerig” (82), “Geseënd is die man wat wandel in die gees van die wingerd” (83), asook sy verskeie Latynse aanhalings, soos “saeculum aureum” (16), “*Tota vita discendum est mori*” (37), “*Terra firma* is my *credo*”, “*Venit mors velociter*” (245). Een van die paragrawe in die eerste hoofstuk beeld dit ook goed uit: “Pleks dat ek, glas Kaapse Vonkel in die hand, na die ounooi toe opgevaar het met ’n strydwa en vurige perde, bevind ek my een nag [...] op die riffelrug van die Bokram uit die Weste” (26). Dis ook ironies dat Daan Magrieta se letterkundige kennis gebruik wanneer dit hom pas, byvoorbeeld om ’n goeie indruk op You Mei te maak (212). Meer nog beskryf hy Magrieta se argumente as: “soos ’n olifantbul, slurp in die lug, wat ’n kar vir ’n koei aansien [...] all buster and no strike”, terwyl hierdie woorde eintlik is hoe Flip vir Daan in geselskap beskryf het (91).

Daan se projeksie op Magrieta word ook verleng na Jan-Willem, byvoorbeeld wanneer hy uitvind Jan-Willem gaan Engels onderrig in China. Daan sê: “Soos jou ma, nè?” (149), en: “Jy’s nes jou ma. Die letterkunde drup” (319). Daan projekteer ook op Magrieta deur te sê dis sý wat Jan-Willem “so opgepiep het met al [haar] letterkunde” (103). Daan verwys met hierdie stelling ook na sy vrese dat Jan-Willem gay is, en hy projekteer die skuld daarvoor (indien dit waar is) dus ook op Magrieta. Daan projekteer eintlik ook sy idee dat sekere beroepe minderwaardig is, soos blyk uit sy afkeur in Jan-Willem se vriend, Wimpie, se beroep met sy sarkastiese woorde: “Jy vorder van advokaat in Suid-Afrika tot onderwyser in Maleisië” (148). Let ook daarop dat Daan aanvanklik ’n advokaat was. Hy verwoord dus eintlik sy eie “agteruitgang” omdat hy sy beroep as advokaat prysgegee het om te gaan boer – iets wat as ’n “minder intellektuele” beroep beskou kan word (kyk 4.2.1.1).

#### 4.2.2.3 Projeksie van skuld

Daan projekteer nie net die skuld vir Jan-Willem se beroepsverandering en sy moontlike homoseksualiteit op Magrieta nie, maar ook die toestand van hulle huweliksverhouding. Hy meen "toe sy nog geleef het, was die hede vir my alreeds menige dag byna ondraaglik" en "[d]ie skadu van die ounooi se hedelyn hang swaar oor my" (10). Hy probeer homself regverdig deur te sê: "Ek het hard probeer om 'n goeie man vir my vrou te wees [...] Ek moes. Ek is so grootgemaak" (16), ook "om nie lelik te wees met die skoner geslag nie" (91). Uit hierdie stellings blyk dit dat sy gedrag nie eg was nie, maar dat hy eerder probeer voldoen het aan die eise van die diskoers oor manlikheid, ook deur in 'n heteroseksuele huwelik met Magrieta te wees.

Daan en Magrieta se slegte verhouding is egter ook toe te skryf aan Daan se skuldgevoelens oor Andries se dood. Andries was sy en Magrieta se tweede seuntjie wat oorlede is nadat 'n perd hom afgegooi het. Magrieta het vir Daan gesê hy moenie vir Andries 'n perd koop nie, want iets kan skeefloop, maar Daan het tog besluit om dit te doen (352). Daan se optrede is hier ook gemotiveer deur sy minderwaardigheidskompleks, want deur nie Magrieta se raad te volg nie, wou hy bewys dat Magrieta nie slimmer is as hy nie. Sy hardkoppigheid het hom sy seun gekos. Ná Andries se dood het hy en Magrieta nooit meer oor liefde gepraat nie (176). Dit het in hul huis "stiller geword" en wat hulle vir mekaar moes sê, "wat [hy] moes probeer regmaak tussen [hulle], het soos 'n Afrikaneros op [sy] tong gelê" (81). Sy historia verwoord wat hy wou sê, en daarom wil hy hê sy "moet dit lees en weet op [sy] manier het [hy] probeer om vir [haar] 'n goeie man te wees" (358).

### 4.3 Manifestasie van Daan se skaduwee in drome en visioene

In die inleidingshoofstuk van die roman word daar verwys na 'n visioen waarin Daan sien hoe 'n hand teen 'n dooie miershoop skryf: "*Daan van der Walt, jou boggel en jou blom is Wellus"* (26, oorspronklike kursivering). Die visioen plaas die fokus daarop dat Daan se grootste stryd op sy individuasiereis sy struweling met sy seksualiteit is. Du Plessis (2022:29) meen die feit dat Daan sy "hiernieude seksdrif" in Dopperterme uitspel, belig sy skuldgevoel. Daan verwys ook ironiserend na wellus as "die ergste van die sewe Doppersondes" (26) en dui dus só daarop dat sy stryd dig verweef is met die Christelike geloof.

Behalwe vir die visioen kom Daan se skaduwee hoofsaaklik in drome na vore. Hy het vier belangrike drome. Die eerste is waar 'n klomp vroue hom treiter met Boerseun wat in sy slaapkamer se hoek staan en lag (57). Dit dui op Daan se onderdrukte homoseksualiteit. Die tweede is waar hy droom hy "loop op 'n grondpad en 'n bokram met een oog in die middel van sy voorkop storm op [hom] af". Daan slaan sy arms om die bok se nek "en soen hom op die wang". Hierna word hy wakker en is hy "so gelukkig soos in geen jare nie", want hy is klaar met skuldgevoelens en gaan vir homself 'n Viagravoorskrif kry wat hom sal help om sy homoseksualiteit te verken (92). Daar is dus die besluit om sy skaduwee te begin integreer. In die derde droom verskyn Sannie Coetsee, een van die vroue op die dorp, voor Daan se bed en sê: "Wat-herkou-jy-peule-soos-'n-os-tussen-die-swyne-Daantjie?" (184). Hy belowe haar hy sal opstaan en na sy vader gaan. Hierna slaap Daan vir die eerste keer in 'n lang tyd deur die nag.

Die droom dui daarop dat Daan besef hy kan nie in sirkels beweeg nie en moet vordering op sy individuasiereis maak.

Die laaste droom wat Daan in China het, is baie belangrik. In die droom gaan lê Kaspaas, die hond wat Daan op Ystervarkfontein gehad het, langs Daan se voete waar hy op die plaashuis se stoep sit. Kaspaas vra vir Daan: "Why do you quarrel with your son?" en: "Why do you keep on writing those stupid letters to your dead wife? [...] Admit you are the one who messed up your marriage, you silly homo. Apologize to her. Make peace with your son and his wife" (315). Daan is egter steeds in ontkenning en sê: "Thou hypocrite, Thou homophobe. [...] First cast out the beam out of thine own eye, before you sukkel with me, baby" (316). Die droom toon Daan se besef aan dat hy moet vrede maak met sy onderdrukte homoseksualiteit en hoe dit sy verhouding met Magrieta en Jan-Willem beïnvloed het.

### 4.4 Die rol van die Chinese ruimte in Daan se integrasie van sy skaduwee

#### 4.4.1 You Mei as verlenging van die Chinese ruimte in Suid-Afrika

Daan word met verloop van tyd aan nuwe idees blootgestel, spesifiek in terme van geloof. Hierdie blootstelling vind reeds in Suid-Afrika plaas wanneer hy sy bekende plaasruimte moet agterlaat vir die ruimte van Kaapstad. Sy besluit om te skuif volg nadat hy besef dis nie meer veilig op sy plaas nie. Dit gebeur egter ook nadat hy aan Dominee erken dat hy gay is (132) en gevolglik nie meer aan die nagmaal by die kerk mag deelneem nie en die ouetehuis op die dorp skynbaar ook nie vir hom plek het nie (174, 185). Daan vertrek hierom teen sy sin na die Spes Bona Retirement Village in Kaapstad "waar niemand [hom] ken nie" (189).

In Kaapstad ontmoet Daan vir You Mei wat beskou kan word as 'n verlenging van die Chinese ruimte waarin Daan hom later in die roman bevind. Die idees waaraan You Mei vir Daan blootstel, plaas sy (gekonstrueerde) identiteit in gedrang deurdat dit sy eie oortuigings en die diskoers waarmee hy grootgeword het, uitdaag. Aanvanklik wil Daan nie met You Mei assosieer nie en gebruik hy veral geloof as verskoning. Hy sê Paulus waarsku in die Bybel "om nie onder dieselfde juk met die goddelose te trek nie" en van "dié Bélialskind" bly hy weg (206). Selfs wanneer hy haar tog besoek, het hy vooroordele en sê "[d]ié vrou behoort aan 'n vreemde sekte" omdat sy Buddha-beelde het (211). Vanweë You Mei se agtergrond wat gedeeltelik aansluit by die diskoerse waarmee Daan grootgeword het – sy kan byvoorbeeld Afrikaans praat en haar man was 'n Afrikaner (205) – is Daan meer geneë om in haar geselskap te wees. Soos hy dit stel: "Ek begin belangstel; dié vrou is nie skaam om die woord *Afrikaner* te gebruik nie" (205).

Aangesien You Mei se raamwerk, veral wat geloof betref, van Daan s'n verskil, personifieer sy vir hom baie van die goed wat hy as duiwels of "verkeerd" beskou. Hy noem haar onder meer "'n Chinese suster van Pandora" (36) wat haar "onheile" op hom loslaat (204). Die idees waaraan sy Daan blootstel, is egter deurslaggewend in sy individuasieproses. Sy lig Daan byvoorbeeld in dat die Bybel Noag se verhaal en die Paradys-verhaal by Gilgamesj gesteel het (205). Sy vertel ook dat gay verhoudings in China deur sendelinge verban is (212); hulle "kultuur is deur julle sendelinge besoedel", want "[j]ulle het ons met skuldbesef besmet [...] wat die mens sy

lewensvreugde ontneem" (248). Die inligting wat You Mei deel, is nie net vir Daan 'n bedreiging in terme van sy idees rakende geloof nie, maar ook in terme van sy intellek omdat sy meer belese as hy is, nes Magrieta.

In teenstelling met Daan wat trots vind in sy familiegeskiedenis en sy identiteit as 'n Van der Walt (238) – ten minste as deel van sy persona – gebruik You Mei dit eerder om hom te brandmerk. Sy verwys na hom as "'n Van der Walt", as 'n sekere tipe (213). Sy kritiseer ook Daan se persona (kyk 4.2.1.2), insluitend sy ophemeling van eienskappe wat hy met manlikheid assosieer, soos kragtigheid/magtigheid. Op die Chinese lughawe meen Daan byvoorbeeld die "natives het nie geweet dat 'n Boer uit Afrika hulle ook die stryd gaan aansê nie" (253), en hy "weier om die trop te volg" (253) met "die vasberadenheid van 'n bittereinder" (254). You Mei noem Daan hier "die reïnkarnasie van Britse kolonialisme" (255), en dit herinner aan Magrieta wat Daan met Don Quixote vergelyk het (91). Soos vroeër genoem (kyk 4.2.2.3), is Daan se hardkoppigheid 'n uitvloeisel van sy minderwaardigheidskompleks.

### 4.4.2 Die Chinese ruimte en tai ji se invloed op Daan se skaduwee-integrasie

You Mei is nie die enigste persoon wat Daan aan nuwe diskoerse blootstel nie. By Die Tempel van Ewige Vrede ontmoet Daan vir Meester Yang wat hom tai ji leer. Daan moet tussen die monnike woon, en nes met You Mei is hy aanvanklik baie gekant teen die Chinese idees. Hy meen "'n Christenmens hoort nie tussen drekgode nie", dat Meester Yang hom toor, en dat dit duiwelskuns en satansaanbidding is (279). Hy gebruik weereens sy Christelike geloof as verskoning.

Deel van Daan se integrasie van sy skaduwee is om minder "manlik" te wees. Hy is deurgaans gemoeid met die idee van ontmanning. Vir hom is jy byvoorbeeld "nie meer 'n man" as "'n dokter met sy mes tussen jou bene inklim en jou skoonskraap, nie" (61). Daan se pa het ook die siening oorgedra dat Van der Walts "nie tjankbalies [is] nie", hulle is "kragdadige manne [...] [s]til en sterk" (12). By die tempel word Daan gekonfronteer met die idee dat hy te veel manlikheid het, of soos Meester Yang dit stel, hy het te veel yang (76). Daan is trots hierop en sê: "Ek kon dit vir hom gesê het" (76). Meester Yang meen Daan is "stiff and inflexible" (291); terwyl die krag van tai ji eerder in sagtheid lê, "[i]n ontwyking, nie in konfrontasie nie" (116, 291). Meester Yang se woorde kan ook metafories geïnterpreteer word om na Daan se onbuigbare denkraamwerk te verwys.

Manlikheid word verder vir Daan voorgestel deur hande. Dit sluit aan by die idee van die man as boer wat handearbeid verrig. Daan praat oor sy hande "wat 'n grensdraad voogstyf en lynreguit kon span" en Magrieta wat in die verlede gesê het hy het mooi sterk hande (116). Volgens Daan het hy nou in China "'n ou mens se hand wat 'n ou mens se lewensreis neerskryf" (188). Daan beskryf ook sy eerste ontmoeting met Meester Yang in terme van hande. Hy sê (266): "Vir my eerste ete in China [..] hou 'n gespierde man my hand vas en, soos 'n ma haar kind, voer hy my brokkies kos met stokkies wat reeds in sy mond was." Meester Yang groet hom ook nie "soos 'n man 'n ander man groet nie. Hy vat aan my hand soos 'n man aan 'n meisie se hand sal vat" (116). Daan voel verkleineerd in hierdie situasie. Meester Yang daag egter Daan se idees uit deur

hom te vra: "Do you think the size of your fists and muscles are important?", want volgens Meester Yang gaan dit oor jou qi, jou innerlike energie (188).

### 4.5 Daan se integrasie van sy skaduwee

Namate Daan deur nuwe diskoerse gekonfronteer word, begin hy sy identiteit bevraagteken en verruim, spesifiek rakende geloof. Hy verwys byvoorbeeld na homself as 'n "gevalle Dopper" (45) en meen: "Ek is nie meer gereformeerd nie, ek is transformeerd" (157). Verder begin hy sy twyfel in die Bybel verwoord, soos wanneer hy sê die Bybelverse wat gay mense tot dood veroordeel, is: "Hoe selektief [...] Hoe gereformeerd" (120). Daar is egter 'n lang periode waartydens Daan tussen uiterstes beweeg terwyl hy balans probeer vind. Hy is byvoorbeeld ná 'n slegte vlug "flussies 'n born-again Dopper" (247). In die krisisoomblik het hy teruggegryp na dit wat aan hom die bekendste is, alhoewel die uitspraak ook 'n ironiese ondertoon het.

'n Gesegde wat Daan gereeld ironies en spottend herhaal, is dat 'n man nie 'n klip is nie. Die frase word gewoonlik gebruik binne die konteks van heteroseksuele verhoudings waar ongetroude vroue nie veronderstel is om mans uit te lok nie. Daan gebruik dit telkens as verskoning, soos wanneer hy vir Boerseun wil kontak (206) en om 'n Viagravoorskrif te kry (35), so-ook as hy meen "'n hulp sal ons mansmense begeer tot ons dood toe" (60). Wanneer hy besluit om na iemand te vry, sê hy ook: "Jy is 'n man, nie 'n klip nie. Gedra jou soos 'n man" (53). Die omkering van die woorde maak die stelling baie treffend en dui ook op sy besluit om sy skaduwee te begin ondersoek – dit dui dus ook 'n interne ommekeer aan. Hierdie motief sluit aan by Daan se individuasie waar hy sy meer emosionele kant moet integreer. Daar is byvoorbeeld verskeie oomblikke waar hy huil (138, 157, 171, 184, 196, 289, 438), en soos wat hy ouer word, huil hy al hoe makliker (354), ten spyte daarvan dat sy pa hom grootgemaak het met die idee dat Van der Walts nie "tjankbalies" is nie (12).

Van die belangrikste tekens van Daan se integrasie van sy skaduwee sluit in wanneer hy aan Jan-Willem erken hy is gay en dat Magrieta dit swaar gehad het met hom (79). Daan erken ook dat Magrieta slimmer en meer geleerd as hy was (38). Nadat Daan in China uiteindelik sy homoseksualiteit as deel van sy identiteit kan integreer, kom hy ook tot die gevolgtrekking dat "[w]ie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit" (352). Daan se verruiming van sy geloofsraamwerk om sy homoseksualiteit in te sluit, kan ook gelees word in sy woorde: "By die boom in die middel van die tuin het ons verbygeloop. En dit was goed" (345). Daan maak hierdie uiting nadat hy 'n nag saam met 'n Chinese man genaamd Songtao deurbring en daar eintlik niks gebeur nie. Dit is opmerklik dat hy die stelling maak met verwysing na die Paradysverhaal en die sondeval. Dit getuig van sy geloofsraamwerk se verruiming en die feit dat hy nie meer sy homoseksualiteit as sonde beskou nie. Verder toon dit ook aan dat Daan tot die besef gekom het dat hy nie 'n (seksuele) verhouding met 'n man nodig het om sy homoseksualiteit te kan integreer óf om sy manlikheid te bevestig nie. Soos Daan dit stel, meen hy nou "dat 'n man 'n man kan wees al kastreer sy kerk en die samelewing hom" (347). Daan kan dus sy eie manlikheid skep wat nie met die diskoers van die samelewing óf kerk ooreen hoef te stem nie.

### 4.6 Opsomming

In hierdie hoofstuk is daar gewys op hoe die ruimtes in Suid-Afrika ’n bydrae gelewer het tot wat deel vorm van Daan se skaduwee. Daar is veral gefokus op die diskoers rondom manlikheid en hoe dit aansluit by die idees wat voorgehou is deur die kerk en Bybel binne die plattelandse ruimte van die Kalahari. Daar is ook aangetoon hoe Daan binne hierdie ruimte ’n minderwaardigheidskompleks en baie sterk gelowige en intellektuele persona ontwikkel het wat hy veral op Magrieta en Jan-Willem geprojekteer het. In die bespreking is daar gewys op hoe Daan reeds in Suid-Afrika aan nuwe diskoerse aangaande die Bybel en gaywees blootgestel is vanweë You Mei wat as verlenging van die Chinese ruimte opgetree het. Laastens is belangrike drome waarin Daan se individuasie uitgebeeld word, uitgelig, sowel as hoe daar integrasie van Daan se skaduwee in China plaasvind – veral in terme van die verruiming van sy geloofsraamwerk om sy homoseksualiteit in te sluit.

## Hoofstuk 5: Kort vergelyking van die twee romans

### 5.1 Inleiding

In hoofstuk 3 en 4 is daar aan die hand van die navorsingsvrae aangetoon hoe daar in die twee romans wisselwerking plaasvind tussen die ruimtes en die manifestasie en integrasie van die skaduwee. Daar is onder meer aangetoon hoe die Suid-Afrikaanse ruimte in beide *Lente in Beijing* en *Die Dao van Daan van der Walt* 'n beduidende rol speel by Gerhard en Daan se persoonlike skaduwee. In hierdie hoofstuk word daar vervolgens 'n kort vergelyking tussen die twee romans getref. Die ooreenkomste en verskille tussen die twee romans sal kortliks uitgelig word met 'n fokus op die bydrae van die Suid-Afrikaanse ruimte tot die vorming van Gerhard en Daan se skaduwee, spesifiek in terme van hul manlikheid, en hoe dit uiting vind in hul komplekse en projeksies. Verder word die invloed van die Chinese ruimte op albei se integrasie van hul skaduwee aangedui en hoe die mate van integrasie in die twee romans verskil, tesame met moontlike verduidelikings vir hierdie verskil.

### 5.2 Die rol van die Suid-Afrikaanse ruimte in die romans

In hoofstuk 3 het ek aangetoon dat dit in *Lente in Beijing* veral die Rural Development Trust se ruimte is wat 'n rol speel in hoekom Gerhard dele van sy manlikheid onderdruk. Die manlikheidsidees waarmee Gerhard binne sy huislike ruimte grootgeword het en na gestreef het, word by die Trust as negatief getipeer. Gerhard hou gevolglik 'n "minder manlike" persona voor, byvoorbeeld deur sy pa binne sy werksruimte te ontken. Daar is verder aangetoon hoe Gerhard se skaduwee grootliks bestaan uit 'n slagofferkompleks, alhoewel daar ook gepraat kan word van 'n minderwaardigheidskompleks, veral gegewe die feit dat hy as kind nie aan Hendrik of sy pa se standaard van manlikheid kon voldoen nie.

In *Die Dao van Daan van der Walt* speel die Suid-Afrikaanse ruimte ook 'n groot rol by dit wat deel vorm van Daan se skaduwee. In die ruimte van die Kalahari en die familieplaas, Ystervarkfontein, word manlikheid grootliks gekoppel aan wat in die Bybel verwoord word. Manlikheid word uitgebeeld as iemand wat sy familieplig nakom, wat 'n baie sterk Christelike geloof het, sowel as eerbaarheid, hardwerkendheid (spesifiek fisiese werk), en iemand wat die patriarg is. Aangesien hierdie beeld van manlikheid positief binne die gemeenskap beskou word, onderdruk Daan eienskappe wat nie aan die diskoers voldoen nie, hoofsaaklik sy homoseksualiteit. Hy ontwikkel ook 'n baie gelowige en intellektuele persona om te kompenseer vir die feit dat hy nie werklik aan die standaard van manlikheid voldoen nie. Die feit dat hy nie aan die diskoers voldoen nie, lei tot 'n minderwaardigheidskompleks wat vererger word deur sy huwelik met Magrieta. Sy is slimmer en meer geleerd as hy en laat hom gevolglik ook intellektueel minderwaardig voel.

### 5.3 Die skaduwee se manifestasie in die romans

In albei romans manifesteer die karakters se persoonlike skaduwee in projeksies wat as verdedigingsmeganisme optree om die skaduwee te beskerm. By Gerhard skakel die feit dat hy

nie verantwoordelikheid vir sy aksies wil neem nie direk met sy slagofferkompleks. Hy blameer byvoorbeeld die diskoers rondom manlikheid wanneer hy optree op 'n manier wat voldoen aan Bertha se negatiewe idees van mans, soos om losbandig op te tree. Verder projekteer Gerhard grootliks sy slagofferkompleks op die vroue by sy werk, maar veral op sy oeroumagrootjie in sy visioene, die “moeder van alle slagoffers”. Soos genoem verskaf Gerhard nie genoegsame verduideliking vir hoekom sy die moeder van alle slagoffers is nie, maar hierdie verwysing maak meer sin wanneer daar in ag geneem word dat sy eintlik 'n veruiterliking van sy eie onbewuste is en dit eerder die geval is dat hy homself as die grootste slagoffer beskou. In *Die Dao van Daan van der Walt* projekteer Daan sy manlikheidsideale en homoseksualiteit op Jan-Willem en sy gevoel van intellektuele minderwaardigheid op Magrieta. Dis veral deur Daan se gelowige en intellektuele persona wat hy probeer om sy skaduwee te beskerm deurdat hy 'n indruk van intellek en standvastige geloof probeer skep om sy manlikheid te bewys. Anders as Gerhard probeer Daan dus juis 'n meer manlike persona voorhou omdat manlikheid binne die plattelandse ruimte as positief gesien word.

### 5.4 Die wisselwerking tussen die skaduwee en die Chinese ruimte

In beide romans is daar 'n wisselwerking tussen die Chinese ruimte en die skaduwee. Gerhard het in China meer vryheid vir sy skaduwee om na vore te kom, soos onder meer te sien in die (seksuele) verhoudings wat hy met mans aanknoop en sy aggressie wanneer hy 'n vroulike prostituut slaan. Die verloop van sy individuasie word ook in China aangetoon aan die hand van sy oeroumagrootjie se veranderende voorkoms in sy visioene. Die visioen waar sy die wierook as vredesoffer na hom toe uitreik, stel byvoorbeeld 'n vredesoffer met homself en sy onderdrukte eienskappe voor. Gerhard het ook die belangrike droom waar Dirk hom vermaan om nie so 'n slagoffer van sy omstandighede te wees nie. Ten spyte van hierdie tonele is daar egter nie baie sprake van skaduweeintegrasie in China nie, maar wel van 'n konfrontasie met die skaduwee. Gerhard gee byvoorbeeld erkenning aan sy slagofferkompleks en onderdrukte manlikheid deur in te sien hoedat hy ander manipuleer het (Dirk) en soos sy pa-hulle optree (losbandigheid, aggressie), maar sy slagofferkompleks bestaan tot aan die einde van sy verblyf in China in projeksies. Dit vind veral plaas deur die verskuiwing van blaam na die (manlike) identiteit wat hy voel hom opgelê is. Dis slegs aan die einde van die roman waar verantwoordelikheid op Gerhard afgedwing word, deurdat hy na Lulu moet omsien, waar hy integrasie toon. Dit word dan ook aangedui met sy visioen waar sy oeroumagrootjie met haar nuwe voorkoms agterbly in China terwyl hy saam met Lulu na Amerika reis. Daar is dus ten minste 'n gedeeltelike integrasie van sy skaduwee deurdat die vermoë om verantwoordelikheid te neem in kontras staan met sy slagofferkompleks.

In *Die Dao van Daan van der Walt* moet Daan onwillig sy plaasruimte vir die ruimte van die Spes Bona Retirement Village in Kaapstad verruil. Hier tree You Mei as verlenging van die Chinese ruimte op. Sy help Daan reeds in Suid-Afrika om sy skaduwee te integreer deur hom bloot te stel aan nuwe diskoerse rakende geloof en homoseksualiteit. Die integrasie van Daan se skaduwee word in China verder gevoer met behulp van meester Yang en sy tai ji-idees rakende krag/manlikheid – veral dat Daan moet leer om minder manlik op te tree. Daan se geleentheid om in China 'n “minder manlike” persona voor te hou, maak dit vir hom moontlik om sy

onderdrukte eienskappe, spesifiek sy homoseksualiteit, te integreer. Dit word gesien in sy erkenning aan Jan-Willem dat hy gay is en sy skulderkenning teenoor Magrieta dat sy slimmer as hy was en dat hy grotendeels verantwoordelik was vir hul slegte verhouding. By Daan word die progressie van sy individuasie in sy drome uitgebeeld, in Suid-Afrika en in China. Verder kan Daan se integrasie van sy skaduwee spesifiek gesien word in sy verruiming van sy geloofraamwerk wat nou verbind is met sy idees aangaande manlikheid. Hy kom byvoorbeeld tot die gevolgtrekking dat hy 'n man kan wees al voldoen hy nie noodwendig aan 'n sekere diskoers nie, soos hy dit stel: "dat 'n man 'n man kan wees al kastreer sy kerk en die samelewing hom" (347).

### 5.5 Moontlike verklaring vir die verskillende mates van integrasie in die twee romans

Die tekort aan skaduweeintegrasie by Gerhard kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hy self die keuse gemaak het om na China te reis, terwyl Daan se verskuiwing na Kaapstad sowel as sy reis na China hoofsaaklik teen sy wil was – dit het dus met meer weerstand gepaard gegaan. Dit is hierom ook interessant dat die enigste werklike integrasie by Gerhard plaasvind nadat verantwoordelikheid op hom afgedwing word deurdat hy onwetend vir Lulu aanneem. Dit is dus moontlik 'n kombinasie van 'n nuwe ruimte (met nuwe idees/vryheid), maar ook die feit dat die nuwe ruimte ervaringe of inligting inhou wat die persoon *nie wil hê nie* wat lei tot skaduweeintegrasie. Gevolglik kan daar moontlik minder skaduweeintegrasie wees wanneer ruimteverplasing gewillig plaasvind. Verdere vergelyking met ander romans is egter nodig om dit te bevestig. Daar is wel ook vroeër genoem dat die latere dele van die individuasieproses volgens Jung eintlik die taak van die middeljare is (Jacobi, 1975:123) (kyk 2.3.2). Daan se ouderdom speel dus moontlik ook 'n rol. Hierdie idee sluit aan by Du Plessis (2022) se studie wat fokus op die idee van oudword en hoe dit verband hou met Daan se identiteitsreis.

# Hoofstuk 6: Slot

## 6.1 Inleiding

In hierdie studie was die doel om ondersoek in te stel na die wisselwerking tussen ruimte, manlikheid en die manifestasie van die skaduwee in *Lente in Beijing* en *Die Dao van Daan van der Walt*. In hoofstuk 1 is die agtergrondinligting vir die studie verskaf terwyl hoofstuk 2 belangrike begrippe uiteengesit het, naamlik ruimte, diskoers en identiteit, sowel as die teoretiese raamwerk. Hierdie raamwerk het grootliks bestaan uit Jungiaanse psigoanalitiese kritiek, sowel as teorie rondom gender, spesifiek aangaande manlikheid. Hoofstuk 2 is afgesluit deur ’n literatuuroorsig oor verbandhoudende navorsing. Met behulp van die raamwerk is daar in hoofstuk 3 en 4 ondersoek ingestel na die wisselwerking tussen ruimte, manlikheid en die skaduwee se manifestasie en integrasie in die onderskeie romans. Daar is gefokus op hoe die skaduwee in komplekse, projeksies en drome/visioene manifesteer by die hoofkarakters van die twee romans en hoe ruimteverplasing, spesifiek na die Chinese ruimte, bygedra het tot die integrasie van die skaduwee. In hierdie slothoofstuk word finale opmerkings gemaak, leemtes in die studie word uitgewys en moontlikhede vir verdere navorsing word voorgestel.

## 6.2 Algehele gevolgtrekkings

Op grond van die analises in hoofstuk 3, 4 en 5 kan daar opsommend gesê word dat daar in albei romans wisselwerking aanwesig is tussen die ruimte waarin die karakters hul bevind en die vorming van hul skaduwee, sowel as die persona wat dikwels in teenstelling met die skaduwee staan. Dit was veral die diskoerse rondom manlikheid wat binne die onderskeie ruimtes voorgehou is wat ’n rol gespeel het in wat Gerhard en Daan onderdruk het. Die bevindinge strook met die idee dat mans ’n sekere soort manlikheid (deur hul persona) ondersteun wanneer dit vir hulle voordele bied – soos Daan wat sy homoseksualiteit onderdruk en Gerhard wat sy aggressie en begeerte vir (seksuele) verhoudings met mans onderdruk om juis nié aan Bertha se idees rakende mans te voldoen nie. Die skaduwee het ook in beide romans uiting gevind in komplekse en projeksies, sowel as drome en visioene. Meer nog het ruimteverplasing, of in Daan se geval die kennismaking met iemand wat as verlenging van ’n ruimte optree, bygedra tot die individuasieposes deurdat die persoon hul skaduwee in die nuwe ruimte as gevolg van groter vryheid / nuwe idees kon konfronteer of integreer. Dit blyk wel dat ’n groter mate van weerstand tot die nuwe ruimte, en nuwe diskoerse, nodig is om integrasie te bewerkstellig.

## 6.3 Beperkings van die studie en moontlikhede vir verdere navorsing

In hierdie studie is die fokus grootliks op hoe die persoonlike skaduwee-argetipe uiting vind in komplekse, projeksie(s) en drome/visoene en hoe dit verband hou met diskoerse binne ruimtes. Weens die woordbeperking is daar slegs hierop gefokus alhoewel daar ook oor die anima- en animusargetipes geskryf kon word, sowel as die kollektiewe onbewuste. Om meer genuanseerde en konkrete gevolgtrekkings te bied, sal ’n vergelyking met ander (Suid-)Afrikaanse romans vrugbaar wees. Hierdie studie fokus verder spesifiek op manlikheid as deel van die skaduwee, maar dit sou interessant wees om te sien of diskoerse rondom vroulikheid binne verskillende

ruimtes dieselfde tipe onderdrukking van eienskappe, met ander woorde persoonlike skaduwee, tot gevolg sou hê. Verder is verskeie ander benaderings ook moontlik, onder meer om uit ’n postkoloniale hoek te werk, deur op seksuele migrasie te fokus en om die konsep van ruimte te verbreed om die transnasionale in te sluit. Sulke addisionele teorieë sal in ’n groter studie in ag geneem kan word.

## Bronnelys

Antonissen, R. 1979. *Verkenning en kritiek*. Kaapstad: Hollandsch Afrikaans Uitgevers Maatschappij (HAUM).

Apollis, T. 2020. *'n Analise van die moeder-dogter-verhouding in geselekteerde werke van swart Afrikaanse vrouedigters.* MA-verhandeling. Universiteit van Wes-Kaapland.

Aucamp, H. 2011. *Lendetaal: homoërotiek in die kunste en in die letterkunde.* Pretoria: Protea Boekhuis.

Barry, P. 2009. *Beginning theory: An introduction to literary and cultural theory*. Manchester: Manchester Universiteit.

Beebe, J. 2004. A clinical encounter with a cultural complex. In: Singer, T. & S.L. Kimbles (reds.). *The cultural complex: Contemporary Jungian perspectives on psyche and society.* New York: Brunner-Routledge. pp. 23-236.

Bezuidenhout, S-L. & D. Van Zyl. 2007. Tussen Pretoria en Parys: Landskap en identiteit as kernelemente in Dan Roodt se Moltrein. *Stilet* 19(2): 13-25. https://hdl.handle.net/10520/EJC109857.

Binnie, J. 2004. *The Globalization of Sexuality.* Londen: SAGE.

Bologna, R., F. Trede & N. Patton. 2020. Bourdieu and Jung: A Thought Partnership to Explore Personal, Social, and Collective Unconscious Influences on Professional Practices. *The Qualitative Report* 25(10): 3519-3552. DOI: https://doi.org/10.46743/2160-3715/2020.4184.

Borman, M.M. 1990. *Die alter ego in die romans van Etienne Leroux.* Doktorale proefskrif. Universiteit van Kaapstad. http://hdl.handle.net/11427/8367.

Botha, A. 2003. Verhaal boei, maar onverklaarbaarhede pla. *Volksblad*, 11 Augustus, p. 6.

Botha, E. 1982. Mite en mitologie in die werk van Etienne Leroux – aspekte van sy "mitiese metode". In: Malan, C. (red.). *Die oog van die son*. Pretoria: Academica.

Brink, A.P. 1989. *Vertelkunde: 'n inleiding tot die lees van verhalende tekste.* 2de uitgawe. Pretoria: Academica.

Brophy, M. 2006. Shadowing Afrikaner Nationalism: Jungian Archetypes, Incest, and the Uncanny in Marlene van Niekerk's *Triomf*. *JLS/TLW* 22(1/2): 96-112. DOI: https://doi.org/10.1080/02564710608530392.

Brown, R.M. & D.A. Bennett. 1976. Magnus Eisengrim: The Shadow of the Trickster in the

Novels of Robertson Davies. *Modern Fiction Studies* 22(3): 347-363.

Brüggemann, I. 2007. *Jungiaanse argetipes in die poësie van Ingrid Jonker, Sylvia Plath en Anne Sexton*. MA-verhandeling. Universiteit van Kaapstad. http://hdl.handle.net/11427/11767.

Burger, W. 2018. ’n Nuwe woordeskat vir koerslose Daan. *Netwerk24*, 21 Mei. https://www.netwerk24.com/Netwerk24/n-nuwe-woordeskat-vir-koerslose-daan-20180521.

Coetzee, A. 1990. *Letterkunde & krisis. ’n Honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikaner-nasionalisme.* Bramley: Taurus.

Coetzee, A. 2000. *’n Hele os vir ’n ou broodmes. Grond en die plaasnarratief sedert 1595.* Pretoria: Van Schaik; Kaapstad: Human & Rousseau.

Connell, R.W. 2001. Masculinities and men’s health. In: Baron, B. & H. Kotthoff (reds). *Gender in interaction: Perspectives on femininity and masculinity in ethnography and discourse.* Amsterdam: John Benjamin. pp. 139-152.

Connell, R.W. 2005. *Masculinities*. Cambridge: Polity.

Connell, R.W. & J.W. Messerschmidt. 2005. Hegemonic Masculinity: Rethinking the Concept. *Gender and Society* 19(6): 829-859. https://www.jstor.org/stable/27640853.

Conradie, K. 2018. Die estetiese ingesteldheid as psigoterapeutiese kwaliteit in ’n hoofsaaklik apatiese, gedigitaliseerde omgewing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 58(4-2): 976-991. DOI: https://doi.org/10.17159/2224-7912/2018/v58n4-2a7.

Conradie, P. 1996. *Geslagtelikheid in die Antjie Krog-teks.* Goodwood: Nasionale Handelsdrukkery.

Corey, G. 2005. *Theory and Practice of Counseling and Psychotherapy.* 7de uitgawe. Belmont: Brooks / Cole-Thompson Learning.

Crous, M.L. 1991. Karakterisering in Christine: ’n Jungiaanse Perspektief. *Literator* 12(3): 103-110. DOI: https://doi.org/10.4102/lit.v12i3.785.

Crous, M. 2003. Loots laat China oopgaan. *Die Burger*, 11 Augustus, p. 11.

Crowley, V. 1998. *Jungian spirituality*. Londen: Thorsons.

Cuddon, J.A. 2013. *A dictionary of literary terms and literary theory*. Sussex: Wiley-Blackwell.

Davidson, A.I. 1987. How to do the history of psychoanalysis: a reading of Freud's three essays on the theory of sexuality. *Critical Enquiry* 14: 252-277. DOI: https://doi.org/10.1086/448388.

Dawson, T. 2008. Literary criticism and analytical psychology. In: Young-Eisendrath, P. & T. Dawson (reds). *The Cambridge Companion to Jung.* Cambridge: Cambridge Universiteit. pp. 269-298.

Delahoyde, M. s.a. Psychoanalytic Criticism. *Michael Delahoyde Homeplanet.* https://public.wsu.edu/~delahoyd/psycho.crit.html.

De Villiers, H. 2007. *Aan Die Oorkant* (2004) deur Kasha Potgieter: Van duskant na oorkant. *Stilet* 14(1): 133-145. https://hdl.handle.net/10520/EJC109834.

Du Plessis, A. 2022. Daan van der Walt se rypwording op sy reis na selfkennis. *Stilet* 34(1): 25-39. https://hdl.handle.net/10520/ejc-stilet-v34-n1-a4.

Du Pisani, K. 2001. Puritanism transformed: Afrikaner masculinities in the Apartheid and Post-Apartheid period. In: Morrell, R. (red). *Changing Men in Southern Africa.* New York: Palgrave. pp. 157-175.

Du Pisani, K. 2002. Hegemoniese Afrikanermanlikheid en die "Ander" in die voorapartheidsfase: D.C. Boonzaier se Hoggenheimerkarikatuur. *Historia* 47(2): 583-600.

Du Pisani, K. 2004. 'Ek hou van 'n man wat sy man kan staan': puriteinse manlikheidsbeelde in die Afrikaanse kultuur tot 1935. *Suid Afrikaanse tydskrif vir kultuurgeskiedenis / South African journal of cultural history* 18(1): 80-93.

Du Plessis, L.G. [Buys, A.]. 2018. *Die Dao van Daan van der Walt.* Kaapstad: Tafelberg.

Encyclopedia.com. "Heteronormativity." *International Encyclopedia of the Social Sciences*, 30 November 2022. https://www.encyclopedia.com/social-sciences/applied-and-social-sciences-magazines/heteronormativity.

Erasmus-Alt, J. 2016. *Grensoorskreiding in alfabet van die Voëls deur S.J Naude en Sondag op 'n voëlplaas deur Johann Nell.* Doktorale Proefskrif. Universiteit van die Vrystaat. http://hdl.handle.net/11660/5281.

Erasmus-Alt, J. & H.P. Van Coller. 2017. Wording: die rol van die numineuse en mistiek in *Sondag op 'n voëlplaas* (2013) deur Johann Nell. *LitNet Akademies* 14(3): 305-338. https://www.litnet.co.za/wording-die-rol-van-die-numineuse-en-mistiek-sondag-op-n-voelplaas-2013-deur-johann-nell/.

Erasmus-Alt, J. & H.P. Van Coller. 2018. ‘Wie het die geheim verklap?’ – Seksuele identiteit in Johann Nell se plaasroman *Sondag op ’n voëlplaas* (2013). *Literator* 39(1): 1-9. DOI: https://doi.org/10.4102/lit.v39i1.1428.

Fanon, F. 1967. *Black skin, white masks*. New York: Grove.

Foucault, M. 1970. The order of discourse. In: Young, R. (red.). *Untying the text: A Post-Structuralist Reader* 1981. Boston, Londen & Henley: Routledge & Kegan Paul.

Foucault, M. 1980. Power/knowledge. In: Gordon, C. (red.) *Selected interviews and other writings 1972-1977*. New York: Pantheon. pp. 109-133.

Fourie, P. 2013. Wagneriaanse vergestaltings in Etienne Leroux se *18-44*. *LitNet Akademies* 10(2): 446-478. https://www.litnet.co.za/wagneriaanse-vergestaltings-in-etienne-leroux-se-18-44/.

Freud, S. 1920. *A general introduction to psycho-analysis: A course of twenty-eight lectures delivered at the University of Vienna*. New York: Boni en Liveright.

Frost, E. 1989. *Kodes van die homo-erotiek in die Afrikaanse poesie: ’n dialektiese lesing.* MA-verhandeling. Universiteit van Pretoria.

George, M. & R.S. Pressman. 1987. Confronting the Shadow: Psycho-Political Repression in Chesnutt’s: The Marrow of Tradition. *Phylon 48*(4): 287-298. DOI: https://doi.org/10.2307/274486.

Griessel, L. & M. Kotze. 2010. The Cultural Identity of White Afrikaner Women: A Post-Jungian Perspective. *Acta academica* 42(2): 63-87. http://hdl.handle.net/11660/2840.

Hall, S. & P. du Gay (reds.). 1996. *Questions of cultural identity.* Londen: SAGE.

Hall, S. 1996. ‘When was the post-colonial?’. In: Curti, L. & I. Chambers (reds.). *The Post-Colonial in Question*. Londen: Routledge.

Hambidge J. 2000. *Gender-konstruksies in die Afrikaanse letterkunde: ’n ondersoek in kultuurstudies, literêre teorie en kreatiewe skryfwerk*. Doktorale Proefskrif. Universiteit van Kaapstad. http://hdl.handle.net/11427/30180.

Herek, G.M. 2004. Beyond homophobia: Thinking about sexual prejudice and stigma in the twenty-first century. *Sexuality Research & Social Policy* 1(2): 6-24. DOI: https://doi.org/10.1525/srsp.2004.1.2.6.

Hill, G.S. 1992. *Masculine and feminine: the natural flow of opposites in the psyche.* Boston & Londen: Shambhala.

Hillman, J. 1988. *Anima: An Anatomy of a Personified Notion.* Dallas: Spring.

Holland, N.N. 1990. *Holland's Guide To Psychoanalytic Psychology and Literature-and-Psychology.* Oxford: Oxford University Press.

Hull, R.F.C. & C.G. Jung. 1989. *Essays on Contemporary Events: The Psychology of Nazism. With a New Forward by Andrew Samuels*. Princeton Universiteit. http://www.jstor.org/stable/j.ctt7zvfdx.

Jacobi, J. 1975. *The Psychology of C.G. Jung*. Londen: Routledge & Kegan Paul.

Johnson, R.A. 1993. *Owning your own shadow: Understanding the dark side of the psyche.* San Francisco: Harper.

Joubert, C.J. 2017. Die verhouding tussen ruimte en identiteit in Eben Venter se prosakuns: ballingskapliteratuur en die postkoloniale diskoers. Doktorale proefskrif. UNISA. http://hdl.handle.net/10500/22690.

Jung, C.G. 1973 [1972]. *Collected Works of C.G. Jung, Volume 7: (Part 1):* Two Essays on Analytical Psychology. (Vertaal deur R.F.C. Hull). Princeton: Princeton Universiteit.

Jung, C.G. 2014a. *Aion: Researches into the Phenomenology of the Self*. (Vertaal deur R.F.C. Hull). Londen: Routledge. DOI: https://doi.org/10.4324/9781315725543.

Jung, C.G. 2014b. *Two Essays on Analytical Psychology*. (Vertaal deur R.F.C. Hull). Londen: Routledge. DOI: https://doi.org/10.4324/9781315725895.

Jung, C.G. 2014c. *Collected Works of C.G. Jung, Volume 9 (Part 1): Archetypes and the Collective Unconscious*. *The Complete Digital Edition.* (Vertaal deur G. Adler & R.F.C. Hull) Princeton: Princeton Universiteit. https://press.princeton.edu/books/ebook/9781400851065/the-collected-works-of-cg-jung.

Jung, C.G., & F.C. Hull. 2022. *Psychological Types.* (Vertaal deur H.G. Baynes). Londen: Routledge. DOI: https://doi.org/10.4324/9781315725918.

Keyes, M.F. 1976. Art processing invoking awareness of the shadow archetype. *Art Psychotherapy* 3(2):77-80. DOI: https://doi.org/10.1016/0090-9092(76)90003-X.

Laclau, E. 1990. *New Reflections on the Revolution of Our Time.* Londen: Verso.

Lambrechts, L. & Visagie, J. 2009. De la Rey, De la Rey, sal jy die Boere kom lei? *LitNet Akademies* 6(2): 75-105 https://www.litnet.co.za/de-la-rey-de-la-rey-sal-jy-die-boere-kom-lei/.

Lambrechts, M. 2018. Die Dao van Daan van der Walt deur Lodewyk G du Plessis: ’n resensie. *LitNet.* 13 Jun. 2018. https://www.litnet.co.za/die-dao-van-daan-van-der-walt-deur-lodewyk-g-du-plessis-n-resensie/.

Leigh, D.J. 2015. Carl Jung’s Archetypal Psychology, Literature, and Ultimate Meaning. *Ultimate Reality and Meaning* 34(1-2): 95-112. DOI: https://doi.org/10.3138/uram.34.1-2.95.

Le Roux, M. & Y. Dreyer. 2013. Argeologie van homofobie: Boustene van mag. *HTS Teologiese Studies / Theological Studies* 69(1):1-8. DOI: http://dx.doi.org/10.4102/hts.v69i1.2042.

Loots. F. 2003. *Lente in Bejing*. Kaapstad: Tafelberg.

Manalansan IV, M.F. 2013. Queer intersections: Sexuality and gender in migration studies. In E.D. Hall (red.). *The Routledge Queer Studies Reader.* Londen en New York: Routledge.

Mandelker, A. 1990. The Woman with a Shadow: Fables of Demon and Psyche in “Anna Karenina”. *NOVEL: A Forum on Fiction* 24(1): 48-68. DOI: https://doi.org/10.2307/1345724.

Meyer, S. 2006. Reise in identiteit: aspekte van plek en hoort in verhale van Elsa Joubert en Riana Scheepers. *Literator* 27(2): 61-82. DOI: https://doi.org/10.4102/lit.v27i2.193.

Morrell, R. 1998. Of Boys and Men: Masculinity and Gender in Southern African Studies. *Journal of Southern African Studies* 24(4): 605-630. DOI: https://doi.org/10.1080/03057079808708593.

Oxford Reference. Psychoanalytic criticism. *Oxford Reference.* https://www.oxfordreference.com/view/10.1093/oi/authority.20110803100352643.

Pereira, P.N. 2010. *Om die verlede te bemeester: geheue en identiteit in die prosa van Dana Snyman*. MA-verhandeling. UNISA.

Reeser, T.W. 2010. *Masculinities in theory: An introduction*. West Sussex: Wiley-Blackwell. DOI: http://dx.doi.org/10.1002/9781444317312.

Redakteurs van Encyclopaedia Britannica. Psychoanalysis. *Encyclopaedia Britannica,* 28 Mei 2020. https://www.britannica.com/science/psychoanalysis.

Redakteurs van Encyclopaedia Britannica. “Gender identity”. *Encyclopaedia Britannica,* 31 Okt. 2022. https://www.britannica.com/topic/gender-identity.

Redakteurs van Encyclopaedia Britannica. “stereotype”. *Encyclopedia Britannica*, 17 Mrt. 2023. https://www.britannica.com/topic/stereotype-social.

Rhebergen, J. & T. Human. 2015. Darem meer as moffies? Stereotipering in die

Voorstelling van homoseksueles en homoseksualiteit in die Afrikaanse jeugliteratuur. *LitNet Akademies* 12(1): 34-67. https://www.litnet.co.za/darem-meer-as-moffies-stereotipering-in-die-voorstelling-van-homoseksueles/.

Rosamond, B. “hegemony”. *Encyclopedia Britannica*, 6 Mei 2020. https://www.britannica.com/topic/hegemony.

Sheer, V. 1982. Etienne Leroux's *Sewe Dae by die Silbersteins*: a reexamination in the light of its historical context. *Journal of Southern African Studies* 8(2): 173-186. DOI: https://doi.org/10.1080/03057078208708041.

Singer, T. & C. Kaplinsky. 2010. Cultural complexes in analysis. In: Stein, M. (red). *Jungian psychoanalysis: Working in the spirit of C. G. Jung*. Chicago: Open Court. pp. 22-37.

Synnott, A. 2009. *Re-thinking men: Heroes, villains and victims.* Surrey: Ashgate.

Taljaard-Gilson, G. 2022. Verset teen ’n fallosentriese wêreld: ’n psigokritiese interpretasie van P.P. Fourie se *’n Hart is so groot soos ’n vuis* as bildungsroman. *LitNet Akademies* 19(3): 274-315. https://www.litnet.co.za/verset-teen-n-fallosentriese-wereld-n-psigokritiese-interpretasie-van-p-p-fourie-se-n-hart-is-so-groot-soos-n-vuis-as-bildungsroman/.

Tyson, L. 1999. *Critical theory today.* New York & Londen: Garland.

Van Coller, H.P. 1980. *Etienne Leroux as siklusbouer.* Doktorale proefskrif. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit. http://hdl.handle.net/11660/9942.

Van Coller, H.P. 2003. Die gesprek tussen C.M. van den Heever se werk en enkele Suid-Afrikaanse romans. *Literator* 24(1): 49-68. https://hdl.handle.net/10520/EJC61722.

Van Coller, H.P. 2014. Sondag op ’n voëlplaas. *Tydskrif vir Letterkunde* 51(2): 183-185. DOI: https://doi.org/10.4314/tvl.v51i2.17.

Van Coller, H. & C. Van den Berg. 2009. Trauma, verlies en die semiotiese bewussyn in *Karolina Ferreira* en *Niggie* van Ingrid Winterbach. *Stilet* 21(2): 29-51. https://hdl.handle.net/10520/EJC109924.

Van der Merwe, J. 2012. *Destabilisering van heteronormatiwiteit ten opsigte van homoseksualiteit, vigs en dood in queer narratiewe.* MA-verhandeling. Noordwes-Universiteit. http://hdl.handle.net/10394/8180.

Van der Westhuizen, N.J. 1983. *’n Ondersoek na die vergestalting van die magie-element in enkele verse uit Nuwe Verse (N.P van Wyk Louw) en Blom en Baaierd (D.J. Opperman)*. MA-verhandeling. Universiteit van Kaapstad. http://hdl.handle.net/11427/22204.

Van Gorp, H., D. Delabastita en R. Ghesquiere. 2007. *Lexicon van literaire termen*. Groningen: Wolters-Noordhoff.

Van Heerden, J. 2013. *’n Psigoanalitiese perspektief op geselekteerde Afrikaanse dramatekste van Reza de Wet.* MA-verhandeling. Universiteit van Fort Hare.

Van Zyl, D. 2010. Identiteit en landskap in *Raka die roman* (Koos Kombuis) en *Asbesmiddag* (Etienne van Heerden). *Stilet* 21(1): 46-61. https://hdl.handle.net/10520/EJC109936.

Van Zyl, S. & H. Du Plooy. 2015. Lucky Marais: Die verpersoonliking van kameleontiese manlikheid. *Literator* 36(1): 1-14. DOI: https://doi.org/10.4102/lit.v36i1.1187.

Van Zyl, S. 2020. Die Dao van Daan van der Walt. *Tydskrif vir Letterkunde* 57(1): 157-158. DOI: https://doi.org/10.17159/2309-9070/tvl.v.57i1.6467.

Van Zyl, Z. 2019. Coming to terms with ‘being foreign’: Lente in Beijing (2003) and the re-experience of linguistic citizenship. *Stilet* 31(1&2): 389-393. https://hdl.handle.net/10520/ejc-stilet-v31-n1-a48.

Venter, L.S. 2013. RUIMTE (EPIEK). *Litterm*. https://www.litterm.co.za/index.php/r/208-ruimte-epiek.

Viljoen, L. 1998. Plek, landskap en die postkolonialisme in twee Afrikaanse romans. In: *Stilet* 10(1): 73-92*.* pp 1-14.

Viljoen, H. 2003. Francois Loots belig ander dimensie van die homoëtiek. *Beeld,* 22 September, p. 13.

Viljoen, H. 2004. Jock Silberstein, Boris Gudenov: die tycoons van Etienne Leroux se tweede siklus. *Stilet* 16(1): 68-87. DOI: https://journals.co.za/doi/abs/10.10520/EJC109761.

Visagie, A. 2003. Loots kan hom gou as ’n beangrike stem vestig. *Rapport*, 28 September, p. 17.

Visagie, A. 2008. ’n Seksuele krisis op die plaas: Helena Gunter se Op ’n plaas in Afrika. LitNet. https://www.litnet.co.za/n-seksuele-krisis-op-die-plaas-helena-gunter-se-op-n-plaas-in-af/.

Visagie, A.G. 2004. *Manlike subjektiwiteit in die Afrikaanse prosa vanaf 1980 tot 2000.* Doktorale proefskrif. Universiteit van Stellenbosch. http://hdl.handle.net/10019.1/3267.

Von Franz, M. 1995. *Shadow and evil in fairy tales.* (Hersiene weergawe). Boston: Shambhala.

Wessels, H. 1998. *Aspekte van die verhouding tussen primordialiteit en simbolisering met spesiale verwysing na werke van DJ Opperman en Etienne Leroux.* MA-verhandeling. Universiteit van Kaapstad. http://hdl.handle.net/11427/19640.

Wetherell, M., S. Taylor & S.J. Yates. 2001. *Discourse theory and practice: a reader*. Londen: SAGE.

Wright, E. 1984. *Psychoanalytic Criticism: Theory in Practice.* Londen: Metheuen.

Yandi, M. 2021. Shadow as Trigger Factor of Morality Change in Utopian Society in the Novel From the New World. *Prologue: Journal on Language and Literature* 6(2): 78-91. DOI: https://doi.org/10.36277/jurnalprologue.v6i2.55.

Zaborskis, M. Gender Studies: Foundations and Key Concepts. *JSTOR Daily,* 29 Nov. 2018. https://daily.jstor.org/reading-list-gender-studie.

# TUSSEN NYX EN NÊRENS

deur

Corine Raath

Roman voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes van die graad

**MA KREATIEWE SKRYFKUNS**

in die

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE**

**Studieleier: Dr. Jacomien van Niekerk**
**Medestudieleier: Prof. Willie Burger**

Maart 2023

## *Die aand*

*Nyx proe bloed. Haar tekkies klap oor die perskepitte op die grond. Skreeuende stemme agtervolg haar.*

*Alles is so donker. Die flitslig wat sy saamgebring het, lê nog by die graaf langs die oop stuk grond. Sy't gelukkig die foon met die foto's in haar broeksak. Al wens sy sy het dit nie gesien nie. Al wens sy hulle het haar nie daar gesien nie.*

*Haar voet haak aan 'n klip op die grond.*

*"Shit."*

*Die grond is koud en hard. Perskepitte druk in haar vel in. Haar lyf kneus.*

*"Kry haar!" brul een van die mans.*

*Nyx spring regop. Sodra sy weg van die oop stuk grond is, sal sy kan wegkom. Binne-in die bos sal dit makliker wees om hulle af te skud. Hoop sy.*

*Die stemme word harder.*

*Paniek laat haar keel toetrek. Dit voel of haar longe gaan platval.*

*Kom nou, Nyx. Jy kan nie nou opgee nie. Nie ná alles nie, smeek die stem in haar kop.*

*Die trane maak haar wêreld wasig. Haar hand vee vinnig oor haar oë. Die bos kom tussen slierte trane nader. Amper, amper, amper – klap haar tekkies op die grond.*

*Die bos is om haar. Nou moet haar bene net aanhou beweeg tot by die gat in die heining. Tien meter oor.*

*Agt.*

*Vyf.*

*Drie.*

*'n Arm skiet uit die skaduwees. Haar lyf word soos 'n sak aartappels tot teen die stene gegooi. Sy stry teen die arms wat haar vaspen.*

*"Los my!" probeer sy skreeu, maar die klank word gesmoor deur die groot growwe hand wat oor haar mond druk. Sy proe sy sweet. Grond. Nog bloed. Haar eie?*

*Die swermende stemme word oorverdowend.*

*Nyx probeer weer losruk, maar 'n vuis tref haar teen die kant van haar kop. 'n Geweerskoot word afgevuur terwyl haar wêreld in duisternis kantel.*

## Hoofstuk 1: Gee die duiwel wat hom toekom

Weet jy hoe dit voel om die duiwel in die gesig te staar? Die twee oë ’n paar gloeiende kole wat jou vaspen, die laaste bietjie hoop uit jou uitbrand.

Nyx hoef nie eers op te kyk om die oë te sien nie. Dit voel vir haar asof die blik regdeur haar regterwang vreet. Sy kiés om dit te ignoreer.

’n Blitsige beweging aan haar regterkant dwing haar om haar kop kant toe te swaai. ’n Hand beweeg rats langs haar oor verby. Sy voel die pluk. ’n Plofgeluid skiet by haar oor uit en dan verlep haar oorfoon soos ’n blom oor haar skouer.

“Sal jy daardie dónnerse musiek afsit! Ek praat met jou.”

Nyx onderdruk met moeite ’n sug. “Bleddie onnodig gewees,” murmer sy.

“Wat was dit?”

“Niks.” Nyx vou haar arms en draai haar kop na die motorvenster sodat sy ongesiens haar oë kan rol.

“Luister jy nou?”

“Ja, Ma.” Of, soos Nyx op die oomblik na haar verwys, Satan self.

“Het jy enigiets gehoor wat ek sopas gesê het?”

Ah, Magrieta die “magtige magistraat” is aan die woord. Altyd die een na wie almal moet luister, nè?

Nyx wil-wil glimlag. Sy kan nooit verstaan hoekom mense só na haar ma verwys nie. Die vrou kan dan nie eers orde in haar eie dogter se lewe skep nie, maar sy word betaal om dit vir ander mense te doen. En elke keer wat Nyx iets verkeerd doen – wat meer gereeld is as die kere wat sy nié iets verkeerd doen nie – pleit sy tog te graag guilty as charged. Daar is in elk geval nooit enige gevolge nie.

Wás nog nooit enige gevolge nie.

Nyx probeer konsentreer op die paar woorde van die gesprek wat sy wel gehoor het. “Blah blah blah, beste voetjie voor, geen gevloek, geen terugpraat, geen slimpraatjies – ek het al hierdie speech gehoor. Basically enigiets wat sal beteken dat Ma se goeie naam skade ly.”

Nyx kantel haar kop na haar ma. “Happy?” vra sy met ’n stywelip glimlag.

Magrieta druk haar rug terug teen die sitplek. Nyx sit sommer self regopper. Sy laat haar nie intimideer nie.

Die wit van Magrieta se kneukels slaan deur haar vel. Haar vingers begin oop-en-toevou oor die stuurwiel asof sy ’n vreemde soort cpr toepas.

Haal asem, liewe Magrieta, netnou gee jy jouself ’n aneurisme.

"Jy het vergeet van geen houding," ontplof die woorde soos 'n reeks koeëls uit Magrieta se mond. Ongelukkig vir haar penetreer dit nie Nyx se dik vel opgebou deur jare se ervaring van haar ma se uitbarstings nie.

"Hoe kon ek?" Nyx grinnik. "Dit was dan voorwaarde nommer een as ek reg onthou?"

"Weet jy, Nyx, jy kan dalk só met my praat, maar jou ouma gaan nie sulke gedrag waardeer as ons eers daar is nie." Nog 'n sarsie koeëls, maar dis steeds onsuksesvol. Al wat haar ma regkry, is om 'n paar spoegdruppels tot op die stuurwiel te skiet. Siesa.

"Hmm. Interessant dat Ma dit sou sê. Dis amper soos wat iemand dit nie sal waardeer wanneer hulle vir langer as 'n maand gedump word op 'n plaas in die middel van nêrens nie. Saam met hulle ouma wat hulle nog nooit ontmoet het nie. Nice touch daai een. Baie oorspronklik."

Magrieta bly stil. Nyx kan sweer haar ma vibreer. Die smeulende woede rol soos magma in golwe van haar af.

Haar ma moet pasop. Sy overheat. Daai stuurwiel gaan nou-nou onder haar hande begin smelt.

Nyx verplaas haar blik na die pad wat voor hulle kronkel. *Not my circus, not my monkeys, just my mother* – wat alles in 'n sirkus verander.

Sy kan voel hoe haar ma se oë nog vuur na haar kant toe spoeg. Magrieta kan gerus eerder die een wees wat op die pad fokus.

Nyx druk haar oorfoon terug – dié gesprek is nou klaar. Ten minste volgens haar.

Haar vinger soek na 'n liedjie op haar skerm. 'n Lekker harde een. Sy draai die volume op volsterkte en verbeel haar sy is terug in haar kamer en lê op haar bed.

*I'm not coming home, save your breath, I'm already bored to death and fading,* sing Blink-182.

Die musiek spoel oor haar en doof haar ma se neulende stem uit wat intussen weer begin rammel het oor haar onbeskofte gedrag. Dis mos nou beter.

Stringe bossies flits verby die motorvenster. Nyx volg die plante met haar oë en kyk hoe daar elke nou en dan 'n boom soos 'n telefoonpaal uit die grond skiet. Stelselmatig word die bome al meer totdat dit in 'n linie tot teenaan die pad staan.

Hulle ry deur 'n digte bos en die skaduwee val koel oor haar gesig. Die pad is sleg. Tot dusver het hulle meestal teerpad gery, maar nou is dit 'n ou knobbelrige klippad. Die Mercedes sukkel oor die ongelyke padoppervlak. Dit voel vir Nyx asof haar brein verpulp soos dit in haar skedel rondgeslinger word.

Dis erg genoeg dat sy vir maande van die samelewing afgesny gaan wees, sy wil dit darem nog lewendig anderkant uitmaak. Sestien is nie die ouderdom waarop sy wil groet nie, óf aan breinskade wil ly nie.

Sy moet eintlik reeds haar kop laat lees. Vir ’n MRI gaan. Hoe kon sy so flippen stupid wees om in te stem om te kom? As sy net harder teruggeveg het. Kyk nou. Nou’s dit te laat.

Noudat sy daaraan dink, is dit eintlik die skool se skuld ook. Sonder daai hele kakspul sou sy nie so lank kon wegbly van die huis nie. Maar wat haar die meeste afpiss van die hele situasie is haar ma wat sommer net so opgegee het sonder ’n fight. Dis asof sy wóú hê hulle moet haar skors.

’n Verblindende lig stroom by die motorvenster in. Nyx skerm met haar hand. Deur geskreefde oë sien sy hulle ry deur ’n gedeelte waar die bos na die hemele oopskeur. Sy merk nou eers op dat hulle teen die hange van ’n vallei ry. Onder in die skeur blink water waar ’n rivier stadig deur die gleuf kronkel totdat dit om die volgende berg krul en in die horison wegseil.

Dis nogal amazing, erken sy teësinnig. Instagram-worthy.

Sy neem vinnig ’n foto en bêre dan haar foon en oorfone in haar Freedom of Movement-rugsak sodat sy die omgewing met meer aandag kan bekyk. Dit gaan mos nou vir ’n ruk haar huis wees. Sy sal by haar omgewing moet begin aanpas as sy wil oorleef.

Nyx loer af na die leersak. Sy moes dit eintlik by die huis gelos het. Dit was een van Magrieta se omkooppresente in ruil vir beter gedrag. Pfft, yeah right, Magrieta. Nou gaan dit net nóg ’n herinnering wees aan alles wat sy vir eers moet agterlaat: die stadsliggies, haar kamer, teerpaaie. Haar sanity.

Nyx sug. Dis om van te huil. Al daai meisies wat sê die lewe begin waar die teerpad eindig, praat snert. Hulle sê dit net om ’n ryk boer in te katrol. Sy soek nie ’n bleddie boer nie, sy soek haar bed.

“Die plek lyk nog presies dieselfde,” prewel Magrieta. Sy sit so ver vooroor dat die punt van haar neus amper aan die stuurwiel raak in ’n poging om nie die Mercedes van die smal pad tot in die bosse of by ’n krans af te stuur nie.

Nyx se kop ruk op. “Wás Ma dan al hier?” Dis die eerste wat sy hiervan hoor. Hoekom sou haar ma niks sê nie?

Dit lyk asof Magrieta op ’n ander stasie is, haar oë al soekend op die pad. “Ja, maar dit was baie lank terug.”

Nyx hou haar ma uit die hoek van haar oog af dop. Wie is hierdie mysterious Magrieta en wat het sy met haar ma gedoen?

Haar ma se aandag bly stip voor haar. Sy laat die motor stadig aansluip, bang om die maag van die motor teen die klipperigheid te skuur.

Nyx laat haar hand oor die sagte leersitplek gly. Sy gaan na dit ook verlang. “Hoe ver is dit nog?”

“Nog so paar kilometer. Ons moet net afry tot nader aan die rivier. En dan verder verby daardie groot boom,” beduie Magrieta na onder.

Nyx sien die stam wat bo die ander uittroon. Daar is iets vreemds aan die boom, iets magies. Dit lyk amper soos een of ander toring. ’n Lighuis wat jou die pad moet wys. Of jou moet waarsku teen gevaar?

Die boom se stam groei al groter terwyl die motor nader ry. Nyx is vasgenael.

Hulle ruk tot stilstand. Nyx gryp die sitplek met klouhande vas. Haar voet briek outomaties saam.

“Gaan maak gou die hek oop.”

Nyx kyk op na die hek wat links by ’n klein afdraai staan. Sy het verwag om ’n gewone plaashek te sien, maar in plaas daarvan is daar groot staalhekke wat majestueus tussen twee bome geanker is.

Traag stoot sy die motordeur oop. Haar bene voel lam ná die lang gesit. Met ’n paar wankelrige treë soos dié van ’n pasgebore kalfie loop sy oor die dik laag blare wat die bosvloer vorm. Dit knars onder haar voetsole en eggo in die bos weg.

Die skadu val weer koel op haar vel, en ’n rilling trek deur haar lyf wanneer sy met haar vingers oor die staalhek voel. Op die hek is daar patrone wat ingewikkeld in en oor mekaar krul. Dit lyk na twee slange wat inmekaar geweef is. By die groot slot in die middel van die hek kom haar vingerpunte tot rus.

“Dis gesluit!”

“Kyk onder die groot klip aan die regterkant,” roep haar ma terug.

Nyx buk af en steek haar hand onder die klip in. Tussen klam stukke mos vou haar vingers om die sleutel. Sy trek dit uit en sien dieselfde patroon oor die sleutel loop as op die groot hek. Die sleutel druk geruisloos in plek. Sy draai dit totdat sy ’n klikgeluid hoor.

In watter wêreld is sy?

Nyx stoot die hek oop. Dit voel asof sy by ’n nuwe dimensie instap, oor ’n onsigbare drempel tree.

Magrieta draai met die motor op die smal sypad en ry versigtig deur die opening sodat een van die staalhekke nie die motorspieëltjies kap nie. Dié plek is nie gemaak vir moderne

motors nie. Die mercedes voel uit plek uit tussen die plante, soos wanneer jy ’n vloekwoord in die kerk sê.

Haar ma beduie dat sy moet toesluit en inklim.

Nyx gaan sit weer en maak die sitplekgordel vas, net vir ingeval. Dalk bespring iets hulle uit die bos. Sy weet nie. ’n Bok of … of so iets. Haar kennis van diere is miskien beperk, maar sy is seker daar kruip goed weg tussen die plante. Sy kan dit aanvoel, al kan sy hulle nie sien nie.

Deur die voorruit van die motor kom die klein houthekkie al nader soos hulle die laaste 100 meter van die pad hobbel. Magrieta stop en skakel die motor af.

Nyx bestudeer die hekkie wat bestaan uit ’n klomp planke wat gerond is aan die bokant. Om die deurkosyn vorm bakstene ’n raam en aan weerskante van die hek sprei ’n muur uit. Sy volg die muur met haar oë tot waar dit lateraan in ’n sekelvorm in die bos invou.

Dalk is die hele erf met so ’n sirkel ommuur?

Die muurstene lyk grof. Daar is van ’n versameling soorte klip gebruik gemaak. Nyx kry net gedeeltes van die verskillende groottes en kleure klip, steen en baksteen te sien tussendeur die rankplante wat oor die mure klouter. Die plante lyk soos lang vingers wat uit die grond beur en dan al langs die stene opkruip om bo-oor die rand vas te klou.

Sy kan nie help om te wonder of ’n mens daar kan oorklim as jy moet vlug nie.

Haar kop draai terug na haar ma. “Is dit nou dit?”

“Ja, kom.” Magrieta is al halfpad uit die motor. Nyx hoor hoe haar ma begin om die bagasie uit die kattebak te laai. Sy sal seker moet gaan help voordat sy nog ’n preek kry.

Nyx gaan staan langs haar ma by die oop kattebak, maar sy kyk weer in die muur se rigting. Die hoë gezoem van muggies hang om haar. Haar hand waai verwoed voor haar gesig sodat die klein irritasies sal padgee. Van hier af is haar uitsig baie beter as in die motor. Agter die muur speel ’n huis wegkruipertjie tussen die bome. Sy gewels loer oor die muur. Van waar sy staan, lyk dit soos ’n grasdak. Die klein stukkie huismuur wat ook sigbaar is, is wit geverf. En langs die gebou skiet ’n weerligafleier die lug in.

Haar oë soek rond vir nog geboue, maar sy sien net verskillende soorte boomstamme.

’n Hadida skreeu hard. Die voël sprei sy gryserige vlerke en styg van die huis se grasdak af op. ’n Laaste kreet los agter hom op voordat hy finaal verdwyn.

Nyx ril. Wat was dit wat daai vrou in die fliek *Wolwedans in die Skemer* gesê het? As ’n hadida oor ’n huis se dak vlieg, wéét jy dat iemand gaan sterf.

“Julle is vroeg.”

Nyx en Magrieta spring tegelykertyd om, twee verskrikte kolhase. Nyx het definitief nie die tuinhekkie hoor oopgaan nie.

“Ek neem aan julle kon die plek maklik kry?” Die vrou wat voor hulle staan se stem is diep. Dit klink asof die woorde van ver af na hulle aangedryf kom en dan wegsink in die bosgeluide.

“Natuurlik, Hera, ek onthou alles,” antwoord Magrieta kil.

Hera? Is dit nie ’n Griekse godin nie?

Die vrou gooi haar twee lang grys vlegsels oor haar skouers en steek ’n maer hand na Nyx uit. “Aangename kennis, Nyx. Hera, maar dit het jy tog gehoor.”

Nyx staar na die hand. Die reuk van sitrus en kaneel sweef in die lug.

“Jou ouma? Dit sou jy natuurlik weet indien Magrieta haarself nie so van die familie afgesny het nie.” ’n Speelse glimlag flits oor Hera se gesig.

Nyx sluk. “Natuurlik,” stotter sy haar eerste woord aan die nuutgevonde familielid. Haar ouma se hand voel warm in hare. Hera se dun vingers hou haar hand ’n sekonde te lank gevange.

“Jy mag maar Magrieta se voorbeeld volg en my op my naam noem. Ons glo nie in formaliteite nie. Dinge werk ’n bietjie anders hier rond.”

Dit kan jy weer sê.

Hera begin sommer self om die tasse verder uit die motor te laai. Nyx verkyk haar aan die spiere wat saamtrek in Hera se arms terwyl sy ’n koffer uitlig. ’n Stukkie tatoe steek met die uittelbeweging onder haar groen katoenrok uit. Dit seil oor haar rug. Dis baie soos die patroon op die hek.

Hera tel die laaste bagasie uit. Die tasse staan op die grond met die drie ongemaklik daarom. Hulle gaan nou enige oomblik iets daaruit optower of dit as offerande vir ’n brandstapel gebruik.

“Jy’s welkom om ook eers in te kom, Magrieta,” bied Hera aan. “Dit is mos wat die mense jou deesdae noem?”

Deesdae? Waarvan praat hulle?

“Dankie, maar ek wil net vir Nyx groet, en dan is ek weer op pad. Ek moet nog al die pad terug huis toe. Daar gaan verkeer wees op die snelweg.”

“Goed, as dit is wat jy wil doen. Ons sal mooi na haar kyk terwyl jy weg is.” Hera se groen oë glinster gevaarlik.

Iets word deur die twee ouer vroue gekommunikeer. Wat was daardie kyk wat hulle nou gedeel het?

Nyx voel hoe haar armhare orent skiet. Sy probeer dit met haar hande platvryf.

“Dankie.” Magrieta kyk grond toe. Nyx kan nie besluit of dit uit ongemak of ongeskiktheid is nie.

“Oraait, wel, dan is dit seker nou tot siens.” Magrieta gooi haar arms onhandig om Nyx se skouers.

“Oukei, Ma. Dis net ’n klompie weke. Niemand gaan dood nie.” Nyx wikkel haar los uit haar ma se arms. Drukkies is só nie hulle ding nie.

“Ja, dis waar.” Magrieta stap na die motor. “Onthou wat ek gesê het!” roep sy terwyl haar kop by die motordeur verdwyn. Die deur klap agter haar toe.

Saam staan en kyk Hera en Nyx hoe die motor stadig oor die knobbelrige pad verdwyn.

As dit nie vir die slegte pad was nie, het haar ma nou seker teen volspoed weggejaag. Waarvan vlug sy?

“Sal ons ingaan?” Dit voel asof Hera se diep stem tot in Nyx se geraamte vibreer.

“Nou of nooit, I guess.”

’n Swart veer dryf in die lug en kom op Nyx se voorkop te lande. Sy vee dit vies weg sodat dit al swewend tot op die bosvloer val.

## Hoofstuk 2: As een deur toegaan

Hera druk met ’n bruingebrande voorarm teen die tuinhekkie. Dit sug met ’n sagte steungeluid oop. Klimopplante rank teen die kante van die hek af, en klein sampioene skiet oral langs die tuinpaadjie op.

“Welkom op Paradys.”

Nyx skuifel ongemaklik by Hera verby om beter te kan sien. Sy kry weer die gevoel dat sy op heilige grond loop. Enige oomblik gaan sy seker ’n brandende bos sien, en dan sal sy ook met kaalvoete moet verder. Die nuwe Moses. Hopelik sonder ’n baard.

“Paradys sê jy?” Nyx snork. “Dit wil ek nog sien.”

“Dis bloot die naam. Of jy dit as ’n paradys gaan beleef, hang van jou af. As jy glo dit gaan sleg wees, gaan dit sleg wees.”

Hera klink soos ’n selfhelpboekie. *Hier is 10 stappe tot ware geluk.* Stap 1: Moenie na die familieplaas toe gaan nie.

“Laat ek raai: Jy gaan my ook vertel om nie die vrug aan die boom in die middel van die tuin te eet nie? As ek hier was vir lewenslessies, kon ek by die huis gebly het.”

“Darem nie. Jy kan pluk wat jy wil, maar kom vra as jy onseker is. Van die plante is giftig en ander …” Hera vryf ’n blaar tussen haar vingers en gee ’n diep snuif. “Ander het alternatiewe gebruike.”

Nyx ruik rose. Die vrou is beslis op iets. “Ek dink ek sal hou by die kos op my bord, baie dankie.”

Miskien is Hera ’n dwelmsmous. Dit sal haar verblyf hier aansienlik interessanter maak.

Hulle begin stap, en dis net plante. Oral. Witstinkhout- en geelhoutbome, koorsbome wat vleg na bo – die stamme byna lemmetjiegroen. Nie dat Nyx enige van die bome se name ken nie. Vir haar is ’n boom ’n boom. Dit het wortels, ’n stam en blare. Wat meer wil jy weet?

Klusters geel pompomagtige blommetjies sit aan die punte van die koorsbome se takke. Die heuningrige reuk oorval Nyx. Haar neusvleuels kriewel. Tussen die blomme sit geelvinke en kwetter. Sy voel hoe ’n bries oor haar vel swiep. Die wind laat die vinkneste heen en weer wieg. As sy stilstaan, voel dit asof sy saamwieg.

Onder op die grond staan ’n klomp clivias en agapante dig op mekaar langs die tuinpaadjie. Tussenin is allerhande soorte grasse wat haar bene kielie as sy verby dit loop. Dit maak sulke girtsgeluide wanneer dit teen haar broek se sintetiese materiaal verbyglip.

Hera lei haar verder deur ’n ry varings. Nyx laat haar vry hand oor die blare glip. Sy voel die klein knoppies wat onder die blare vassit, soos braille. Wat sou die plante vir haar wou sê?

Sy sien hoe party varings se blare in die punte inkrul soos ’n gordeldier, terwyl ander in fyn delikate takkies uitsprei. Dit lyk amper soos kant. Hierdie blare voel sagter. Weerloos.

Nyx ruk haar hand terug. Waar haar vingers aan die plant geraak het, voel dit of haar vel brand. Van bo pootjie die pompoms se reuk haar, terwyl die reuk van verrottende blare haar van onder af takel. Haar keel trek toe. Die soet mufreuk is bedwelmend. Dis te veel. Te groen. Haar kop voel of dit draai.

Hulle huis in die stad is so anders. Alles hipernetjies. Nie ’n plant in sig nie, nie eers ’n plastiek een wat voorgee dat hulle ’n poging aanwend nie. Die enigste teken van normaliteit waaraan sy hier kan vasklou, is die stukkies plaashuis wat sy elke nou en dan deur die groen massas sien. En dit lyk nie eens asof Hera in die huis se rigting op pad is nie.

Nyx kyk af na haar wit tekkies. Die modderige paadjie is besig om die kante rooibruin te vlek. Dit lyk soos ou bloed.

’n Herinnering borrel na haar bewussyn: die dag toe sy met moddervoete by hulle huis aangekom het.

Nyx het saam met ’n maatjie in die parkie gespeel. Dit het liggies begin reën. Toe Magrieta by die huis kom en die ry modderspore oor haar wit mat sien, was sy briesend. Nyx het met tranerige oë haar voete onder die kraan gewas en in haar bed gaan lê om haar wonde te lek. Haar ma het heeltyd aangegaan oor watter gemors sy veroorsaak het. Nyx kon nie help om te dink dat haar ma nie oor die vuil mat gepraat het nie. Die volgende week het Magrieta ’n nuwe mat gekoop.

Nyx skud haar kop om van die herinnering ontslae te raak. Die plante smokkel met haar kop. Seker daardie wat vir alternatiewe gebruike bedoel is.

“Jy lyk ’n bietjie bleek.” Nyx het nie eers agtergekom dat sy in die middel van die paadjie gaan stilstaan het nie. Hera verskuif ’n tas van haar een hand na die ander. “Kom, ek gaan wys jou waar jy gaan bly sodat jy ’n bietjie kan slaap. Jy moet uitgerus wees as Luca vir jou die hele tuin wys.”

Luca. Dit moet haar ouma se kêrel wees. Magrieta het vlugtig iets genoem van haar oupa se plaasvervanger. Klink nie asof haar ma vreeslik happy was oor die nuwe addition tot die familie nie, al was haar ma nog klein toe Hera en haar eerste man uitmekaar is. Dalk is dit die rede dat haar ma haar later van die familie afgesny het?

Hoe sou die Luca lyk?

Nyx kan hom so voor haar sien: ongekamde grys hare, ’n two-tone hemp. Tipies Afrikaans, jy weet. Miskien ’n effense boepie van te veel bier, braai en biltong. Die drie b’s van die Afrikaanse bestaan.

Sy kyk weer na Hera: die grys vlegsel, nuuskierige oë wat heen en weer flits, en die los, wapperende rok. Maybe not. Haar kêrel sal anders lyk. Sý lyk beslis nie na die tipe wat rugby kyk of selfs ’n TV besit nie. Is hier ’n TV? Is hier ontvangs?

Nyx gryp paniekerig na die foon in haar sak. Geen sein. Dit ook nog.

Sleepvoet volg sy die paar skoene voor haar. Die tosseltjies aan die kante van Hera se sandale hop vrolik op en af met elke sterk tree. Dan hang hulle stil.

Nyx kyk op. Hulle het voor ’n klein witgeverfde geboutjie gestop.

Hera stoot die houtdeur oop. “Daarsy. Hier is jou nuwe huis.”

Nyx plof haar tasse neer en mik dadelik vir die bed. Dit voel of sy dae laas ’n oog toegemaak het. Die laaste geluid wat sy hoor, is hoe Hera die houtdeur agter haar toetrek.

## Hoofstuk 3: Mengelmoeskardoes

*Hope is a waking dream. – Aristotle*

*Hope and reality lie in inverse proportions. – Jodi Picoult*

Die laatmiddagson streep oor Nyx se gesig. Dit stroom deur die gleufies in die vensters se hortjies.

Sy sukkel vies regop. Haar kop is dik van die slaap, maar sy voel verbasend uitgerus. Dis die eerste keer in maande wat sy so diep slaap.

Op die bedkassie langs haar staan ’n glas water met mintblare wat daarin ronddryf. Sy kon sweer dit was nie daar toe sy ingekom het nie. Haar hande vou dankbaar om die koel glas en sy sluk gulsig die water af.

Hoe lank het sy so gelê? Haar hand soek na die foon wat nog in haar broeksak is. Pikswart. Die battery is pap.

“Donnerse ding,” mompel sy en smyt dit op die bed neer.

Haar oë vernou en bekyk die klein vertrekkie. Die mure is wit geverf, en iemand het met die hand mandalas in koningsblou daarop geteken. Dit herinner haar aan een van die Delft-bordjies wat hulle by die huis het. Haar ma het dit huis toe gebring ná ’n besigheidsreis na Nederland. Een of ander konferensie.

Magrieta sal natuurlik hierdie kamer haat. Niks is perfek nie. Dis soos ’n mash-up van verskillende style en eras. Op die bed lê ’n gehekelde kombers. Die spieëltafel lyk of dit nog uit die 1800’s kom. En die riempiesstoel lyk nie veel beter nie. Die leertoutjies is al geel van ouderdom.

Nyx kyk op na die muur waar ’n Frida Kahlo-skildery regs bo die spieëltafel pronk. Teen die oorkantste muur kyk Frida vas in ’n uilskets wat bo die bed hang. Die hele ding is swart-en-wit behalwe vir die twee groot geel oë wat jou deurboor.

Nyx se mond plooi. Nice, nou gaan dié ding vir haar kyk as sy slaap. Het seker al die hele middag.

Sy druk haarself weg van die sagte verekussings en staan moeisaam op uit die warm bed. Haar voete plak op die sementvloer neer. Sy sien nou eers sy het sommer met haar wit sneakers aan, aan die slaap geraak.

’n Mat lê voor haar onder die spieëltafel. ’n Pienkpers symat met patrone. Nyx buk af om daaraan te voel. Die pers glip saggies onderdeur haar vingers. Dit vóél sommer duur.

Sy staan regop en neem die paar treë na die klein hangkas agter in die hoek van die kamer. Die donker houtdeure kreun hard toe sy dit oopdruk. Binne-in is ’n paar hangers vir haar

om haar klere aan op te hang. In die rakke rus ’n klompie ekstra komberse. Sy steek haar hand daarna uit. Sy ken hierdie growwe tekstuur. Mohair. Hulle het ook een by die huis, maar hulle s’n is ligbruin terwyl hierdie een salmkleurig is. Sy behoort dit nie nodig te kry met die seisoene wat besig is om te draai nie.

Nyx stoot weer die kasdeure toe. Uitpak kan wag tot later. Sy’t eintlik gehoop daar is iets interessants in die kas. ’n Geheime deurgang. ’n Wapen – net vir selfverdediging, obviously.

Sy loop na die spieëltafel om te sien wat die skade is. Haar swart krulle staan wild om haar kop – antennas wat ’n sein probeer opvang. Haar hare het waarskynlik ’n groter kans op sukses as haar selfoon. Sy kyk op na Frida. Ten minste hoef sy nie oor ’n unibrow te worry nie.

Nyx probeer die ergste van die boskasie agter haar ore terugdruk. Die humiditeit in die lug help ook nie. Die hare spring weer agter haar ore uit. “Fuck’s sake,” mompel sy. Dis soos twee woeste sideburns. Whatever. Gelukkig is sy nie hier om mooi te lyk of om enigiemand te beïndruk nie. Oorlewing, dís die modus operandi.

Sy stap na die deur. Haar voete stop eers ’n oomblik op die geweefde blou-en-wit matjie. Haal diep asem. Here goes.

Die deurknop is koud in haar hand. Nyx draai die knop en stoot die deur oop. ’n Reuk tref haar soos ’n klap in die gesig. Dis vreemd. Muwwerig. Nee, eerder soos muskus.

Sy kyk na die tuinpaadjies wat in verskillende rigtings vertak. Van waar het sy en Hera gekom? Alles lyk dieselfde.

Nyx wyfel ’n oomblik en kies dan een op gevoel. Die sonlig is reeds gedemp en die laaste strale val saggies deur die takke terwyl sy stap. Sy probeer luister vir stemme, maar al wat sy hoor is die oorverdowende geraas van die voëls wat in die bome sit en sing. Raak hulle nooit moeg nie?

’n Uitbundige gelag borrel uit die een hoek van die tuin.

Bingo.

Nyx verander van koers in die rigting van Hera se gelag. Om die volgende draai loop sy haar in ’n reuse varing vas. Dit versper die hele paadjie. Met haar arms probeer sy die takke wegdruk. En nes sy dink sy is deur almal, klap ’n volgende tak haar in die gesig. Haar asem blaas naderhand, maar sy beur voort.

Strompelend val sy deur die laaste gedeelte. Die varing vou geknak agter haar toe. Sy wens sy kon die ding vir fisiese aanranding aangee.

Hera sit rustig op die grond so entjie voor haar. “Ah, jy’t ons gekry! Ek dag ek hoor iemand hier in die bos,” roep sy vrolik.

Die vrou se positiwiteit sit vir Nyx af – duidelik is dit nie oorerflik nie.

Nyx stof die oorblywende varingblare van haar klere af terwyl sy nader stap. Hopelik is Hera slim genoeg om tussen die lyne te lees. Tensy sý die een is wat deur die blare is.

"Sit, asseblief." Daar is 'n groot oopte in die tuin gemaak met vierkantige stene wat op die grond uitgelê is. In die gleufies tussen die stene is klein polletjies gras. Hera beduie na die kussings wat op die grond rondgestrooi lê.

Nyx sukkel om haar sit te kry. Die pienk kussing is knopperig onder haar boude. Sy verskuif haar aandag na die plaashuis. Van hier af kan sy dit duidelik sien. Dis 'n ou Kaaps-Hollandse huis. Die plek is groter as wat sy verwag het.

Sy wikkel rond. Dit is regtig onnodig om so barbaars op die grond te sit as die huis so naby is. Of wil hulle haar sagmaak? Kyk hoe ver hulle haar kan druk voor sy crack?

Sy kyk weer na die huis. Aan die gesigkant van die huis is daar twee vensterrame en teen die kant is daar ten minste nog drie. Die voorste vensters het albei hortjies, nes dié in haar kamertjie. Aan die voorkant loop die gebou uit op 'n lang stoep met 'n bankie wat op die een punt staan. 'n Swart spikkel, waarskynlik 'n kat, lê daarop. Hera is blykbaar ook nie tevrede met die hoeveelheid plante in die tuin nie, want potplante staan oral op die stoep, en 'n paar mandjies hang van die dak af.

Daar moet tog vir haar ook slaapplek daar binne wees?

"Hou jy van die huis?" vra Hera

"Sure, dis seker mooi."

"Dis 'n baie historiese gebou."

"Gaan ek 'n huistoer kry?" Nyx is baie meer geïnteresseerd oor wat binne-in die huis aangaan as buite.

Hera se wenkbroue skiet vinnig op. "Uh, later. Ek moet bietjie regpak. Jy weet wat hulle sê van eerste indrukke."

Dis nou Nyx se wenkbroue wat opskiet. "Ek het al deurmekaar huise gesien."

"Maar nie mý deurmekaar huis nie."

Nyx kyk weer vinnig na die huis. Buite blink, binne stink. Watter geheime sou daar binne lê en vrot?

Terwyl sy nog so kyk, kom een van die geheime by die voordeur te voorskyn. Die man begin by die plaashuis se stoeptrappies afstap. Nee, hy stap nie. Hy sweef. Los broekspype swem agter hom aan tot by die stene waar Nyx en Hera sit.

Nyx gaap hom aan. Die man lyk Oosters, Maleis miskien. Sy vel is die kleur van kaneel. Grys streep deur sy welige swart hare wat golwend agteroorgekam is, maar sy vel is nog glad en vlekkeloos. Sy het nie 'n clue hoe oud hy is nie.

Hy kyk Nyx onder sy lang wimpers met donker oë aan. “So, jy is die beroemde Nyx?” sê-vra hy. Sy stem klink eksoties, iets uit ’n ander land ver oor die waters. Dis gekleur met vreemde intonasies wat Nyx nie kan plaas nie.

“Meer soos berug sou ek sê.”

Die man gee ’n laggie wat sy donker oë in twee sekelmaantjies verander. Hy gaan sit aan Nyx se regterkant en steek ’n hand na haar uit. Byna elke vinger is getooi met ’n paar ringe. Sommige het stukke rou rots wat deur goue kloutjies in plek gehou word.

“Aangename kennis, Nyx. Ek’s Ahmed. Ook bekend as die beste ding wat nog ooit met jou wonderlike ouma gebeur het.”

Hera rol haar oë vir sy simpel bekendstelling, maar glimlag effens.

So, dís die boyfriend? Interessant. Baie interessant.

Nyx gee die geringde hand ’n druk.

“Nyx, jy moet rasend wees na jou middagslapie,” sê Hera. “Ek wou jou nie wakker maak nie. Jy het baie gemaklik gelyk. Onskuldig. Jy’t die ete misgeloop, maar ek sal gou vir jou van die orige kos in die kombuis gaan haal.”

“Cool.”

“Cool.”

Nyx frons. Haar ouma moet asseblief nooit weer die woord *cool* gebruik nie. Sy laat dit klink asof hulle gaan vriende wees.

Hera dwarrel stoep toe en in by die verbode huis.

Nyx kyk terug na Ahmed. Is sy veronderstel om met hom te begin praat?

“Dis pragtig, nè?” vra hy.

“Die tuin?”

“Ja.”

“Hmm. As dit jou tipe ding is.” Nyx beduie met haar kop na die huis. “So, waarmee was jy nou net daar binne besig? White collar crime?”

Ahmed se gesig verstar en frommel dan in ’n lag. “Hera het gesê jy’s ’n anderster een.”

“Jy’t nie my vraag beantwoord nie.”

“Geen white collar crime nie, net admin. Ek sou veel eerder iets onderduims wou doen. Baie meer opwindend.”

Hera kom weer by die trappies afgetrippel. In haar een hand balanseer sy ’n skinkbord. Sy sit dit neer op een van die stene. “Ahmed is ’n veganis en vanaand was sy beurt om kos te maak, so jy kry nou net groente en vrugte.”

Nyx kyk na die verskeidenheid groente en vrugte wat in vorme opgesny is. Bakkies met doopsouse wissel die groentestokkies af. Sy hark van die groenteskyfies op ’n bordjie nader. Sy moes geweet het iemand hier gaan ’n vegan wees.

Sy’t skaars begin eet of Hera het haar onder kruisverhoor. Tussendeur sporadiese happe moet sy antwoorde gee op al die vrae.

Enige sport gedoen op skool? Nee, behalwe as sports maak, tel.

Kêrel? Nope. Meisie dan? Beslis nie.

Nyx lag toe haar ouma dit voorstel. Sy kan Magrieta se gesig so voor haar sien as sy met ’n meisie by die huis sou opdaag. Noudat sy daaraan dink, is dit eintlik ’n jammerte sy het dit nie reeds gedoen nie.

Haar akademie? Bogemiddeld, alhoewel nie uitstekend nie. Maar dis volgens Magrieta net omdat sy lui is.

Waar was sy op skool? Meisies Hoër. Dit was vóórdat sy haarself voor die skool se beheerraad gekry het. Dié mense neem apparently vandalisme nogal ernstig op. Wel, dít en haar “onmoontlike gedrag” in die klasse, onder meer die terugpraat met onderwysers en haar “onvermoë om by die instruksies van die opdragte te hou”.

Nyx kou vinniger aan die groentestokkie in haar mond. Sy is sommer van voor af kwaad.

Is dit nou haar skuld dat die helfte van die onderwysers nie weet waarvan hulle praat nie? En die take wat hulle kry, is so vaag, g’n mens sal weet wat jy moet doen nie. Die meeste kinders copy en paste anyway alles van die internet af. Hulle behoort *dankbaar* te wees sy doen nog die moeite om vir haarself te dink.

Oukei, sy erken die spraypaint teen die hoof se deur wat gesê het KLEUTERS NEEM BETER BESLUITE AS EK was dalk so ’n bietjie te erg. Maar kan jy haar kwalik neem? Magrieta kla dan altyd self oor die swak onnies. Maar toe die pawpaw die fan strike en die hoof haar met ’n skorsing dreig, sit haar ma net handegevou agteroor en sê dis nou genoeg van haar wat Nyx is se slegte gedrag. Sy’t die skoolhoof byna gesmeek om haar te skors. Kom mos een middag by die huis en lig Nyx in sy gaan van nou af by die huis skoolkry. Sommer net so.

Nou sit Nyx met die simpel tutors. Party van hulle weet nog minder as die onderwysers, indien dit moontlik is. Sy het haarself begin leer. Imagine dit. Enigiets om die dae in die tronk van ’n huis om te kry. Sy’t selfs die jaar vroeg klaargemaak het. Ja, sure, alles is nie so volledig gedoen nie – die boring goed los sy uit – maar dis nie die punt nie. Sy’s haar eksamens deur. En wat kry sy daarvoor? Nie ’n *Dankie, Nyx, ek’s trots op jou.* nie. Nee, sy kry ’n nuwe tronk waar sy vasgekeer gaan wees. Net met baie meer plante.

Nyx se maag en Hera se vrae is albei versadig toe die bord eetgoed leeg is. Hera het niks oor haar skandes by die skool gesê nie, net sylangs vir Ahmed geloer.

“Luca sal jou môre kom rondwys,” sê Hera. “Hy wou eintlik al vanmiddag kom, maar hy was elders nodig. En dis goed dat jy eers kon uitrus. Die area is groter as wat ’n mens dink. Jy gaan moeg wees ná die dag.”

“Oraait.” Tuintoere was nog nooit op haar itinerary nie, maar dalk leer sy iets van die plaas as sy dan nou nie in die huis mag kom nie.

“Jy moet probeer vriendelik wees met Luca. Hy het nie juis die beste lewe gehad nie.”

So, Hera is die barmhartige Samaritaan wat al die afvlerkvoëltjies inneem? “Soos ek?”

“Goed buite sy omstandighede. Sy familie het … probleme, kom ons stel dit so.”

“En myne het nie?” Nyx vou haar arms. Hera weet net mooi niks van haar lewe af nie. Miskien as sy meer moeite gedoen het om betrokke te wees, sou sy weet hoe haar lewe regtig lyk.

“Probeer tog net. Dit kan nie te moeilik wees vir iemand wat bogemiddeld, maar lui is nie.” Die venyn skemer deur Hera se woorde. Nyx herken dit, want sy het dit al baie by haar ma gehoor. Miskien is hulle wel familie.

“Fine, maar ek kan niks belowe nie.” Sy het nie hierheen gekom om vriende te maak nie. As Luca wil keer dat sy toekoms so sleg soos sy kamstige verlede is, moet hy eerder uit haar pad uit bly.

Hera kry Nyx aan die arm beet wanneer sy begin opstaan. “Voor jy gaan. Ahmed, wil jy nie vir die kind vertel hoe jy hier by ons beland het nie?” Haar oë wys dis ’n bevel en nie ’n versoek nie.

Nyx sink mismoedig terug in die kussing. “Ek is nie ’n kind nie.”

“Die jonge dame dan,” sê Hera.

“Ook nie ’n dame nie.”

Hera se wenkbroue lig effens. “Mens miskien? Of is dit steeds te spesifiek?”

Nyx bly eerder stil.

Ahmed maak roggelrig keel skoon om Hera se aandag te trek waar sy sit en haar rammetjie-uitnek hou. “Uh, ek woon seker al so twintig jaar in die land,” begin hy met sy vreemde aksent.

Ahmed se verhaal skop af in Indonesië waar hy saam met sy twee jonger sussies en ma grootgeword het. Daar is nie sprake van ’n pa nie. Dié was blykbaar nie regtig in die prentjie nie. Iets wat hy en Nyx in gemeen het. Ná sy skooljare wou hy filosofie gaan studeer. Die idee was nie goed deur sy familie ontvang nie – nie ’n beroep wat vir hom, met ander woorde vir die res

van die gesin, geld sou maak nie. En daar vertrek hy sak en pak halfpad oor die aardbol na Europa om sy drome as die nuwe Sokrates te gaan uitleef. Die paar besittings wat hy gehad het, het hy in ’n klein koffertjie gelaai. Met dié klim hy toe op die vliegtuig, ’n man wat nog nie eers veel verder as sy tuisdorp gereis het nie. Maar hy het ’n geheime wapen gehad: hoop. Dit wat ons almal eintlik aan die gang hou.

Sure buddy, dink Nyx.

Saam met die hoop het Ahmed iets veel belangriker gehad: dissolusie, die geheime bestanddeel vir enigiemand met drome wat vir ander verregaande klink. Sy eie woorde.

Hy het op Nederland as bestemming besluit. Op die oog af ’n lukrake keuse, tog nie. As Indonesiër het hy soos ’n seer duim tussen die mense uitgestaan. Dit was sy tweede manier van rebelleer: om te gaan studeer in die land wat in die verlede sy eie gekoloniseer het. Sy spreekwoordelike middelvinger vir die onderdrukkers. Dit was op sigself sy eie filosofie, meen hy. Hy het egter sy lewensbeskouings ’n bietjie te ver gevoer en is uiteindelik deur die universiteit geskors.

Nyx begin al meer van Ahmed hou. Soort soek soort. Of *birds of a feather* aangesien sy nou deur hordes van die goed omring word.

“As ek nou terugkyk, was dit ’n persoonlike hoogtepunt in my lewe toe hulle my vra om my studies te staak,” lag Ahmed en vryf sy donker hare terug oor sy kop.

Nyx vind die idee nogal snaaks as sy kyk na die man wat hier voor haar sit. Óf hy moes baie vies gewees het oor iets by die universiteit, óf hy het intussen amazing character growth gehad. Alhoewel sy twyfel of enigiemand so ’n skielike verandering kan maak.

Was Ahmed se gedrag ’n fout aan sy kant? Miskien, meen hy. Maar hy glo dat daar sekere dinge in jou lewe móét gebeur, dat dit êrens ingeskryf staan in jou lewenspad om jou uiteindelik te lei na waar jy moet wees.

Ahmed druk met ’n geringde vinger ’n lok hare wat weer vorentoe gespring het, terug agter sy oor. Hy sit en draai ’n oomblik een van die ringe al om en om sy middelvinger. “Ná die skorsing het my lewe eers werklik begin.”

Hy en ’n groep medestudente wat besluit het die akademie is ook nie vir hulle beskore nie, het besluit om te gaan toer, die wêreld te sien, hul horisonne as’t ware te verbreed, want wat of wie is ’n beter leerskool as die lewe self?

Magrieta skiet ’n koronêr as Nyx só redenasie vir haar lewenskeuses probeer opdis.

Die Expats, soos die groepie vriende na hulself verwys het, het met ’n kombi oor Europa getoer.

Ahmed se hande begin saam gesels. ’n Wapperende hand lys die name van al die plekke waarna die groep mans gereis het.

“My vriend Jacques het ons na sy tuisdorp in Frankryk geneem, ’n klein dorpie naby Nice.”

“Dis hier waar Ahmed geleer het om allerhande brode te bak,” onderbreek Hera opgewonde. “Jy sal baie daarvan hou.”

Iemand is duidelik ’n koolhidraatliefhebber.

“Ek dink dis dalk eers genoeg vir vandag,” sê Ahmed.

Nyx besef nou eers hoe donker dit geword het. Die sonbesies wat ’n ruk terug nog geskree het, het gaan insluimer. Om hulle klink die eerste ritselings van die nagdiere op.

Terwyl Ahmed so gepraat het oor vriende, het sy aan ’n plan begin dink. Miskien is die Luca-vent iemand wat sy om haar pinkie kan draai. Fake friends is iets wat sy goed ken. Dis dalk nou die tyd om die rolle om te ruil, iemand anders te manipuleer.

Nyx onthou skielik van haar selfoon. “Is hier elektrisiteit? Ek wil my foon laai.”

Hera begin lag. “Jy kan daardie ding in die kas gaan bêre. Jy sal eers sein kry in die naaste dorp, en dis sowat 30 kilometer hiervandaan.”

“Ek wil darem my musiek ook daarop luister.”

Hera skud haar kop. “Hier is dan so baie voëls wat vir jou sing. En jy kan ons na een van ons musiekaande vergesel.”

Nyx gluur haar ouma aan.

Hera sug. “As jy regtig wil, sal ek jou later ons sonkragstelsel wys. Ons gebruik die krag meestal vir kosmaak en die besigheid, maar vir so ’n belangrike geval sal ons seker ’n uitsondering kan maak.”

Nyx waardeer nie die sarkasme nie, maar sy is te moeg om terug te praat. “Dankie. Ek wil gaan slaap.”

“Jy wil seker eers stort?” vra Hera.

Nyx kyk af na haar klere. Sy is oortrek met stofstrepe van haar varinggeveg, en sy kan voel hoe haar hemp taaierig van sweet aan haar armholtes plak. Sy knik.

“Goed, ek sal jou die donkie gaan wys.”

“Die wát?” Is hierdie dan nie ’n kwekery nie? Dis wat haar ma gesê het. Of moet sy op ’n donkie na die stort toe ry?

“Die donkie – waar ’n mens vuur stook om jou stortwater warm te maak?”

“Natuurlik.” Nie natuurlik nie. Is sy in die Middeleeue?

Die donkie lyk nes ’n vuurpyl. *One small step for mankind, one giant leap for Nyx.*

Hera moet eers verduidelik. In die middel van die kontrêpsie vloei water deur ’n pyp in om verwarm te word. Die waterstoom word dan na ’n pyp aan die bokant gestuur waar dit as warm water weer by die boonste pyp uitvloei. Die boonste pyp verdwyn in ’n muur wat die agterkant van die stort vorm.

Aan die onderkant van die swart drom gaap ’n opening soos ’n mond wat wag om met hout gevoer te word. Hera wys vir Nyx hoeveel houtstukke sy benodig op grond van hoe lank sy wil stort. Sy moet die hout met ’n vuurhoutjie aansteek. Die hout is dikwels ’n bietjie nat so daar lê Blits wat haar kan help as sy sukkel.

Wánneer sy sukkel, dink Nyx.

Die badkamer waar die stort is, is half en half in die buitelug opgerig. Daar is ’n gedeelte met ’n wasbak wat onder ’n rietdakkie staan, maar die stort het nie ’n dak nie. Onder die rietdakkie staan daar ook ’n boomstomp waarop sy haar skoon klere kan neersit. Gelukkig is daar ’n rietmuur om die hele gedoente sodat iemand jou nie kan beloer terwyl jy stort nie.

Wonder bo wonder het sy ook haar eie toilet. ’n Emmer met grond en ’n klein grafie staan langs dit.

“Wat’s hierdie?” Nyx beduie na die emmertjie. “Moet ek vir jou ’n sandkasteel bou?”

“Nee, dis vir die toilet. Dis ekovriendelik. Jy moet van die grond ingooi as jy klaar jou ding gedoen het.”

Miskien ekovriendelik, maar definitief nie mensvriendelik nie.

Nyx loer by die toiletgat af. Dis stikdonker. So, dís hoe haar lewe tot ’n einde gaan kom. ’n Slang gaan haar van onder af beetkry. Wys jou net, die slang is dalk nooit in die gras nie, maar in die toilet.

“Ek dink dis alles wat ek jou moes wys. Geniet die stort, Nyx. Ek sien jou môreoggend.”

“Cool. Nag.”

Nyx wag eers totdat Hera wegstap voordat sy die donkie benader. Sy stap tot by die donkie se bek en tel die vuurhoutjies op. Dit neem haar ’n hele paar onsuksesvolle pogings voordat sy dit regkry om die vuur aan die gang te kry.

Wel, hierdie ervaring is ’n eerste. Waarskynlik die eerste van baie eerstes wat sy gaan beleef. Dis egter nie die opwindende tipe soos jou eerste soen of motor nie. Die hele ervaring is meer soos ’n Voortrekkerkamp, maar sy trek nie voor nie, net aan die kortste end.

Sy kan nie gló dat haar ma finaal die plot verloor het deur haar na hierdie hel te stuur nie. En dit terwyl sy êrens oorsee partytjie hou. Is dit nou haar ma se siek idee om haar te tem? Gaan dump haar op ’n plaas waar sy moet leer hoe om aan te pas sonder haar luxuries? Wel, fine, Magrieta. It’s on. Sy is nie ’n verloorder nie.

Nyx stroop die swart denim en t-hemp van haar lyf af. Haar ma sê altyd sy lyk soos ’n goth. Heel morbied. Dis amper asof dit die hele punt is, mommy dearest. Sy dra miskien nie haar hart op haar mou nie, maar wel in die kleur van haar klere.

Nyx klim onder die warm water in. Sy voel heel selfvoldaan oor die vuur wat sy gestook het. Dié gevoel warm haar meer op as die water wat oor haar lyf spoel. Gedagtes vloei deur haar kop.

Wat is die storie tussen haar ma en Hera? Daar is iets bekends aan Hera wat Nyx al by haar ma opgemerk het. ’n Wildheid? Hoe vreemd dit nou ook mag klink, veral as ’n mens na Magrieta se besigheidspakkies en hoëhakskoene kyk. Daar steek beslis meer agter hierdie storie. Al wat Magrieta vertel het, is dat sy op ’n familieplaas grootgeword het en daarna reguit universiteit toe is.

Sou hierdie plek dan die plaas wees? Nyx het aan die gewone bees- of koringplaas gedink, nie die Afrika-weergawe van die Amazone nie.

Êrens langs die pad het haar ma ook met haar pa betrokke geraak – ook bekend as Die Grootste Fout van haar Lewe – en vir hom het sy saam met haar familie in die verlede agtergelaat. Hy sou blykbaar meer skade as goed doen.

Nyx draai die krane toe. Sy loop deur die wolk stoom wat om die stort dwarrel. Die aandlug waai koud deur haar pajamahemp en -broek wanneer sy die paar meter van die stort na haar kamer stap. Die bos is so dig dat sy nie vroeër die stort opgemerk het nie. Dis asof Hera aspris alles van haar wil wegsteek.

Nyx gaan staan ’n oomblik voor haar kamerdeur. Haar hand hang gevries halfpad na die deurknop.

Iets hou haar dop.

Sy probeer uit die hoek van haar oog kyk of sy beweging sien.

’n Tak kraak aan haar linkerkant. Haar kop ruk soontoe. Iets flits tussen die donker figure van die bosse. ’n Groot skaduwee rys op. Krimp. Dan is alles weer stil. Té stil.

Haar oë bly stip op die kol waar die lig was, maar nou sien sy niks.

Sy skud haar kop vinnig heen en weer.

Miskien is sy net paranoid? Maar as sy iemand gesien het, moet sy eerder in die kamer kom.

Haar hand bewe wanneer dit om die deurknop klem. Sy draai en laat die deur versigtig oopswaai. Die skarniere kerm.

Iemand het ’n kers op die spieëltafel aangesteek.

Sy stap vinnig in en sit haar vuil klere op die tafelblad neer. Sy moet regtig ’n sleutel vir die deur kry.

Die stoel!

Nyx tel die stoel op en maak seker dis stewig in plek onder die deurknop voordat sy op die bed gaan sit. Sy sien nou eers die glas op haar bedkassie. Dit lyk soos vuil melk. Sy steek ’n vinger in die konkoksie om te proe. Chai. Darem nie gif nie.

Sy lek-lek aan die louwarm melkmengsel. Dit smaak asof iemand die kaneel sopas uit die tuin gaan haal het. Dis nou ás dit is hoe kaneel werk. Sy weet nie hoe lyk ’n kaneelplant nie. Maar sy sal seker binnekort uitvind.

’n Uil roep buite.

Nyx ril en sluk die res van die drankie af. Die melk maak haar lomerig. Haar ooglede begin toeval. Sy wou nog dink aan die figuur in die bosse, maar haar lyf smelt weg in die komberse.

## Hoofstuk 4: Die ontmoeting

Die stoel.

Nyx ruk regop in die bed.

Dis nog daar.

Haar hand wag op haar bors vir haar hartklop om te bedaar voor sy opstaan. Sy giggel terwyl sy haar plakkies en ’n hoodie aantrek. Sy voel nou sommer simpel. Praat van oorreageer. *Her mind playing tricks.* Dis net omdat gister so weird dag was. Dis al. Hoekom sal iemand haar nou wil dophou?

Nè?

Nyx skud die ongemaklike gevoel af. Dalk is haar bloedsuiker net laag. Sy’s verskriklik honger.

Soos ’n snuffelhond volg sy die reuk van ontbyt terug tot by die kussings waar hulle die vorige aand gesit het.

“Ek wou jou nou net kom wakker maak,” borrel Hera. Sy het vandag twee bollas aan die kante van haar kop wat haar soos ’n ram laat lyk. Reg om te storm. ’n Paar takkies loof is as versiersel deur haar hare gesteek, en aan haar lyf hang ’n katoenrok wat in wit voue uitballon aan die onderkant. Wanneer sy sit, lyk sy soos ’n reuse gesmelte malvalekker.

Nyx kyk vinnig rond voordat sy sit. Dis net Ahmed wat ook daar is.

Die reuk van basiliepesto en sampioene slaan in Nyx se neus op. Hera het vir hulle omelette gemaak met bondels vars kruie uit die tuin. Ahmed sit en smul aan ’n broodjie met ’n dik laag pesto en rocketblare.

Nyx begin die ete gulsig opsuig. Vir wat is sy so honger? Miskien is dit die smaak van regte kos wat dit aan haar doen. Magrieta kook nie juis nie. Dis nie dat hulle honger ly nie, die etes bestaan net hoofsaaklik uit bokspap, Woolies ready-made meals en oorskiet.

“Lekker geslaap?” vra Ahmed wat al by sy volgende sny brood trek. Hy wissel sy happe met slukke tee af. Groentee as Nyx die spulletjie so kyk. Gross.

“Soos ’n klip,” mompel Nyx tussen monde vol eier. ’n Stuk pietersielie hang by haar mondhoek uit. Sy druk dit met ’n vinger in.

Ahmed lag. “Hera is ’n godin agter die kospotte.”

“Jy moes lekker geslaap het om so honger te wees,” sê Hera.

Nyx se wange verkleur. Sy kou stadiger.

“Nee, eet. Ek is altyd bly as iemand my skeppings waardeer. En ons het lanklaas ’n gas gehad.” Hera skep sommer self vir Nyx nog sampioene in uit een van die bakkies. “Luca is seker oor so halfuur hier en dan sal julle die tuin gaan verken. Hy ken die area soos die palm van sy

hand, so as jy enige vrae het, behoort hy te kan antwoord.” Hera loer vinnig na Nyx se plakkies. “Jy het seker tekkies ingepak tussen jou hele pakkaas?”

Nyx knik. Sy het eintlik net ’n paar swart stewels gebring, maar dit behoort te werk.

Sy skuif die leë bord tevrede weg. “Dankie, dit was lekker.” Haar maag druk teen haar broek se rek.

“’n Kompliment! Ahmed, herinner my dat ons die seil oor van die plante span, vanaand kry ons sekerlik reën.”

“Baie snaaks. Moet nou nie te veel komplimente verwag nie.”

“Natuurlik nie, matigheid voor oë.”

Nyx glimlag effens. Darem kan Hera ’n grap vat, dis meer as wat sy van Magrieta kan sê.

Nyx gaan gooi vinnig haar krulle in ’n bolla en trek ’n kort denimbroek aan. Swart. En ’n ACDC t-hemp, ook swart natuurlik, al effens uitgewas van jare se dra. Dit hang los oor haar klein lyf. Haar swart stewels volg laaste. Dit neem ’n rukkie om die veters tot bo op te ryg. Sy kyk vlugtig in die spieël. Goed genoeg. Vir ’n verandering het sy nie haar bepassende swart kringe onder haar oë nie.

Sy volg weer die roete terug na die ander. Sy het vir haar ’n paar merkers geïdentifiseer sodat sy soos Hansie en Grietjie haar pad terug kan vind. Vandag sal sy hopelik ’n bietjie meer kan uitvind oor wat alles hier aangaan.

Haar eerste beeld van Luca is ’n bos blonde krulle waar hy met Hera staan en gesels. Sy rug is op haar gedraai. Hare vou om die onderkant van sy pet. Dit lyk asof hy met sy omgewing probeer saamsmelt met sy khakibroek en die golfhemp met ’n liggroen patroon. Haar oë beweeg af na sy skoene. Sy stapstewels is mosgroen. Haar blik draal ’n oomblik op die bruingebrande kuite. Dit moet van al die handearbeid op die plaas wees.

“Nyx!” roep Hera. Nyx se fokus op die kuite is vir eers onderbreek. “Nou kan jy amptelik die lig in jou lewe ontmoet.”

Die blonde bol krulle draai om. Nyx is ’n oomblik onkant gevang. Sy het nie iemand so jonk verwag nie. Hy kan onmoontlik ouer as twintig wees, maar sy hare is ook te lank vir hom om nog op skool te wees.

Luca se een hand vryf agter sy nek. Sy blou-groen oë flits skaam op na haar. Daar is ’n streep hare uit sy regterwenkbrou weg. ’n Ongeluk?

Nyx voel hoe haar wange verkleur. “Uh,” stamel sy. Waar is haar woorde? Sy begin ’n hand uitsteek en besef hoe belaglik dit moet lyk. Watter jongmens groet nog met ’n handdruk?

“Aangename kennis,” groet hy. Sagte stem. “Dis sommer ’n grappie.”

Nyx kyk hom dom aan.

"Die lig-in-jou-lewe ding, my naam beteken ligbringer."

"Ah," antwoord Nyx. Wat is fout met haar? Kan sy nou net geluide maak?

'n Nare gedagte begin tot haar deurdring. Wat as hierdie ontmoeting die eintlike intervention is? Magrieta dink al lankal daar is iets fout met haar dat sy nog nie met 'n kêrel by die huis opgedaag het nie. Miskien is dit haar ma se manier om matchmaker te speel. Dit sal nie die eerste keer wees wat haar ma haar neus in Nyx se sake steek nie.

Nyx se skaamte verdamp en sy kyk met vernoude oë na Luca. Oraait, meneer Ligbringer, twee van ons kan hierdie speletjie speel.

"Goed," praat Hera, "ek gaan julle twee dan verlaat. Ek het administratiewe sake om na om te sien. Luca, jy kan hoofsaaklik vir haar die kweekhuise en groentetuin wys. Dan kan sy besluit wat sy wil doen en saam met ons inval."

"Inval?" vra Nyx.

"Jip, jy het tog nie gedink jy gaan net rondlê en lekker etes kry nie?"

Dit is presies wat Nyx gedink het. Sy kyk na Luca vir bevestiging. Hy bestudeer die duisendpoot wat oor die tuinpaadjie kruip. Slim. Hy het al geleer wie die baas van hierdie plaas is. Wenk: Haar naam begin met 'n h.

"Natuurlik. Uithelp met die kwekery. Wat anders?" mor Nyx. Kindermishandeling. Dís wat dit is.

"Sien julle later, en soet wees." Hera verdwyn met 'n knipoog by een van die paadjies af.

"Jy gaan dalk ander skoene nodig hê," praat Luca, meer met Nyx se stewels as met haar.

"Wat is fout met my skoene?"

"Dit gaan jou begin druk van al die stap. En dit het geen ondersteuning nie."

Soos ek, dink Nyx.

"Jy kan 'n enkel swik as jy in die modder vassit."

Nyx rol haar oë. "Ek sal fine wees, dankie."

Luca se oë flits weer vinnig op. "Goed," antwoord hy afgemete. Hy draai om en begin by 'n ander paadjie as Hera afstap. "Kom jy?" roep hy oor sy skouer.

Nyx skarrel om hom in te haal. Haar stewels begin reeds aan die modderige paadjie plak. Sy bly tjoepstil.

Luca se treë is groot. Nyx moet drafstap om by te hou. Sy fokus op die spiertjies wat in sy bene saamtrek om haar te motiveer. Hy is 'n goeie twee kop langer as sy, en haar bene kan ook net só vinnig beweeg, veral vir iemand wat jare laas enige oefening gedoen het.

Luca versteen. Nyx tref hom kop eerste van agter.

“Eina,” mompel sy.

Hy beduie met sy vinger teen sy lippe. Sy moet stil wees. Met sy kop wys hy na die boom waar ’n voël sit. Sy een hand is om sy oor geskulp. Luister. Die voël gee drie roepe voordat dit met uitgespreide vlerke opstyg en in die skadu’s verdwyn.

“Dis ’n bosloerie. Hulle is baie skaars. Jy is gelukkig om een te hoor, nie eers te praat van sien nie.”

“Jippie.” Nyx vryf oor haar seer voorkop.

Luca begin weer vinnig aanstap. Vir wat moet hy so jaag? Nyx se skoene suig al meer aan die grond vas. Die ekstra weerstand help nie veel om by Luca by te hou nie. Binnekort gaan haar kuite nes syne bult.

Die lig voel helder toe hulle in ’n oopte uit die bos verskyn. Die oggendson sit al hoog.

“Jy gaan dalk vir jou ’n hoed ook moet kry.” Luca tik met sy wysvinger op sy pet. “Die son kan ’n mens lelik klits as jy heeldag met die plante werk.”

Klits? Die man praat soos ’n oom.

Luca bly ’n oomblik stil. “Maar jy is seker fine, of hoe?”

Nyx sê niks. ’n Klein straaltjie sweet drup oor haar slaap. Sy vee dit vies weg. Hierdie ou gaan op haar spiere werk, en sy praat nie van haar kuitspiere nie.

## Hoofstuk 5: Iets is aan die kweek

Rye kweekhuise van glas staan langs mekaar ingeryg. Die son weerkaats die natuurtonele wat om die groep huisies afspeel. Ligte ritselings in die bome se takke golf oor die glas.

“Ons noem dit die kweekskool.”

Nyx kyk op na Luca. Sy mondhoeke krul in ’n klein glimlag.

“Dis Hera se grappie,” verduidelik hy. “Kweekskole is mos waarheen dominees gaan om opleiding te ontvang.”

“Ah … ek sien.”

“Hier is plante byna soos ’n geloof.”

Nyx se wenkbroue skiet op. “You don’t say.” Die storie klink vir haar baie New Age-erig. Sy wag net vir Luca om haar oor die plante se verskillende emosies te vertel, of miskien word die plante nie volgens soort nie maar denominasie georden.

“Wie weet? Dalk kweek ons nog ’n liefde vir plante by jou.” Luca gee Nyx ’n speelse hou teen die skouer. Voutjies vorm om sy oë as hy lag. Dit lyk vir haar soos Chinese waaiers. Sy staar hom stip aan totdat die voutjies om sy oë weer uitstryk.

Luca se linkerhand reik na die krulle in sy nek. “Uhm, ons begin sommer by die vetplante.”

Sy mosgroen skoene begin oor die laag droë perskepitte op die grond knars in die rigting van die verste kweekhuis. Nyx loop tot langs hom waar hy by die glasdeur staan. Sy besef nou eers hoe groot die konstruksie is. Glas toring bykans vyf meters bo haar kop uit. Aan die bokant is ’n paar vensters oopgesper om lug in te laat, en ’n klein leertjie loop teen die kant op en oor die bokant van die kweekhuis, soos ’n draak se rugstring riffel dit oor die dak.

Daar is ’n geklingel aan Nyx se regterkant. Luca staan met ’n bos sleutels in sy hand wat hy uit sy broeksak te voorskyn gebring het. Die sleutels is komieklik groot, en dieselfde slangpatroon as op die groot hek se sleutel pronk op elk. Die enigste verskil tussen die sleutels is die tande wat die slotte oopsluit. Luca is klaarblyklik baie vertroud met hierdie proses, want hy vat dadelik die regte sleutel raak en klik die deur oop.

“Hoekom sluit julle dit?”

“Diewe.”

“Wie wil nou plante steel?”

“Sommige van die plante hier is baie skaars en waardevol. Van die ander is … spesiaal. Dit help ook om kleiner diertjies en van die insekte uit te hou as ons die deure toehou.”

“Wat bedoel jy met spesiale plante?” Die plante wat vir alternatiewe gebruike is?

“Dit sal jy later sien. Hera behoort jou saam te nooi om jou ten volle in te wy.”

“In te wy? Waarheen en vir wat?” Sy begin haar nou rêrig vererg vir hierdie plek. Nes sy een antwoord kry, duik nog tien vrae op.

“Na die Samekoms.”

“Wat is dit?” Nyx se oë rek. “Is dit ’n cult? Is julle soos die Vrymesselaars?” Sy het gewéét daar gaan fishy goed hier aan. Sy het al van hierdie tipe goed gehoor. Daar bestaan allerhande geheime organisasies waarvan die gewone mense nie weet nie. Hulle het sulke vreemde rituele en inisiasies, soos bloedopofferings en ander weird shit. Nyx gril sommer by die gedagte. Sy weier om enigiets keelaf te sny of om bloed te drink.

Luca het nog niks gesê nie. Hy staan en draai net die sleutel al om en om tussen sy vingers.

“So,” vra Nyx, “is dit ’n cult?”

“Nee, man, moenie belaglik wees nie. Dis meer soos … ag, dis moeilik om te verduidelik,” glimlag hy skelm.

Hoekom glimlag hy? Haar hande voel klam.

“Jy wil dinge vooruit loop, Nyx. Geduld. Die plante sal jou dit nog leer. Kyk hier, ek wil jou iets wys.” Luca stap dieper die kweekhuis in totdat hy voor ’n groot potplant tot stilstand kom.

“Waarna kyk ek? Dis ’n klomp blare?”

“Dis hoe dit lyk, ja.” Luca buk af om ooghoogte met die plant te wees. “Hierdie plant, Nyx, is die Queen of the Night. Dis ’n orgidee-kaktus, *Epiphyllum oxypetalum*, oorspronklik van Meksiko. Die plant blom net een keer per jaar en net in die nag. Hierdie spesifieke een het groot wit blomme wat soos ’n kwas oopsprei.”

“Oukei, als baie cool, maar wat’s jou punt?”

“My punt is,” Luca staan regop en draai na Nyx, “jy moet heel jaar wag vir die blomtyd. En soms gebeur die wonderlikste dinge in die tye wanneer die meeste mense nie oplet nie, in die nag, of in die skaduwees. As jy weet waar en wanneer om te soek, kan jy ook die geheime geniet.”

Nyx kan nie help om ’n bietjie beïndruk te wees nie. Sy het nog nooit gehoor hoe enige man, of mens, so meegevoer oor ’n plant kan raak nie. Sy weet nie of sy jaloers meet wees oor sy passie en of sy bekommerd moet wees oor sy geestesgesondheid nie. Dit kan tog nie normaal wees nie?

“Kom, ek wil vir jou nog iets wys.”

Terwyl Luca die volgende plant opspoor, vertel hy vir Nyx oor die etimologie van die woord *succulent*. Die kom van die Latyn *succulentus* wat beteken om sap te hê of sappig te wees, wat kom van *succus* wat sap beteken en verwant is aan *sugere* wat beteken om te suig. “So, eintlik is vetplante net sappige plante,” sluit Luca sy relaas af.

“Juicy plante, got it.”

“Baie mense is onder die wanindruk dat vetplante nie water nodig het nie. Die plante is slim, hulle weet self hoeveel water om terug te hou.”

“My ma kla altyd dat koolhidrate veroorsaak dat sy water terughou.”

Luca lag. “Skuus.” Sy een hand rus op sy bors totdat sy asemhaling weer normaal is. “Dis darem anders by plante. Solank jy seker maak die plante se wortels staan nie in water nie, sal dit oukei wees. As dít gebeur, kan die wortels begin vrot of die plant kry swamme. Soms kan jy dan nog die plant red as jy die probleem gou genoeg agterkom. Dis so bietjie soos met mense,” sê hy in gedagte.

“Huh?”

“Wel, die probleem is baie keer iets wat jy nie kan sien nie. Ondergronds. En nes plante moet jy betyds dit agterkom anders kan jy die persoon ook nie meer red nie.”

“Die wortel van die kwaad uitruk,” voeg Nyx by.

Die voutjies om Luca se oë is terug. “Presies.” Hy knik ingedagte. “Ah, hier’s dit.” Hulle staan voor ’n klomp mandjies waar stringe plante afhang.

“Jy weet seker van string of pearls.” Luca se hand streel saggies oor die plant wat soos stringe krale by die pot uitpeul. “Die wetenskaplike naam is *Senecio herreianus.* Die *Senecio Curio rowleyanus Superba* lyk baie soos die gewone string of pearls, maar dit behoort eintlik aan die daisy-familie en dis meer soos ’n kruiper wat oor die grond rank. *Monilaria moniliformis* word ook as ’n string of pearls gekategoriseer. Dit word ook die hasievetplant genoem omdat die blare soos haasoortjies lyk. Ek sal later vir jou een gaan wys. ’n Mens kry ook ’n plant genaamd die string of tears of *Curio citriformis* wat sulke traanvormige blaartjies het, maar,” hy verskuif sy blik, “ek wil eintlik vir jou hierdie een wys.” Die plant lyk soortgelyk aan die string of pearls, maar die blare lyk amper soos piesangs. “Dis klein dolfyntjies, sien jy?”

Nyx tel ’n plantstring op om dit van nader te beskou. Wragtag, sy sien die vinne wat by die blare uitsteek. “Wow, dis cool.”

“Nè? Dis ’n kruising tussen die gewone string of pearls en ’n candle plant.”

Luca tel ’n spuitbottel op en sproei water op ’n paar potjies. Die waterdruppels glinster in die lig.

Hulle loop verder deur al die rye. Luca stop elke nou en dan om nog te verduidelik hoe hulle na die plante omsien. Nyx voel vreemd veilig so tussen die plante. Sy dink aan mense wat sê jy moenie huise van glas bou nie. Hulle het duidelik nog nie kweekhuise van glas beleef nie.

“So, wat’s jou wortel?”

“My wortel?” Luca se wenkbroue brei saam.

"Ja, jou probleem. Jou geheim. Wat is dit?"

"O ..." Luca se stem is baie sag. Hy staar deur die glas na buite. "Niks te opwindend nie."

"Ek hou van vervelig."

Luca se oë rek. "Vir een of ander rede twyfel ek of dit waar is."

"Oukei, fine, ek doen nie. Vertel my in elk geval." Sy gaan moet leer om beter te jok as sy inligting uit hom wil kry.

"Ander dag, die plante het ore. En daar is nog baie wat ek jou moet wys. Kom, die son trek water."

Nyx sug gefrustreerd. Nes sy dink sy maak vordering. Sy sal van taktiek moet verander, Luca soos 'n ui benader, die lagies een vir een wegtrek. Of sý moet sy wortel word – een wat sy voor sy neus kan hang. So bietjie acting kan tog nie skade doen nie. En dit sal alles die moeite werd wees as sy hom gemanipuleer kry. Hy gaan die sleutel tot die ander wees en tot wat ook al hier op die plaas aangaan. Sy sal uitvind. Sy móét uitvind.

Nyx word bewus van 'n dowwe pyn in haar enkels. Die wrywing van die stap laat dit met elke beweging erger opvlam. Sy byt aan die binnekant van haar mond om haar aandag van die pyn weg te neem, plak 'n glimlag op. *Conceal, don't feel.*

Luca sluit geruisloos die volgende kweekhuis oop. Warm, nat lug wolk om Nyx. 'n Reeks sweetdruppels vorm oor haar voorkop. Dit lyk asof Luca haar, nes die plante, met 'n sproeibottel beetgekry het.

"Jammer vir die humiditeit. Die tropiese plante kan nie daarsonder nie. Die kweekhuis is so ontwerp om die temperatuur en vog te reguleer. Sien hier," Luca wys na 'n elektroniese toestel teen die glasmuur. "Dit wys heeltyd vir ons die stats hier binne sodat ons dit kan aanpas soos nodig."

"Jy kan nie dalk my stats aanpas nie?" vra Nyx. 'n Druppel sweet drup parmantig in haar oog. Dit brand.

"Ongelukkig nie. 'n Mens raak dit gewoond. Ahmed is gaande oor hierdie kweekhuis. Hy sê altyd dit herinner hom aan die huis."

"Ek neem aan hy identifiseer as 'n masochist." Niemand kan hierdie tipe marteling uit vrye wil geniet nie, tensy jy daarvan hou om soos 'n stuk vleis deur jou eie sweet gesout te word. Miskien is dit hoekom hy nog so jonk lyk. As sout kos vars kan hou, kan dit seker mense ook.

"Jy sal dalk hiervan hou." Luca beweeg nader aan 'n boomagtige plant. "Wil jy raai wat dit is?"

Die boom het groot peulagtige vrugte wat daaraan hang.

"Is dit familie van die piesang?"

"Dit is eetbaar, so jy is op die regte spoor. Dis 'n kakaoboonboom."

"'n Sjokoladeboom." Dít is iets wat sy kan ondersteun. *Viva le chocolat*.

Luca glimlag. "So iets. Die wetenskaplike naam is *Theobroma cacao*. Die naam kom van die Grieks wat 'kos van die gode' beteken."

"Daar het hulle die spyker op die kop geslaan. Ek love 'n goeie tjokkie."

"Hera ook."

Nyx se mond plooi. Sy weet nie of sy iets met haar ouma in gemeen wil hê nie. "Hou jy van haar? Hera."

"Ja, almal hou van Hera."

"Dis onmoontlik dat *almal* van haar hou."

"Paradys se besigheidskompetisie doen miskien nie. Sy's nogal suksesvol. Baie bekend binne sekere kringe."

"Watse kringe?"

"Jy weet, die spesiale plantbedryf."

"Spesiale plantbedryf? Dit klink soos code vir iets anders."

"Plante is maar net 'n spesiale bedryf."

"Right." Miskien moet sy maak asof sy baie belangstel in die plante en dan sal sy inligting oor die plaas kan kry. En die sogenaamde kringe. "So, vertel my van die spesiale plante. Hoe werk die cacaoboom?"

"Ek dog jy vra nooit." Luca hou 'n peul van die boom in sy hand vas. "Elk van hierdie peule bevat omtrent 20 tot 60 sade. Daar is verskillende variëteite met drie hoofgroepe: forastero, criollo en trinitario. Trinitario is 'n hibried van die forastero- en criollovariëteite en word gebruik in hoëkwaliteitsjokolade."

"Is hybrids nie ongesond nie?"

"Dis GMO's. Hibriede word op 'n natuurlike manier gevorm deur byvoorbeeld twee dele van verskillende plante op mekaar te ent. GMO-plante word in laboratoriums ontwikkel. Party mense beweer dit kan lei tot allergieë."

"Ek is nie allergies vir iets sover ek weet nie."

"Behalwe om te lag."

"Baie snaaks. Miskien as jy beter grappies maak."

"Of as jy 'n beter sin vir humor ontwikkel."

Dit voel vir Nyx asof sy woorde reg deur haar steek. Niemand praat so met haar nie. Sy drentel dikmond agter Luca aan deur die oorblywende kweekhuise. Die twee van hulle kom weer te staan by die area waar hulle aanvanklik uit die bos verskyn het.

Luca kyk na sy horlosie. “Laat ons aanstaltes maak. Ons kan gou gaan middagete eet.”

“Wag!” Nyx gryp sy arm. “Wat van daardie een?” Haar hand beduie na die een kweekhuis wat effens verwyderd van die ander staan. Die swartskaap. Sy hou dit nou al ’n rukkie dop. Die struktuur is kleiner as die ander kweekhuise, en dit lyk vervalle. Binne-in rank plante woes.

“Nee. Ons gaan nie na hom kyk nie.”

“Hoekom nie? Ek dog jy moet vir my wys hoe alles hier rond werk. Volgens my beteken die woord ‘alles’ dat daardie kweekhuis ook deel daarvan behoort te wees.”

“Net Hera gaan daar in, niemand anders nie.” Luca stap die bos in, Nyx trippelend agterna.

“Ag asseblief. Is sy soos die hoë priester? Ons is nie meer in die Bybelse tye nie. Daar gaan nie ’n weerligstraal uit die lug kom wat jou doodslaan as jy die reëls ’n bietjie buig nie. Hoe erg kan dit wees? Stoor sy lyke daar?”

“Daar is dinge wat jy nie verstaan nie, Nyx. Jy’s nog nie eers twee volle dae hier nie,” antwoord hy kortaf.

“Help my dan om te verstaan.”

Luca draai om sodat hy haar reguit in die oë kan kyk. “Ek het gesê nee.” ’n Vreemde emosie flits in sy oë. Irritasie? Woede?

Nee, dink Nyx, sy weet wat dit is, sy het dit al by haarself gesien.

Vrees. Luca is bang. Maar waarvoor? Dit kan tog nie iets met die plante te doen hê nie, hoe spesiaal ook al dit is.

“Kom, ons moet gaan eet.” Hy draai en begin stap. “Jy’t al jou elektroliete uitgesweet.”

Nyx is nog nie klaar met hom nie. As Luca wil hê sy moet geduld leer, is dit presies wat sy gaan doen.

## Hoofstuk 6: Achilles

Nyx sukkel agter Luca deur die bos. Dit voel asof haar voete gaan afval. Pyn skiet reëlmatig met elke tree by haar bene op.

Uitgeput sak sy op die pienk kussing neer. Trane brand in haar oë.

"Is jy oukei?" vra Luca besorgd.

"Nee, ek is besig om dood te gaan."

"Ons gaan nou eet. 'n Bietjie honger sal jou nie skade doen nie."

"Nie dood van hongerte nie, van pyn." 'n Traan ontsnap uit haar oog en streep 'n spoor oor haar wang. Sy buig haar kop vooroor sodat Luca nie sien nie. Met bewerige vingers begin sy haar stewels se veters lostrek.

"Ah, nou verstaan ek." Luca skud sy kop en buk af om haar voete van nader te bekyk. "Jy was toe jou eie achilleshiel."

"Ek sien jou grappies verbeter nog nie." Verlig wikkel Nyx die eerste stewel los. Bloed slaan deur die agterkant van die sokkie.

Luca se oë rek. "Wag, laat ek die noodhulptassie gaan haal." Hy sink weg in die bos.

Nyx wikkel die tweede stewel los. Die sokkie het al aan haar enkel begin vasplak. Stukkies lap sit in haar rou enkel vas. Sy trek die twee sokkies uit. Selfs haar een toon het in die slag gebly. Bloed vorm 'n mooi rooi raampie om haar groottoonnael.

Nyx lig haar voete om na die onderkante te kyk. Dis gelukkig nog in een stuk. Sy ril toe sy weer na die bebloede sokkies loer. Ook maar goed sy het nie enige drome om medies te studeer nie.

Luca verskyn met die tassie mediese voorraad. Hy het sy pet afgehaal terwyl hy weg was. Haar ridder met 'n bos wit-blonde hare. Sy hare lyk vir Nyx nes 'n halo om sy kop.

Hy kniel by haar voete. "Jy het miskien jouself in die hakskeen gebyt, maar gelukkig het ek wonderhande."

"Ja, oukei, ek was verkeerd. Is jy nou gelukkig?" snip Nyx.

"Ek gaan eers gelukkig wees wanneer jy weer op die been is." Luca lig versigtig haar een voet op. Nyx frons. Sy hou nie daarvan dat hy so naby is nie.

"Maak net gou."

Luca se hand bly om haar voet. Vir wat is die man so vatterig?

"Wees jy net rustig. Goeie dinge vat tyd." Luca vee die ergste bloed aan die agterkante van haar enkels met 'n nat lap af, grawe in die tassie rond, en trek 'n bottel kruiemengsel uit. Die groen mengsel seil met 'n glibberige geluid uit die houer tot op Luca se hand.

“Wat op aarde is dit?” Nyx voel skoon naar. “Het julle nie eerder Dettol nie?”

“Sterkte om dit hier te kry.”

“Regtig, Luca, wat is dit? As jy my gaan vergiftig, moet jy dit asseblief vinnig doen. Ek is nie goed met pyn nie.”

“Ja, ek kan so sien.” Luca smeer die verbande vol van die kruie. “Jy kan ontspan, as ek jou wou vergiftig, is daar baie beter en vinniger maniere om dit te doen.”

“Hoe gerusstellend.”

“Hierdie mengsel is een van Hera se spesialiteite. Jy sal sien, môre is jy weer byna perdfris en gesond. Dit kan amper alles genees.” Hy bly ’n oomblik stil. “Amper. Daardie dikbek van jou sal jy self moet regdokter.”

“Sien is glo, ek vertrou nie julle boereraad nie.”

Luca draai versigtig die verband om haar enkel. Sy vingers beweeg so liggies, dit laat haar vel kriewel. Nyx het verwag dat die vreemde konkoksie gaan brand, maar dit voel koel. Die reuk slaan in haar neus op.

“Tiemie?” vra sy tentatief. Sy herken die reuk van een van die plante in die kweekhuis.

“Mooi, jy het darem iets geleer vandag. Dis een van die bestanddele. Oor ’n paar weke sal jy klomp ander ook kan uitken.”

Luca draai die verband om haar ander enkel en steek dit met haakspelde vas. Hy plak ’n pleister oor haar toon.

Nyx kyk af. Die pleister het ’n flippen Winnie de Pooh-patroon. Sy skaam haar dood.

“Nou vir die belangrikste.” Luca grawe in die plastieksak wat hy saamgebring het en bring ’n paar neongroen tekkies te voorskyn.

Nyx se gesig verstar. “Jy grap seker.”

“Nie hierdie keer nie. Dis ongelukkig die enigste paar wat ons het wat vir jou behoort te pas.”

“Wel, dit pas nie by my outfit nie.”

“Ek dink nie modes is die belangrikste ding waaroor jy jou nou moet bekommer nie. Buitendien, as jy hard genoeg werk, is dit binnekort vol modder en dan kan jy khaki-skoene hê.”

“Wow, ek sien vreeslik uit.” Met net die punte van haar vingers neem Nyx die skoene by Luca. Die goed lyk nog erger van naby. Haar neus frommel asof sy ’n stuk stront ruik. “Dit lyk soos snot.”

Luca proes. “So bietjie.”

Nyx kan nie help om saam te giggel nie.

“Kyk nou net. Hera se kruie werk toe wél op negatiwiteit. Kom ons kyk of middagete dieselfde uitwerking het. Hoe voel jy daaroor as ek gou vir ons kaasbroodjies gaan maak?”

“Positief, solank die kaas nie ook neon is nie. Maar kan jy dit sommer na my kamer toe bring? Ek wil baie graag gaan stort.”

“Geen probleem. Wees net versigtig dat die verbande nie te nat word nie.”

Nyx sukkel regop. “O, wat van die groentetuin wat jy my vanmiddag sou wys?” “Toemaar, dit kan wag tot môre. Jou voete kry voorkeur.”

Nyx se skoon klere plof op die boomstop neer. Die vuurhoutjie vat dadelik toe sy dit wild teen die vuurhoutjiedosie trek. Die houtstoppe vat vlam.

Ten spyte van haar irritasie oor die oggend, probeer sy tog om na Luca te luister om nie die verbande te laat natraak nie. Die v-posisie wat sy in die stort aanneem, voel vreemd. Hier staan sy soos die donnerse Eifelltoring in ’n stort wat uit rooskwarts bestaan met kruieverbande aan haar enkels en ’n Winnie de Pooh-pleister op haar toon. Dit klink soos iets uit ’n fliek. ’n Tragic comedy. Tragies vir haar, snaaks vir die res.

Nyx draai die krane toe. Die koperkrane pas by die pienk rots wat die stortmure vorm. Haar hand vryf daaroor. Die rotsmuur voel grof, maar die stortvloer is glad onder haar voete. Die rots is seker ook een van Hera se wonderidees. Die steen het waarskynlik een of ander magiese kwaliteit.

Die kaasbroodjie lê en wag op haar bedkassie toe sy in die kamer kom. Sy besef nou eers sy het nooit vir Luca gesê waar haar kamer is nie. Dit beteken hy weet waar sy bly. Sou dit hy gisteraand in die bosse wees?

Nee, kan nie wees nie. Hy’t nie vanoggend gelyk asof hy haar herken nie. Tensy hy ’n fantastiese akteur is.

Nyx kou vinnig die broodjie en gaan lê op die houtbed. Dit sug onder haar gewig. Die neongroen tekkies is presies in lyn met haar oog waar dit op die spieëltafel vir haar terugstaar. Sy draai om op haar ander sy sodat sy eerder na die muur kan kyk. Die skoene is lelik genoeg om vir ’n mens nagmerries te gee. Sy’t dit nie nodig nie, haar lewe is reeds besig om in een te verander.

Slaap kom onrustig.

Nyx is in ’n donker bos. Haar voeteval weerklink tussen naggeluide. Asemhaling soos dié van ’n groot dier blaas agter haar aan, maar wanneer sy omkyk, is daar niks. Die pad hou aan en aan en aan totdat sy eindelik uitasem en met ’n natgeswete voorkop wakker skrik. Haar arms is in die laken verstrengel van al die gerondrollery. Sy wriemel haar uit die lapweb los.

Is dit 'n premonition?

Haar en haar ma se verhouding gaan nou nie pryse wen nie, maar Magrieta sou tog nie haar eie dogter op 'n weird plaas laat doodgaan nie. Of sal sy? Hoe goed ken Nyx régtig haar ma?

Dis die vrees op Luca se gesig wat sy nie uit haar gedagtes kan kry nie.

Wat is in daardie laaste kweekhuis?

## Hoofstuk 7: Die kat het uit die boom geval

Die kamerdeur is oop. Iets donker beweeg verby die opening.

Nyx sit vinnig regop in die bed. Dit kraak. Haar gesig vertrek. Stilletjies swaai sy haar voete van die bed af tot op die vloer. Die pyn in haar enkels pols dof.

Sy moet soek vir ’n wapen. Op die spieëltafel lê ’n haarborsel.

Borsel in die een hand skuifel sy tot by die ingang. Haar hart klop wild in haar bors. Iets tref haar. Sy voel naels krap.

“Ahh!”

Nyx kyk af. Die swart kat vleg deur haar bene.

“Oh.” Die borsel sak tot langs haar sy.

Idiot. Wat wou sy anyway met ’n borsel regkry? Bleddie moderne Rapunzel hier. ’n Pan sou beter werk.

“Is dit jy wat my deur oopgemaak het?”

Die kat meow saggies.

Nyx glimlag en vryf agter die kat se ore. Sy’s mal oor katte, al mag sy nie ’n troeteldier kry nie. Te veel hare, sê Magrieta.

Skielik golf die kat se rug. Hy staan styf teen Nyx se bene en bespied die bos.

Nyx kyk op. Die bosse roer nie. Sou daar iemand wees?

Die kat bly vir byna ’n minuut so staan totdat hy uiteindelik ontspan en na een van die tuinpaadjies begin stap. Nyx gooi die borsel op die bed en maak die deur agter haar toe. Sy gaan die kat volg. Dis beter om nie alleen te wees nie. En sy wil in elk geval vir Hera vir die kamersleutel gaan vra.

Die kat sit nou oorkant haar. Sy kop is effens na links getiep terwyl hy met sy groen oë haar bewegings dophou.

“Ek dink hy hou van jou.”

“Natuurlik doen hy. What’s not to like.” Nyx kyk hoe Gemmer se swart stert om Hera se arm rank.

Hera sluk stadig haar springroll af en streel met haar vry hand oor die kat se kop.

“Die arme ding gaan nog eendag ’n identity crisis kry oor sy naam.”

Hera glimlag skalks. Dit groei totdat sy nes die Cheshire cat lyk: meer glimlag as gesig. “Ag wat, katte kan mos nie Afrikaans praat nie.”

Gemmer lig sy kop vraend op na Hera. Nyx sien hoe sy snorbaarde tril. “Lyk vir my asof hy jou baie goed verstaan.”

Hera se hand glip weer oor die swart fluweel van Gemmer se kop. “Dis omdat hy mense se energie kan aanvoel.” Hera se oë flits op. “Jóú aura ook.”

“As ek ’n slegte aura het, is dit daai pienk rots in die stort se skuld.” Nyx sit smalend agteroor sit. Die kussing maak dat sy wil-wil agteroorbollemakiesie.

Een van Hera se wenkbroue lig parmantig. “Lyk my jy’s amper jou balans kwyt. Jy moet bly wees oor die rooskwarts,” koer sy.

“Is dit so?”

“Elke steen het sy eie frekwensie.”

“Soos ’n radio?”

“Hmm, amper. Eintlik het alles in die kosmos ’n unieke frekwensie. Mense ook. Die ‘vibe’, soos julle dit noem.” Hera se vingers vorm hakies in die lug.

Nyx slaan weer amper agteroor. Hoe weet haar ouma van vibes?

“Emosies het ook frekwensies: liefde, woede,” Hera kyk Nyx direk in die oë, “vrees.”

Waddefok. Nyx probeer sluk, maar dis asof haar adamsappel in haar keel vassteek. “Hoe goed is julle sekuriteit op Paradys?”

“Hoekom vra jy?”

“Ek dink ek het iemand gisteraand in die bos by my kamer gesien.”

Hera lag, maar dit klink vir Nyx geforseed. “Onmoontlik.”

“Is dit?”

“Hier is net een ingang na die plaas en ons sluit elke aand al die kleiner hekkies op die plaas.”

“En kameras?”

“Ek glo nie in kameras nie.”

“Nou waarin glo jy? Beskermengele?”

“Common sense, meestal.”

Nyx byt op haar onderlip. Hera stuur ook ’n frekwensie uit. Sy dink Nyx se verbeelding is op hol. Maar sy wéét daar was iemand.

Die kamersleutel druk teen haar been in haar broeksak. Ten minste het sy nou dit. Maar sy moes weer hier buite wag terwyl Hera die sleutel in die huis gaan haal. Hoe lank kan dit nou vat om op te ruim?

Vreemd dat Hera eers die voordeur van die plaashuis moes oopsluit om in te gaan as daar geen gevaar hier op Paradys is nie.

“So, uh, wat presies wil jy met die rooskwarts regkry?” Haar toor? Bedwelm? Haar stenig? Excuse the pun.

“Rooskwarts is die steen van onvoorwaardelike liefde.” Hera neem ’n sluk tee. “Hmmm, mens gebruik dit ook vir innerlike vrede.”

Nyx voel alles behalwe vrede op hierdie oomblik, innerlik of uiterlik. “Is dit ’n skimp?”

“Wel, jy kan slegs energie uitstuur as daardie energie reeds binne-in jou bestaan. Dis my interpretasie van jou naaste liefhê soos jouself.”

“Is jy dan religious?” Hulle sou Hera in die ou dae al lankal op ’n brandstapel verkool het sodat daar slegs ’n hopie as van haar oorbly. Of haar in ’n donkie gesit het om vir die mense warm stortwater te gee. Dís nou hoe ’n mens groen kan wees.

“Religie is mensgemaak, geloof is iets wat jy voel. Dit kan nie geskep word nie, dit is net.”

Vrees is ook iets wat jy voel, en op hierdie oomblik word dit deur Hera geskep.

“So, jy’s wat? Gelowig?”

Hera knik.

“Jy glo net nie in kameras nie?”

Hera lag. “Ek dink jy sal goed hier inpas, Nyx.”

Sy’s nie so seker nie. Vanmiddag se nagmerrie spook by haar. “Het jy al enigiets van my ma gehoor?”

Hera vat nog ’n sluk groentee. “Sy’s veilig in Switserland. Sy’t wel gesê hulle het ’n baie vol skedule, so ons gaan nie veel van haar hoor nie.”

“Enigiets spesifiek vir my?”

“Nie wat ek nou kan onthou nie. Jy weet hoe is jou ma.”

Nyx knik. Sy weet maar te goed. Magrieta drink seker op hierdie oomblik lekker champagne en maak small talk met kamma-belangrike mense. Weet jy wie is actually belangrik? Haar dogter. Wat nou hier moet sit en wonder oor vreemde mense wat haar in die bos beloer en oumas wat nie in basiese veiligheid glo nie.

Nyx skrik toe Gemmer hom skielik by Hera loswriemel. Met sy swart pootjies trippel hy katvoet tussendeur die borde. Dit lyk eers asof hy haar gaan bespring, maar dan druk hy sy kop liefdevol teen haar knie. Sy steek haar hand versigtig uit om oor sy koppie te streel en krap al langs sy lyfie totdat ’n diep purr-geluid uit hom vibreer. Sý frekwensie. Of is dit ’n waarskuwingsein?

“Hulle sê katte se purr-geluide kan mense help genees, selfs om gebreekte been te laat teruggroei.”

“Dis cool.” Tensy Hera beplan om iemand se bene te breek. “Gemmer moet dalk langs my voete kom purr. Miskien help dit vir seer enkels ook.” Dis al ’n paar uur nadat Luca die verbande aangesit het, maar daar is steeds die dowwe pyn.

“Ek hoor jy’t nie vreeslik vertroue in my boereraad nie.” Hera glimlag weer haar Cheshire-glimlag. As die plantbedryf nie vir haar uitwerk nie, kan sy altyd tandepasta-advertensies probeer.

“Ek is eerder bekommerd oor wat daarin is. Ek sal dit nogal waardeer as my voete nie afval van een of ander infeksie nie.”

“Ag, dis meestal kruie. En so bietjie van my persoonlike toorkrag.”

Nyx trek vir haar nog ’n springroll nader. Sy het nog steeds ’n knop in haar keel oor die persoon in die bosse. Miskien kan sy dit met kos wegsluk.

“Die meeste van die kruie is oorspronklik deur die Khoi-mense gebruik. Die Afrikaners het baie van hul kennis by die Khoi gekry.” Hera staan op en gaan breek ’n blaar by een van die plante af. “Hier.” Sy hou die blaar sodat Nyx die glibberige binnekant kan sien. “Aalwyn is seker een van die bekendste. Jy kan die vars blare sommer so oopsny en die binnekant op ’n wond smeer, of jy kan aalwynkristalle vir hardlywigheid drink.”

Nyx verstik byna aan die stukkie springroll waaraan sy senuweeagtig sit en kou. “Ek het nie daardie tipe probleem nie, dankie.”

“Die Khoi het ook boegoe aan die mense bekendgestel. ’n Ander een is kruidjie-roer-my-nie. Die blare is giftig, so moet asseblief nie aan jou enkels suig nie.”

“Weet jy, snaaks genoeg was ek nie van plan gewees nie.”

“Die Khoi het ook geglo dat kruidjie-roer-my-nie vir slangbyte gebruik kan word.”

Die kruie laat Nyx weer aan die kweekhuise dink. Een spesifieke kweekhuis. En een spesifieke mens. “Hoekom het Luca nie saam aandete geëet nie?” Nyx kan haarself skop dat sy gevra het. Nie dat sy enigiets het om weg te steek nie.

Hera kyk nie op van waar sy die borde begin opmekaarstapel nie. “Hy gaan gewoonlik huis toe in die aand. Hy en sy ma woon so paar kilo’s buite die dorp. Soggens ry hy met sy fiets hierheen.”

“O”. Dit verduidelik die kuite.

“Jy sal hom môre weer sien.” Nyx kan die spot in Hera se stem hoor.

“Ek hou nie van hom nie, ek wil myself net emosioneel voorberei vir sy irreterende gevreetjie.”

“As jy so sê.”

Gemmer meow hard asof hy Hera se stelling beaam. Nyx skiet ’n gluur in sy rigting. Sy is seker die kat kan haar gedagtes lees.

Nyx sukkel die aand om aan die slaap te raak. Gedagtes flits deur haar kop: Hera se woorde oor die rooskwarts, Luca, die spesiale plante, haar ma wat haar net hier gelos het, daardie vreemde kweekhuis. Die persoon in die bosse.

Sy wonder nie meer nie. Sy is seker dit was ’n mens. Dis hoekom Gemmer so vreemd gereageer het. Hy kon ook die persoon aanvoel.

Nyx druk haar kop in die sagte verekussing en skree. Die klank word opgeslurp.

Lirieke sing in haar kop. *All of the time, I’m thinking ’bout things too much, and then I end up outta touch and feel a lot less real than before.*

Dis ook al manier wat sy musiek gaan hoor. Haar foon lê met sy gitswart skerm in die spieëltafel se laai. Dis ’n bleddie pyn om sonder haar musiek te wees. En Hera het nog nie eers vir haar die sonkragstelsel gewys nie. Leë beloftes.

Vanaand is dit net sy en die naggeluide wat haar geselskap hou. Of miskien iemand wat met sy oor teen die deur luister hoe sy asemhaal. Lieflik. Veral daardie dónnerse uil wat elke paar minute roep asof hy reminders gestel het.

Nyx smyt die kussing weer terug op sy plek en probeer haar lê kry.

As sy net geweet het wie sy kan vertrou. Luca is seker nog steeds ’n opsie, maar dit lyk asof hy te involved is met almal hier. Veral Hera. Sy’s soos ’n ma vir hom. Hy sal haar beskerm.

Ugh. Dis warm.

Nyx skop die komberse af. Nou voel sy te oop. Sy trek die laken oor haar vir beskerming.

Nes sy wil-wil aan die slaap raak, ruk ’n harde slag haar uit haar sluimering. Helder lig flits deur die hortjies van die vensters. Reën sak meteens uit. Groot druppels hael donderend op die sinkdak neer.

Oorlog, dink Nyx. Dit klink soos oorlog.

## Hoofstuk 8: Op die oog af

*"Your intuition is the most honest friend that you will ever have." – Doe Zantamata*

Die neongroen tekkies aan Nyx se voete sink in die klam grond weg. Sy wens sý is die een wat kon wegsink. Maar gesonde voete is seker beter as 'n gesonde sin vir styl.

Sy kyk na die groentetuin. Dis in 'n groot sirkel uitgelê. Sonlig weerkaats op die waterdruppels wat aan die blare kleef. 'n Mens kan nog die nag se reën ruik. Petrichor – plantolies wat met die reën meng. Só het Hera tydens ontbyt verduidelik. Dit het iets te doen met *ikhôr* – Grieks vir 'n vloeistof wat deur die gode se are gevloei het.

Die een tekkie suig weer aan die modder vas. Nyx trek dit met 'n aaklige sloepgeluid uit die nat grond los.

Wat haar meer ontstel as wat óm haar voete met die vieslike stel tekkies gebeur, is wat mét haar voete gebeur het. Vanoggend toe sy opstaan, was dit weg. Die pyn in haar enkels. Kruie kan mos nie so vinnig werk nie? En tog, dis wat Luca gesê het gaan gebeur.

Gepraat van die duiwel.

Sy moet nou heeltyd na sy rug kyk terwyl hy haar deur die groentebeddings begelei. Sulke breë skouers. Noudat sy hom weer so bekyk, kan sy hom ook nogal sien in so 'n Griekse pakkie soos dié van die gode. Hy lyk nes een van daardie kunsstandbeelde met sy goudblonde krulle. *Ikhôr*, die goed in die gode se are, was ook glo goud. Hera sê wanneer gewone mense daarmee in kontak gekom het, het hulle gesterf.

*Don't touch. Don't touch, don't touch, don't touch,* hoor sy Tai Verdes se stem sing.

Ahmed beweer sy gaan op Paradys in kontak kom met iets baie belangriker. Haar ware self. So asof sy tot nou nie 'n regte mens was nie. Hy het daarop aangedring dat Luca haar ná die groentetuin eers die labirint moet laat loop as 'n "maklike manier om te mediteer".

Gelukkig is sy en Luca vir eers na die middel van die groentetuin op pad: die tuin se kern, sy ware self, wat in dié geval 'n reuse avokadopeer boom is.

Nyx kan van ver af sien hoe 'n paar donkergroen vrugte aan die boonste takke van die avoboom hang. Terwyl hulle stap, pop daar elke nou en dan 'n hoed tussen die plante uit. Werkers buk op-en-af om die plante te snoei. In die beddings langs die paadjie rank plante teen piramiedvormige houtstellasies uit. Links van hulle begin wortels net-net uit die grond stoot terwyl daar aan die regterkant spinasie dig op mekaar staan – die blaarstele in skakerings van oranje, pers en wit.

"Nyx, ek wil hê jy moet vir Irene ontmoet. Sy is die een in beheer van die groentetuin." Luca het gaan staan by een van die koppe wat by 'n bos buk.

Nyx loer na die vrou wat ’n digte laventel probeer tem. Irene se wapen, die massiewe tuinskêr, sukkel om deur die taai takke te hap.

Miskien is sy ’n moontlike confidant?

Die karamelkleurige krulletjes op Irene se kop spring rond toe sy regop staan om hulle te groet. Stukke songestreepte hare probeer uit die kleurvolle lint wat om haar kop bind, ontsnap.

Magrieta kry die horries as sy dié wilde hare sien.

’n Ligte geel ondertoon skemer deur Irene se vel. Sy’s ook nog jonk, miskien middel tot laat twintigs. Sy wikkel haar een tuinhandskoen af. ’n Delikate hand verskyn. Fyn getatoeëerde patroontjies stippel oor haar vingers. Die lotuspatroon is op haar middelvinger gestempel.

Interessante look vir ’n tuinier.

“Hallo, Luca.” Irene se amber katoë zoem in op Nyx. “So, jy is dan die misterieuse kleindogter. Jy lyk ’n bietjie op ’n jonger Hera. Iets in die neus,” beduie sy.

Nyx ontvang Irene se handdruk. Daar is krag in die klein vingers se greep. “Is dit ’n kompliment of ’n belediging?”

“Vir jou of vir Hera?”

Nyx rol haar oë. “Ek moes geweet het ek gaan nie ’n reguit antwoord kry nie. Mense hier rond weet blykbaar baie, behalwe hoe om ’n mens se vrae te beantwoord.”

“Waarheid en antwoorde is vloeibaar. Een antwoord wat jý vir mý kan gee, is oor of jy gou kan hand bysit?”

“Het ek ’n keuse?”

“Nee, maar dis goeie maniere om te vra,” grinnik Irene.

“Ek gaan julle twee dan eers alleen los,” sê Luca.

Nyx wil nog iets sê, maar Luca beweeg reeds na van die ander werkers toe. Die groepie mans waarheen hy stap, het almal groen oorpakke aan. Hulle stapel kratte groente opmekaar om in ’n waentjie te laai. Sy kyk hom verlangend agterna. Hy was haar skild, ’n buffer teen al die nuwe bekendes.

Nyx draai stadig om na Irene. “So, wat doen ons?”

“Jy het die absolute eer om my te help om avokadopere te pluk. Dis die agterosse van die seisoen. Ek kort iemand om die leer vir my vas te hou.”

Die leer staan gestut teen die stam en verdwyn in die takke. Die boom is reusagtig. Dit moet so oud soos die plaas self wees.

Nyx posisioneer haarself sodat sy ’n stewige greep aan die kante van die leer het. Irene het reeds die takke van die boom bestyg.

Kan avobome so dig te wees? Of het dit ook iets uit te waai met Hera se vreemde toorkrag?

Irene skree iets van bo af.

"Wat?" Nyx soek tussen die takke, maar sien niks, net die leë sparre vat teen die stam opklouter.

"Ek sê: Jy gaan my nie laat val nie, nè?" roep Irene.

"Nee!" Wat het geword van 'n bietjie vertroue, hè?

"Hoe is dit sover hier op die plaas vir jou?" roep Irene weer.

Hoe kan die vrou so gemaklik wees? As dit sy was, het sy lankal afgedonner en haar nek gebreek, dink Nyx. "Ek sal eerder by die huis wees!" Dit voel asof sy met 'n spook gesels.

"Los gou daar, en kyk boontoe."

Nyx tree onder die takke uit. Irene se kop verskyn aan die bokant van die boom.

"Vang!" 'n Avokadopeer trek deur die lug. Die beweging laat Nyx instinktief afbuk. Die vrug plof op die grond tot stilstand.

"Hey! Ek het gesê vang, nie laat val nie. Ons soek nie gekneusde avokadopere óf gekneusde Nyx'e nie."

"Fine." Nyx staan weer regop.

Irene vuur nog 'n avokadopeer af. Die vrug kom in Nyx se hand tot rus.

"Gooi sommer daar in die mandjie by jou voete," wys Irene.

Die proses word herhaal totdat die mandjie byna volgelaai is. Nyx voel so half en half soos 'n hond wat catch speel met sy eienaar, tog vlam selfvertroue deur haar. Weet jy, dis eintlik soos visvang. Of fietsry. As jy dit eers het, is jy reg.

"Laaste een!"

Die avokadopeer kom met 'n spoed afgepeil. Voor sy mooi weet wat gebeur, tref dit Nyx kolskoot in die middel van haar wenkbroue.

"Eina!" Haar oë begin traan.

Irene sit in die boom en skater. "O, jinne." 'n Tak kraak.

Nyx kyk bekommerd op, die pyn vir eers vergete.

"Ek's fine!"

Dit maak een van ons.

"Hou gou weer die leer vas!"

Nyx stoom na die leer. Sy suig haar wange in. Flippen stank vir dank.

Irene se bene verskyn oomblikke later op die sparre. Sy giggel toe sy haar voete op die grond neersit. “Daardie avokadopeer het jou nou reg op die derde oog getref. Miskien kom daardie antwoorde wat jy soek sommer vanself na jou toe.”

“Ja, Irene, ek is oukei, baie dankie dat jy vra.” Nyx vryf oor haar voorkop. Sy hoop nie dit gaan opswel nie. Sy gaan nes ’n renoster lyk.

“Hulle noem die derde oog ook die pineal gland.” Irene tik op die spasie tussen haar wenkbroue. “Wetenskaplikes het weefsel in die gedeelte ontdek wat dieselfde is as dié in jou oë. Een van daardie mysteries.” Haar hande fladder soos twee jazz hands. “Dit stuur allerhande seine na jou liggaam toe uit.”

“Dit kon gerus gesignal het dat ek moet buk.”

Irene lag, ’n fyn laggie, soos klokkies. “Dis nie heeltemal hoe dit werk nie.” Sy trek ’n hangertjie voor by haar hemp uit. Dit het ’n sirkelvormige houtkring wat daaraan hang. Sy wys na die hangertjie. “Jy sien hierdie patroon. Dis wat hulle gebruik as simbool vir die pineal gland. Sacred geometry. Hierdie hout kom van ’n protea.”

Irene laat sak weer die hangertjie onder haar hemp se kraag in. “Anyway, een van die filosowe het die derde oog gesien as die skakel tussen die fisiese en spirituele wêreld. Soos ’n portal. Jy kan dit aktiveer deur meditasie.”

“Ah, nou verstaan ek. Jy het met Ahmed gepraat.” Nog iemand wat haar wil lei op die weg na enlightenment.

“Wat het Ahmed hiermee te doen?”

Nyx vou haar arms. “Hy wou vanoggend sy opinies oor meditasie op my afdruk.”

“Dit klink nie soos die Ahmed wat ek ken nie. Dis seker net ’n synchronicity. Die universe se manier om met jou te kommunikeer.”

“En wat wil dit vir my sê?”

“Dit laat weet jou of jy op die regte of verkeerde spoor is.”

“Nogal confusing as dit albei kan wees.”

Irene skud haar kop sodat haar krulle rondbons. “Dis hoekom jy daardie intuïsie moet gebruik. Ek wil hê jy moet iets sien.”

“Ek’s te bang om te vra.”

“Klim jý gou in die boom.”

“My intuïsie sê vir my dis nie ’n goeie idee nie.” Nyx kan voel hoe haar keel toetrek net deur daaraan te dink.

“Jou intuïsie werk nog nie. Kom, ek hou vir jou vas.”

Nyx se bene bewe só dit voel vir haar of sy op een van daardie belaglike oefenmasjiene staan wat jou so rondskud. Sy sluip voetjie vir voetjie by die leer op. Dis asof die sparre onder haar voete smelt. Haar hart hamer in haar borskas. Dis dieselfde gevoel as in haar droom.

Verlig trap sy op die hoogste spar. Sy’s nog omring met blare. Wat nou?

“As jy by die bopunt van die leer kom, gaan jy self die laaste stuk moet klim!” gil Irene.

Boomklim? Irene is mal. Heeltemal crazy.

Nyx loer na die tekkies. Die goed is skreeulelik, maar hulle beter haar nou hier help.

Aapagtig begin sy die takke aandurf. Haar kop druk bo soos ’n puisie uit. Sy skep diep asem voordat sy haar nek draai om die uitsig in te neem.

Wow.

Van hier bo af kan ’n mens die hele uitleg van die groentetuin sien. Sy het nie besef die beddings is volgens patrone uitgelê nie. Blaarslaaisoorte bol saam om polkakolle te vorm. Sprietuie en ander kruie vorm golwende lyne daarom.

Nyx draai haar kop verder regs. Sy wil sien hoe die hele storie op die plaas agtermekaar steek.

Donnerse Hera.

Slegs lusmakertjiedele van die geboue loer tussendeur die bome. Dis net sowel iemand bied vir ’n honger kind ’n blokkie brood aan en sê vir hulle hulle sal self moet soek na die res.

Nyx draai haar kop terug. Nou moet sy weer die pad af aandurf. Wie kan op, kan seker ook af. Alles is anyway reeds besig om afdraande te beweeg, dit behoort nie te moeilik te wees nie.

Haar voete trap dankbaar op die grond.

“Dis cool, hè?” Irene se kop beweeg op-en-af soos ’n bobblehead-pop.

“Sure. Vir wat is die plante in ’n patroon gerangskik?”

“Dis ’n mandala. Hera doen niks hier rond sonder dat dit ’n betekenis het nie.”

“Daar’s van hulle in die kamer geverf waar ek bly.”

“Dis ook die simbool vir individuasie. Dit gaan daaroor om jou skaduwee te konfronteer en dan vrede daarmee te maak. Facing your demons kan ’n mens seker sê.”

Irene gaan staan by die leer en trek dit stadig onder die takke uit.

“Luca het ook al iets van ’n mens se skaduwee gesê.”

“Ag shame, ja, hy moes ook sy eie verlede konfronteer.” Irene sit die leer op die grond neer.

“Wat presies bedoel jy met sy verlede?” Nyx se ore is gespits. Dalk is Irene tog ’n goeie inligtingsbron.

“Dieselfde ou storie. Moeilike familie.” Irene versprei ingedagte die avokadopere in die mandjie. “Sy pa het hulle gelos vir sy nuwe stukkie.” Irene se oë rek. “Jong girl. Kon sy dogter wees. Hulle twee en die nuwe halfboetie en -sussie sit nou êrens oorsee.”

“Is Luca in kontak met hulle?”

Irene staan regop en kruis haar arms. Sy kyk na die groepie tuinwerkers waar Luca staan en gesels. “Nie waarvan ek weet nie. Nie dat hy veel oor sy familie praat nie. Kan jy hom kwalik neem?”

“En sy ma?”

Irene klik haar tong en draai terug na Nyx. “Sy’t nooit heeltemal daaroor gekom nie. En dan nog om na hom te kyk. Dis was net te veel.” Irene skud haar kop en kyk rond of iemand gaan hoor. “Toe gryp sy na die bottel,” fluister sy.

“Sjoe, dis rof.” Rof genoeg vir Luca om by ’n cult betrokke te raak? Die cults sonder mos gewoonlik mense uit wat vulnerable is, is dit nie? Is die merk op Luca se wenkbrou dalk van sy pa of ma? ’n Aand waar iemand te ver gegaan het?

“Sy is gelukkig al ’n paar jaar skoon,” sê Irene asof sy Nyx se gedagtes lees.

“Hmm, dis goed. En Luca? Hoe het hy hiér beland?”

Irene lag, haar neus kreukel. “Jy het agtergekom ons is ’n vreemde versameling mense hier bymekaar, nè? Hera het vir Luca onder haar vlerk geneem. Hy was seker so tien toe hy hier aangekom het. Skoon uitgeteer, volgens Hera.”

“Het Hera hom weggevat by sy ma?”

“Nee, niks soos dit nie. Sy ma was in rehab in daardie tyd.”

“Oh. En skool?”

“Hera het hom self geleer, maar vir hoërskool het sy hom koshuis toe gestuur. Niemand weet waar die geld vandaan gekom het nie, en niemand het gevra nie. Ek neem aan die plaas se besigheid het toe al begin geld maak.”

Nyx frons. Dit is nogal vreemd. “Maar hy’s nou klaar met matriek?”

“Jip. Laas jaar klaargemaak, en nou help hy vir eers hier uit.”

Dit beteken hy moet so negentien wees. Darem nie te oud nie. Vir ’n vriend. Sy wonder hoe hy dit in die koshuis gemaak het. ’n Liefde vir plante gaan jou nou nie juis in die regte kringe laat beland nie.

“En ná rehab. Wat gebeur toe met sy ma?”

“Sy het teruggekom. Nou is sy ongelukkig siek. Haar niere en lewer het maar ’n knock gevat van al die drank. Shame, Luca kyk nou na haar. Dit lyk nie asof sy nog lank met ons gaan

wees nie, so ek dink hy wil soveel as moontlik tyd saam met haar deurbring voor … wel, jy weet. Hera het ook al probeer. Kruie gestuur, maar die skade is te erg."

Nyx weet nie regtig wat om te sê nie. Magrieta is miskien nie die beste ma nie, maar sy wil ook nie hê sy moet doodgaan nie. "Kan iemand anders nie ook help om na haar te kyk nie?"

Irene skud haar kop. "Hardekop. En trots. Sy wil nie regtig hê enigiemand moet haar so sien nie."

Nyx knik. "Ek ken hardkoppigheid."

"Ek dink Hera wou juis hê jy en Luca moet oor die weg kom oor julle ma's."

Nyx voel 'n verandering in Irene se houding aan. "Oor die hardkoppigheid?"

"Uh, so iets." Irene se gestewelde voet krap in die grond. Sy buk af en vryf een van die plante naby hulle se blare tussen haar vingers. "Ruik hier." Sy hou haar hand na Nyx uit.

"Ruik soos suurlemoen?"

"Suurlemoenmalva. Ek sal jou later die ander soorte malvas wys."

"So, wat's jou storie dan? Jy sê Hera neem almal onder haar vlerk. Wat het met jou gebeur?"

Irene glimlag. "Ah, dit is vir jou 'n boring verhaal."

"Verveel my."

Irene lig haar skouers. "As jy daarop aandring. Die kort en die lank is: Ek het nooit heeltemal ingepas nie. My gemengde bloed het my 'n teiken op skool gemaak. Ek het 'n akademiese beurs gekry wat my so half verplig laat voel het om te gaan studeer. Die graad het redelik vinnig misluk, maar ek het dit voorspel." Irene tuur weer uit oor die tuin. "En toe bring die noodlot my en Hera toevallig by 'n mark bymekaar. Nou's ek hier. Tussen die plante. Sielsgelukkig."

"En 'n kêrel? Of meisie?"

Irene snork. "Ja wel, dié vent het ek saam met die universiteit agtergelaat."

Nyx wag dat Irene uitbrei, maar sy bly stil, voel-voel net aan die malva se blare.

"So, jy's happy om single te bly?"

"Vir nou." Irene se hand val van die blare tot langs haar sy. Sy sug. "Vandag se samelewing fokus in elk geval te veel op romantiese verhoudings. Ons het van al die ander tipe verhoudings vergeet. Solidarity, jy weet? Hegte vriendskappe, vroue wat mekaar ondersteun. Almal is vreeslik op hulself gerig. Ons moet weer aan die collective begin dink." Haar arms sprei soos twee vlerke. "Ons is almal vertakkings van dieselfde boom. Verskillend, maar tog verbind." Haar woorde het al driftiger uitgestroom. "Skuus, ek raak partykeer 'n bietjie te passievol daaroor." Sy druk 'n krul terug onder haar haarlint.

"Nee, ek verstaan wat jy bedoel. Dis seker erger met tegnologie. Mense connect nie meer op 'n diep vlak met mekaar nie." Sê sy wat nou bitter graag met wifi wil connect.

Irene se neus kreukel terwyl sy glimlag. "Nou ja, ek babbel te veel. Ons moet jou nog verder rondwys. Volg my." Sy tel die mandjie met avokadopere op en mik in die rigting van die kruiegedeelte.

Soos Irene vir Nyx begelei, vertel sy hoe hulle die plante volgens die seisoene roteer. Die wisseling help ook om te verseker dat die grond nie uitgeput raak nie. Daar word op Paradys net organiese stowwe gebruik. Geen chemiese middels nie. Dis meer moeite, maar baie groener. Om op te maak vir die tekort aan moderne middels word ander metodes gebruik. Van die vrugte is byvoorbeeld in draad toegedraai om dit teen die voëls te beskerm. Ander plante word strategies langs mekaar geplant om sekere insekte weg te hou.

"Jy sal alles leer soos ons aangaan," troos Irene. "Ek weet dit kan intimiderend wees om te sien hoe die verskillende plante hanteer moet word. Praktiese ervaring is altyd die beste. En jy sal enige van die werkers kan vra om jou te help wanneer jy inval."

Hulle stop by 'n paar van die werkers sodat Nyx aan hulle voorgestel kan word. Die meeste van hulle kom uit die omliggende areas. Hera glo daarin dat 'n mens op hierdie manier kan terugploeg in die gemeenskap.

"Is ons nou deur alles?" Nyx voel al meer soos 'n spons. Dis 'n moerse klomp inligting wat sy moet opsuig. En dan moet sy ook elke paar minute oor haar skouer loer. Terwyl hulle so gestap het, het dit heeltyd gevoel asof iemand haar dophou. Die feit dat sy nuut is, maak dit vir haar moeilik om te onderskei wie staar uit nuuskierig en wie is besig om haar bewegings dop te hou.

"Ja, ons is klaar vir nou." Irene kyk rond totdat sy 'n bekende blondekop sien. Sy fluit. "Luca!" Hy drafstap oor na hulle.

"Aflewering vir jou. Sy is nou al byna volleerd."

Nyx se wenkbroue skiet op. "Ek dink jy oordryf effens."

"Reg, ek gaan jou dan kombuis toe neem, Nyx. Ek sal sommer dié saamvat." Luca neem die mandjie met avokadopere by Irene.

"Bye, Irene," groet Nyx.

"Tot môre. Ek sien uit om saam met jou te werk. En kry genoeg slaap, moenie dink ek gaan easy gaan op jou nie."

## Hoofstuk 9: Koljander, koljander so deur die bos

“So …” Nyx rek die woord uit. Luca se treë bly reëlmatig, behalwe wanneer hy die groot waterpoele vermy waarin die modder soos slik lê. Sy kyk nou met nuwe oë na hom. Die gemaklike stap. Die sagte stem. Sou alles wat Irene vertel het, waar wees?

Sy gaan die kans vat. “Ek hoor jy kyk na jou ma?” Luca bly ’n sekonde met sy een voet in die lug staan voordat hy weer ’n tree gee.

“Ja.”

Die nat grond sloep onder hulle voete. ’n Bedompige stilte plak teen Nyx se vel. Die boomtakke lyk skielik soos uitgestrekte arms wat haar wil wurg.

“Dis niks om oor skaam te wees nie.”

“Ek is nie skaam nie.” Luca se stem is hard. Grof selfs.

“Oukei.” Nyx voel asof syself in die modder vasgevang is. Die gemor van die sonbesies vibreer rondom hulle. “Ek het net–” Haar kop voel leeg, haar voete swaar.

Nyx stop. Daar is ’n groot stel voetspore in die modder. Luca het aanhou stap. Sy kyk na die spoor wat sy stewels agterlaat. Dis nie dieselfde nie. Hierdie stel is groter. Baie groter.

Sy staan ’n oomblik besluiteloos in die middel van die paadjie, maar volg dan die spoor in die struike in. Dit stop ná ’n paar meter, reg langs die heining wat om die plaashuis loop. Haar vingers klou om die draadheining. By haar voete is ’n groot varing. Van die takke is gebreek. Sy lig van die takke op.

Maar dis dan …

Sy buk af grond toe. Agter die varing is ’n gat in die heining. Klein, maar groot genoeg vir haar om deur te kruip.

“Nyx!” kom Luca se stem dof deur die bos aangeroep.

“Ek kom!”

Nyx loer vinnig rond. ’n Spreeu sit op ’n tak na haar en kyk. Sy stap terug na die paadjie en tel ’n stokkie op. In die een witstinkhoutboom se stam merk sy ’n klein kruisie. Sy laat die stokkie in die bossie val en hardloop na waarheen Luca verdwyn het.

Helder lig verblind haar toe sy in die oopte kom. Luca staan voor ’n baksteengebou.

“Die kombuis is hier binne.” Luca swaai die deur oop. “Hierdie is ons hoof kombuis waar hulle die groentes en vrugtes skoonmaak en verpak. Hera het natuurlik haar eie klein kombuisie in die plaashuis, maar partykeer kom maak sy hier kos. Hulle gebruik dit ook soms vir werkswinkels.”

Nyx draai in die rondte. Die vertek is koel. Al die mure is wit geverf. In die een hoek hang laventel en ander kruie aan die dak om te droog. Varsgeplukte kruie staan in glashouers op die groot marmereiland in die middel. ’n Ry staal wasbakke is in die ander hoek van die vertrek geïnstalleer. ’n Swaar reuk van basiliekruid en roosmaryn meng in die lug.

Sy dink aan die spore. “Was iemand anders al hier vanoggend?”

“Ek twyfel, hulle bring gewoonlik eers later die kruie.”

“Ek het iemand se voetspore langs die paadjie gesien.”

Luca stap na die staalwasbakke. “Seker een van die werkers.” Hy gooi die avokadopere in een van die wasbakke en begin dit afspoel.

“Seker.” Sy sal later kom uitvind.

Nyx kyk na die kombuis se marmereiland. ’n Bak vol hoendereiers staan in die middel. Sy stap nader. Hulle het almal verskillende kleure met donker kolle daarop gespikkel. Dit herinner haar aan Paasfees.

Sy het een jaar op Paasnaweek verjaar. Vir haar verjaarsdag het sy en haar vriendinne paaseiers in die huis gesoek. Dis toe sy nog genoeg vriendinne gehad het om so ’n tipe partytjie te kon hou. Oor die jare het die groepie uitgedun. Sommige is na ander hoërskole, ander het net ander prioriteite begin kry. En nou sit hulle almal by die skool en sy by die huis. Tegnies seker nou die plaas. Nie dat dit veel van ’n verskil maak nie.

Nyx tel een van die eiers in haar hand. Dit voel louwarm. Sy rol dit om. Van nader lyk die kolletjies soos sproete.

Ná die hele drama met die skoolhoof het alles met haar vriendinne ’n bietjie uitmekaar geval. Hoe meer sy daaroor dink, hoe kwater voel sy oor die feit dat hulle haar soos ’n warm patat gedrop het toe die bom bars. Hulle was dan by toe sy die woorde op sy deur geskryf het! Toe sy hulle later daaroor konfronteer, het hulle blykbaar nooit met haar saamgestem nie. Bleddie cheek. En wie sit met eier op haar gesig? Sý.

Nyx lig die eier nader aan haar gesig. Sy kan ’n smiley-gesiggie tussen die kolletjies uitmaak.

Dis eers nadat sy meer as ’n maand by die huis was, wat sy skielik stringe soppy boodskappe van almal kry. Moerse klomp hart-emoji’s links en regs. Almal is toe vrééslik jammer. Veral Karlien. Vir ’n ruk het Karlien klomp voicenotes ook gestuur, maar dit het opgedroog. Hulle twee is al van kleinskooltjie af vriende. Wás vriende.

Whatever.

Dis nie asof sy meer kon saampraat oor skoolnuus nie. Wat moet sy nou sê? Nog ’n dag by die huis, Cocopops vir ontbyt, die tutor het my oor Newton se wette probeer leer, ek en my ma het TV gekyk. Dit klink mos nou sommer kak.

Weet jy wie was nooit jammer oor wat gebeur het nie? Haar ma. Ja, liewe Magrieta het haar vir die wolwe gegooi en haar toe flat-out ignore. Niks daaroor gesê nie.

“Jy dink diep.”

Nyx se skouers ruk. Luca het die kraan toegedraai en staan na haar en kyk. Hoe lank staan hy al so?

Hy kyk na die eier wat Nyx vashou. “Is jy honger?”

“Nee. Wel, dit ook. Ek dink sommer net.”

“Aan die huis?”

“Eerder ’n ou vriendin. As ek haar nog so kan noem.” Nyx sit die eier versigtig terug by die res.

Luca stap nader en gaan staan met sy een elmboog op die blad gestut. “Wil jy haar bel?”

“Nee, dis fine.”

Nyx fokus op die eiers. Dit maak haar senuweeagtig met Luca so naby, veral ná haar flater in die bos. Haar wenkbroue brei saam. “Ek dog ’n mens kan niemand hier bel nie?”

“Ons het ’n satellietfoon vir noodgevalle. Of jy kan ’n ent uitry, dan is daar ontvangs.

“O.” Sy het gehoop sy kan hom uitvang dat hy jok. Sy moet onthou van die ontvangs. As sy meer inligting nodig het, sal sy internettoegang moet hê. Sou ’n mens kon stap tot waar jy sein kry?

“Wil jy die hoenders sien? Hulle is hier agter.”

“Sure.” Enigiets om haar aandag van haar herinneringe af te lei.

Dis ’n reuse hoenderhok. Verskillende kompartemente is met hooi uitgevoer. Henne lê elkeen in hulle eie houtboksie en nesskrop.

“Ek sou jou invat, maar Betsie, ons een hen, is nie vreeslik vriendelik met vreemdelinge nie. Ons wil nou nie dat jy ’n oog aan ’n hoender moet afstaan nie.”

Die hoenders se gekloek vleuel kakofonies oor mekaar.

“Betsie die bitch,” murmur Nyx.

“Wat sê jy?”

“Nee, niks. Watter een is sy?”

“Die groot wit een met die bruin spikkels.”

“Ja nee, ek kan sien sy het ’n houding.” Betsie maak oogkontak. Het die voël haar verstaan? Kan hoenders ook energie aanvoel?

Nyx se een wenkbrou lig. “Ek dog alles hier rond is dan peace, love and unity?”

“Die natuur het ook sy chaos.”

“Hulle is wel mooi. As hoenders mooi kan wees.”

“Ons voer vir hulle hoenderdoppe, dis hoekom hulle so gesond lyk. Die doppe bevat baie kalsium, maar jy moet dit eers fynmaal. Anders gaan hulle hulle eie eiers begin eet. ”

“En hier dog ek kannibalisme is tot mense beperk.” Nyx se vingers druk deur die draadheining. Sy beloer die verskillende henne wat hul koppies elke nou en dan kant toe ruk en nuuskierig na haar terugstaar.

“Jy kan die doppe ook vir plante as kompos gebruik.” Luca tel ’n veer van die grond af op wat uit die hok ontsnap het. Hy streel daarmee oor sy arm. “Ek wil eintlik silkie’s ook kry.”

“Is dit soos ’n lap vir die hoenders om op te lê? Die silkie-besigheid?”

Luca sukkel om sy lag te onderdruk. “Skuus. Uh, nee, dis ’n soort hoender.”

“O.” Nyx voel hoe die hitte in haar nek opkruip. Sy moet ophou om sulke dom vrae te vra, of enigsins haar mond oop te maak. Die man gaan dink haar brein is kleiner as die hoender s’n.

“Dis hoenders met sulke lang donsige vere. Hulle lyk ’n bietjie soos Elvis Presley. Jy kan hulle vere met kleursel kleur.”

“Dit klink vir my na dieremishandeling.”

“Ag, ek gebruik sommer beetsap. Dit sal uitwas.”

“Pienk hoenders? Is pienk jou kleur?” Nyx wonder nogal hoe ’n pienk hoender sal lyk. Spookasem?

“Hoekom nie? Pienk was aanvanklik ’n manlike kleur.”

“Jy lyk net nie soos iemand wat hou van pienk nie.”

“Want ek’s ’n man? Of nie gay nie?”

Was dit ’n skimp? “Nee. Ek ... ek weet nie.” Nyx hardloop self soos ’n afkophoender in haar kop rond op soek na die regte antwoord.

“Ons het almal manlike en vroulike eienskappe binne-in ons. Die yin en yang.”

Betsie begin woes skrop en kyk dan skielik weer op na Nyx. As Nyx nou mag stereotipeer, toon die hoender beslis tekens van manlike agressie. “Hmm, jy’s seker reg.”

Miskien is dit deel van die speletjie. Die mense op die plaas vertel vir haar allerhande vreemde goed en kyk of sy dit vir soetkoek sal opvreet. En obviously kan sy nie kyk of dit wat hulle sê waar is nie, want sy kan nie google nie.

“Kyk nou vir ons twee wat saamstem oor iets. As dit nie reeds vir laas nag se storm was nie, sou ek sê dit gaan reën.”

“Jy klink nou nes Hera.”

“Gepraat van haar, sy soek dalk al na jou. Ek moet jou seker terugvat na die plaashuis.”

“Ja, ons wil nie die royal highness onstel nie.”

Nyx stap by haar kamer in. ’n Swart-en-wit veertjie lê op die voetmatjie.

“Weird.”

Al die vensters en die deur was toe. Of wil Betsie vir haar ’n boodskap stuur. Trespassers will be prosecuted.

Nyx tel die veertjie op en gooi dit in een van die struike langs die deur. Sy druk die sleutel in die slot en draai totdat sy die klikgeluid hoor.

Vir nou moet sy eers rus. Uitrus. Sy gaan energie nodig hê vir vanaand.

Die komberse is donssag toe sy daarop lê. As Hera haar soek, sal sy haar maar hier in haar nessie moet kom haal.

## Hoofstuk 10: Been-af

Dis net ná middernag. Nyx kan die drukking in die lug voel. Dis bewolk. En daar is nie vanaand ’n maan nie. Sy’s alleen.

Die flitsliggie in haar hand flikker. Gaan dood.

Sy staan stil en kap teen die kant van die flitsie totdat die lig weer uit die dood opgewek word.

Dis mos haar luck dat sy so flou flits het. Hera se verskoning vir ’n leesliggie.

Iets beweeg bo in die takke. Nyx skyn die lig na die boom. ’n Paar oë reflekteer. Nog stelle oë verlig glaserig. Nagapies.

’n Rukwind dwarrel deur die bos. Nyx voel hoe blaartjies teen haar kaal bene wapper. Sy skyn die lig na onder. Sy’s darem nog op die paadjie. Elke nou en dan moet sy stop by ’n boomstam om te soek vir die kruisie.

Sy trek nou by boom nommer ses. *X marks the spot.*

Finally.

Sy swenks regs en loop die paar meter tot by die varing, skuif die takke opsy.

Dis ’n bietjie moeiliker om deur die gat te kruip as wat sy gedink het. Die draad haak aan haar poniestert.

“Eina!”

’n Paar hare bly aan die draad agter nadat sy deur is. Sy staan weer regop. Sy sal versigtiger moet wees terwyl sy die res van die pad na die kweekhuise probeer vind.

In haar kamer lê ’n klomp klere onder haar kombers gestop vir ingeval Hera ’n sleutel vir die kamer het en kom check of sy slaap.

Nyx sluk verlig toe die lig van die flits in die glaspanele van die kweekhuise reflekteer. Sy skakel die flits af. Dis te oop hier. As sy dalk nie alleen is nie, gaan die lig dadelik haar teenwoordigheid verklap.

Sy wag totdat haar oë beter aanpas by die donker voordat sy weer beweeg. Gebukkend loop sy verby die kweekhuise tot by die verste een. Stop voor die deur.

Die staal handvatsel is soos ys. Sy druk af. Gesluit. Sy probeer nog een keer al weet sy dit gaan nie oopgaan nie. Haar gesig druk teen die glas. Niks. Sy skakel weer die flits aan en skyn dit deur die panele, maar dit maak geen verskil nie. Al was sy sien, is die stringe plante wat teen die glas oprank.

Nyx beweeg verder langs die rante van die kweekhuis om te kyk of daar nie êrens ’n opening is waardeur sy kan sien wat binne aangaan nie. Aan die agterkant van die kweekhuis is

’n mens al amper weer in die bos. Hier is ook ’n deur. Ook gesluit. Bo haar vorm die bome ’n afdakkie. Sy tree agteruit. Haar skoen haak aan iets.

Doef.

“Crap.” Sy’t op haar stuitjie geland. Klam grond slaan deur haar broek se materiaal. Die flits lê langs haar. Dit skyn op iets wat uit die grond steek. Nyx buk vooroor. Sy wikkel die ding totdat dit uit die grond loskom. Die reën moes dit oopgespoel het.

Maar is dit nie …? Nyx se asem trek skerp in. Sy laat die been val.

Iets tref die grond in die bos agter haar.

Sy spring op, val amper weer oor die been, maar herwin haar balans. Haar voete vlug oor die grond. Sy kyk net een keer vinnig om om te sien hoe iemand by die flits en die been buk.

Voëls vlug verskrik op uit die boomtakke terwyl sy hardloop. Dis moeilik sonder die flitslig. Sy hol in die heining vas. Voel-voel daarlangs totdat sy die stukkende draad kry. Sy druk deur en probeer die takke aan die ander kant weer oor die gat maneuver.

Haar hart stamp donderend teen haar ribbes toe sy weer by haar kamer kom. Die sleutel val ’n paar keer uit haar hande tot op die grond. Sy gryp daarna en probeer weer, kry uiteindelik die deur oop. Sluit.

Sy gaan sit in die donker met haar rug teen die deur. Haar bors beweeg op en af. Klop-klop-klop hamer haar hart teen haar slape.

Fok.

Sy begin bewe.

Fok fok fok fok fok.

Sy’s miskien nie ’n argeoloog nie, maar sy weet hoe lyk ’n mensbeen as sy een sien.

Haar bene wil onder haar gewig swik wanneer sy opstaan om in die bed te klim. Die kussing is styf tussen haar arms vasgeklem.

## Hoofstuk 11: Pimpel en pers

*Alice asked the Cheshire Cat, who was sitting in a tree, "What road do I take?"*
*The cat asked, "Where do you want to go?"*
*"I don't know," Alice answered.*
*"Then," said the cat, "it really doesn't matter, does it?"*
*– Lewis Carroll, Alice's Adventures In Wonderland*

*The mediation by the serpent was necessary. Evil can seduce man, but cannot become man.*
*– Franz Kafka*

'n Takkie kraak. Nyx versteen. Haar oë flits oor die plante. Sy betree nou nuwe territory.

Hera was nie by ontbyt nie. En vir Ahmed wou sy eers niks sê oor die been nie. Sy moet eers uitvind wie gisteraand saam met haar by die kweekhuis was.

Ahmed was self stil, haar net gevra hoekom sy so moeg lyk.

"Slegte nag," het sy geantwoord. Technically nie 'n leuen nie.

Nyx spits haar ore. Elke keer wat sy alleen in die tuin loop, verskerp haar sintuie. Sy ruik beter. Hoor skerper. Dis selfs asof sy die verskillende reuke kan proe. Ook vanoggend toe sy saam met Luca 'n draai by die kweekhuise moes maak om steggies vir die groentetuin te gaan haal. Sy kon haar paniek proe. Bitter, soos voor jy naar raak.

Maar daar was niks vreemd nie. Niks uit plek nie. Dis wat weird is. Daar was geen teken van iemand se voetspore nie. Ook nie haar eie nie. Asof niémand die vorige aand daar was nie.

Haar hemp voel klam. Dis al namiddag, maar daar is weer 'n drukking in die lug. Miskien sal dit later reën.

Sy hou haar treë stadig. Sy kan nie stoom verloor nog voordat sy enige leidrade gevind het nie. Dis siestatyd. Die ander mense op die plaas het gaan rus. *But there is no rest for the wicked.*

'n Veldmuis skarrel voor haar tone verby. Nyx kyk die gestreepte lyfie agterna. Hulle is nogal cute. Sy wonder wat haar ma sal sê as sy voorstel hulle vat een saam terug huis toe?

Voor haar vertak die tuinpaadjie in twee.

Regs of links?

Regs.

Sy swenk om 'n knak in die pad. Die gedeelte waar sy nou loop, het minder bome as rondom die plaashuis. Nee, sy jok, dis net kleiner bome: bonsai's van verskillende soorte staan

oral rond. Sommige is plat aan die bokant, soos iemand wat onthoof is. Ander het staaldrade wat deur die miniatuurtakke weef.

Die paadjie wurm tussendeur die bonsai's. Aan die einde van die bonsaituin buig 'n tonnel oor die pad. Nyx gaan voor dit staan. Pers blomme hang soos druiwetrosse vanaf die staalkonstruksie.

As sy reg onthou, is sy nou in die Oosterse deel van die tuin. Hera het stukke van die tuin uitgesit waar sy plant- of boomspesies van ander lande plant. Meestal van haar gunstelinge wat sy op haar reise ontdek het óf wat een of ander spesiale konnotasie het – natuurlik net plante wat nie die omgewing gaan skade aanrig nie.

'n Muskiet kom sit op Nyx se voorarm. Sy wag haar kans af en klap hom dood. 'n Klein bloedplassie bly agter toe sy hom aan die vlerk wegtrek van haar vel. Die goed is 'n irritasie. Sy lyk nou al soos 'n dalmation van al die kolle oor haar lyf.

Nyx kyk op. Tyd vir die tonnel.

Die blare op die grond knars saggies onder haar tekkies. Haar neus jeuk. Blommetjies reën op haar skouers neer, en die reuk vou byna verstikkend om haar. Aan die ander punt van die tonnel kan sy die son sien skyn.

Nyx gaan staan stil toe sy weer die warm strale op haar vel voel. Dit brand effens. Dis net die sagte gezoem van 'n by wat deur die lug swem. Haar hand skerm teen die son. Sy kyk regs.

Néé.

Sy sien eers die paar bruin kaalvoete, gee dan nog 'n paar treë nader.

Dit kan mos nie wees nie.

Die lewelose lyf van Ahmed lê uitgestrek op die grond onder die ginkgoboom. 'n Paar meter van die stil lyf gaan sy staan. Daar is 'n kloppende gevoel teen haar slape.

Wat moet sy nou doen? Sẏ wil nie blameer word vir sy dood nie. Nee nee nee nee nee. Sy is te jonk om tronk toe te gaan. Dalk later. En vir 'n beter misdaad. Moord is nie haar styl nie.

Dink, Nyx!

Wat was daardie vyf stappe van probleemoplossing wat hulle in Lewensoriëntering bespreek het? Sy moet die polisie bel!

Haar hand voel oudergewoonte na haar selfoon in haar broeksak.

Dis nog in spieëltafel se laai, jou idiot! Én daar's geen sein nie.

Nyx se hande waaier langs haar sye. Sy probeer diep asemhaal. Hoekom is dit so warm?

"Jy raas."

Haar hele lyf ruk asof 'n elektriese stroom deur haar gestuur is.

Ahmed lewe! Dankie tog hy lewe!

Sy probeer die bewing uit haar stem hou. “Vir wat lê jy so in die middel van nêrens? Mense kan die verkeerde idee kry.”

Ahmed roer nie. Nyx sien nou eers die vreemde klerepakkie wat hy aan het. Die lappe hang in roomkleurige lae tot op die grond. Hy lyk nes ’n koek waarvan die versiersel begin smelt.

Nyx tree versigtig nader. Iets blink op Ahmed se voorkop. Dan vang haar oog die ding by sy kieliebak, nog een op sy bors, sy maag, naby sy naeltjie. Dit lyk soos klippies. Is dit ’n séance? Is hy besig om ’n demoon te summon?

“Wat ís hierdie?”

“Ek balanseer my chakras.”

“Ek hoop dit verwys na ’n chemiese wanbalans in jou brein, want daar is beslis fout.”

Ahmed se een oog flikker oop. “Ek dink ek sal nou langer moet lê.” Die oog knipper weer toe.

’n Lyster hop-hop langs Nyx se voete. Hy gaan staan stil en kyk haar vraend met sy swart oë aan. Die soet reuk van die pers blomme hang nog soos ’n goedkoop parfuum in die lug. Dit voel vir Nyx asof dit in haar vel insypel.

Sy moet Ahmed seker nou maar so los – hom nie verder van balans afgooi nie.

Ag, who cares, laat hy wipplank ry.

“Hoe …” Sy kyk weer rond. Daar is niemand anders naby nie. “Hoe werk dit? Die shoekras?”

“Chakras,” sê Ahmed stadig. “So asof jy iemand sjoesh.”

Ek sal jou sjoesh. “Chakras,” herhaal Nyx aanstellerig.

“Kom lê.”

Sy het geweet sy moenie vra nie. “My klere gaan vuil word.”

“Dan was jy dit.”

Nyx se mond plooi. Sy kyk eers weer vinnig rond dat niemand haar gaan sien nie, dan buk sy af en vee die ergste stokkies en blare weg voordat sy soos ’n stervis langs Ahmed op die grond uitstrek.

“En nou? Waarvoor is die goed op jou lyf.” Moet sy ook haar oë toemaak?

“Elke steen is vir elke chakra.”

“En die chakras is …?”

“Afgelei van die Sanskrit *cakraṃ* wat wiel of skyf beteken. Daar is sewe van hulle in jou lyf, maar sommige geskrifte praat van 72 000 tot 350 000.”

"Klink 'n bietjie excessive." Nyx wurm rond op die grond. Bleddie ongemaklik. Sy voel 'n stokkie in haar boud druk en grawe dit met haar vingers onder haar lyf uit. "Wat doen die goed nou eintlik?"

"Die chakras is soos vortekse wat jou fisiese liggaam met die subtiele liggaam verbind. Die subtiele liggaam is 'n liggaam wat slegs uit energie bestaan."

Nyx frons en draai haar kop na Ahmed. Hy lê steeds doodstil. Druk die klippies en goed hom nie? En beteken hierdie energieliggaam daar float nog 'n Nyx hier rond?

"Nou vir wat wil jy die goed balanseer?" Miskien, as die goed wiele is, is dit soos wheel alignment vir jou lyf?

"Wanneer enige van die chakras geblokkeer of uit balans is, kan dit tot verskeie probleme lei, selfs as fisiese kwale manifesteer, soos hartkloppings of keelirritasie."

Ahmed praat so stadig dit voel vir Nyx asof sy gehipnotiseer word. Die nonsenspraatjies gee haar 'n hoofpyn.

"Laat ek raai, kopsere is ook so 'n manifestasie?"

"Korrek, dis deel van die croonchakra heel bo aan jou kop."

"Maak dit my 'n queen?"

"Miskien as jy die aspekte van wysheid en insig wat daarmee geassosieer word, aanleer. So, op hierdie stadium is jy dalk nog net 'n prinses."

Behandel my dan soos een. "Gaan my prins my kom red?"

"Ware wysheid word binne jouself gevind."

Ware kakpraat kom ook van binne. "En die ander chakras?"

"Tussen jou wenkbroue is die derdeoogchakra vir intuïsie en persepsie."

"O, ja. Die pineal gland wat regte oogweefsel bevat. Ek weet alles daarvan."

"Ja? Dis goed. Dis belangrik om te weet." Ahmed knik stadig sy kop sodat die steentjie op sy voorkop nie rondskuif nie.

Nyx glimlag selfvoldaan. Dankie, Irene.

"Die keelchakra beheer kommunikasie en selfuitdrukking. Jy kan gerus daaraan werk."

Wat het hy gesê?

"Dan die hartchakra – alles oor liefde."

"Dis redelik obvious."

"Om te verstaan, nie om te balanseer nie."

"En nog? Die laaste drie?"

“Dis die solare chakra wat gaan oor mag en wilskrag, die sakrale chakra wat begeertes en seksualiteit beheer en die wortelchakra heel onder aan die rugstring wat gaan oor oorlewing en individualiteit.”

“So, is daardie een die wortel van alle kwaad?”

“As dit uit balans is. ’n Mens is veronderstel om van onder af op te werk anders kan jy byvoorbeeld ’n ooraktiewe derdeoog hê. Dan sal jy allerhande vreemde ervaringe hê en dink jy word mal.”

“Cool beans.” Klink soos wat sy nou reeds beleef. Behalwe dat sy nie koekoes is nie. Wat sy gesien het, wié sy gesien het, is werklik. Báie werklik.

Ahmed maak sy oë oop en versamel die sewe stene wat hy in ’n klein fluweelsakkie gooi voordat hy dit in sy broeksak druk. Dit verdwyn tussen die lae fondant van sy broek.

“Kom ons gaan stap ’n entjie. Ek het nou lank stil gelê. Ek moet my bloedsomloop aan die gang kry.”

Nyx is te bly om haarself weer van die grond af op te stroop. Voordat sy vir Ahmed agterna sit, bekyk sy eers die merke op die agterkante van haar bene waar die stokkies haar soos stensels gedruk het.

Hulle volg weer die roete deur die laning pers blomme. Ahmed is heelwat langer as sy en moet kort-kort duik vir ’n laaghangende blomstring. “Dis ons Chinese wisteria. Sy blomme verskyn voor sy blare, anders as van die ander wisteria-soorte. Die Afrikaanse naam is bloureën. Is dit nie mooi nie?”

Nyx vryf haar neus. “Die reuk is minder mooi.”

“As die stuifmeel jou pla, kan jy altyd by Hera ’n mengsel gaan kry.”

“Ek hou eerder my neus uit haar sake, en haar mengsels. En ek laat my beslis nie aan die neus rondlei nie. Waarheen vat jy my?”

“Na die oudste boom op die plaas.”

Die akkerboom staan soos ’n monument geplant. Die reuse takke vorm vlerke waar dit in die lug uitsprei. ’n Ligte lentegroen skyn van die hele boom af.

Nyx voel die koue van die skaduwee wanneer hulle naby die boom gaan staan. Haar nekhare rys.

“Die oorspronklike eienaars was nog deel van die mense wat uitheemse boomsoorte hier kom plant het,” verduidelik Ahmed.

Nyx se oë volg die growwe stam op tot waar die takke begin. Dis seker meer as twee meter in deursnee.“Hoe oud is die boom?”

“Ons skat so 150 jaar, maar dit kan ouer wees. ’n Mens sal na die jaarringe moet kyk as die boom omval of as iemand hom kom uithaal. As jy kyk na hoe ver die jaarringe versprei is, sal dit ook vir jou kan sê wat die temperatuur op sekere tydstippe was.”

“So, is dit nou die boom van die kwaad in Paradys?”

Ahmed glimlag. “Jy laat my baie aan Lilith dink.”

“Wie?”

“Sommige mense beweer dat Genesis nie die oorspronklike paradysverhaal is nie. Voor Eva was Lilith. Sy was ook uit God geskep, anders as Eva wat uit Adam se ribbebeen gemaak is.”

“En ek herinner jou aan haar, want …?”

“Sy wou nie ondergeskik aan Adam wees nie. Sodoende is sy uit die tuin gewerp en deur Eva vervang. As gevolg van haar ongehoorsaamheid is sy as ’n demoon gesien.”

“Ah, so julle gaan my verban? Julle het klaar die muur om die tuin. Ek gaan sukkel om weer in te kom.”

“Nee wat, gelukkig is vrye denke nie hier ’n misdaad nie.”

“Maar ander goed is wel?”

Ahmed kyk net na die akkerboom. “Lilith het ook met chakras te doen. In hierdie weergawe van die storie verteenwoordig die slang kundalini. Dis wanneer energie van jou wortel- tot jou kroonchakra opgestuur word en jy verligting beleef. Die idee is dat die slang in die paradys jou nie verlei nie, maar eerder tot insig bring.”

“In daai geval, enlighten me. Hoe kry ’n mens dit reg om die energie so op te stuur?”

“Metodes soos joga en meditasie.”

Ahmed sal ook enigiets doen om haar sover te kry om meditasie ernstig op te neem.

“So, dis wat jy heeldag rondlê en doen?”

“Wanneer ek die kans kry, ’n mens kort stilte om te luister na die fluisterings van jou siel.”

Die fluisterings van jou siel? Oukei, daar is definitief iets fout met die man.

’n Skielike wind waai die akkerboom se blare in ’n sirkel om haar en Ahmed. Nyx kry weer die gevoel iemand hou haar dop.

Haar nekhare rys.

Sy sal eers verligting beleef as sy weet wie haar op die plaas agtervolg.

## Hoofstuk 12: As die gogga jou byt

*“Sometimes your only available transportation is a leap of faith.” – Margaret Shepard*

“Maar dink jy nie ’n mens moet oorweeg dat mense verskillende opinies gaan hê nie?” vra Hera.

Nyx sug. “Ja, sure, maar net omdat mense verskillende opinies het, beteken nie die opinies is reg nie.”

“Wat van die verskillende perspektiewe waaruit die mense kyk?”

“Ja, maar daar is net een waarheid.” Rooi kolle slaan in haar nek uit.

“Is daar?” Hera se wenkbroue lig.

Nyx vou haar arms voor haar bors. “Ek weet nie. Ahmed, help my hierso.”

Hera en Ahmed voer vanaand debat. Dit handel oor die biologiese doel van, drum roll asseblief, die muskiet. Tot dusver kon wetenskaplikes nog nie die doel van die insek identifiseer nie, behalwe om ’n irritasie te wees en die aanbod op sitronellaprodukte te verhoog.

Nyx kan ’n paar mense saam met die muskiet in so ’n oorbodige kategorie groepeer, en dis boonop sónder die bydrae tot die ekonomie. Hera is self soos ’n zoemende muskiet wat al om en om in sirkels beweeg. Elke keer wanneer Nyx iets sê, vra Hera ’n vraag in antwoord daarop.

Sy het baie belangriker dinge om oor te worry as muskiete.

Sou Ahmed vir Hera gesê het dat sy die middag saam met hom spandeer het?

Hera se stem word al hoe harder. Dit dwing Nyx se aandag terug na die gesprek.

“Hera.” Ahmed se hand vou om sy ken. “Wat van ons vergelyk die getal nul.”

Dankie tog, laat hy ’n bietjie die punch vat. Nyx se kaak voel skoon seer van op haar tande kners.

“Op sigself beteken nul niks, maar dit is ’n plekhouer en ons kan nie daarsonder nie.” Sy geringde hande fladder in die lug rond om sy stelling te beklemtoon.

Dit maak sin dat hy so iets sal sê. Hy voel baie sterk daaroor dat alles in die lewe ’n doel het al het ander nog nie vasgestel wat dit is nie – selfs al is dit dan ook net om ruimte op te neem. Suurstofdiewe het ook regte. Ons sal ’n campaign moet begin.

Nyx voel self op hierdie oomblik soos ’n suurstofdief. Sy sal ’n terrible speurder maak. Bleddie banggat. Vir wat konfronteer sy nie net vir Hera oor die been nie?

Sy wil-wil haar vraag afvuur, maar keer haarself net betyds.

Ás hier iets op die plaas aangaan, en ás Hera daarby betrokke is, dan sal sy net haar eie keel afsny deur te vra.

“Ja, my liefste,” sug Hera, “maar onthou: appels met appels. Nul en muskiete is twee heeltemal verskillende goed.”

Nyx trek aan een van haar naelvelletjies. Haar hande raak droog van die handewas om die tuingrond af te kry ná ’n dag se werk.

“Luister, ek wil nou nie julle riveting gesprek onderbreek nie, maar, Ahmed, jy het nooit jou storie klaargemaak oor hoe jy hier in Suid-Afrika beland het nie.”

Hera wuif ’n hand. “Vertel jy maar, ons kan later hierdie gesprek voortsit sodat ek jou verkeerd kan bewys.”

Ahmed se oë verander in twee halfmane. “Goed. Waar was ek laas?” Sy bene is in die lotusposisie gevou. Dit lyk vir Nyx vreeslik ongemaklik om jou lyf so pretzel te hou, maar Ahmed sweer hoog en laag dit is goed vir sy sakrale chakra. Ten minste weet sy nou wat die sakrale chakra is.

“Jy was by jou en jou vriende wat deur Europa gereis het en in Frankryk leer brood bak het.”

“Die wonder van goeie deeg. Ja, nou onthou ek.” Ahmed se hand vryf oor sy ken.

’n Foon lui. Nyx sit regopper. Sy dog hier is nie ontvangs nie?

Hera grawe in haar rok se sak. “Skuus, dis die satellietfoon. Dit moet belangrik wees as hulle my hierop bel. Verskoon my.” Sy spring op. “Hallo?” Hera se sandale klap oor die stene en by die plaashuis se trappies op.

Nyx sit saam met Ahmed en kyk hoe Hera oor en weer op die stoep marsjeer. Haar hand sonder die foon slinger wild in die lug. Sy snou die persoon op die lyn iets toe. Haar stem word al driftiger. Woorde tuimel oor mekaar.

Wag.

Nyx kan *sweer* sy het nou net haar naam gehoor.

Hera kyk vinnig in hulle rigting en verdwyn dan by die huis in.

Nyx draai haar na Ahmed. “Is daar issues?”

Hy skuif rond op sy kussing. “Op die plaas?”

“Ja, die gesprek lyk ernstig.” Nyx beduie huis se kant toe.

“Uh, ek glo nie. Niks buitengewoon nie.” Ahmed vryf oor sy hare al lê alles netjies agteroor gekam. Sy oog vang Nyx s’n. “Jy kan ontspan, Nyx.”

Ontspan is die een ding wat sy nie kan doen nie.

Een van Ahmed se ringe flits in die laatmiddagson terwyl hy sy hand van sy hare laat sak. “Ek kan jou seker maar vertel oor my reise terwyl Hera besig is.”

“I guess.” Haar oë vernou. Iets is nie kosher nie.

“Ons het seker vir so drie jaar deur Europe rondgetoer. In daardie jare was dit makliker om sommer so rond te swerf. Die idee was om soveel as moontlik lande te besoek en ervarings te hê.”

“Hoe’t julle dit bekostig?”

Ahmed se oë rek. “Ja, geld was wel ’n probleem. Ons het in kroeë as ’n musiekgroep begin optree om geld te verdien.”

“Jy speel ’n instrument?” Nyx sit nog regopper.

“Kitaar en klavier. Ons het ’n klomp tweedehandse instrumente aangeskaf, ook ’n keyboard vir my vir ingeval ’n plek nie ’n klavier gehad het nie.”

“Dis baie cool.” Nyx se oë glinster. “Ek kan ook kitaar speel.” Sy’s dadelik spyt dit het uitgeglip.

Die plaashuis se voordeur klap. Hera kom weer by die trappies afgestap. Haar gesig is die ene glimlag.

“Iets ernstig?” vra Ahmed toe sy weer kom sit.

“Nee wat, net ’n probleem met ’n plantbestelling. Ek weet nie hoekom hulle so laat bel nie.”

Ahmed kyk na Nyx asof hy wil sê: Sien jy nou?

Hera vryf oor Ahmed se arm. “Ag, jy weet hoe is die kliënte.” Sy fokus op Nyx. “Regte nagmerrie.” Haar oë rek dramaties.

“Hmm, enigiets is moeilik as ander mense betrokke is,” sê Nyx.

“Skuus, ek het nou julle gesprek onderbreek,” sê Hera. “Waaroor gesels ons?”

“Jy sal dit wil hoor, Hera.” Ahmed glimlag.

“Wat?”

“Ons het nog ’n musikant op die plaas. Nyx kan kitaar speel!”

“Werklik?” Hera frons. “Ek het dit nie geweet nie.”

Die magtige Hera weet toe ook nie als nie.

“Ja, uh, my ma het my laat lesse neem van graad twee af.” Amper niemand weet van haar kitaarlesse nie. Sy het jare laas voor enigiemand behalwe haar onderwyser gespeel.

“Jou pa was ’n musikant.”

Nyx se oë spring amper uit hulle kaste. “Wat?”

Hera se vingers tuimel om die hangertjie om haar nek. Sy tol die skoenlappertjie aan die punt om en om en om. “Ja … hy was goed. Baie goed. Ek dink dis een van die redes hoekom jou ma op hom verlief geraak het.”

Nyx voel skielik siek. Vreemd, dit is asof sy dit altyd geweet het, of ten minste vermoed het dat ’n deel van hom tog binne haar leef. Dis asof sy vir die eerste keer duidelik kan voel hoe die gene deur haar pols. Iets wat nog haar lewe lank aan haar bewegings en besluite ritme gegee het.

Kan jy na iemand verlang wat jy nie regtig ken nie?

“Ek kan vir jou ’n foto van hom wys, as jy wil?”

Uhm, hallo? Kan visse swem? “Dit sal great wees.” Vir die eerste keer voel Nyx opgewonde oor iets op die plaas. ’n Goeie vrees. Sou sy soos hy lyk?

Hera knik. “Ons kan môremiddag deur die fotoalbums blaai.”

Ahmed maak keel skoon.

“Sorry, Ahmed, jy kan maar verder vertel.” Sy moet haarself onder beheer kry. Miskien is die foto’s sommer niks. Maar dalk ...

“Geen probleem.”

Ahmed se verhaal stap aan waar hy ná sy reise deur Europa weer terug is na sy geboorteplek in Indonesië om sy familie te gaan opsoek. Hulle was skoonveld. Hy weet tot vandag toe nie wat van hulle geword het nie. Miskien wou hulle net nie gevind word nie. Hy’t seker ook nie vreeslik hard probeer nie.

“Gelukkig kon ek vir myself ’n nuwe familie vind,” voeg Ahmed by. Hy kyk na Hera. ’n Vreedsame glimlag vorm op sy lippe.

Nyx trek aan die polletjies gras tussen die tuinstene. Die wortels kom saam uit. “Jou found family,” murmur sy.

“Wat is dit?” vra Ahmed.

Nyx probeer die grasgemors ongemerk terugvee in die gleufies. “Dis soos die familie wat iemand vir hulself kies wanneer hulle nie tuis voel by hulle bloedfamilie nie.”

“Found family.” Hera rol die woorde in haar mond rond. “Ek hou daarvan. Gevonde familie.” Sy en Ahmed kyk weer na mekaar.

Nyx hou haar kop laag, maar loer sylangs na die twee. Dit voel vir haar asof sy soos ’n hacker van agter ’n skerm besig is om in hulle persoonlike lewens in te kyk. Sy het altyd gedink geluk iets is wat jy moet prysgee wanneer jy besluit om vir ewig saam met iemand te wees. Hulle twee lyk dan so happy. Eintlik nogal gross.

Ahmed onderbreek haar gedagtestroom. “Nadat ek nie my familie kon opspoor nie, is ek eers na Mianmar, of Burma, soos dit vroeërjare bekend gestaan het. Ek het as ’n stapgids vir toergroepe gewerk en die mense na van die ou tempels geneem. Daar is nou nog ou stamme of tribes wat in klein gemeenskappe in die land woon.”

“Waar kom julle twee dan bymekaar uit?” Mianmar is moerse ver van Suid-Afrika.

“Ek het vir Hera in Mianmar ontmoet. Ek was die stapgids vir die groep waarin sy getoer het. Ek kon nog Nederlands praat en sy Afrikaans, so ons kon ons eie gesprekke so tussen die ander toeriste hê,” verduidelik Ahmed.

“Ek was aanvanklik na Thailand om ’n jogakursus te voltooi, maar ek was nog nie reg om terug te keer na Suid-Afrika nie,” voeg Hera by.

“Gee jy hier yoga?”

“Nee, ek het intussen besluit dis nie vir my nie. Ek verkies dit om te gaan stap in die berge, of so nou en dan in die rivier te gaan swem.”

“Wag, Thailand is tog nie dieselfde as Mianmar nie?”

“Nee, dit is nie. Ná die kursus het ek verder getoer. Dit was die tyd net nadat my en jou oupa se paaie geskei het. Ek moes myself weer gaan vind, of dalk herontdek. Dié dat ek besluit het om langer te toer. Ek het nie beplan om vir Ahmed te ontmoet nie, maar ons het dadelik oor die weg gekom.”

Nyx kan nie onthou hoe haar oupa oorlede is nie. Sy was nog baie klein. Daar is wel ’n foto van haar en haar ma by die begrafnis. Hera was nie by gewees nie. Of sy was nie op die foto nie. Dis ook moontlik dat haar ma nie vir Hera daar wou hê nie. Maar dit was al baie lank nadat haar ouma en oupa uitmekaar is.

“En my ma?”

“Een van my vriendinne het na haar omgesien.”

“En jy en Ahmed is toe saam terug?”

“Nee, ons was nie,” antwoord Ahmed. “Ek moes eers my kontrak klaarmaak, en ons het afgespreek dat indien dit so bestem is, sal ek later hier in Suid-Afrika by Hera kom aansluit.”

“Maar jy het obviously uiteindelik gekom?”

Ahmed glimlag. “Ag ja, ek kon nie vir Hera vergeet nie. Toe my kontrak verstryk, is ek maar weer op ’n vliegtuig en weer sonder ’n plan. Ek het net die adres van die plaas by my gehad. Mense sou sê ek het die situasie siende blind aangepak, maar ’n leap of faith is nou en dan nodig om jou lewe vooruit te forseer.”

“En dit was die beste besluit wat jy nog geneem het,” sê Hera. Sy druk Ahmed se hand.

Ahmed knik. “Op daardie stadium was hierdie plaas nog nie werklik op die been nie, dit was meer van ’n kleinhoewe as ’n besigheid. Hier was al redelik bome geplant, maar die kwekery was nog nie aan die gang nie. Ons sou dit dan opbou tot wat dit vandag is.”

Dit beteken Ahmed moet ook redelik baie weet oor die plaas se geskiedenis. Maar sal hy weet van die bene? Dit het nie gelyk soos iets wat onlangs begrawe is nie.

"Dis seker lekker om *alles* met iemand te kan deel," sê-vra Nyx vir Hera.

"Ja, ek sou nie hierdie plek so kon inrig as dit nie vir Ahmed se hulp was nie. Ons het 'n gedugte span gemaak. Partykeer maar lekker kop gestamp, maar dis nie asof enigeen van ons twee êrens anders heen kon gaan nie. Ons verhouding het so saam met die plaas gegroei."

'n Vreemde koue gevoel spoel oor Nyx. Sy is amper spyt sy kon nie vakansies hier kom kuier om te sien hoe die plaas vorder nie. Daar is so baie ervaringe waarop sy uitgemis het. By die skool het al die ander kinders altyd vertel hoe hulle oumas en oupas hulle oor vakansies bederf, maar by hulle was dit net sy en Magrieta.

Hoekom het haar ma hulle van die familie weggehou? Sy kon 'n heel ander lewe gehad het. Sy kon 'n familie gehad het.

Maar is hierdie die tipe familie wat sy wil hê?

## Hoofstuk 13: Gifappeltjies

*A lot's been changing lately and I can't tell if it's me or if it's everybody else… Yeah, we're only human and we've got hands and hearts and noses. So, stop and smell the roses.*

"Wat sing jy so lekker?" Irene stop by die tamaties en stut haar voorarms op die tuingraaf.

"Pla dit jou?"

"Nee, maar dit pla my om nie te weet wat jy sing nie."

"Dis niks."

Irene hou aan om na haar te staar. Vir wat is almal altyd besig met ondervraging? dink Nyx. Sy's die een wat vir hulle vrae het.

"Sommer een van my gunstelingliedjies as jy dan nou moet weet."

"Hmmm." Irene laat die tuinvurk regop staan in die grond en buk af om van die tamaties te pluk. "Ek het gehoor jy het so 'n onnatuurlike obsessie met jou musiek."

Nyx se oë rek. "Ek sou dit definitief nie onnatuurlik noem nie." Sy begin ook tamaties pluk. Hulle is bloedrooi. "Waar hoor jy nogal oor my kamstige musiekobsessie?"

"Through the grapevine. Die feetjies het my gesê."

"Natuurlik het hulle. Het die feetjies 'n naam?"

"Hoe sal ek weet?" Irene gooi 'n handvol tamaties in die mandjie wat hulle saamgebring het. "So, wat's die song?"

"Ek sê mos dis niks."

"Ag nee, kom nou. Jy moet jou playlist vir my wys. Ek hou ook van musiek. Nie almal van ons is soos Hera wat die natuurgeluide verkies nie."

"Ek speel nie my playlist vir enigiemand nie," mompel Nyx.

"Party pooper. Om op te maak daarvoor kan jy my kompos-duty vir môre oorneem. Jy moet van die hoenderstront gaan opskep en by die blaarslaaibedding gaan inwerk."

Nyx se neus frommel. Eww.

"Laaste kans: playlist of poef?"

Sy kan nie haar playlist vir iemand wys nie. Kan sy? Nee. Sy weier. Nyx knik ferm. "Poef."

Irene skud haar kop. "Ek verstaan jou nie, maar oukei. Poef sal dit wees."

Nyx sug. Dis nie die tipe hande vuilmaak wat sy in gedagte gehad het nie. Sy wou môre weer speurwerk probeer doen. Nie by die kweekhuise nie. Sy's steeds te bang om alleen terug te gaan, veral as iemand haar weer inwag. Vir nou is haar nuwe teiken die plaashuis. Hera se studeerkamer.

'n Valk sit in die witstinkhoutboom na Nyx en staar. Al die voëls hier, hulle kýk so vir jou. So… aandagtig. Sy't al gehoor party mense glo sommige voëls is eintlik drones wat die regering

gebruik om op mense te spioneer. Sal Hera so iets doen? Die hele geen-tegnologie-ding is dalk net 'n front.

"Irene?"

"Hmm?"

"Het jy al ooit 'n been op die plaas gekry?"

"Wat? Soos 'n dier se skelet?"

"Nee, soos 'n mensbeen."

Irene begin skater. Sy vee later selfs 'n lagtraan weg. "Sorry, dis net snaaks. Jy's so paranoid."

Nyx se wange bol. Kan iemand haar net ernstig opneem! Sy's nie stupid nie. "Dis nie 'n joke nie."

"Nyx," Irene druk Nyx se skouer, "as hier *mens*bene op die plaas was, sou ek al een gesien het. En indien ek een sou kry, was dit waarskynlik van die ou familiegrafte op die plaas s'n."

Nyx voel hoe haar bloed stol. Sy't nie eers daaraan gedink nie. Daar was natuurlik vorige eienaars op die plaas.

"Het jy al die bene vir Hera genoem?"

Nyx skud haar kop.

"Dis dalk beter so, netnou dink sy jy het jou varkies verloor."

"Oukei." Nyx sluk. Dalk is Irene reg en is sy net paranoid. Maar die onsekerheid is erger as haar vrees.

Irene buk weer af en pluk 'n laaste paar tamaties. "Oraait, dis genoeg tamaties vir eers. Jy kan so uur gaan chill as jy wil. Conspiracy theories uitdink oor mensbene." Irene giggel terwyl sy die mandjie met tamaties optel. "Ek moet vir Luca uithelp met die verpakking van 'n nuwe bestelling. Een of ander la-di-da tannie wat plante op haar dogter se troue wil hê. Gewone blomme is mos nie meer genoeg nie."

Nyx weet hulle werk altyd aan bestellings in die stoor wat net so entjie van die kweekhuise is. Nou's dalk haar kans. As daar ander mense in die omtrek gaan wees, kan sy skree as iets gebeur.

"Kan ek julle help met die plante se verpakking?"

"Nee, sorry. Luca is 'n pyn. Vreeslik puntenerig dat ons moet seker maak die plante lyk so na as moontlik aan perfek. En met hierdie kliënt gaan hy nog strenger wees. Dis nou wat gebeur as jy onder Hera se vlerk grootword. Goed begin afsmeer."

Nyx se onderlip stoot vorentoe. Ahmed het gejok oor hoop, dit lei net tot teleurstelling.

Irene hou Nyx se skouer vas. “Ek sou dit nie persoonlik opneem nie. Luca is waarskynlik net bang hy byt jou kop af wanneer jy iets verkeerd doen.”

“Wie sê ek gaan iets verkeerd doen?”

Irene se wenkbroue lig. “Jou track record. Moet ek jou herinner hoe jy daardie arme koemkwatboompie mishandel het?”

Nyx se wange verkleur. “Ek het gesê dit was ’n ongeluk. En dat ek jammer is.”

“Sê dit vir die boom met die geknakte takke én gees.”

Nyx lig haar skouers. “Fine.” Sy sal nie self knak nie. Sy sal ’n ander plan maak. En miskien is Hera al by die huis. Sy brand om die fotoalbums van haar pa te sien.

Dis asof Nyx na haarself terugkyk. Haar pa staan in die middel van ’n groep mans op ’n verhoog. Sy krullerige hare hang tot op sy skouers, dieselfde donker kleur as Nyx s’n. Welige wenkbroue streep reguit bokant sy oë. Anders as haar groen oë is syne donker, byna swart.

Die geluid van die windklok wat klop-klop op die stoep, glip by die venster in. Nog ’n storm is op pad. Nyx het nou al geleer dat ’n mens daardie windklok net hoor as dit ’n reënwind is.

“Hulle het hulself die Gifappeltjies genoem,” praat Hera oor haar skouer. Sy plaas ’n vinger op die foto om Nyx se aandag op die geel kopdoeke te vestig.

“Soos Liewe Heksie?” Sommige van die mense op die verhoog dra die kopdoek as ’n nekserpie.

“Net so.”

Nyx staan saam met Hera in die plaashuis se eetkamer. Sy was al ’n paar keer vinnig hier binne. Nie as deel van ’n huistoer nie – dit was nog steeds nie op die itinerary nie – maar as dit buite reën, bedien Hera darem ete aan tafel. Snaaks, die gewone stoele het eintlik ongemaklik gevoel ná die gesit op die kussings.

Die fotoalbum waardeur Nyx blaai, lê oopgesprei op die geelhouttafel se blad. Die tafel is in die middel van die vertrek. ’n Groot jonkmanskas staan in die hoek. Sy kasdeure is gesluit. Hera hou van haar kruiemengsels daar binne. Die reuk van kardemom en kaneel kry dit wel reg om deur die kasdeure te glip.

Bo Nyx se kop strek die plafon hoog op. Die huis is só gebou om te help met die somershitte sodat die warm lug kan opstyg. As sy voor haar kyk, kyk sy vas in die gallerymuur vol swart-en-wit foto’s van die plaas en sy geskiedenis. Die mure is wit geverf, soos die res van die huis, en die foto’s voel byna asof dit uit die muur na jou toe spring. Almal lyk so ernstig. Tussenin het Hera gedroogte blomme laat raam en ’n paar skilderye gehang. Die een lyk soos ’n Pierneef.

’n Klompie kerse vergader voor Nyx in die middel van die tafel. Hera het ’n lang maer een aangesteek vir atmosfeer. Die liggie wikkel rond wanneer wind by die venster indwarrel. Dit laat die kerslig oor die fotoblaaie rek en krimp.

Nyx vou die bladsy van die fotoalbum versigtig om om na die volgende foto’s te blaai. Die papier is al geel van ouderdom. Sy kan voel hoe klein stukkies daarvan onder haar vingers afskilfer.

Sy tel die boek in die lug en stap na die venster sodat die middagson wat daardeur inskyn die blad beter kan belig.

Sien sy reg? Is dit haar ma?

Die vrou op die foto het ’n kleurvolle romp aan wat in lae tot op die vloer hang. ’n Kort bypassende hempie voltooi die uitrusting. Op haar oop bruingebrande maag blink ’n naeltjiering in die verhoogligte.

Nyx voel hoe die foto voor haar oë swem. Sy moet wragtag droom. Haar pa se arm rus gemaklik om die vrou se middel, en die twee staan met gelate glimlagte, die vrou se kop effens agteroor gegooi soos sy lag.

Nyx hoor skaars Hera se sagte voetstappe oor die blokkiesvloer. Sy loer weer oor Nyx se skouer om te sien waarna sy so aandagtig staar. Haar asem trek diep in voordat sy dit stadig uitblaas.

“Hmm, Magrieta het baie verander.”

So dit ís sy.

“Nogal.” Nyx slaan die boek toe. “Is dit reg as ek die album eers by my hou? Ek sal graag rustig op my eie daardeur wil gaan.” Sy sou langer hier bly, maar Hera bly heeltyd in die vertrek. Sy voel soos iemand op parool. Elke beweging wat sy maak, is onder ’n vergrootglas.

“Natuurlik, neem jou tyd.” Hera druk ’n blom regop wat in die blompot voor die venster staan.

Die kralegordyn wat van die voordeur se kosyn hang, klingel toe Nyx weer uitstap tot op die stoep. Onder haar arm hou sy die album styf vas. Gemmer kyk haar lui aan terwyl hy lê en spin op die stoepbankie. Hy meow vies toe sy by hom wou verbystap. Nyx steek vas om hom ’n vinnige vryf oor die kop te gee.

Hera staan met gevoude arms teen die deurkosyn die twee en bekyk. “Jy bederf hom heeltemal te veel.”

Gemmer spin tevrede.

“Hy’s besig om meer huiskat as plaaskat te word.”

Gemmer het die afgelope tyd Nyx se skaduwee geword. Waar sy gaan, gaan hy. Sy geniet die aandag dalk meer as die kat. Party aande kom krul hy op die voetenent van haar bed op. Sy los die venster vir hom op ’n skrefie oop. Dis lekker om nie in die nag alleen te wees nie.

“Moenie na haar luister nie,” fluister Nyx in Gemmer se oor voordat sy na haar kamer stap.

Die aand steek Nyx ’n kers met roosolie daarin aan. Volgens Irene is rose se reuk veronderstel om ’n mens se stresvlakke met omtrent ’n derde te verlaag. Vanaand gebruik sy dit sommer voorkomend.

Sy moes al klaar spook om vir Gemmer by die deur uit te boender. Vanaand wil sy op haar eie wees. Netnou krap hy die foto’s.

Nyx skuif agter die spieëltafel in. Die fotoalbum lê op die houtblad oopgeslaan. Saggies begin die eerste reëndruppels op die dak drup. Die windklok jok nooit. Sy blaai weer tot by die foto van haar ouers. Die foto is los binne-in ’n sakkie ingeskuif. Sy glip dit met versigtige vingers uit.

Wie is die vrou? Wat het van daardie Magrieta geword?

Nyx draai die foto om. Iets staan agterop geskryf.

*Aan my liefste Athena*
*Mag jy altyd my muse wees.*
*Joune vir altyd*
*Daniël*

Daniël. Dis haar pa. Magrieta het nooit sy naam genoem nie, maar Hera het dit laat glip toe hulle deur die albums begin blaai. *He who shall not be named.* Nie dat Nyx nie probeer het om uit te vind nie, maar dit was: Case closed, no discussion.

Maar wie is die Athena? Hera het dan gesê dat dit haar ma op die foto is. Miskien het sy ’n fout gemaak. Of het haar ma een of ander verlore tweeling wat ook vir Nyx weggesteek is? Sy sal nie verbaas wees nie. Óf dis ’n skuilnaam. ’n Verhoognaam? Het sy saam opgetree?

Nyx se vingers soek driftig deur die res van die album, maar dit is die enigste foto waarop die vrou verskyn.

Nou sit sy al weer met die werk om hierdie mystery op te los.

Die boek klap met ’n slag toe, die foto verlate tussen die buite- en eerste blad.

Hera skuld haar antwoorde, haar ma ook. Magrieta kuier seker nog lekker saam met al haar kollegas, en hier moet sy sit en probeer om haar verlede te ontrafel met slegs ’n paar broodkrummels om haar te lei.

Nyx staan op by die tafel en pluk een van die bedkussings tot op die vloer.

Vandag het selfs sý meditasie nodig. As dit so goed vir Ahmed kan werk, kan dit seker vir haar ook.

Met gewone kruisbene neem sy haar plek op die kussing in. As sy die lotusposisie probeer, gaan hulle die nooddienste moet bel om haar weer te ontknoop.

Sy probeer terugdink aan alles wat Ahmed oor meditasie gesê het.

Hou jou gedagtes stil. Asem in. Asem uit.

Nyx probeer om haar asemhaling te tel. In vir vier, hou vir sewe, uit vir agt. Die vier sewe agt-metode. Nè?

Elke keer net wanneer sy fokus, spring haar gedagtes weer terug na die foto.

Fokus, Nyx. Maak jou kop leeg. Leeg. Leeg. Leeeeeg. Dink aan niks. Hoe dink ’n mens ooit aan niks? Kan ’n mens aan niks dink? Sy moet ’n knoop in haar oor maak om dit tydens die volgende debatsessie te vra.

Oukei, nog ’n diep asem – uit die diafragma.

Kantel die kamer? Hierdie storie voel soos ’n resep vir hiperventilasie.

Kalm nou. Kaaaaallllmmmm. Meditasie is veronderstel om jou te kalmeeeeeeer.

Ten minste dink sy nie meer aan die foto nie. Oeps, daar doen sy dit weer.

Nyx se oë skiet oop. Hierdie stront werk nie, sy gaan eerder slaap. Dis nou te sê as haar onderbewussyn haar nie in haar slaap ook kom tart nie.

Sy blaas die rooskers dood. Die lont trek skeef en begin in die was verdrink. Laat hom versuip.

Nyx kruip onder die komberse in.

Komberse. Dís wat jou kalm maak. Nie al hierdie ander crap nie.

## Hoofstuk 14: Om van vorm te verander

“Ek verdien antwoorde.” Nyx plof langs Hera neer.

Hera neem ’n stadige teug van haar koffie.

Iets moes gebeur het. Vir wat drink sy nie tee nie?

Nyx sien daar staan ook vir haar ’n koppie koffie gereed.

“Wie soek, sal vind. En wie nie soek nie, sal dikwels nog meer vind.” Daar is donker kringe onder Hera se oë.

Laat aand? Het sy dalk weer ’n telefoongesprek gehad?

“Maar hierdie antwoorde kan net jý my gee.”

“Nou laat ek hoor.” Hera sit haar koffie neer en kruis haar lang bene.

“Wie is Athena?”

Hera lyk ’n oomblik verbaas en knik dan haar kop alwetend. “Ek sien jou nuuskierigheid het die oorhand gekry. Magrieta sal nie daarvan hou nie.”

“Ek dink dis ’n bietjie laat om te worry oor waarvan my ma sal en nie sal hou nie. Ek is lankal nie meer ’n baba nie.”

“Goed, goed, bedaar,” skerm Hera met haar hande.

“Athena ís Magrieta.” Hera kan sien dit registreer nie by Nyx nie. “Voor sy haar naam verander het.”

“Huh?”

“Dit was alles deel van haar manier om ’n nuwe blaadjie om te slaan.”

“Nou wat het gebeur wat so verskriklik was dat sy so ver wou gaan?”

Hera sug. Sy lyk vir die eerste keer vir Nyx ongemaklik. En oud. Haar hare is vandag net in ’n gewone poniestert vasgemaak. Geen vlegsels of bollas of stukke plante wat daardeur weef nie.

“Dis … ingewikkeld. Goed het gebeur, ek het dit nie wonderlik hanteer nie, Magrieta ook nie. Sy het besluit dat dit beter sal wees as sy haarself, en vir jou, heeltemal uit ons lewens verwyder.”

Dit voel vir Nyx asof sy met ’n spul legkaartstukke sit en bou aan ’n prentjie, maar die stukke kom nie almal uit dieselfde boks nie. Wat pas waar in?

Hera vryf oor haar moeë gesig. “Partykeer is ’n mens se reaksie op iets baie groter as die gebeurtenis self.”

“Dit help my nie veel nie.” Nyx kyk hoe ’n muggie in haar koffie spartel en help hom uit tot op die rand.

“Die antwoorde wat jy soek, sal self na jou toe kom. Toe, eet iets. Spanning is sleg vir die spysvertering. En gooi ’n bietjie meer suiker in jou koffie.”

Nyx se hand stop halfweg op pad na ’n broodrolletjie. Sy kyk op. “Hera, is als oukei?”

Fronslyne keep tussen Hera se wenkbroue in. “Ja, hoekom vra jy?”

“Nee, dis net, iets voel vir my anders.”

Hera gee ’n klein glimlag. “Jy’s oplettend. Ag, ek wag sommer vir nuus.”

“Belangrike nuus?” Dalk iets met die besigheid te doen? Dit lýk asof alles goed gaan, maar ’n mens weet seker nooit.

“Nogal.”

“Enige nuus van my ma?”

Hera sit haar koppie neer. “Uh, nee, nog niks nuuts nie. Sy is waarskynlik net besig.”

“Het die nuus enigiets met my te doen?”

Hera lig die koppie koffie na haar mond. Haar blik fokus op die rand terwyl dit voor haar mond huiwer. Sy sluk stadig. Sit die koppie neer. “Niks waaroor jy hoef te bekommer nie, nee.”

Sy’t nie nee gesê nie.

Nyx kou traag aan die broodrolletjie. Dit haak vas in haar keel. Sy probeer dit met die koffie afsluk. Dit proe bitter ten spyte van die ekstra suiker.

Hera spring skielik rats regop. Vol nuwe lewe. “Weet jy wat? Ek dink dis tyd dat ek en jy ’n oggend saam spandeer.”

“Alleen?”

Hera knik entoesiasties haar kop. Haar groot glimlag verklap niks van die moeë vrou wat sekondes terug oorkant Nyx gesit het nie.

Nyx aarsel.

Wat steek Hera alles weg? Sy probeer nog ligvoet loop vir haar, al is sy haar ouma. Veral omdat sy haar ouma is. Dis altyd dié naaste aan jou wat die meeste vir jou wegsteek. En as haar eie ma soveel van haar kon wegsteek, wat kan Hera dan nie alles nie?

“As dit reg is met jou?”

“Seker maar.” Sy sal net haar oë en ore moet oophou vandag, netnou is daar regtig lyke in die geheime kweekhuis gestoor.

“Ek neem aan jy het niks teen skoenlappers nie?”

“Wat? Uh, nee, nie sover ek weet nie.”

Hulle hang in stringe langs mekaar. Papies. Hordes van die goed. Dit lyk amper soos ’n wasgoedlyn vol pennetjies.

“Versigtig!” Hera se hand klou om Nyx se skouer. “Kyk, daardie ene gaan klaar uitbroei.” Hulle staan in stilte en kyk hoe die toneel toweragtig ontvou. Die skoenlapper druk-druk teen die doppie totdat dit uiteindelik meegee en hy nat en gefrommel by die krake uitkrul.

Hera wag vir die skoenlapper om soos ’n vlermuis onderstebo te hang voordat sy weer saggies begin praat. “Dis ’n baie interessante proses – die metamorfose. Dit beteken om van vorm en struktuur te verander.”

Haar asem trek verwonderd in terwyl nog ’n skoenlapper by sy papie begin uitwurm. “Min mense besef dat die woord metamorfose gebruik is om na towerkrag te verwys.”

Nyx se asem steek in haar bors vas.

“Ons kry die woord oorspronklik uit Grieks. *Meta* vir verandering en *morphḗ* vir vorm.”

Meta. Dis soos Facebook en Instagram, is dit nie? Al wat daar verander is hoe die mense online lyk teenoor die regte lewe, dink Nyx.

Hera bekyk nog ’n skoenlapper wat al ’n rukkie sy vlerke sit en droog. Flap, flap, flap beweeg die swart en geel vlerke.

“Die woord skoenlapper kry ons weer uit Nederlands. Dit kom van iemand wat skoene lap omdat die patrone op die skoenlappers se vlerke die mense daaraan herinner het.”

Nyx kyk af na haar tekkies. Die Nederlanders het seker van ander skoene gepraat, want hierdie paar lyk beslis nie soos ’n skoenlapper nie. Dit is wel besig om deur ’n transformasie te gaan. Luca was reg. Die neongroen word khaki.

Hera skuifel nader aan die skoenlapper om die patrone op sy vlerke uit te ken. Nyx bly staan. Sy sal eerder van ver af loer. Sy’t al gelees skoenlappers piepie op ’n mens.

“Die skoenlapper het vier lewensfases. Die eerste is die eiers. Hierna kry ons die ruspe wat gewoonlik sommer die eierdop eet waaruit hulle broei. Baie ekonomies.”

“Soos julle hoenders,” mompel Nyx.

“Ditsem. Die ruspes se voorkoms verander gedurig soos hulle van hul eksoskelet ontslae raak en in grootte toeneem. Baie ruspes maak dit nooit tot by die kokonfase nie.”

Die skoenlapper sit en flap rustig sy vlerke. Hy het die stryd om oorlewing gewen.

“Hierna spin die ruspe homself aan ’n boom of ander plek vas. Die meeste se papies hang onderstebo, soos dié een.” Hera wys na ’n wit wollerige bolletjie aan ’n tak.

“Die papie ontwikkel onder die ruspe se eksoskelet totdat die skelet afval.” Sy beduie met haar vinger na ’n leë kokon. “Jy het hier gesien hoe die skoenlapper met sulke gefrommelde vlerkies uitkom.”

Die arme ding lyk vir Nyx nes ’n rosyntjie. Ineengekrimp.

“Die skoenlapper hang dan met sy vlerke onderstebo en pomp vloeistof uit sy liggaam in die vlerke in om dit reguit te kry. Die vlerke moet eers droog word voordat die skoenlapper die lug kan invaar.”

“Wat gebeur nou actually tydens die metamorfose?”

“Weet jy, die proses is eintlik mooier as die eindproduk. Binne-in die kokon verteer die ruspe homself met sy eie maagsappe.”

“Brutal,” gril Nyx. Hoe is dít mooi?

“Wat interessant is, is dat die ruspe ’n groot loperige gemors word wat uit imaginale selle bestaan. Dis soos die wurmweergawe van stamselle. Dit kan in enigiets verander.”

“Hoe weet die selle dan om ’n skoenlapper te word?”

“Dit is een van die raaisels van die natuur.”

“En hoe lank lewe die skoenlapper as hy eers uitgebroei het?”

“So twee tot drie weke.”

Nyx se mond val oop. “Weke? Dit klink na vreeslik baie moeite vir so kort lewe as ’n skoenlapper.”

“Alles het sy tyd om te kom en sy tyd om te gaan.” Hera se oë blink terwyl sy die skoenlapper aanstaar.

Verbeel Nyx haar of is dit trane wat sy sien?

## Hoofstuk 15: Have you ever had a dream?

*Is this the real life? Is this just fantasy? – Bohemian Rhapsody, Queen*

Nyx skrik wakker uit haar droom. ’n Rilling hardloop af teen haar rugwerwels tot by haar stuitjie.

Dieselfde nagmerrie.

Elke keer voel dit asof sy al dieper en dieper die bos inhardloop. Maar steeds is daar niemand as sy omkyk nie. Dis net die asemhaling wat haar agtervolg.

Maar hierdie keer was anders.

*Sy hardloop vir kilometers aaneen. Haar asem brand in haar bors, haar longe wil bars. By ’n groot rivier kom sy eindelik tot stilstand. Sy soek in die water na haar refleksie, maar sy kry niks. Net die buitelyne van haar silhouët is in die rivier sigbaar, die res van haar is ’n golwende donker massa.*

Die beeld is nog vars in Nyx se geheue. Haar hart pomp wild teen haar ribbes.

Sy sit regop in die bed en draai haar lyf sodat sy na die spieëltafel kan kyk. Haar asem trek skerp in.

Dis dan haar pa!

Nyx knipper haar oë, kyk weer.

Die beeld het in haar eie gesig verander. Elke detail sigbaar. Selfs die groot donker sproet onder haar regteroog. Hoekom voel dit dan asof sy na ’n vreemdeling kyk?

Maanlig spoel oor die bed. Dit laat Nyx se gesig, bleek van skrik, nog witter laat lyk. Sy laat haar hand oor haar gesig gly. Dit tas soos ’n blinde rond oor haar wange soos sy dit probeer eien: die neus, lippe, wenkbroue. Alles daar. Solied. Werklik.

’n Haan kraai buite. Dit moet al amper sonsopkoms wees.

Nyx laat sak haar hand tot op die komberse. Haar bene swaai van die bed af.

Sy herken al die kokonsagte pers symat onder haar sole. Haar voete wikkel in die plakkies wat op die vloer lê. Dis nou nie die beste paar stapskoene nie, maar Luca is gelukkig nie by om met haar te raas nie.

Die kamerdeur swaai geruisloos oop.

Buite die kamertjie voel dit asof sy beter kan asemhaal.

Vir die eerste keer in ’n lang tyd voel dit nie asof iemand saam met haar in die bos is nie. Dis spookstil. Bo haar kop is die hemelruim oopgeskil sodat sy die melkweg kan sien wat soos fairy lights oor die swart koepel string. Dit laat Nyx aan die stadsliggies dink as jy laataand met ’n vliegtuig bo Johannesburg opstyg.

Sy voel haar pad deur die maanverligte roete, kruip weer deur die gat in die heining totdat sy by ’n oopte kom waar ’n klein heuwel uitrys. Sy hou die heeltyd haar ore gespits vir geluide dat sy agtervolg word, maar dis net die stilte wat haar vergesel.

Stadig beur sy teen die heuweltjie uit. Elke knars van haar plakkies weerklink. Bossies en klippe is skimme wat haar die weg wys. Haar bolle asem wolkstol in die bot oggendlug.

Op die plato van die heuwel gaan sy op ’n klip sit. Haar knieë trek op tot onder haar ken. Sy laat haar arms daarop rus. Asemhaling fluister by haar mond uit.

Nyx kantel haar kop na bo. Sterre stippel bo haar verby. Klusters vorm helder kolle waar die sterre saamdrom. Sy probeer kyk hoeveel van die konstellasies sy kan uitken. Die drie sterre van Orion se belt vang haar oog. ’n Ellipsteken van lig.

Toe sy klein was, het sy neonsterre op die plafon bo haar bed geplak. Haar ma was woedend omdat dit merke sou los. Elke aand het sy daarna lê en kyk voor sy aan die slaap raak.

Nyx glimlag terwyl sy daaraan dink en laat haar kop op haar voorarms rus. Sy bly so sit terwyl die plaas rondom haar wakker word.

In die Ooste syfer die melkweg weg. Die swart nag verander na donkerblou en pers. Sterre flonker nog ’n rukkie voordat dit deur perskesagte skakerings ingesluk word. Oranjes word blou. Dis eers toe ’n ligblou in hale oor die hemel streep wat Nyx haar van die grond af optrek en begin terugstap na haar kamer.

Voor die gat in die heining gaan sy staan. Haar nekhare reis. Iets in die lug het verander. Sy kyk af na die gat. Dit lyk groter as wat sy onthou. Alles om haar is nog steeds grafstil. Die asem fluit nog saggies by haar mond uit.

Haar hand bewe toe sy deur die gat in die heining kruip. Net soos sy aan die ander kant regop staan, sien sy iets uit die hoek van haar oog agter die bome beweeg. Sy ruk haar kop in daardie rigting, maar die beweging aan die ander kant van die heining het opgehou.

Sy kan nie langer hier bly nie. Sy het niks by haar om haar te beskerm nie.

Nyx drafstap na haar kamer en trek vinnig aan sodat sy solank by die eetare kan gaan sit.

Hera kom ’n paar minute later aangestap. “Dis nou ’n aangename verrassing!” Haar mond wil-wil oophang. “Gaan jy ook nou deel word van die 5 am-klub?”

“Nee wat, so mal is ek nog nie.”

Hera begin die kussings uitpak uit die klein houthuisie wat in die bos wegkruip.

Nyx vat haar pienk kussing en gaan sit weer. Haar boude is nog half gevries na haar uitstappie na die koppie. Haar hart is gevries ná die skrik.

“Jy wil oor iets gesels?”

“Ek wil nie spoke opjaag nie, maar is jy *seker* die plaas is veilig?”

“Het daar iets gebeur?”

Hoekom sou Hera dadelik dit aanneem? “Nee, nie regtig nie. Wel, ek weet nie. Daar *kon* iets gebeur het.”

Hera frons. “Ek verstaan nie.”

“Ek dink, ek dink ek het iemand in die bos gesien.”

“Wanneer?”

“Va–” Nyx sluk die woord. Sy gaan moet erken sy het rondgesneak. “Net so deur die dag. Ek kan nie vir seker sê dit was iemand nie, maar dit het baie soos ’n mens gelyk.”

Die frons keep nog steeds in Hera se voorkop in. “Hmmm, vreemd. Ek sal vir die werkers sê om hulle oë oop te hou vir enigiets verdag. Dis miskien net ’n bok. Hulle loop soms tot baie naby aan die plaashuis.”

Nyx knik, maar sy weet wat sy gesien het. Dit wás iemand. “Daar’s ook…uh… Hierdie gaan weird klink, maar ek kry ook hierdie drome vandat ek op die plaas is. Ek weet dit nie of dit engiets beteken nie.”

“Drome beteken altyd iets.”

“En nagmerries?”

“Wat maak van ’n droom ’n nagmerrie?”

Nyx kou aan ’n nael. “As dit iets is wat jy nie wil sien nie?”

“Dalk eerder as dit iets is wat jy móét sien? Jou onderbewussyn is altyd besig om met jou te kommunikeer. Jy moet net sy taal aanleer.”

Nyx se aandag verskuif van haar naels na die gras. Sy begin klein polletjies met haar vingers uitruk en sit die grassies op ’n hopie bymekaar. “Wat doen ’n mens dan as jy nie weet hoe om die drome te interpreteer nie?”

“Jy vra hulp.”

Nyx kyk op van die groen hopies verminkte gras. “En jy kan iemand met so iets help?”

“Miskien kan ek net die middel wees sodat jy jouself kan help.” Hera draai om na die plaashuis. “Volg my. Ek wil jou iets wys.”

Hera neem Nyx deur na die agterkant van die plaashuis. ’n Persiese mat lek oor die ou houtvloere tot in die donker keel van die huis.

Droom sy nog steeds? Sy moes al lankal die droomkaart gespeel het om toegang tot die res van die huis te kry.

Verskillende ornamente en kaggelkakkies staan die hele plek vol. Rakkies is teen die gangmuur vasgeskroef. ’n Ry miniatuur porseleinhondjies staar Nyx agterna soos sy verby die

een rak beweeg. Bo haar kop hang ’n kandelaar uit die dak. Stukke wit kwarts wat in vreemde vorms gesny is, swaai aan die punte daarvan.

’n Geluid klink op uit een van die kamers. Die meeste van die deure is toe.

Nyx hoop dis Ahmed. Maar sy sal nie verbaas wees as dit hier spook nie.

“Is jy nou klaar met huis regpak?”

“Ja, jy kan nou sien hoeveel goed hier binne is. Dinge word soms chaoties.” Hera gaan staan voor ’n skildery. “Kyk hier.”

Die skildery bevat ’n kleurvolle drukprent. Twee diere wat lyk soos ’n mengsel tussen ’n draak en ’n pou pronk daarop. Die een is skelpienk en die ander grasgroen. Hulle lywe is vol vreemde patrone geteken.

“Dis, uh, mooi.”

“Dis ’n kopie van ’n werk deur Baya Mahieddine. Sy was ’n Algeriese kunstenaar wat ’n groot invloed op Picasso en Matisse gehad het, maar dit sal jy nou nie sommer in die nuus raaklees nie. Sy het op sestien in Parys vir die eerste keer uitgestal. Dis daar waar Picasso haar goed raakgesien het.”

Nyx snuif. Hmm, die prent groei op haar. Hierdie spesifieke een is dalk te vrolik. Die vrou het dalk donkerder tekeninge. Iets in swart en wit.

Hera het al tot in die keelgat van die gang geloop.

Nyx kyk weer vinnig na die skildery. Verbeel sy haar of het die een draakding sy oog geknip?

Sy ril en drafstap vinnig by die gang af. Langs Hera gaan sy staan. Hera haal ’n sleutel uit haar rok se sak. Die sak hang ’n buidel voor haar maag.

Nyx voel hoe haar hande bewe. Wat wag op haar aan die ander kant van hierdie deur?

Die slot klik oop. Hera laat haar eerste instap.

’n Vreemde reuk verwelkom hulle. Nyx het dit al voorheen geruik. Patchouli?

Die smeulende stokkie wierook op die lessenaar bevestig haar vermoedens. Die rook styg draderig in die lug op.

Hera beduie na die stokkie. “Ek het dit sommer hier aangelos om die kamer te reinig terwyl ons ontbyt eet. Ons wil nie enige stagnerende energie in die kamer hê nie.”

Nyx knik. Sy het self te lank gestagneer. Vandag beweeg ons, verkieslik vorentoe.

“Jy kan gaan sit dan kry ek jou kaarte gereed.”

Nyx plof in die fatsack neer. “My kaarte?” Haar twee kniekoppe pers teen mekaar. Sy vou haar hande op haar skoot.

“Tarot-kaarte. Ons kan vir die kaarte vra wat hierdie dome van jou beteken.”

“O … oraait.” Nyx se wenkbroue brei saam. Is tarot nie soos ... demonies nie? As dit soos daardie Ouji-borde is waar ’n mens met die dooies praat, gaan hierdie vir jou ’n nuwe soort geesvang wees as wat hulle by die skool doen.

Hera bring ’n boksie kaarte uit haar lessenaarlaai te voorskyn. Nyx kyk hoe die kaarte uit die boksie in Hera se hand glip. Die rante is goud en blink as die lig daarop val.

Hera verdeel die pakkie kaarte in twee en skommel dit met behulp van die tafel waar sy die kaarte geleidelik oor mekaar laat neerflap. Die beweging word ’n paar keer herhaal totdat sy tevrede is.

Hera sit die pak kaarte op die tafel neer. Die prente wys ondertoe. Een vir een tel sy met haar lang vingers ’n kaart van die hopie af op en lê dit, prent boontoe, op die tafel neer.

Nog ’n kaart word neergeplaas. Hera mompel iets aan haarself. Haar kop skud. Sy sug. Sy tel ’n volgende een op. ’n Sagte “ah-hah” volg hierop.

Al die geluide maak Nyx bekommerd. Wat sien Hera?

“Enigiets … interessant?”

Hera plaas nog ’n kaart op die tafel neer. Sy knik. “Mmmm, nou maak dit sin. Dis wat ek nog heeltyd vermoed het.”

Nyx se oë dartel tussen kaart en Hera, kaart en Hera.

“Jy kan hier kom staan dan wys ek jou.”

Nyx spring op. Haar knieë wil onder haar meegee.

Op die tafel het Hera die kaarte in twee netjiese rye gepak. Soos grafte in ’n begraafplaas lê hulle langs mekaar.

Nyx probeer uit die prentjies op die kaarte aflei wat die antwoord is. Sy kan nie kop of stert daarvan uitmaak nie. Al wat sy sien, is ’n klomp swaarde en ’n mannetjie wat op ’n boot oor die see wegseil.

“Die boonste ry kaarte verteenwoordig die oorhoofse temas of fokuspunte. Die tweede ry gee dan meer beskrywings of verklarings oor wat die eerste ry sê,” verduidelik Hera oor Nyx se skouer. “Soms is die antwoord duidelik en bevestig die tweede kaart slegs wat die eerste reeds gesê het. Maar dit hang af van die kompleksiteit van die vraag.”

Nyx se oë is groot. “En wat het jy vir my gevra?”

“Wat jou drome vir jou probeer sê. Hoe meer spesifiek jou vraag is, hoe beter. Die kaarte lees energie, so wanneer daar te veel faktore betrokke is, kan die energie chaoties wees, dan kry jy vae lesings.”

Die kaarte lyk soos kunswerke. Van die hoeke is al afgeweer en die beelde het klein krakies wat daaroor loop. Hera moet die goed gereeld gebruik.

“Waar kry jy die kaarte?” Nyx is amper te bang om daaraan te vat. Sy’s nie seker of die energie waarvan Hera praat, oordraagbaar is nie.

“Hierdie is my Rider Waite-stel. Dis die eerste stel wat ek aangeskaf het, by ’n boekwinkel in Johannesburg. Ek gebruik dit vir al my belangrikste vrae.”

Nyx kan nie langer wag nie. “So?” tuimel die vraag by haar mond uit. Haar hande fladder oor die kaarte. “Wat sê dit? Is dit goeie of slegte nuus?”

“Wel, jy gaan nie dood nie, so jy kan ontspan.” Hera bly stil. “Nog nie.”

Nyx se oë rek nog groter.

“Eendag gaan ons almal.”

Donnerse Hera. Moet sy altyd so melodramaties wees?

Hera plaas haar wysvinger op die eerste kaart. “Hierdie kaart is die queen of swords. Die kaart verwys gewoonlik na ’n vroulike figuur met mag, sterk intellektuele vermoëns en goeie persoonlike grense.”

Nyx glimlag. Dis seker sy. Nie ’n té slegte beskrywing nie.

“Dit kan aan die negatiewe kant ook verwys na iemand met ’n skerp tong wat nie baie mense wil inlaat in hul persoonlike lewe nie en te veel volgens logika eerder as hul emosies leef.”

Ouch. Die swaard op die prentjie steek regdeur Nyx se hart.

“Hier onder haar het ons die two of swords om die koningin te verklaar. Hierdie kaart gaan daaroor dat iemand nie ’n keuse wil maak nie. Jy kan sien die persoon sit met twee swaarde, soos twee keuses, en hulle is geblinddoek. Dié persoon is by ’n kruispad. Soms is die betekenisse baie letterlik. Die blinddoek kan byvoorbeeld impliseer dat jy nie die volle prentjie het nie, so om ’n keuse te maak, sal jy dit eers moet afhaal en jouself blootstel aan die waarheid.”

“So, wat moet ek kies?”

“Dit sal jy nog uitvind. Onthou, ek lees energie. Energie kan op verskeie maniere manifesteer.”

“En die volgende twee kaarte?”

Die boonste kaart is baie mooi. ’n Groot maan is bo-aan geteken met ’n rivier wat in die middel opvloei in sy rigting. Twee wolwe staan weerskante van die water en opkyk na die maan.

“Die maankaart impliseer geheime en intuïsie. Dit gaan oor alles wat onder die oppervlak is en nog nie heeltemal sigbaar is nie, of nie waargeneem kan word nie. Ons het hier die six of swords om dit te verklaar. Dit gaan daaroor om op reis te gaan of om weg te beweeg na iets beter. Dit kan dus impliseer dat jy iets of iemand sal moet agterlaat op soek na hierdie weggesteekte inligting. Om te wen, sal jy ook moet verloor. Dit kan ook omgekeerd wees en beteken dat daar

iets is wat onthul gaan word en gaan veroorsaaak dat jy op reis moet gaan, maar om dit te kan bevestig, sal jy moet wag en sien."

"En die volgende twee?"

"Ons het hier die fool as die hoofkaart."

"Is dit nou ook ek? Gaan ek soos 'n fool optree?"

"Het jy nie al reeds nie?" Hera gee 'n droë lag. "Grappie."

Not funny.

"Dis seker een manier om daarna te kyk, maar dis nie die energie wat ek van die kaart kry nie. Die fool gaan ook daaroor om op een of ander tog te gaan, dikwels sonder die nodige kennis van wat voorlê oor hoe om die situasie te hanteer. Dit kan waaghalsigheid, impulsiwiteit of naïviteit impliseer. Aan die ander kant por dit ook 'n mens aan om soms te spring en te glo iemand sal jou vang, selfs al het jy nie al die kennis nie."

Nyx se oë vernou. "Dit voel vir my maar negatief." Hoe weet Hera in elk geval dis wat die kaarte sê? Dis dan 'n stuk papier?

"Gelukkig word die fool hier vergesel deur die three of cups. Dis 'n kaart van feesviering, spesifiek saam met vriende en familie. So, as ek die spulletjie so kyk, beteken dit jy gaan een of ander nuwe projek aanpak en dit gaan op die ou end suksesvol wees omdat jy dit saam met ander kan vier."

Nyx dink 'n oomblik na. "Dis nogal baie inligting vir een droom. Ek is nie seker of dit alles daarmee te doen het nie."

"Jy sal self weet watter inligting vir jou belangrik is."

Hera stap oor na die boekrak in die een hoek van die kamer en begin rondkrap.

"Waarvoor soek jy?"

"'n Boek."

"Dit sou ek nou nie kon raai nie."

Hera trek 'n stowwerige joernaal uit die rak. "Hier's dit."

Sy blaas oor die boek. 'n Klein atoombom van stof ontplof en syfer op die vloer neer. "As daar iets is wat jou verder sal kan help, is dit hierdie." Hera slaan die boek oop. Haar hand liefkoos 'n blad.

"Wat is dit?"

"'n Droomjoernaal wat ek oor die jare opgebou het. Ek het op 'n stadium alles oor droomsimbole gaan oplees en met verloop van tyd met my eie ervarings nog beskrywings bygevoeg."

Hera maak die joernaal toe en gee dit vir Nyx aan. Dis swaarder as wat sy verwag het. Seker al die kennis wat daarin opgesluit lê.

Nyx vou dit weer oop. Binne-in is tekeninge met handgeskrewe teks langsaan.

"Jy moet dit tog met 'n knippie sout neem. Almal se drome is verskillend en ons heg verskillende waardes aan verskillende simbole. Sommige is redelik universeel, soos lig en donker, maar ander kan persoonlike konnotasies hê, soos teddiebere wat iemand met hul kinderjare assosieer. Jy kan gerus ook jou eie lysie van simbole en betekenisse begin versamel. Ek vind dat hoe meer ek dit doen, hoe beter onthou ek my drome en hoe meer kan ek dit analiseer."

"Dit lyk nie asof jy enige drome onlangs geanaliseer het nie." Nyx nies en vryf haar neus.

"Deesdae hoef ek nie regtig meer na die boek te verwys nie. Dié dat dit so vol stof is."

Nyx hou die boek versigtig vas. "Dankie, ek sal bietjie daardeur blaai en kyk of daar iets interessants is."

"Goed. Laat ons dan aanstaltes maak. Die ander wonder seker al waar draai ons."

Nyx se neus begin weer kriewel.

## Hoofstuk 16: What's in a name?

*I sometimes think I was born to live up to my name. How could I be anything else but what I am, having been named Madonna? I would either have ended up a nun or this. – Madonna*

Iemand klop. Nyx gooi vinnig haar notaboek onder die komberse in en vee die bewyse plat.

Die kamerdeur swaai oop. 'n Kop loer om die kosyn. "Hi, kan ek maar inkom?"

"Uh, sure." Nyx se oog val op die bra wat langs die bed lê. Sy knyp dit tussen haar tone en maneuver dit onder die bed in. Haar wange gloei. Luca was nog nooit in haar kamer nie. Behalwe toe hy die kaasbroodjie hier gelos het. Nooit alleen saam met haar nie.

Hy kyk rond. "Is jy baie besig?"

"Uh, nee." Net besig om die plaas se geheime uit te figure.

Nyx strek haar bene oor die bed uit. Sy kan die notaboek onder die kombers voel druk.

Luca huiwer in die deurkosyn. "Wat maak jy als?"

"Ek … dink sommer. Oor die plaas. Jy weet dis so great storie. Die familie start-up." In die notaboekie is haar spinnekopdiagram met al die belangrike mense op die plaas se name. Luca s'n ook. Met 'n groot vraagteken langsaan. Sy is nog nie seker met wie sy hom almal moet verbind nie. Onder haar pa se naam staan 'n klomp vrae. *Magrieta? Werk? Nou?*

Luca knik. "Die plek het nogal 'n geskiedenis." Hy kyk na die Frida-Kahlo-skildery.

Wat soek hy nou eintlik hier? Is hy nie veronderstel om al huis toe fiets te ry nie? Dis al ná ses.

Nyx lanseer van die bed af op. Sy moet hom uit die kamer kry.

"Kom, Luca. Ons gaan stap 'n entjie. Ek … kort vars lug." Sy stoot hom by die kamer uit en druk die deur dig agter haar toe. "Uh, werk ek môre vir 'n slag weer saam met jou?" Nyx hou duimvas hulle moet weer iets in die kweekhuise doen. Sy het aan 'n plan gedink, maar dit gaan net werk as sy en Luca alleen daar is.

"Ek het eintlik iets anders in gedagte gehad."

'n Blaartjie sit vas in Luca se kuif. Nyx moet haarself dwing om nie haar hand daarna uit te steek nie.

"Wat?"

"Ek het gedink ons moet jou eerste week hier vier."

"Vier?"

"Om eerlik te wees, was ek nie seker of jy dit sou maak nie." Hy stamp Nyx speels teen die skouer.

Nyx klik haar tong. “Sies, man. En tegnies is dit meer as ’n week as jy die dag tel voordat ek by die tuinwerk ingeval het.”

“Okei, Edelagbare.” Luca buig sy kop. “Ek pleit skuldig. Nog meer rede om dit te vier.”

“Kom Irene saam?”

“Nee, sy sien jou genoeg.”

Wát beteken dít? “Solank sy my nie kwalik neem as jy my uit die tuinwerk hou nie.”

“Nee wat. Ek dink in elk geval jy het op haar gegroei, so bietjie soos ’n swam, maar steeds.”

“Baie snaaks, hoor. So, wat gaan ons twee doen?”

“Dis ’n verrassing.” Luca se oë blink.

“Ek hou nie van verrassings nie.”

“Ek weet. Maak net seker jy is môreoggend negeuur gereed.”

Luca gryp haar hand en buk af om in haar oor te fluister. “Volg my.”

Nyx se maag gee ’n vreemde draai. Sy het gisteraand nog ’n paar vraagtekens langs sy naam by haar spinnekopdiagram gaan teken.

Hulle is op ’n vreemde roete. Die plante is besig om die plek oor te neem. Luca breek ’n klomp spinnerakke wat oor die paadjie span.

“Jy gaan my nie vermoor nie nè?” Nyx se hand is steeds in Luca s’n. Sy hoop nie dit sweet nie.

Hy lag en wys vir haar die swamme wat uit een van die dooie boomstamme groei. “Daar’s jou familie.”

“Ek sien jy’t ’n talent vir komplimente uitdeel.”

“Ag man, kyk net hoe mooi is hulle.”

Sê hy sy’s mooi?

Nyx kyk terug na die swamme. Dit lyk vir haar nes mini ufo’s. Dalk lyk sy otherworldly?

“Is hierdie waar Hera sampioene pluk?” Een van die vrae by Hera se naam is waar sy al haar kruiemengsels se bestanddele kry.

“Nee, hierdie swamme is dalk mooi, maar gevaarlik. As ’n mens wilde sampioene forage, moet jy baie goed weet watter is eetbaar.”

Nyx trek aan Luca se arm. “Oeh, kyk!” Haar vry hand beduie na die ring sampioene.

“Jy’t ’n feetjiering gekry.”

“’n Feetjiering?”

“Een sampioen skiet op en maak die string sampioene daar rondom. Mens noem hulle hyphae. Die sampioene kommunikeer ondergronds met mekaar.”

“Huh, dis nou wat ’n mens ’n underground operation noem.”

“Mense glo dat jy nie in die feetjiering moet trap nie, want jy ontstel die feetjies. Dan gebeur daar allerhande slegte goed met jou.”

Sal dit dieselfde feetjies wees wat vir Irene van haar musiekobsessie vertel het?

“So, ek moet in my spore trap eerder as in die ring?”

Sy mondhoek lig. “Presies. En agter my aan. Ons is amper daar.”

Luca stuur haar verder op die roete. Die paadjie word al hoe breër. Klein blou blommetjies stippel langs die voetpad. Riete steek soos swaarde deur die grond. Die riete maak oop op ’n groot graswal met die rivier wat verbykabbel.

“Hier’s ons.”

’n Groot wilgerboom se harige takke hang draderig in die rivier. Naaldekokers flits verby om oor die blink water te dans.

Nyx sien dadelik die mandjie raak. Dit lê op ’n oopgespreide kombers. “Jy het vir my ’n piekniek gemaak?”

Luca knik, sy vry hand vryf deur die krulle in sy nek.

“Is dit nie bietjie romanties nie?”

“Ek het eerder gedink aan vriendelik.” Hy los vir die eerste keer haar hand en loop na die kombers wat oor die wal uitgesprei lê.

“Noted.” Whatever. Dis nie asof sy regtig van hom hou nie.

Sy moet maar haar naam met die vraagteken onder syne in die spinnekopdiagram doodkrap.

Luca het die kos uit die mandjie begin pak. Nyx gaan sit saam met hom op die kombers. Sy herken van die tamaties wat sy help pluk het. Dis nogal cool om te weet jy was deel van waar die kos vandaan kom.

Terwyl hulle eet, vertel Luca vir haar van die verskillende naaldekokers. Daar is die Kersieoogfeetjie wat twee bloedrooi oë en ’n blou lyf het. Die Glinsterjuffetjie het spesiale vlerke wat byna deurskynend is en lig reflekteer. Dit lyk baie soos die refleksies wat ’n mens sien as jy borrels blaas en die sonlig daarop skyn. Daar is ook naaldekokers met adellike name, soos die Blourugkeiser, Bloukeiser en Oranjekeiser. Luca vertel spesiaal vir haar van die Swartkrukkie wat pikswart is. Die wyfies en onvolwasse mannetjies het wel geel merke aan die onderkant van hul lyf en die gesig is ook geel met ’n swart band daaroor. Luca hou die meeste van die Puperhangvlerkie – naaldekokers met ’n metaalvioletkleurige kop en ’n persrooi lyf.

Nyx verluister haar aan al die name, veral dié soos Fladdergesie en Narbroekie. Fladdergesies is blykbaar baie besonders om te sien. Die naam laat haar dink aan klein naaldekokerspokies wat rondvlieg.

Nyx se vol maag en die geluid van die rivier maak haar lomerig. Sy strek haarself plat op haar rug uit. Die dik gras voel soos 'n matras onder die kombers. Luca lê klaar. Sy kop draai na haar, sy oë halfoop.

"Ken jy die storie van jou naam, Nyx?"

Sy draai op haar sy om na hom te kyk. Sy blou-groen oë is reeds op haar gerig. "Nee, maar ek is seker jy doen."

Luca maak sy oë toe en draai sy kop terug na bo. Sy hande vou onder sy kop in. "Nyx was 'n Griekse godin. Die godin van chaos. Uit haar het alles ontstaan. Of so sê sommige bronne. Ander beweer dat chaos reeds voor haar daar was en toe kom sy volgende."

"G'n wonder my lewe is so deurmekaar nie." Nyx kyk na die wilgertakke wat soos wierookrook heen en weer sliert. "So is Nyx se etim- … wat noem jy dit nou weer? Die herkoms. Kom dit van chaos?"

"Etimologie? Nee. Nyx beteken nag. Sy word ook geassosieer met 'n sekelmaan of 'n swart sluiwer met sterre op."

"Ek sal maar 'n sluier by my klerekas moet voeg." Dalk kan sy vir een vra vir Kersfees. Hera kan mos 'n haas uit 'n hoed ruk, hoe moeilik is 'n veil? "Het dié Nyx familie gehad?"

"Wel, verskeie deities of goddelikhede het uit haar ontstaan. Sy het byvoorbeeld saam met Erebus vir Thanatos, die dood, gehad. Ek kan nie almal onthou nie, maar daar was ook Hypnos, vir slaap en Oneiroi, vir drome. Blykbaar was selfs Zeus bang vir haar."

"Is jy bang vir my?"

Luca grinnik. "Nee wat. Jy's eintlik 'n ou lammetjie."

"Disappointing"

Nyx draai om op haar maag en rus haar ken op haar hande. "En jy, Luca, my ligbringer. Is jy nou die lig tot my donkerte, die orde tot my chaos?" Sy kan nie help om vir haar eie simpel grap te giggel nie.

Luca se oë het weer oopgegaan. "Ek is ook net 'n mens."

"Al lyk jy soos 'n Griekse god?" Die woorde is uit voor Nyx kon keer. Voordat Luca kan reageer, praat sy vinnig weer. "Is Hera nie ook 'n Griekse naam nie?" Asof sy dit nie weet nie.

"Ja, jou familie het 'n ding daarvoor. Hera was Zeus se vrou. Hulle was nou nie juis die toonbeeld van 'n gelukkige huwelik nie. Hy het haar verskeie kere verneuk."

Sou dit iets wees wat haar regte oupa met Hera gedoen het?

“Ironies genoeg was Hera die godin van die huwelik. Darem ook van vroue, geboorte en familie.”

“Daardie Hera klink nie vreeslik soos my ouma nie.” Nyx kyk hoe ’n paar vlieswolkies verby die son sluip, die skerp lig vir ’n oomblik gedemp.

Luca sit regop. “’n Mens kan altyd stry teen wat mense wil hê jy moet wees, maar nie altyd teen wie jy werklik is nie.”

Nyx kyk sylangs na hom. Waar kom dít nou vandaan? Die wind ritsel liggies deur die krulle op sy voorkop. “Maar ander verwag altyd van jou om ’n sekere tipe mens te wees.”

“Partykeer moet jy kies om ander eerder as jouself teleur te stel.”

“Soos toe my ouma en oupa skei?”

“Sure.”

“Ahmed en Hera lyk vir my baie happy.” Nyx kyk weer na die wolke. Dit lyk soos blomkool. Goodness. Die tuinwerk is besig om haar brein oor te neem.

“Nóú, ja.”

Haar kop draai terug na Luca. “Was dit nie altyd so nie?”

“Nee. Hulle het lekker baklei. Twee hoogs individualistiese mense saam gee amper altyd probleme.”

Hmm, Hera het mos iets gesê oor hulle wat koppe gestamp het. “En jy? Wie is jy, Luca? Hoe het jy al verander?” Nyx wil iets oor hom weet. ’n Waarheid. Hy leer haar baie oor ander goed, maar niks van homself nie.

Luca dink lank na voordat hy praat. “Ek probeer nog elke dag stry teen dinge.”

Wel, dit sê vir haar absoluut fokol.

Luca skeur homself van die grond af op.

Daar’s die oomblik ook nou verby. Sy sal later weer moet probeer.

Nyx help Luca om die laaste goed in die mandjie te pak. Hy help haar op, maar sy hand voel anders as toe hy hare op die paadjie vasgehou het.

Het sy iets verkeerd gesê?

“Ons moet nog ons brood vir die dag gaan verdien. Letterlik. Ahmed smeek al lankal om vir jou touwys in die kombuis te maak met ’n suurdeegbroodjie.”

“Hopelik nie om den brode nie.”

“Solank jy nie jou naam ere doen en chaos in die kombuis veroorsaak nie.”

“Ag nee, dit was dan my hele plan. Daardie deel van my naam is mos in elk geval net spekulasie.”

Luca se wenkbroue lig. “Innocent until proven guilty, nè.” Sy stem is plat.

Nyx se glimlag verkrummel. Iets het verander, en sy is weer die fool wat nie weet wat aangaan nie.

## Hoofstuk 17: Guerillaoorlog

*The greatest crimes in the world are not committed by people breaking the rules, but by people following the rules. It's people who follow orders that drop bombs and massacre villages.*
*– Banksy*

"Wat op aarde is dit?"

Voor hulle is 'n deurgang in die vorm van 'n sirkel. Die klipding staan so alleen in die middel van die paadjie.

"'n Moongate."

Luca het nog steeds 'n vreemde houding. Dis asof hy haar nie direk in die oë kán of wíl kyk nie. En nou moet hulle vanmiddag boonop saam aan Hera se mostuin werk.

Nyx gaap. Haar slegte nag begin haar nou inhaal. Sy't nie 'n oog toegemaak nie. Nie as gevolg van enige nare drome nie. Nee wat, nou speel haar nagmerries mos sommer voor haar af.

Luca buk om deur die moongate te loop. "Ons is eintlik op pad na die feetjietuin, maar die mostema pas goed daarby, so nou is dit sommer albei," verduidelik hy.


Ten minste praat hy nog met haar, al is dit oor die tuin.

Nyx stap agterna en staan 'n oomblik stil aan die ander kant.

Niks.

Sy't so half gehoop iets magical gebeur. Waar's 'n goeie fee as jy haar nodig het?

Sy ken ook nie die paadjie waar hulle nou loop nie. Sy sal dit by haar kaart van die plaas moet voeg. Dié is langs die spinnekopdiagram in haar notaboek geteken. Sover sy kon agterkom, is daar net een hoof in- en uitgang na die plaas: die twee groot staalhekke waardeur sy en haar ma daardie eerste dag gery het. Dan is daar ook nog die draad wat vanaf die staalhekke die hele area omring. Die vreemde ringmuur vorm net 'n halfsirkel om die plaashuis. Die res is heining – die een waarin sy die gat gekry het. Dit beteken daar lê 'n groot gedeelte van die tuin buite die heining, insluitend die groentetuin, kweekhuise en 'n paar vrugteboorde.




Die klippaadjie verander ná die moongate in ’n mosgrasperk. Nyx se skoensole sink al meer weg in die sponserige tekstuur. Klammigheid slaan deur die tekkies se materiaal.

’n Naaldekoker skiet verby en gaan land in een van die riete wat langs ’n klein stroompie water staan. Die riet buig effens onder die naaldekoker se gewig totdat die punt van die riet aan die water raak en dit laat uitkring. Nyx voel hoe haar hemp wapper in die ligte briesie wat deur die feetjietuin beweeg. Die naaldekoker wieg saam met die wind en vlieg dan weg.

Haar armhare rys.

Hulle loop nog verder met die paadjie, al langs die stroompie. Aan weerskante van die water is groot stroke mos. Die karbonkelrige groen golwe lyk soos reuse skuimborrels. Mensgemaakte terrasse staan in verskillende stadia teen die rante van die effense helling om die pad. Sommige het halfgeboude kliprante en oop grond wat nog met mos bedek moet word.

Verbeel sy haar of het iets nou net in die een boom geblink?

Luca beduie na die paar bome wat die area met ’n sagte skaduwee bedek. “Kurkbome. Deel van van die bome wat vroeërjare geplant is toe mense nog eksotiese bome versamel het. Hera sal dit seker vervang as dit vrek.”

Drie van die kurkbome is saam met droë takke om die basis toegedraai. Die boomstamme steek elkeen deur ’n gat in die geweefde takke. Dit lyk soos ’n moewiese voëlnes.

Wat sien sy?

Nyx loop nader aan die bome en buk af om na die een stam te kyk. Iets blink binne-in ’n gat in die boom. Sy loer by die donker opening in. ’n Klein figuurtjie kyk vir haar. Dis ’n kleipadda wat met die hand geverf het.

“Jy’t een van hulle gekry.” Nyx kyk vraend om na Luca. “Een van die vrouens in die dorp maak allerhande kleigoedjies. Hier is ’n klomp van hulle in die feetjietuin versteek. Ons hou gewoonlik oor Paasfees ’n tipe skattejag vir kinders. Ietsie anders as die gewone paaseier soek.”

Al weer Paasfees. Dis asof die plaas haar wil dwing om aan Karlien-hulle te dink. Hoekom laat die lewe ’n mens nooit toe om te vergeet nie? Ja, nè. Eers haar vriende wat haar afskryf, nou Luca.

Nyx kyk rond. Skielik is dit asof die figuurtjies uit die tuin opspring. Sy gewaar klein handgemaakte paddastoele, ’n miniskule houtleertjie wat teen ’n boom uitklim en klippies wat geverf is om soos lieweheersbesies te lyk.

Luca gaan hurk by een van die halfvoltooide terrasse. Hy sit die houer met mosstukke versigtig op die grond neer en begin om die mos op die oop stukke grond te rangskik. Sy hande lê ’n vloer, mosteel vir mosteel.

Nyx gaan hurk by hom. Die mos voel koel in haar hand.

“Die mos behoort vinnig te vat. Ons moet dit net vir die volgende vier tot ses weke water gee, maar met die somerreën wat nou weer begin het, behoort dit nie ’n probleem te wees nie.”

Hulle werk in stilte. Nyx luister hoe die blare ritsel en die stroompie kabbelgeluide maak soos die water oor die klippe wat daarin lê, spoel. Haar oë flits elke nou en dan op na hom, maar hy fokus op die werk.

Hoekom lyk sy skouers so gespanne?

Skielik dink Nyx weer aan haar ma. Dit het haar ook wakker gehou in die nag. Kyk, die tyd sonder om met haar ma te praat, was lekker en als, maar nou’s dit nie meer so snaaks nie. Sy begin ’n bietjie worry. Vir wat het haar ma nog niks meer laat weet nie? Het sy van haar vergeet? Het haar eie ma haar ook afgeskryf?

’n Stuk mos in Nyx se hande breek middeldeur.

“Versigtig.”

"Sorry."

Luca tel nog 'n stuk mos op en sit dit versigtig tussen twee ander. Dit lyk soos 'n lappieskombers.

"Eintlik moet mense dít in plaas van grasperke aanplant."

"Wat?"

"Mos. Dit het baie min water nodig en dit neem boonop van die besoedeling in die lug op. Ek verpes daardie plastiekgras wat die mense so insit."

Figures. Luca sit en dink oor mosgrasperke terwyl sy wonder of enigiemand actually vir haar omgee.

Sy's op die plek vies. "Wat doen jy nou eintlik?"

Vir die eerste keer kyk hy direk na haar. "Ek plant mos."

Is die man regtig so onnosel?

"Nee, man, met–" Amper vra sy *Met my?* "In jou vrye tyd. Wat doen jy as jy nie hier moet werk nie? Lees jy op oor mos?"

Hy sit die stuk waarmee hy besig is, neer. "Ek is eintlik nie so baie by die huis nie, en wanneer ek daar is, help ek my ma. Hier's altyd iets om te doen op die plaas. Maar ek leen dikwels Hera se boeke uit haar biblioteek."

Biblioteek?

"Is dit in die huis?"

"Ja, daar is een gedeelte waar sy die meeste van haar boeke bêre. Sy sal bly wees as jy van haar goed wil lees."

Dís hoe sy meer kan uitvind.

"Ek sal by haar hoor, ek wil juis oor iets oplees."

Selfs al sien sy net watse boeke Hera het, behoort dit vir haar klaar meer inligting te gee. Die eerste prys sal natuurlik wees om deur die res van die huis te soek. Agter een van daardie toe deure móét daar leidrade wees. Dalk selfs nog foto's van haar ma toe sy jonk was. Die Magrieta, of Athena, op daardie foto maak steeds nie sin nie. Miskien is dit die sleutel tot ander inligting?

Luca pak die laaste stukke mos uit op die terras en spuit dit met 'n sproeibottel nat.

Hy staan regop. "Ek wil jou iets wys."

Waarskynlik 'n foto van 'n geheime girlfriend in sy beursie.

"Jy sal hierdie wil sien."

Nyx twyfel sterk.

Die bome vou al nouer om die paadjie totdat hulle deur nog 'n moongate loop en voor 'n groot muur stilstaan. Dis in 'n halfmaan gebou sodat dit lyk asof 'n mens konsertjies voor dit kan opvoer, soos 'n amfiteater.

"Ek het gehoor jy hou daarvan om graffiti te doen?"

"Ja …?" Die fronslyne golf oor Nyx se voorkop.

"Ons het vir jou 'n muur." Luca beduie met sy arms.

"Vir graffiti?"

"Ja, maar nie enige soort graffiti nie. Guerillagraffiti."

"Wat's dit?"

"Ekovriendelike graffiti. Jy kan die woorde of prente met mos teen die muur maak. Dis nog in progress, so jy sal my maar eers weer moet help om nuwe mos te versamel, maar dis joune as jy 'n uitlaatklep nodig het om iets kreatiefs te doen."

Haar mond hang effens oop. Luca het vir haar haar eie graffitimuur beplan? Hy's nie kwaad vir haar nie? "Ek–"

"Ek weet dis nou nie 'n hoof se deur nie." Hy grinnik.

"Nee," Nyx sluk. "Dis flippen cool. Dankie."

Luca lyk weer ontspanne. Is dit waaroor hy so gestres het? Het hy gedink sy sal nie daarvan hou nie?

"Uh, quick question. Hoe is ek veronderstel om die mos teen die muur te kry? Gaan dit nie afval nie?"

"Jy moet dit eers fynmaak in 'n voedselverwerker of 'n smoothiemasjien. Ons het een in die kombuis. Dan voeg jy water en karringmelk of yoghurt by. Verder verf jy dit op asof dit gewone verf is."

"Oukei, ek behoort te manage."

"Jy kan my roep die eerste keer wat jy dit doen, dan kom help ek jou. As jy wil." Luca kyk op sy horlosie. Dis al skemer. "Maar dit gaan nie vandag kan wees nie, ek moet my ry kry."

"Oraait, dalk môre?"

"Sure. Sal jy jou pad terugkry plaashuis toe?"

Nyx aarsel. "Uh, ja, ek glo so."

"Fantasties." Luca stop die houer waarin die mos was, in Nyx se hande. "Jy kan sommer dit vir Hera gaan gee. Ek ken 'n kortpad hier agter deur die tuin. Sien môre."

Nyx staan hom verdwaas en agternakyk, dan af na die houer in haar hande. Die man is soos 'n pendulum, swaai heeltyd tussen twee uiterstes. Nou bedonnerd, nou oulik, nou hier, nou daar. Nou weg.

Sy draai om en begin traag terugstap deur die mostuin. ’n Padda kwaak hard aan haar regterkant, en haar hele lyf ruk sodat die houer amper op die grond beland. “Asshole.”

Hoe het dit skielik so donker geword? Sy sal moet opskud, sy wil nie vanaand ontdek wie haar nog heeltyd agtervolg nie. Nie terwyl sy en Luca dalk kan–

Iets flits in die grasse. Haar oë soek blitsig rond. Dan skiet dit langs haar ore verby. Nyx swaai verbaas om. Wat ook al dit was, is weer skoonveld.

Sy loop verder. Stadiger. Die paadjie is net vaagweg sigbaar in die laat skemer.

’n Ritseling laat haar weer gaan staan. Dan kom daar weer ’n liggie deur die grasse op haar afgepyl, en nog een, en nog. ’n Hele groepie neonliggies dans skielik om haar. ’n Vorteks.

Nyx hou haar asem op. Die vuurvliegies oefen ’n vreemde aantrekkingskrag op haar uit. Sy loop agter hulle aan. Hulle flits heen en weer oor die paadjie. En dan, so gou soos wat die vuurvliegies gekom het, verdwyn hulle weer in die tuin.

Haar asem blaas stadig uit. Sy kyk op. Tussendeur die bome flikker die plaashuis se stoeplig.

## Hoofstuk 18: Agter die blad

*"Harry – I think I've just understood something! I've got to go to the library!"*

*And she sprinted away, up the stairs.*

*"What does she understand?" said Harry distractedly, still looking around, trying to tell where the voice had come from.*

*"Loads more than I do," said Ron, shaking his head.*

*"But why's she got to go to the library?"*

*"Because that's what Hermione does," said Ron, shrugging. "When in doubt, go to the library."*

*— J.K. Rowling, Harry Potter and the Chamber of Secrets*

*"All we ever see of stars are their old photographs."*

*– Alan Moore*

"Ek is op soek na 'n boek."

Hera sit die papiere waarop sy notas maak op die stoepbankie neer. "Watter boek soek jy?"

"Ek weet nie." Nyx skuifel nader om te sien waarmee Hera so doenig is. Slippies is aan die papiere vasgestaple. Belasting? Belasting*ontduiking*?

'n Leesbril balanseer op Hera se neusbrug. Haar oë wat bo-oor loer, vernou. "Dit maak dit 'n bietjie meer ingewikkeld om die boek vir jou te kry as jy nie weet wat dit is nie."

"Nee, wel, ek waaroor die boek moet gaan, ek weet net nie watter boeke jy het nie. Luca het gesê jy het 'n tipe bib hier aan die gang, so toe wonder ek …"

"Of jy van my boeke kan leen?"

Nyx knik. Die hangende potplante op die stoep lyk skielik vir haar vreeslik interessant. "Nuwe plant?" beduie sy na een.

"En waarvoor het jy hierdie boek of boeke nodig?"

"Navorsing." Dis darem half-waar. Vandag gaan sy probeer rondsnuffel tussen Hera se goed. Nee, nie probeer nie, sy móét.

"Navorsing sê jy?"

"Navorsing?" antwoord Nyx nou self onseker.

"Ah." Dat een geluid so baie en tog so min betekenis kan oordra. Dit voel asof sy terugflitse kry van die toneel in die skoolhoof se kantoor.

*“Is dit jou handewerk op my deur?”*

*“Nee, wel, ja. Wel, Meneer sien. Daar was ’n goeie rede.”*

*“Ah.”*

Net dit. Ah.

Daar wás ’n goeie rede. Too bad die man beskik nie oor die vermoë om rede in te sien nie. Maar nou ja, dit is in die verlede. Háár verlede, en nou wil sy fokus op Hera en haar ma se verlede.

Nyx sien hoe Hera ’n klip op die stapel papiere sit sodat dit nie wegwaai nie.

“Dis nie ’n regte biblioteek nie, maar ek het ’n klein versamelinkie oor verskeie onderwerpe opgebou oor die jare. Kom ons gaan loer of daar iets is wat jou aandag trek.”

Nou is dit Nyx se oë wat vernou. Dit was darem te maklik.

Hera staan op en stryk die plooie in haar lang koningsblou romp uit. Sy kies skielik koers by die plaashuis se trappies af.

“Waantoe gaan jy?”

“Biblioteek toe. Ek dog dis jou versoek?”

“Ja, maar–”

Hera loop na die kant van die huis. “Kom, dis in die solder. Daar is ’n trap teen die agterkant.”

Daar’s ’n fricken *solder*?

Nyx was nog nooit aan die agterkant van die huis nie. ’n Mens moet eers deur ’n houthek loop om daar uit te kom, en die ding raas vreeslik. Soos nou. Dit gee so aaklige uitgerekte skreeu as jy dit oopmaak. Hera se Jeep staan hier agter geparkeer, en elke keer as sy by die huis kom, hoor ’n mens eers die hek kreun voordat sy om die hoek verskyn. Dis asof die hek geboorte gee aan die persoon wat deur dit stap.

Noudat Nyx hier agter die huis staan, kan sy verstaan hoekom sy nie die solder opgemerk het nie. Sy moet erken, dis nogal slim van Hera om bome as kamoeflering te gebruik. Die trap en die deur aan die bokant van die huis word deur ’n reuse waterbessieboom weggesteek.

Het sy …? Het sy nou net geweet wat die boom se naam is.

Nyx voel skoon siek. Wat *word* van haar?

Sy skud haar kop en klim agter Hera teen die trappies uit. Die houttrappe kreun liggies onder hulle gewig. Aan die bopunt gaan Hera op die klein houtbalkonnetjie staan en soek tussen die bos sleutels in haar romp se sak. Sy druk die regte sleutel in, en die deur swaai oop.

Nyx kyk oor Hera se skouer hoe lig by die vertrek instroom. ’n Mens sou ’n klomp stof en spinnekoppe verwag, maar die plek is spotless. En daar is hordes boeke. So much vir Hera se “klein versamelinkie”.

Nyx stert agter Hera tot binne. Iemand moes die hele solder vir haar ingerig het.

“Ons het so ’n klompie jare terug die solder oorgedoen.”

En daar lees Hera al weer haar gedagtes.

“Ons moes die grasdak ook vervang. Ek dag toe: Hoekom nie ’n paar vensters laat insit nie?” Sy beduie na die groot reghoekige ruite wat sonlig by die dak inlaat. Nyx kan die wolke daardeur sien verbyskuif.

“Dis nogal nice. Cosy.”

Die son val deur die vensters tot op die vloer wat met ligbruin houtplanke uitgelê is. Dis baie nuwer as die blokkiesvloer in die huis. Dis ook warmer hier binne as in die huis. En daar hang ’n snaakse reuk in die lug. Nie stuffy soos wat regte biblioteke soms ruik nie. Dis sitrus, of een of ander krui wat Nyx nie kan plaas nie.

Haar oë volg die twee loodregte mure wat ná so meter en ’n half skuins na die middel van die dak knak en op beweeg totdat dit bo by die nok ontmoet. Die onderste gedeeltes van die muur is oral met rakke toegebou waarop rye en rye boeke langs mekaar staan. Al die mure is wit geverf.

“Waaroor gaan jou navorsing? Plante? Drome? Towery?”

Nyx kyk vlugtig uit die hoek van haar oog na Hera. “Uh, nee. Sterre.”

“Sterrekunde? Lekker. Nog iemand wat met die maan gepla is.”

Hera loop na die een rak. Haar hand fladder ’n entjie van die boekrak en beweeg soos ’n skandeerder totdat haar lang vingers om die rugkant van ’n dik boek krul. Sy trek hom stadig uit en bestudeer die titel. “Ek neem aan jy stel meer in die mitologie rondom sterre belang as wat jy in die wetenskaplike deel belangstel?”

“Ja, maar hoe …?”

“Dié een behoort te werk.” Hera loop oor na Nyx en plof die boek in haar hande neer voordat sy weer terugloop na die rak en haar soektog voortsit. Sy trek nog drie boeke uit die rak en stapel hulle op die ander een in Nyx se hande.

“Jy kan vanmiddag in die leeshoekie sit en lees. Ek sal later kom toesluit as jy klaar is. As die kat hier inkom, moet jy kyk dat hy nie iets verinneweer nie. Daar was al ’n insident of twee.”

Is Gemmer ook ’n vandaal?

“Oukei.” Nyx loop na die leeshoekie wat teen die verste punt van die vertrek gemaak is. Daar strek ’n bankie tussen die twee rakke met ’n lang reghoekige kussing daarop en nog ’n paar strooikussings in die een hoek. Sy sit die boeke neer.

"Ek sal nou-nou vir jou 'n peuselhappie bring. Sien jy kans vir laventelkoekies?"

Nyx knik.

"Fantasties, want ek het net dit gemaak." Hera se blou romp fladder by die deur uit.

Nyx gaan sit langs die stapel boeke. Sy sal mooi moet luister vir die trappe sodat Hera haar nie onkant betrap nie. Sy kyk na die titel van die boek wat bo lê: A*ncient Skies: Constellation Mythology of the Greeks.*

Onder op die grond knars Hera se skoene nog 'n oomblik soos sy wegstap, maar dan doof dit ook uit.

Nyx spring op en loop na die boekrakke. Haar oë soek oor die rugkante. Hier is so baie, sy weet nie waar om te begin nie. Sou Hera ooit van haar geheime goed hier stoor? Hera is slim genoeg om te weet 'n mens kan juis wegkom met iets indien jy nie maak asof jy dit wil wegsteek nie. Dis natuurlik hoekom sy so maklik ingestem het dat Nyx die bib sien. Al wat sy moet doen, is om mooi te soek.

Sommige van die boeke het nie titels teen die kant nie en Nyx moet dit oopslaan om te sien waaroor dit gaan. 'n Titel trek haar aandag: *Becoming Supernatural: How Common People are doing the Uncommon*. Sy trek die boek langsaan ook uit. *The Supernatural Power of Thought: A Metaphysical and Spiritual Way to Create Your Ideal Life and Heal the World*.

Supernatural?

Iets kraak. Nyx gooi die boeke terug in die rak en flits oor die vertrek. Haar lyf ploeg in die leeshoekie in. Sy pluk die eerste boek oop wat sy in die hande kan kry.

Haar oë bly op die oopgeslane boek met haar hart wat tot in haar keel bons. Doef-doef.

Sy wag.

Die trappe kraak weer en 'n skaduwee verskyn in die deurkosyn.

Gemmer.

Nyx blaas haar asem uit. Die kat loop tot by haar en spring op die bankie.

"Jy gaan my nog 'n hartaanval gee."

Gemmer steur hom nie aan haar nie en krul langs die hopie boeke op.

Dit was miskien 'n vals alarm, maar sy gaan dit nie nou dadelik weer waag om verder te soek nie.

Nyx slaan die boek op haar skoot oop en begin deurblaai. Dit lyk eintlik nogal interessant. Sy sien die Orion-konstellasie word ook die Drie Konings of die Drie Susters genoem. Die drie sterre van die belt se name is Zeta, Epsilon en Delta. Hulle noem die belt 'n asterisme omdat dit slegs 'n deel van die hele konstellasie vorm. Konstellasie kom van die Latyn *constellatio* wat "stel sterre" beteken. *Stella* beteken net "ster".

Dalk kan sy dit vir Luca vertel en hom vir ’n slag iets leer.

Nyx skim oor die blad. In Skandinavië is die belt vroeër Freya se Stok genoem. Freya is een van die ou, baie bekende Noorse gode. Sy was in beheer van liefde, vrugbaarheid, en nog ander goed. Haar pa was Njörd, die seegod. Varke was heilig vir haar en sy het op ’n bosvark met goue hare gery.

Kan jy imagine as jy op ’n bosvark moet ry?

Nyx tel een van die ander boeke op. Dit gaan oor Griekse gode. Weird. Sy het Hera net vir boeke oor sterre gevra.

Nyx flits deur die blaaie. Haar oog steek was. Dis haar ma se naam. Haar ánder naam. Athena.

Sy druk haarself regopper op die kussing.

“Aflewering!” Hera staan in die deur met ’n bordjie koekies en ’n beker drinkgoed. Nyx slaan die boek toe. Gemmer spring regop van die geluid. Sy hare rys.

“Al enigiets interessants gekry?” Hera gee vir haar die laventelkoekies en tee aan.

“Ja, nogal. Is dit al die boeke wat jy het?”

“Die meeste van hulle. Van my boeke wat ek baie na verwys, hou ek in my werkskamer in die huis.”

Damnit, so sy sal steeds in die huis moet kom.

“Is hierdie boeke nie voldoende nie?”

“Nee, dit is. Ek het sommer gewonder. Jy weet so baie.”

“’n Mens kan altyd meer weet.”

“Presies wat ek ook gedink het.”

“Dan los ek jou eers om meer te weet. Onthou om te kyk dat Gemmer nie iets krap nie, nè!”

Nyx knik.

Sy maak weer die boek oop by haar ma se naam. Is dit Hera se manier om vir haar meer inligting te gee?

Sy begin lees.

Athena was Zeus se dogter en is sonder ’n ma gebore. Sy het volgroeid en met ’n wapenrusting aan uit Zeus se voorkop gekom. Athena was die godin van oorlog, handwerk en praktiese rede (apparently ’n oormaat rede as Nyx na haar ma kyk), en sy is ook bekend daarvoor dat sy onoorwonne was in oorlog.

Dis seker hoekom Magrieta ook altyd dink sy wen.

Daar is ook ’n skets van Athena met ’n onderskrif: *Athena is often portrayed with snakes which lie coiled at her feet and an owl on her shoulder to symbolise her wisdom.*

Daai uil wat so roep in die tuin … Is dit haar ma wat met haar probeer kommunikeer?

Nee, Nyx. Nou raak jy regtig mal.

Nyx maak die boek toe.

Hoekom sou Hera vir haar ma so ’n naam gee? En hoekom het Luca daar by die rivier met haar oor haar eie naam gepraat? ’n Mens se naam kan tog nie bepaal wie jy is nie?

Gemmer spring van die leesbankie af en loop oor die houtvloer tot by die een boekrak. Sy stert krul heen weer soos ’n slang.

Miskien weet hy iets wat sy nie weet nie.

Nyx druk nog ’n laventelkoekie in haar mond en loop al kouend na Gemmer toe. Sy trek die boek uit waarby hy gaan stilstaan het. *Marijuana Grower’s Handbook: Your Complete Guide for Medical and Personal Marijuana Cultivation.*

Huh, interessant.

’n Paar boeke verder haal sy nog een uit. *Bong Appétit: Mastering the Art of Cooking with Weed.*

Nyx blaai deur die resepte. Dagga is nie regtig haar scene nie. En sy is relatief seker Hera het nog nie een van dié disse vir hulle voorgesit nie.

Sy kyk na die kat. “Gemmer. Jy help nie veel nie.”

Die kat se groen oë flits vinnig op na haar en dan trippel hy by die vertrek uit.

Oeps, sy’t seker sy gevoelens seergemaak.

Nyx gaan sit weer in die leeshoekie en slaan ’n ander sterrekundeboek oop. Die sterre is in elk geval interessanter as daggaresepte. Dis net ’n resep vir moeilikheid as jy haar vra.

Die boek wat sy oopgemaak het, gaan oor sterretekens.

Great.

Die internet is mos vol horoscopes. Klomp stront. Hulle sê altyd sulke vae goed soos: *Iemand gaan jou help* of *Jy gaan deur ’n moeilike tyd*. No shit, Sherlock. Dis altyd ’n moeilike tyd.

Nyx soek na haar geboortedatum. Dit kan mos nie seermaak net om te kyk nie. En die verskillende sterretekens kry ook hul naam van die konstellasies. Dalk leer sy iets.

18 April. Hier’s dit. Sy is ’n ram, die Aries. ’n Fire sign. Mmm, klink eksoties.

’n Idee pak Nyx beet. Hera het mos gesê sy moet leer hoe om simbole te interpreteer. Hierdie is ’n teken. ’n Teken wat haar sopas raad gegee het.

Sý is die ram. Dis tyd om hulle te stormloop.

## Hoofstuk 19: Blomtyd

*Watching all the flowers bloom into gardens full of memories,*

*blossoming, getting closer – Bloom, Jessica Domingo*

Nyx mompel ’n string kragwoorde. Sy is besig om alles behalwe die plante nat te sproei. Dis nie haar skuld haar aandag is verdeel tussen die plant voor haar en Luca langs haar nie. Sedert die piekniek en die hele graffitimuur-besigheid is hy amper al waaraan sy kan dink. Dis sý skuld dat hy so iets romanties moes gaan staan en aanvang.

Sy was nog nooit verlief nie. Nie régtig nie. Sure, daar was daai weird fase toe sy heel middag na die plakkate van haar gunsteling celebrities teen die muur gestaar het en die paar skelm kyke vir iemand in die mall. Maar dis anders.

Karlien aan die ander kant het elke tweede week Die Een ontmoet. Dan was dit die enigste topic of conversation voor klas, in klas, ná klas, pouses, en natuurlik ook in die middag ná skool. Nyx het al ’n talent daarvoor ontwikkel om te lyk asof sy baie belangstel terwyl Karlien aangaan oor hoe sy hierdie keer *seker* is dis die ou vir haar. Hierdie revelation is gewoonlik gebaseer op iets soos die feit dat sy en die nuwe stukkie dieselfde gunstelingkleur het. *Till death do us part*. Of tot een van die twee ’n nuwe gunstelingkleur kry.

Noudat Nyx kennis gemaak het met hierdie donker kant van die lewe, aka romantiese gevoelens, weet sy hoekom sy nog nooit verlief was nie. Dis verskriklik irriterend. Luca het soos een of ander onkruid besluit om al haar gedagtes oor te neem. Sy het belangriker dinge om aan aandag te gee, damnit.

Nyx spuit aggressief die plant voor haar nat. As sy moet verdrink in allerhande … idees, dan kan die plant ook maar versuip. Let it all die.

Die grootste ironie van alles is dat sy nog heeltyd alleen saam met Luca wou werk, en noudat sy hier saam met hom staan, wil sy nie meer hier wees nie. Sy kan skaars twee woorde agter mekaar sê voordat dit voel of sy hartkloppings kry.

Wat sou sy gunstelingkleur wees?

Kyk nou wat staan en doen sy. Sy moet aan Hera en haar ma dink. Maar waaraan dink sy? ’n Man. Wat gevaarlik naby haar staan. Wat het geword van haar wat die ram is? Sy moet storm, maar nie na hom toe nie.

Nyx vee met die agterkant van haar hand die sweet af wat by haar slape versamel. Is dit net sy of is dit vandag ekstra warm hier in die kweekhuis?

Fok verliefdheid.

Sy vuur nog ’n straal water op die plant af.

Sy kan nie help om Luca weer uit die hoek van haar oog dop te hou nie. Hulle gaan vandag aan die orgidees snoei. Sy kon nog nooit die hele obsessie met orgidees verstaan nie. Dis mooi, ja, maar dis overpriced en mense weet nie hoe om dit aan die lewe te hou nie.

Dit klink nogal soos die meeste verhoudings.

Haar ma love natuurlik ’n orgidee, sê dis “’n baie klassieke blom met skoon netjiese lyne”.

Shit. Sy gaan nou op Luca móét fokus terwyl hy vir haar verduidelik hoe om die orgidees te snoei.

“Wanneer jy die orgidee terugsnoei, blom dit beter. Dis dieselfde idee wanneer wingerde gesnoei word om beter oeste te lewer,” begin hy vertel.

Nyx wil sê dat dit haar laat dink aan wanneer jy jou split ends afknip, maar sluk eerder haar sin in. Netnou lag hy weer vir haar soos met die silkie-ding. Nie dat sy omgee wat hy van haar dink nie.

Luca wil eers die snoeiskêr steriliseer voordat hy aan die werk spring. Dit voorkom dat enige virusse of patogene tussen die orgidees versprei. ’n Mens kan die sterilisasie met sjirurgiese alkohol of met ’n oop vlam doen.

“Ons gebruik sommer alkohol,” verduidelik hy. “Ek is nie seker of ons jou by enige oop vlamme kan vertrou nie, Nyx. Netnou brand jy die hele plaas af.”

Hy het duidelik nie in ag geneem dat hy die rede sou wees vir iets anders om by haar vlam te vat nie. Kan jy heat flushes kry as jy sestien is? Miskien is sy nie verlief nie. Dis een of ander hormoonprobleem. Of ’n virus. Of ’n bosluis het haar gebyt.

Nyx kyk na die spiertjies wat saamtrek in Luca voorarms soos hy al die goed uitpak vir die sterilisasie. Hy bly vasgenael op die gereedskap. Is die man blind? Of ignoreer hy haar aspris?

Wag.

Dalk is sy sy orgidee?

Een oomblik gee hy baie aandag en dan ander kere snoei hy terug? Gaan hulle liefde dan ook blom?

Nee, goeie fok. Nou begin die plante regtig haar brein aantas. Nooit in haar lewe sal sy sulke soppy snert kwytraak nie. Sy moet dalk haarself met die water spuit sodat sy ’n bietjie kan wakker skrik.

Luca week ’n katoenballetjie in alkohol en laat dit oor die lemme van die skêr gly. Die reuk slaan in Nyx se neus op. Ja-nee, so hospitaalreuk set mos nou die regte mood.

“Die orgidees wat ’n mens in die winkel koop, is waarskynlik van die *Phalaenopsis*-soort, ook bekend as die mot-orgidee,” verduidelik Luca. “Dit is die enigste soort orgidee waar jy van

dieselfde stam of stingel weer ’n blom kan kry. By die ander soorte kan jy ook nog blomme kry, maar daar moet ’n hele nuwe stingel groei. Dis belangrik om slegs die stingel af te sny en nie enige pseudoblomknoppe nie.”

Luca wys vir Nyx ’n knobbelrige bobbel aan die een stam. “Dít moet agterbly, en so-ook enige blare wat uit die stingel groei.”

Nyx kyk na sy vingers. Hy’t nogal mooi hande.

“As ’n stingel egter heeltemal dood of uitgedroog is, kan jy dit by die basis aan die onderkant van die plant afknip. Jonger of swakker orgidees gaan waarskynlik nie weer blom nie en sekere orgidees vorm nuwe blomknoppe sodra jy die klaargeblomde blomme afknip.”

Dis eintlik nogal oulik dat hy so baie weet. Wat sou hy haar nog kan leer?

Nyx moet haar gedagtes vir eers opsy skuif om te werk. Soos ’n goedgeoliede masjien snoei die twee van hulle deur die res van die orgidees. Nyx kry dit selfs reg om nie heeltyd na sy kant toe te kyk nie.

Luca sit sy skêr op die blad neer. “Ek gaan gou vinnig na die stoor toe hol. Ek het vergeet om van die spesiale bemesting saam te bring. Jy kan hier aangaan, dit lyk asof jy mooi regkom. As jy klaar is voor ek terugkom, kan jy die orige plante wat nog water kort, begin natspuit.”

Nyx knik plegtig, versigtig om nie haar oë van die skêr na die bos sleutels te laat glip wat Luca op die blad laat lê het nie. Dis nou vir jou ’n turn of events. Sy’t eintlik ’n ander turn of events in gedagte gehad, maar nou ja. Een ding op ’n slag.

Sy wag totdat hy uit die kweekhuis stap. Sy kyk deur die glaspanele hoe hy in die bos verdwyn. Nou’s haar kans.

Gulsig krul haar vingers om die sleutels soos ’n kind wat sy hand skelm in die koekblik druk. Sy trippel liggies na buite oor die perskepitpaadjie tot by die verbode kweekhuis. Adrenalien laat haar hande bewe van afwagting. Sy loer heeltyd oor haar skouer om te sien of Luca al terug is, al weet sy dit neem ’n hele ruk om na die stoor toe en terug te stap.

Die sleutels klingel in haar hande en sy sukkel om die regte een in die slotgleuf gedruk te kry. Uiteindelik druk die sleutel in en klik die deur se slot oop. Die deur protesteer wanneer sy dit wil oopstoot. Roes het al om die rante van die deur aangepak. Sy moet met haar volle gewig teen die glas druk om dit oop te forseer. ’n Groot plant vorm ’n tweede versperring om by die kweekhuis in te kom. Nyx skuif dit soos ’n gordyn met haar arm opsy. Die plant verklap ’n klomp klein glasbokse wat oral in die vertrek op stellasies staangemaak is. Die plante wat wild om die rante van die kweekhuis rank, versper die uitsig daarop.

Dis aspris gedoen. Nes met die solder.

Nyx loop nader om beter te sien. Dis terrariums. Amper al die glasbokse bevat sampioene. Dit lyk soos klein huisies met die sampioene se bokante wat dakkies vorm oor die mosgrasperke op die bodems van die boksies.

Sy gaan staan voor een van die bokse en buk laer. Daar is verskillende soorte sampioenspesies. Definitief nie gewone wilde swamme soos by die rivier nie.

Sy verskuif haar aandag na die middel van die vertrek. Fokus. Daar is nie tyd om alles in detail te bekyk nie.

In die middelpunt rank ’n welige plant tot teenaan die dak waar dit in groot spataarformasies oor die glas uitsprei. Die hele netwerk vertak in die vorm van twee longe tot by die glasmure waar dit af beweeg terug grond toe. Die stam van die plant is dik, en dit lyk soos ’n paar stukke tou wat in ’n spiraalbeweging in die rondte gedraai is. Dit laat Nyx aan daardie gedraaide liquorice dink. Groot groen blare, soos vergrootte basiliekruidblare, klou aan die stam.

’n Skerp lig flits in haar oë. Die sonlig weerkaats op iets dieper in die vertrek in. Sy stap nader.

Daar is nog ’n stellasie agter die rankplant. ’n Groot kruik met patrone staan bo-op die pilaaragtige gedoente. Sy loop om die kruik en bekyk dit van alle kante. Die patrone lyk Marokkaans. Bo-op die kruik is ’n deksel. Haar vingers bewe liggies toe sy haar hande daarna uitsteek. Netnou is hier ’n vals vloer en val sy haarself moer toe as sy aan die ding vat.

Saggies wikkel Nyx die deksel los. Sy tiep die kruik effens na haar toe om binne-in te loer.

The moment of truth.

Dit lyk soos … as? Wie wil nou ’n kruik vol as stoor?

Sy laat die kruik weer regop staan en sit die deksel terug. Haar oë val toe en haar hande stut teen die marmerblad. Sy laat haar kop vooroor hang.

Dink, Nyx.

Sweet begin weer teen haar gesig afdrip. Haar vingers glip oor die blad. Sy voel groefies onder haar vingerpunte. Haar oë skiet oop.

Die letters *D.J.F.* is in die blad ingegraveer. Dis ’n afkorting vir iets. Letters … Natuurlik! Hoe kan sy so stupid wees? Dis iemand se voorletters.

Haar vingers voel weer oor die gravering toe sy die deur agter haar hoor kreun. Sy swaai verskrik om. Luca staan haar met daardie groot groenblou oë en aanstaar.

“Het jy aan engiets gevat?” vra hy, sy stem dun.

Dis nie die reaksie wat sy verwag het nie. “Wat? Nee, hoekom? Ek het–”

Luca beweeg vinnig oor die vloer en kry haar aan die bo-arm beet. Nyx wriemel teen sy greep, maar hy is te sterk. Hy trek haar tot buite die kweekhuis.

Sy staan en vryf haar arm waar hy haar beetgehad het terwyl hy die deur hardhandig toesluit en die bos sleutels in sy broeksak druk. Nyx bly tjoepstil. Nou is seker nie die tyd vir verskonings uitdink nie. Sy is anyway nie jammer nie. Mense kan baie dinge van haar sê, maar ten minste is sy eerlik. Hera en die ander kan dit gerus by haar leer.

Luca stoom terug na die ander kweekhuise, Nyx druipstert agterna.

Hy begin dadelik weer die plante natsproei.

Haar oë skiet pyle in sy rigting. Hy't haar arm bleddie seer gemaak. En gaan hulle nou nie daaroor praat nie?

"Passive aggressive mansmens," mompel sy. Dis dalk hoe hy en haar ma dinge doen, maar sý wil nie so wees nie. Niemand kan met soveel geheime lewe nie.

Sy draai na hom met haar hande op haar heupe. "Hoekom is daar 'n houer as?"

Luca gaan voort om die plante nat te spuit.

"Antwoord my," sis Nyx terwyl sy effens nader aan hom leun. "Ek het gevra: Hoekom is daar 'n houer as?"

"Dis iemand s'n."

"Sjoe, wat 'n verrassing. Moenie dom speel met my nie. Ons ken mekaar nou al lank genoeg dat jy weet ek's nie stupid nie. Wie s'n is dit? En moenie aan nog 'n storie dink nie. Ek is nou net mooi fedup vir julle almal."

Weer ignoreer hy haar. Nyx dink aan die letters. D.J.F. Haar hart gaan 'n oomblik amper staan. D vir Daniël? Haar pa?

"Is dit… Is dit my pa s'n?"

Luca spuit die plante stadiger nat.

"Is dit?" Haar oë brand.

Stadig knik Luca sy kop sonder om op te kyk.

Die besef gaan lê soos 'n klip in haar maag. Sy't nooit geweet hy is dood nie. Figuurlik, ja. Maar haar ma het nooit enigiets gesê oor die feit dat hy regtig dood is nie, net dat Nyx nie sal wil weet wie hy is nie.

Watse fool was sy nie. Sy het al hierdie planne gehad om hom ná matriek te gaan opsoek. Om sy kant van die storie hoor. Selfs net om te sien of daar iets in hom is wat sy in haarself herken. Noudat sy weet oor die musiek … Daar is so baie goed wat sy hom wil vra. Wou vra.

En vir wat het Hera niks gesê nie?

Nyx haal 'n paar keer diep asem. In en uit. In … en uit…

Sy weet nie hoekom dit haar so ontstel nie. Dis nie asof sy hom ooit geken het nie. Tog voel sy soos iemand wat 'n been of arm in 'n oorlog verloor het en nou die spookpyne voel.

Nyx kan voel hoe Luca haar dophou.

Hy is deel van hulle. Húlle. Hulle wat alles van haar wil wegsteek.

“Moenie, uh,” Luca vryf met sy een hand deur sy krulle, “moenie vir Hera sê jy weet van die as en die ander goed nie.” Sy ander hand waai pap in die rigting van die kweekhuis.

“Wat? Die sampioene?”

“Ja. Hera sal nie wil hê jy moet die verkeerde idee kry van wat op die plaas aangaan nie.”

So, sy was reg. Nie nét gewone sampioene nie? Nog geheime. Altyd nog geheime.

En wys jou net, hè? Sy was reg oor Luca ook. Wanneer sy hom actually nodig het, beskerm hy nog steeds eerder vir Hera.

Sy moet hier wegkom, voordat sy huil. “Ek dink ek moet eerder gaan slaap, ek het ’n hoofpyn.”

Luca knik. Hy’s in elk geval die laaste een vir wie sy ’n verduideliking skuld.

Nyx stap uit die kweekhuis. In die bos begin sy hardloop. Trane rol oor haar wange en droog in die wind.

Sy gaan van hulle almal af wegkom. Hierdie plaas. Hierdie mense. Haar ma. Hulle het haar álmal verraai.

## Hoofstuk 20: Under the influence

*A trail twists through the stone cliffs toward Arques. At its end lies a broken man, his soul lifting away from his body, fluttering on a butterfly's wing, as fragile as a dream.*
*– Julie Christine Johnson*

Nyx strompel die laaste stuk terug na haar kamer. Sy is eintlik nie eers seker hoe sy daar gekom het nie. Die volgende oomblik was die deur net voor haar.

Die bed sug onder haar gewig. 'n Pyn pols deur haar slape. Nes sy aan een ding wil dink, druk 'n volgende gedagte daarteen sodat alles in 'n waas deur haar brein sweef. Daar is 'n konstante gesuis in haar ore tussen die maelkolk van gedagtes.

Die naat van haar rug lê plat teen die bed, maar haar lyf voel asof dit sweef. Sy staar na die dak. Dit smelt, drup teen die mure tot op die vloer. Sy knyp haar oë styf toe.

Hoe het sy hier beland? 'n Paar weke gelede was sy nog by die huis. Nog twee maande voor dit was sy by die skool. Was dit by die hoof se kantoor waar alles skeefgeloop het? Of voor dit? Het sý iets te doen gehad met haar pa se dood? Is dit hoekom haar ma nie oor hom wil praat nie?

Nyx draai om en druk haar kop in die kussing. Sy gil in die kussing se voue in. En weer. En weer en weer. Totdat sy niks meer in haar oor het nie. Sy is leeg. Heeltemal dol dolleeg.

Níks hiervan maak sin nie. Hoekom kon haar ma nie vir haar sê haar pa is dood nie? Hoekom dit al hierdie jare van haar af weghou en vir haar vertel sy sal hom nie wil ken nie? Sy's al so moeg van daardie woord. *Hoekom*. Hoekom gebeur enigiets? Weet haar ma hoe dit voel as jy heeltyd rondloop met hoop en dan word dit sommer so van jou af weggevat? As iemand van jou af weggevat word?

Fok dit.

Sy voel nie meer lus vir huil nie. Nee, sy is briesend. Sy is bleddie befok. En dis tyd om te doen wat sy nog heeltyd wou doen. Sy gaan haar antwoorde soek, en sy gaan haar antwoorde kry. Come hell or Hera.

Nyx spring op. Alles draai. Sy wag totdat die vertrek weer in fokus kom en marsjeer by die kamer uit. Die deur klap agter haar toe. 'n Groep duiwe fladder verskrik die lug in.

Die lug voel dik, soos warm vla. Nyx beur daardeur terwyl die skril geluid van die sonbesies langs haar blêr. Sy wil ook so skree.

Alles align vir haar. Hera en Ahmed is vandag dorp toe vir voorraad. Ook net sowel dat hulle nie hier is nie, anders was haar pa nie die enigste een wat dood is nie. Daar is oorgenoeg plek in die kweekhuis vir nog 'n paar kruike vol as.

Nyx se skoensole trap hard op teen die paar stroeptrappies van die plaashuis. Sy bedaar effens toe sy sien Gemmer wag haar in. Hy spring dadelik van die stoepbankie af op om om haar bene te kom krul. Hy is meer liefdevol as gewoonlik en gee 'n klomp klein meowtjies. Sy kop stamp teen haar been asof hy haar aanpor om haar probleme met hom te deel.

"Jy's gelukkig, Gemmer. Weet jy dit? Jy weet waarskynlik nie eers wie jou ma en pa is nie. Of miskien dink jy dis Hera en Ahmed." Nyx snork. "As jy geweet het wat ék nou weet, sou jy dalk nie meer van hulle hou nie." Gemmer purr terwyl Nyx die sagte pels van sy maag vryf.

Sy loop na die voordeur van die huis. Die handvatsel druk af, maar die deur bly toe. Hera het dit natuurlik gesluit. Dan sal sy teen die kant van die huis af moet soek. Êrens moet daar tog 'n venster oop wees. Hera is so erg oor ventilasie.

Nader aan die middel van die huis is daar 'n vensterraam wat effens oop is. Die lig aan die einde van haar tonnel.

Nyx loop tot by die raam en druk dit verder oop. Gemmer neem die vrymoedigheid om tot op die vensterbank te spring. Sy swart wollerige stert verdwyn by die opening in. Hy mag nie eintlik in die huis nie, maar solank hy oor háár sondes stilbly, sal sy hom ook hierdie gunsie doen. Weet jy wat? Laat die kat die hele huis verwoes as hy wil. Sy gee nie meer 'n hel om nie.

Nyx wriemel haar bolyf deur die opening. Sy voel soos 'n wurm. Met haar een hand stoot sy haar verder deur die vensterraam.

Haar gewig tiep skielik vooroor en sy tuimel oor die rand. Sy probeer haar bes om nie sleg te val nie, maar haar voorarm kap teen die vloer. Dit eggo deur die gang.

Sy beur regop. Haar linkerknie pols rooi.

Nou vir die volgende soektog. Die rekenaar. Sy het gehoor hoe Hera praat oor die ou skedonk waarop sy die plaas se admin uit verpligting eerder as vrywilligheid doen. Tegnologie is iets wat jy nie heeltemal op Paradys kan vryspring nie. Saam met leuens.

Nyx sluip deur die huis. Net omdat niemand veronderstel is om tuis te wees nie, beteken nie sy moenie versigtig wees nie. Netnou is haar vermoedens reg en spook dit hier. Dit sal haar glad nie verbaas as 'n voorvadergees deur een van die Afrika-maskers teen die gangmuur met haar begin praat nie.

Shit. Het daardie skildery beweeg?

Stoppit, Nyx. Jou verbeelding is al weer ooraktief.

Die skildery loer steeds na haar. 'n Wurm peul by die oogkas van 'n skedel uit.

Sê nou? Nee. Maar wat as haar pa *vermoor* is? Hier op Paradys. Hy het dalk iets oor Hera uitgevind en toe wou sy en Ahmed van die probleem ontslae raak. Hera gee vir hom een of ander

giftige krui. Poof. Problem solved. En haar ma wou natuurlik nie haar eie familie by die polisie aangee nie en hardloop toe weg.

Die enigste vraag is dan hoe Magrieta kan dink dis oukei om haar eie dogter hier te los saam met ’n spul moordenaars?!

Dis ontstellend hoe stil dit in die huis is. Die houtvloere van die gang kraak glad nie. Nyx hoor hoe die staanklok se wyser aantik. By elke deur stop sy om dit oop te stoot en in te loer of sy die rekenaar sien. Dit voel soos ’n setup. Amper al die deure is oop. Wat het geword van die sekuritiet wat vir hulle so belangrik is? Dink Hera daar is ’n magic entity wat haar en haar goed sal beskerm? Nie dat sy dit verdien om deur enige lewende of nielewende ding beskerm te word nie. Of stel diewe hier rond net in rare plante belang?

Nyx stop halfpad toe sy die deur van die kamer waarin sy loer, wil toetrek. Iets steek agter die tafel uit. ’n Geweer.

Sy’t nie geweet Hera hou wapens aan nie. Dit beteken Hera het gejok toe sy gesê het sy is nie bekommerd oor sekuriteit nie.

Iets val in die gang. Nyx flits om.

Gemmer het een van die ornamente omgestamp. Dis gelukkig nog heel. Nyx laat dit weer regop staan en trek die deur van die kamer met die geweer toe.

Sy moet nou eers die rekenaar kry. Daar’s iets wat sy móét google.

By die tweedelaaste deur in die gang gaan sy staan. Dis die laaste kamer voor die een waar Hera haar kaarte vir haar gelees het. Hoekom sou Hera daardie kamer sluit, maar nie die meeste van die ander nie? Of wou sy hê Nyx moet iets vind?

As sy tyd het, sal sy daar ook probeer inkom.

Nyx stoot die deur oop en druk haar kop om die deurkosyn.

Bingo.

Die fossiel van ’n rekenaar lyk soos iets wat in ’n geskiedenismuseum behoort te staan. Om eerlik te wees, sou sy ook nie die deur sluit as dít haar rekenaar was nie. As ’n skelm dié ding sien, sal hy seker eerder ’n donasie aan Hera wil maak sodat sy ’n nuwe een kan koop as om dit te steel.

Nyx staan en wag dat die monstrosity lewe kry.

Dis ’n wonder daar bestaan nog sulke goed. En dit sal ook ’n wonder wees as sy dit aan die gang kan kry.

Dit klink omtrent asof die hele tafel gaan opstyg. Dit kreun en steun só, sy verwag enige oomblik ’n rookwalm om by die boksrekenaar te begin uitstoom.

Die skerm flikker ’n paar keer, verkleur dan weer swart en bring uiteindelik die boksie te voorskyn waar dit na ’n wagwoord vra. Nyx se hartklop versnel, dan sien sy dat daar ’n leidraad gegee word.

Een ligpunt van die twee technologically disadvantaged, naamlik Hera en Ahmed, is dat hulle sommer die hele wagwoord as leidraad gee. Enige hacker se droom.

“Dankie, Hera,” fluister Nyx vir haarself terwyl sy die wagwoord insleutel. Die beeld verander. Sy moet weer wag totdat al die ikone op die skerm verskyn.

Hoekom vat dit so donners lank?

Die rekenaar se toestand stabiliseer. Nyx se hart klop-klop in haar keel terwyl sy die muis gebruik om op die internetikoon te kliek. Die blad neem ook sy tyd om te laai.

Nyx kyk onder die tafel rond en sien daar is ’n internetkabel na ’n router. Hulle het natuurlik “vergeet” om vir haar te sê van die internettoegang.

Die search bar verskyn. Nyx tik die plaas se naam in en druk enter. Hordes artikels pop op.

Dit gaan nie werk nie. Sy sal meer spesifiek moet wees. Come to think of it, hulle kon ook gerus ’n meer oorspronklike naam vir die plek gekies het. Almal dink blykbaar hulle plek is die Paradys. En almal jok.

Sy probeer allerlei kombinasies totdat sy met haar pa se voornaam, die plaas se naam en die woord “ongeluk” eindig.

Nou lyk die resultate beter.

Sy vluglees deur die soekresultate, kliek op die tweede bladsy, en dan die derde. Haar oog vang ’n nuusartikel in Afrikaans. MAN VERONGELUK OP PRIVAAT PLAAS.

Klink goed. Seker nie goed nie, eerder promising.

Sy maak die skakel oop en die artikel vul stadig die skerm. Haar oë flits haastig oor die blad om die hoofgedagtes raak te lees. Die woorde spring van die blad af op. Daniël Jakobus Fourie. Opkomende musikant in die fleur van sy lewe. By ’n krans afgery en op slag dood. Moontlike dwemmisbruik.

Nyx sit agteroor in die rekenaarstoel en wag dat haar hamerende hart bedaar. Haar hele lyf voel asof dit vibreer. Steeds bewend sit sy weer vooroor en begin die artikel van voor af met aandag deurlees.

Nes enige nuusartikel word sekere sensitiewe inligting verswyg. Dis meestal spekulasie, maar as jy mooi kyk na wat hulle nié skryf nie, kan jy self die gate in die storie toestop.

Haar pa was 22 jaar oud gewees toe die ongeluk gebeur het. Dit lyk asof hy onder die invloed van dwelms bestuur het. Hy het beheer oor die motor verloor op die bergpas en by een

van die kranse afgery. Hy en die motor het ongeveer 20 meter na onder getol waar dit op ’n rotsbank geland het. Daar is geen manier wat hy dit sou kon oorleef nie. Sy hele skedel is vergruis en sy nek gebreek.

Die artikel noem ook dat hy ’n spesiale vriendin agtergelaat het. Dit moes dan haar ma wees. Hulle noem egter niks van ’n swangerskap nie. Haar ma wou dit seker stilhou.

Maar was dit ’n ongeluk? Is dit moontlik dat iemand kon gemaak het dat hy daar afry?

Gemmer trek Nyx se aandag waar hy teen haar been kom druk.

“Hey, waar kom jy nou vandaan?” Nyx wil oor sy koppie streel, maar hy gee ’n benoude skreeu. “Wat kla jy so?”

Die geluid van die voordeur wat oopswaai, eggo in die gang af. Die geklingel van die kralegordyn volg daarop.

Sy sal moet wikkel as sy nie uitgevang wil word nie.

Nyx druk sommer met haar groottoon die afknoppie van die rekenaar. Die rekenaar se terugkom aarde toe raas gelukkig heelwat minder as toe die masjien moes opstyg.

Haar neus steek om die deurkosyn. Sy sien hoe Hera en Ahmed by die eerste kamer inloop. Hulle gedempte stemme dryf deur die gang tot by haar.

Soos sy nader sluip, word die geluid van hulle stemme harder. Haar ore bly gespits vir enige skielike veranderinge.

Voor die ingang na die vertrek waar hulle is, gaan Nyx staan. Hulle gesprek is nou hoorbaar. Hera debatteer met Ahmed oor wie van hulle die beste winskopie by die mark gekry het. Hera sê iets van die groot zucchini’s wat sy gekoop het. Nyx druk versigtig haar kop om die kant van die deur totdat sy Hera en Ahmed se rûe kan sien wat op die ingang gekeer is. Hera hou ’n zucchini soos ’n fakkel in die lug.

Seriously? Hulle is soos twee kinders.

Nyx kruip gebukkend verby die opening en tel stilletjies die krale by die voordeur opsy sodat dit nie ’n geraas maak nie. Dit voel soos ’n ewigheid om dit stadig te laat terugsak. Sy maak haarself steeds gebukkend uit die voete.

In die bos staan sy regop en stap vinnig terug na haar kamer.

In die laai van die spieëltafel grawe sy vir die fotoalbum en haal die foto van haar ouers uit waar sy dit gebêre het. Sy gaan sit op die bed.

So. Haar ma het nie haar pa van haar af weggehou nie?

Nyx kyk af na die foto en besef weereens hoe baie sy op haar pa lyk. Dit moes vreeslik gewees het vir haar ma om elke dag na haar te kyk en hom in haar te sien.

’n Skaduwee val oor die foto in Nyx se hand.

“Iemand was in my huis.” Die skaduwee vergroot en begin Nyx insluk. Twee vrolike sandale verskyn in Nyx se lyn van sig. Sy sit die foto stadig op die bed langs haar neer voordat sy opkyk. Hera se stem was emosieloos.

“Enige idee wat iemand daar sou soek?”

“Nope.” Nyx kan ook toe kaarte speel. Haar gesig is so strak soos Hera s’n.

“Ek’s nie kwaad nie.”

Net teleurgesteld? “Hoekom sal jy kwaad wees as ek niks verkeerd gedoen het nie?”

“Jy weet dit help nie om vir my te jok nie.”

“Oukei, so as jy nie kwaad nie, is jy wat, Hera? Nuuskierig? Wil jy die waarheid hê? Ek dog dis teen die reëls? Dis wat almal nog heeltyd vir my sê. Of is dit weer *all animals are equal but some are more equal than others*? Huh? Dis mos wat jy nou die aand gesê het.”

’n Hartseer glimlag pluk aan Hera se mondhoeke.

’n Goeie of slegte teken?

“So, jy jaag nog steeds die waarheid na. Nog nie moeg nie?”

“Mag ek dit nie doen nie?”

“Natuurlik mag jy. Dit sal ons albei net heelwat spanning spaar as jy nie allerhande ompaaie probeer volg om daarby uit te kom nie. Veral ompaaie wat deur my huis loop. Katspore is nie deel van my binnehuisseversiering nie.”

“Dit was my sidekick se skuld, nie myne nie.”

“Jy weet ons wil jou net beskerm.”

“Yeah right. Jammer as ek dit nie glo nie. Dit lyk al hoe meer vir my asof ek eerder teen julle beskerm moet word.”

Hera sug. “Ons wil nie hê jy moet te veel op een slag hanteer nie.”

“Te veel van wat?” Nyx se stem kom harder uit as wat sy beplan het.

“Seer. Die waarheid.”

“Wel, ek het klaar seer. Die pleister is af, ons kan dit net sowel nou oor en verby kry.”

“Goed, as jy dit so verkies.” Hera gaan sit langs Nyx op die bed. “Vertel my wat jy uitgevind het, dan kan ek ten minste seker maak of jy die storie reg het. Die waarheid is erg, maar halwe waarhede is nog baie erger.”

Nyx huiwer. Kan sy haar ouma vertrou?

Stadig begin sy vertel. Later tuimel alles uit. Die artikel, die kweekhuis, al haar eie gevolgtrekkings oor wat daardie aand op die plaas gebeur het. Alles behalwe die deel oor die been en die geweer.

Sy kry nie die trane gekeer wat oor haar wange rol nie. Hera knik elke nou en dan en gee vir Nyx 'n sakdoek aan om haar neus te blaas.

Hera bly 'n oomblik stil. "Jou pa was nie 'n dwelmverslaafde nie, Nyx. Wat gebeur het, het gebeur as gevolg van jou." Haar hande lig verskonend. "En voordat jy dink ek pak die skuld op jou, ek doen nie. Jou ma was 19 jaar oud toe sy swanger geraak het. Jou pa was self nog 22, soos jy nou weet. Hulle was jonk en verlief en het 'n fout gemaak. Nie dat ek sê jy is 'n fout nie."

Hera se hande frommel die lap van haar romp. "Dit was nie juis deel van hulle beplanning om toe al 'n kind te kry nie. Op daardie stadium het ons … Hoe sal ek dit nou stel? Ons het baie spirituele retreats gedoen – wegbreke waar ons psigedeliese middels gebruik om mense na nuwe insigte te lei. Baie, uh, baie van die plaas se kapitaalopbrengse is daardeur ingesamel. Dit was wel baie onder die radar en," Hera kyk af na haar hande, "waarskynlik nie heeltemal wettig nie."

Nyx snuif. Die trane begin droog op haar wange. Het dit alles vir Hera net oor geld gegaan?

"Ons adverteer dit nie meer nie, maar daar vind nog so nou en dan sulke samekomste plaas. Die kamer waar jy bly," Hera beduie na die spasie om hulle, "is een van die kamers wat ons aan die mense verskaf wat die retreats bywoon."

"Maar wat het die hele retreat-besigheid met my pa te doen? Het julle vir hom te veel van een van die drugs gegee?"

"Nee, dis juis wat ons bang was mense sou dink. Die middels was alles baie goed gereguleer. Ons kon nie foute bekostig nie. Met sulke tipe goed is jou reputasie al wat jy het. Jou pa was …" Hera soek na die regte woorde. "Hy was by 'n kruispad. En in sulke krisisoomblikke is 'n mens geneig om irrasioneel op te tree. Hy het gedink dat hy die antwoorde tot sy dilemma kon kry as hy van die middels gebruik."

"So, wat? Julle laat die goed sommer so rondlê vir enigiemand om op te OD?"

Hera se oë rek. "Glad nie! Dis, dis glad nie wat gebeur het nie."

"Nou wat dan?"

"Daniël was so gereeld hier hy het self begin uithelp met die retreats. Ek het vir hom 'n sleutel vir die kas met die middels gegee. Ek het hom vertrou. Ek het nooit gedink–"

"Hy het gedink as hy die dwelms gebruik gaan dit vir hom 'n antwoord gee op wat hy moet doen?"

Hera knik. Haar hande vou oormekaar op haar skoot. "As hy ons gesê het, kon ons dit sáám doen." Nyx sien Hera se hande bewe liggies. "Daniël het te veel van die middels geneem. Dis gewoonlik 'n baie veilige dwelm, maar soms kan dit tot slegte reaksies lei. Ek weet nie wat

hom besiel het om in sy motor in daardie toestand te klim nie.” Hera trek diep en rukkerig haar asem in.

“Wat presies het daardie aand gebeur?”

“Dit was net voor middernag. Ek en Ahmed was hier op die stoep besig om te praat oor moontlike uitbreidings vir die kwekery-afdeling. Dit moes ’n massiewe slag gewees het toe sy motor die rotse tref, want ons kon die eggo tot hier hoor. Nie een van ons het geweet wat aangaan nie, maar ons het geweet dit was nie goed nie. Ons het dadelik in die motor gespring. Ek het heeltyd hierdie gevoel gehad dat iets verskrikliks gebeur het.”

“Maar hoe presies is hy daar af? Is julle seker dit was ’n ongeluk?”

Hera skud haar kop. “Ek, ek kan nie vir jou sê nie. Al wat dit kon wees, is dat hy begin hallusineer het, of dit was ’n paniekaanval. Maar hy moes op een of ander manier beheer van die motor verloor het en oor die rand gery het.”

“En my ma?”

“Ons wou sonder haar gaan kyk wat aangaan, maar sy het daarop aangedring om saam te kom. Ek dink sy het ook geweet. Toe ons daar bo kom en die wielspore oor die rand sien loop …” Hera se asem ruk.

Hulle sit vir ’n oomblik in stilte.

“Die weke daarna was jou ma heel dag in die bed. Het byna niks geëet nie. Sy’t so by die venster lê en uitstaar. Ek het op ’n stadium gedink sy gaan ook, jy weet, *iets* doen.”

“Wanneer is my ma hier weg?”

“Een dag het sy skielik opgestaan en ’n tas begin pak. Heel buite beheer. Ek wou haar met alle mag keer. Ons het gestry. Goed is … gesê, waarop ek nie trots is nie. Tydens die stryery het ek vir die eerste keer die effense magie gesien. Alles het skielik sin gemaak.”

“So, sy het weggesteek dat sy swanger was?”

“Daar is nogal ’n geneigheid in die familie om goed onder die kombers te hou en probleme self uit te sorteer.” Hera gee ’n kort siniese laggie. “Die geen loop sterk.”

Nyx glimlag nie. Iets voel verkeerd. “Het sy ooit teruggekom?”

“Nee. Sy het ons, vir my, baie kwalik geneem. Ek neem aan die omstandighede rondom jou pa se dood is die rede hoekom sy Regte gaan studeer het. Sy het altyd beplan om in hofsake oor dwelms te spesialiseer. Dit het ek alles eers later deur ’n kontak uitgevind – iemand wat ek gevra het om ’n ogie te hou.” Hera se oë flits na die tuin wat deur die oop deur sigbaar is.

“Sover ek verstaan het sy by ’n vriendin gebly. Iemand wat sy deur die musiekgroep geken het.” Hera skud haar kop. “Hulle het seker na jou ook omgesien ná jy gebore is.”

Hera gee Nyx se voorarm ’n druk.

"En die as in die kruik?"

"Ons het nooit geweet wat om daarmee te maak nie, so toe sit ons dit in die kweekhuis as 'n tipe herinnering om te voorkom dat daar ooit weer so iets tragies op die plaas gebeur. As jy wil, kan ons dit êrens gaan strooi. Dis al lank genoeg vandat dit gebeur het. Dink daaroor." Hera gee Nyx se arm weer 'n druk en staan op.

Nyx kyk na die pers symat. Dit kan nie die hele storie wees nie.

"Nou ja. Aandete is gewone tyd as jy kans sien om by ons aan te sluit."

"Hera?" Nyx se kop lig op.

Hera wag met haar een hand teen die deurkosyn. "Ja?"

"Hoekom is daar 'n geweer in die huis?"

## Hoofstuk 21: Shots fired

Nyx kyk hoe al die kleur uit Hera se gesig verdwyn.

Busted.

"Waarvan praat jy?"

"Die geweer in die kamer langs die rekenaarkamer."

"O, dit." Hera gee 'n senuweeagtige laggie. "Laat jy my nou self skrik. Dis een van ons jaggewere."

"Jaggewere?" Nyx se oë vernou.

"Ja. Ek doen dit nie vir die pret nie. Dis net vir ingeval iets ons aanval. Ons bly nog steeds in die wildernis al vergeet 'n mens dit so nou en dan."

"Hmm." Nyx glo nie een woord nie.

"Nou ja." Hera glimlag weer. "Nog iets?"

Nyx pleister haar eie beste glimlag op. "Nee wat, dis al."

"Goed." Hera draai weer om om te loop.

"O, Hera?"

"Ja?"

"Dankie vir als."

"Natuurlik." 'n Frons vorm vinnig tussen Hera se wenkbroue.

Nyx wag 'n paar minute nadat Hera weg is voordat sy haar rugsak naderhark. Sy moet begin pak.

Sy sal later die klein grafie van die toilet inpak. Sy sou 'n groter een wou hê, maar sy kon nog nie een ongesiens by die tuingereedskap steel nie.

In die spieëltafel se laai kry Nyx die flits en haar foon. Sy kon darem al die foon met die sonkrag laai. Sy gaan bewyse nodig hê. Fotobewyse.

Nou moet sy wag vir middernag wanneer almal slaap. Dis definitief nie net haar pa se dood wat Hera wegsteek nie. Daardie kweekhuis het baie meer geheime as net een kruik. En sy gaan vanaand uitvind wie of wat dit is.

## Hoofstuk 22: Die middag

Die pyn is oorweldigend. Nyx probeer haar kop oplig, maar dit val terug teen die kussing. Die hoofpyn skiet deur haar brein, pols agter haar oogkaste. Onverstaanbare woorde prewel by haar mond uit.

"Shh, moenie probeer praat nie."

'n Hand vryf oor haar hare.

"Jy het jou kop baie hard gestamp. Ons dink jy het harsingskudding."

Harsingskudding? Die woord klink dof in haar ore.

Nyx probeer weer haar oë oopmaak. Die sonlig is verblindend. Sy knip-knip-knip. 'n stralekrans skyn in die lig.

Is sy in die hemel?

Nyx knyp weer haar oë toe. Maak dit oop en wag totdat Hera se bekommerde gesig bo haar vorm aanneem.

So, nie dood nie, al voel sy so.

Nyx druk regopper teen die kussings. Haar mond is kurkdroog. "Hoe laat is dit?" Haar tong is traag. Die woorde kom lomp uit.

Hera kyk na haar horlosie. "Net ná twee in die middag. Jy het die hele nag en oggend geslaap."

"*Shiiiiit*." Nyx vryf oor haar gesig. Haar vingers masseer haar slape.

Hera skuif nader op die bed. Die houtraam kraak onder haar gewig. "Kan jy enigiets onthou?" Haar stem is gretig.

"Uh," Nyx probeer dink aan die vorige dag, maar dis 'n swart kol. "Huh. Wat?"

"Gisteraand. Ek bedoel gister. Kan jy iets van die dag onthou."

"Uhm.." Nyx probeer sluk. Sy kort water. "Nee, sorry. Ek, ek kan niks onthou nie."

Hoe hard het sy haar kop gestamp?

Hera knik, glimlag skielik en frons dan weer vinnig. "Niks om oor bekommerd te wees nie. Kopbeserings kan lei tot geheueverlies." Haar hand vryf oor Nyx se arm.

Hera strek haar een arm tot by die bedkassie waar 'n klein bruin botteltjie staan. "Ek het vir jou iets saamgebring. Ek weet jy hou nie so baie van my mengsels nie, maar dit sal help met die hoofpyne. Dit kan 'n rukkie neem voor jy weer heeltemal op die been is."

Nyx knik. Haar lyf voel nie soos haar eie nie. Elke nou en dan voel dit of 'n pyn in haar kop ontplof en in stukke wegsplinter. Sy skud haar kop totdat die pyn verdof. "Wat het gebeur?"

"Jy't … geval."

“Geval?” Nyx sien daar is kneusplekke aan haar arms. Groot bloukolle en ’n rooi kneusplek om haar een gewrig asof iemand haar beetgekry het.

“Ja, jy was besig met ... navorsing. En toe val jy.”

Nyx kyk na Hera. “Navorsing?”

“In die bib.”

“Die bib?”

“In die solder.”

“In die solder, ja …” Nyx kan nie onthou dan sy weer na die solder wou gaan nie. Maar dalk het sy. Sy moes tog. Hoe anders kon sy daar afval.

“Hoe het ek geval?”

“Jou voet het aan een van die trappe gehaak. Gelukkig darem nie heel bo nie. Ons was gelukkig. Ek bedoel jy. Jý was gelukkig.” Hera glimlag weer. “Baie gelukkig.”

Nyx se vel kriewel.

Haar selfoon! Daar was iets op haar selfoon. Hoekom onthou sy dit? Foto’s ... Iets van foto’s?

“Waar’s my foon? Ek dink ek het dit by my gehad.”

“In stukke, jammer. Dit was in jou broeksak. Jy sal maar ’n nuwe een moet kry as jy by die huis is.”

Nog ’n pyn pols deur Nyx se kop. Sy knipper weer haar oë.

“Jy moet rus.” Hera staan deur se kant toe. “En drink die kruiemengsel. Ek belowe dit sal jou beter laat voel. Jy sal vergeet dat jy ooit ’n hoofpyn gehad het.”

Nyx se blik val op Hera se hande. Dit bewe. Sy kyk weer na Hera se glimlag. ’n Spiertjie spring in haar wang.

Iets voel vreemd. Daar is iets wat sy vir Hera wou vra. Wat was dit?

Maar sy’s so moeg. So, so moeg. Haar ooglede val toe. Sy hoor hoe die sleutel in die slot draai en haar in die kamer toesluit.

## Hoofstuk 23: Lank in die tand

Die tuinvurk se tande byt in die aarde in. Nyx trek die vurk langsaam uit. Rooibruin klonte grond krummel van die vurk af. Alles is omgedolwe. Sy kan die nat grond ruik. Soos iets wat ontbind.

Hera wou nie hê sy moes al weer begin tuinwerk doen nie, maar sy gaan begin vrot as sy nog ’n dag in die bed lê nie. Sy’t haar kop gestamp, sy wil hom nie verloor ook nie.

Die afgelope paar dae het gevoel asof sy op ’n trip was. Sy was so uitgeput. Het byna heeldag geslaap. Weird drome gehad. Hera se kruiemengsel het gehelp, maar dit het ’n vreemde smaak in haar mond agtergelaat.

Nyx lig weer die tuinvurk om dit in die grond te steek.

Dis lekker om weer buite te wees. Die vars lug laat haar beter voel. Alles is nog half wasig, so asof sy haar lewe om haar sien afspeel, maar nie self daarvan deel is nie.

’n Erdwurm peul uit die aarde by haar voete. Hy wriemel homself heen en ween. Die skerp slagtand van die tuinvurk hang sentimeters bo sy lyf.

Nyx staar hom verdwaas aan. Waar kom hy nou vandaan?

Nog ’n paar pienk lywe peul uit die donker holtes in die grond.

Sy’t in Hera se droomjoernaal gelees dat Aristoteles erdwurms die derms van die aarde genoem het. Nyx kan nogal die ooreenkoms sien met die wurmlywe wat so heen en weer krul. Hulle is darem nie ook sewe meter lank soos ’n menslike derm nie. Dit sal super gross wees.

Sy skud haar kop. Sy is al weer besig om te veel te dink. Maar sy wil nie derms daaroor uitreig nie.

Die vurk spit weer in – so ’n entjie langs die groepie wurms.

Vir nou moet sy probeer om nie te diep te delf op enige manier nie. Dit sluit in om enige erdwurms raak te spit en verantwoordelik te wees vir ’n decapitated wurm nie. Daar was genoeg dood die afgelope tyd. Amper haar eie.

Die val is nog steeds ’n gat in haar geheue. En daar is dele uit die ander dae ook weg. Sy’t nog nooit harsingskudding gehad nie, maar dit worry haar dat die dae voor die kopbesering ook so half deurmekaar is. Hera sê dis normaal om nie dadelik iets te onthou nie. Of ooit te onthou nie.

Gelukkig is alles oor haar pa en die Gifappeltjies helder, maar daar was iets anders waaroor sy bekommerd was. Iemand anders. Iemand wat sy gesien het. Of gedink het sy gesien het?

Volgens Hera het hulle gepraat oor die jaggeweer in die huis. Hera het ’n wilde bobbejaan gekry wat alleen op die plaas rondloop. ’n Bobbejaan maak seker sin, maar sy onthou ’n mens.

Then again, Hera sê jou brein maak partykeer sy eie herinneringe om die spasies in jou geheue op te vul.

Die drome was die vreemdste. Iets heeltemal anders as haar nagmerrie.

*Sy's onder die water in die diepsee. Daar is flitsligte. Mense skreeu, maar sy kan net hulle monde sien beweeg. Almal is in duikpakke. Sy kan nie hulle gesigte sien nie. Maar dit is mans. Dan is sy in 'n seekat se arms. Die tentakels het haar van alle kante omsingel. Een tentakel kry haar om die kop beet. Alles word swart en stil.*

Soms hoor sy ook 'n harde slag wanneer sy in die seekat se arms is. Iets wat breek?

Sy't dit al 'n paar keer gedroom. Elke keer skrik sy uitasem wakker met die lakens om haar verstrengel en haar klere papnat gesweet.

Nyx sien 'n donker skaduwee oor die grond beweeg.

Die ding pyl reguit op die een erdwurm by haar voete af. Die pienk lyf word opgepik. Nyx staan met 'n oopgesperde mond die voël en agterna kyk. Hy verdwyn met die onskuldige erdwurm wat halfpad by sy bek uithang.

Great. Nou voel sý soos 'n wurm. Hoekom het sy nie vinniger gereageer nie? Nie vooruit die gevaar gesien nie?

"En as jy so oopmond die lug staan en aangaap?" vra Irene van agter Nyx. "Is jy reg in die kop?"

Nyx maak haar mond toe. Dit vorm 'n streep. "Moenie spot nie." Sy kyk af grond toe na die oorblywende pienk lywe. "Die arme wurm," premel sy.

"Wurm? Hier's duisende van hulle. Goed vir die ekosisteem."

"Ja, maar die voël het hom gevang." Nyx krap met die tuinvurk die grond effens platter sodat die ander wurms bedek is. Hulle sal nie ook slagoffers wees nie.

'n Klein glimlag pluk aan Irene se mondhoeke. "Hmmm, lyk my jou hart word heeltemal te sag hoe langer jy hier by ons is. Nie dat dit 'n slegte ding is nie." Irene spit haar vurk in en trap hard daarop. Met die vurktande kam sy deur die aarde. "Sensitiwiteit kan ook sy voordele hê."

"Dit was nou net vreeslik onnodig van die voël, oukei?" Irene is die een wat sensitiwiteit nodig het.

Nyx begin ook weer die grond omdolwe. Sy't reeds die hele sob story oor haar pa vertel. Irene wou eers maak asof dit nuwe inligting is, maar kom toe met die hele sak patats na vore dat sy nog heeltyd weet. Die aap is uit die mou, en eintlik is sy wat Nyx is die enigste aap wat heeltyd van niks geweet het nie. Ja, sy was die fool wat almal moes entertain.

"Ek wil my nou nie in*wurm* by jou planne nie, maar jy moenie te hard werk vandag nie. Behalwe vir jou besering kan dit ook 'n lang aand raak."

Nyx spit die tuinvurk in die grond en leun met haar voorarms daarop. “Hoe so?”
“Dis volmaan.” Irene se oë skitter goudbruin in die son.
“En? Dis elke maand volmaan.”
“Maar dis ’n spesiale maan. Hera wil baie graag hê jy moet kom.”
“Waarheen?”
“Vir ’n bietjie ontspanning. Jy kan tog doen met ontspanning, don’t you think?”
“Ontspanning, huh?”
“Ja.”
Nyx ruk haar skouers op. “Fine, wat’s die spesiale geleentheid?”
Irene se oë glinster gevaarlik. “Vanaand maak ons musiek.”

## Hoofstuk 24: ’n See van gesigte

Die kersie se liggie flikker onreëlmatig. Lig weerkaats in die spieël. Voor Nyx lek-lek lig oor die woorde in Hera se droomjoernaal: klein wurmpies wat oor die blaaie kriewel.

Sy kyk na die horlosie op die tafel wat sy by Hera gekry het.

21:30.

Irene het gesê hulle sal haar eers ná elf kom haal sodat die maan op sy mooiste is.

Nyx sug en kyk weer af na die blad.

Sy het nou al ’n ritueel daarvan gemaak om elke aand by die tafel te sit en lees of skryf. Die idee was om neer te skryf wat sy in die tuin leer, maar die eerste paar aande was dit eerder ’n paar woedende briewe aan haar ma wat sy in die kersliggie verbrand het. Nou het die woede uitgebrand.

Die kerslig vlek weer oor die tekeninge in die joernaal.

Terwyl sy moes rus ná die val het sy ’n hele paar blaaie gevorder in die joernaal, maar dit gaan stadig. Elke blad is propvol geskryf.

Die hele eerste afdeling gaan oor verskillende soorte insekte. Die mot is byvoorbeeld die simbool van vasberadenheid en geloof, maar ook kwesbaarheid en aantrekkingskrag. Die cliché van *a moth to a flame*. Maklik genoeg om te onthou.

Soos sy ook haar vingers verbrand het met haar navorsing. Whoop-de-doo.

Die kersliggie flikker vinniger.

Wat? Gaan die kers haar ook nou groet? Moeg daarvoor om sy liggie te laat skyn?

Laat sy eerder verder lees. As die kers nie enigiets gaan belig nie, gaan die droomjoernaal dalk.

Hmm. Laat ons sien. Bye is volgende.

*I’ma be, I’ma be, I’ma-I’ma-I’ma be.*

Black Eyed Peas het nie van bye gepraat nie, maar *I’ma be losing my head,* dink Nyx, want die bleddie by het ’n lieflike waarskuwing: Jy moet met ander kommunikeer, want spanwerk is dikwels die sleutel tot jou sukses.

Spanwerk. Dis nou vir jou ’n grap. Almal het eerder téén haar saamgespan om die waarheid oor haar pa weg te steek. En dit maak baie seerder as wat enige angel ooit kan steek.

Nyx gaap. Die moegheid sedert die val klou nog steeds aan haar.

Sy flits lusteloos verby blaaie oor die mier, kakkerlakke, bidsprinkane en dan land sy op die naaldekoker en skoenlapper. Hier gaan alles oor transformasie met ’n capital T.

Daai uitstappie saam met Hera …

’n Herinnering vlam op in haar brein. Dis donker. Sy struikel. En sy, sy sien iets. *Iets* …

Nyx voel hoe haar bors begin toetrek. Haar asemhaling is vlak. Vinnig. Hoendervleis slaan oor haar arms uit.

Wat was dit wat sy gesien het? Of is dit iets wat sy gedroom het?

’n Uil roep buite.

Die uil. Athena se simbool vir wysheid. Sy roep klink nes ’n “hoe”. En dís die vraag. Hoe gaan die volgende paar weke op die plaas lyk? En dit wat sy die graagste wil weet: Hoe kan sy onthou waarvoor sy so bang was voor haar val?

Nyk kyk in die spieël. Dit reflekteer die uilskildery wat nog steeds bo die bed hang.

Het die oë geler geword?

Sy ril en kyk weer na die horlosie.

22:15.

Haar vingers begin weer deur die joernaal se blaaie beweeg totdat sy by ’n watertekening kom.

Water kan soms verwoestend optree, soos in ’n storm, lees die teks.

Nyx dink weer aan die beeld van die donker water in haar droom. Die swart, stil water. *Stille waters, diepe grond, onder draai die duiwel rond,* sing dit in haar kop. Sy onthou ook weer die ander nagmerrie wat sy gehad het. Die diepsee.

Die eerste nagmerrie wou haar waarsku. Die tweede wou haar iets sê.

Sal vanaand se maanritueel vir haar nuwe inligting gee? Of het alles nou na die oppervlak gekom?

Sy sal seker soos die uil haar insig moet gebruik. Haar kroonchakra aktiveer of iets.

’n Tekening van ’n slang krul oor die volgende blad. Dit lyk nes die patroon op die plaas se hek en sleutels. Daar’s ’n hele paar blaaie vol geskryf oor die slang.

Nyx loer weer na die horlosie.

22:30.

Nog ’n hele halfuur. Sy kan vinnig deurlees.

Slange kan in amper elke antieke kultuur as simbolies gesien word vir die gees, goddelike, of verligting. Hulle stel ook transformasie voor.

What’s new?

By slange gaan dit wel eerder oor ’n konstante vernuwing van jouself. Jy moet as’t ware elke keer van jou ou self ontslae raak deur te vervel, skryf Hera. Dit stel ook spirituele leiding voor.

Seker soos in Ahmed se storie oor Lilith? dink Nyx. Meanwhile beleef sy die afgelope tyd net spirituele lyding.

Nyx sien daar is ook ’n paar tekeninge op die blad geskets wat soos hiërogliewe lyk. Langsaan word daar oor die skakel tussen die slang en die songod, Ra, in antieke Egipte geskryf. Ra is soms gesien as die skepper van die mens, en die Egiptenare het hulself die kudde van Ra genoem.

Weet jy, nè? Sy moes nie die hele cult-storie so vinnig afgeskryf het nie. Hierdie dwelm-ding met haar pa is dalk ’n cover-up vir iets baie groter. Sy sal nie verbaas wees as hulle vanaand een of ander ritueel het waar daar ’n offer aan die maan gemaak word nie. Of dalk gaan almal voor Hera moet buig.

Nyx kry weer ’n vreemde gevoel in haar maag. Dit voel asof daar iets oor haar pa is wat sy ook vergeet het.

Die uil teen die muur kyk nog steeds in die spieël vir haar.

Waar is jou wysheid, tjom?

Nyx kyk vies af na die blad.

Wat van jou Ra? Enigiets wat jy wil share?

Die Ra-vent het blykbaar op ’n boot rondgevaar tussen die hemel en die onderwêreld aangesien albei water bevat het volgens die Egiptiese geloof.

Wanneer gaan haar skip inkom? Sy was reeds to hell and back.

Miskien moet sy kyk of sy haar nagmerrie kan manipuleer sodat sy ook op die donker water met ’n boot ry. Sy het al êrens iets oor lucid dreaming gelees waar mense hulle drome kan beheer. As sy dan nou iets moet transformeer, kan dit mos haar nagmerries wees.

Ah, hier is iets interessants.

In die volgende paragraaf skryf Hera oor Sjamaanse rituele waar konings “visioen”-slange gebruik het om in die onderwêreld in te sien.

Hera het darem sekerlik nie slange ook vir haar spiritual retreats gebruik nie? Wat as hulle vanaand slange uit sulke mandjies wil laat dans met ’n fluit of ’n ding?

Daar is ’n sagte klop aan haar kamerdeur.

“Kom in!” Nyx staan op terwyl die deur oopswaai. “Luca?”

“Hoekom klink jy so verbaas?”

“Ek het aangeneem jy gaan nie vanaand daar wees nie.” Sy’t eintlik gehoop hy gaan nie daar wees nie. Sy het hom nog nie gesien sedert die insident by die kweekhuise nie, hom so half aspris vermy. Die harsingskudding was ’n goeie verskoning.

En wat soek ’n man by ’n maanritueel?

“Ek mag ook musiek geniet.” Luca staan met sy hande in mekaar geweef. Sy twee duime speel met mekaar.

"Natuurlik, ek het net gedink – Nee, niks. Ek het nie eintlik enigiets gedink nie." Sy dink te veel, dis wat sy doen.

Nyx maak die droomjoernaal toe. Hy hoef nie te sien waarmee sy besig is nie. Sy loop by hom verby sonder om oogkontak te maak. Haar arm skuur teen sy hemp.

Hy klik die deur toe.

Nyx maak keel skoon. "So, where to?"

"Volg my."

Sy wag totdat Luca verby stap en val so meter agter hom in. Stilte loop saam met hulle deur die tuin.

Die maanlig skyn so sterk dat dit ’n sagte glans oor alles gooi. Sy wit gesig loer deur die boomtakke wat twee gordyne aan die kante van die strook oop lug vorm. Dit lyk soos ’n verhooglig. En die show gaan binnekort begin.

Luca swenk verby die plaashuis na waar ’n groter pad in die bos verdwyn.

Nyx hoor die mense voor sy hulle sien. ’n Paar liggies skyn soos sterre deur die plante terwyl hulle die groep nader. Die pad maak oop op ’n groot ronde oopte. Daar is houtstompe in ’n sirkel gepak met ’n groot vuur wat in die middel vlam. Hera sit kruisbeen op een van die stompe en gesels met van die tuinwerkers wat soos bye om haar saamdrom. Die queen bee in haar element.

Dit voel vir Nyx vreemd om die werkers sonder hulle gewone groen oorpakke te sien. Die meeste mense is getooi in lang, wit klere wat in los voue oor hulle lywe hang. Hera het self ’n wit rok aan wat oor haar lyf waterval. Dit lyk soos ou Romeinse kleredrag. Haar hare hang vir die eerste keer los oor haar skouers tot by haar middel. Op haar kop is ’n goue kroontjie. Dit blink in die warm lig van die vuur.

Nyx kyk na die feetjiering van houtstompe. Langs een van die stompe vergader ’n klompie instrumente: ’n hele paar tromme, ’n kitaar en ’n simbaal.

Ahmed gaan seker speel. Wie nog?

Luca beduie dat hulle op die paar oop stompe oorkant dié met die instrumente moet gaan sit.

Nyx daal versigtig op ’n stomp neer.

"Groet jy nie?"

"Irene! Sorry, ek het jou nie herken nie."

Irene het ook ’n wit rok aan. Goue armbande tentakel oor haar arms. ’n Paar kettinkies string om haar nek.

Irene leun vooroor. "Is jy gereed?" fluister sy in Nyx se oor.

Nyx knik onseker. Sy kyk af na haar swart hemp. Dit help nie sy probeer nou inblend nie. Whatever, sy is nog in rou oor haar pa.

’n Beweging laat haar opkyk. Hera het opgestaan.

’n Stilte sak neer oor die mense. Dié wat nog rondgestaan het, gaan neem ook hulle sitplekke in. Hera se oë swiep oor die groep. Haar blik rus op ’n paar gesigte. Lywe wriemel.

“Welkom, almal.” Hera se arms halfsirkel voor haar. “Vanaand is ’n spesiale aand.”

Almal se aandag is op Hera gerig. Behalwe Nyx. Sy hou die ander mense dop. Hulle sit met groot oë vol bewondering, vol afwagting. Die vuur se vlamme maak vreemde skaduwees oor gesigte. Neuse rek en krimp, oogkaste word donker gate.

Dit vas ’n fout om vanaand te kom.

“Ons is geseënd om vanaand ’n blou maan te beleef.” Hera lig haar kop na bo. Haar arms styg op. “Maar ons het ook ’n spesiale gas.” Hera se arms strek vorentoe in Nyx se rigting. Haar oë pen Nyx vas. “Dis die eerste aand wat my kleindogter, Nyx, by ons aansluit.”

Al die nuuskierige pare oë draai in gelid na Nyx. Sy weet nie waar om te kyk nie en kies uiteindelik die vuur in die middel.

“Sy’s nog ’n bietjie skaam.” Hera se mond bring ’n stadige, gottale lag na vore. Haar tande glinster in die vuurlig, dit groei tot slagtande. “Ek is seker julle almal sal haar tuis laat voel in Paradys en by die Samekoms, soos julle reeds het.”

Nyx wip toe Hera haar hande saamklap.

“Nou, ja. Laat die aand dan begin.”

Die mense kliek hulle vingers. Dit druis soos reën.

Weer skrik Nyx toe iemand hard op ’n trom slaan. Sy het ’n entjie in die lug opgestyg en sak weer terug op die stomp. Haar bewende hande klou om die houtrante.

Die tromslae vorm ’n patroon. Ná ’n paar herhalings val nog ’n tromspeler in met ’n tweede ritme. James en Pieter beheer die tromme. Twee van die tuinwerkers. ’n Derde trom kom by: Vanessa, nog ’n tuinwerker. Haar trom is ’n bietjie kleiner en bring ’n hoër geluid na vore. Haar palms spring tussen die middelste en buitenste gedeelte van die vel wat styf oor die trom gespan is. Die verskillende toonhoogtes smelt tussen die ander tromgeluide in. Die lae gepols van die bastrom dril deur Nyx se lyf. Sy kan voel hoe dit deur haar hele skelet vibreer.

Mense begin opstaan. Hulle lywe sweef op die maat van die musiek. Dit word seewier in ’n see. Dansende palings wat in die rondte tol. Voete sleep-stamp oor die sandbodem. Arms en lang ledemate swaai rond.

En dan’s dit stil. Almal staan versteen terwyl die losgedanste stof om hulle ronddwarrel in die vuurlig. Borskaste styg op en af.

Die tromme begin weer en voete val saam in. Nyx sien wit lap flap soos vinne. ’n Arm wil haar by die maelkolk intrek. Sy rem met haar hakke in die grond. Haar kieue trek saam, haar hande klou stywer om die stomp. Kneukels slaan wit deur haar vel. Uiteindelik los die persoon haar arm en word weer deur die malende massas ingesluk.

Nyx probeer haar asemhaling onder beheer kry.

Ahmed het intussen met die kitaar ingeval. Dis ’n roesemoes van klanke en akkoorde. Sy regterhand klap elke nou en dan op die lyf van die kitaar en hy wissel die beweging af met plukke aan die snare. Soms sweef die klanke in dissonansie oor mekaar voordat dit weer harmonieus oplos.

Een van die dansende begin saggies saamsing. Dit lyk vir Nyx asof sommige van die ander in ’n beswyming ingaan. Die gesing klink al meer soos ’n geween. Aardige geluide word uitgebulk.

Nyx draai na Irene wat hande klap saam met die ritme van die musiek. ’n Soel glimlag speel op haar gesig.

“Is hulle oukei?” Nyx se oë is twee pierings.

“Dis alles deel daarvan. Moenie so worry nie.” Irene stamp met haar skouer teen Nyx s’n. “Geniet dit net.”

Yeah right.

Die houtstomp sny in Nyx se vingers in. Sy is nie bewus van die straaltjie bloed wat uit ’n snytjie drup nie.

## Hoofstuk 25: Met die maan gepla

Hoe lank gaan dit al aan? Hoe lank móét dit nog aangaan?

Die ander dansers het ’n kring om Hera gevorm. Sy neem die voortou. Met haar een voet stamp-stamp sy voor haar. Die res van die groep om haar herhaal die beweging. Dit lyk asof hulle ’n rieldans uitvoer.

Nyx voel hoe haar hart doef-doef saam met elke stamp van Hera se voet.

Uitgeput en natgesweet sluit die mense die dans af. Hera sweef terug na haar stomp en sak neer. Haar wit rok wolk oor die stomp. Dit lyk nie eers asof sy hard asemhaal nie.

Nyx is doodmoeg. Sweet drup by haar slape af.

Die sandstorm wat om die vuur dwarrel, dryf tot op die grond waar dit soos afsaksel gaan lê. ’n Stilte gaan plak saam met die stof soos ’n tweede vel aan die gehoor.

Hera bring ’n ronde koperkleurige bakkie en ’n stokkie te voorskyn. Een-een fladder mense se oë toe. Hoofde buig.

Gaan hulle bid?

Nyx wyfel nog ’n oomblik en maak dan ook haar ooglede toe.

Sonder haar sig verskerp al haar ander sintuie. Sy hoor hoe die ander asemhaal. Elke nou en dan skiet ’n kraakgeluid uit die hout op die vuur. Iets tuimel inmekaar. Sy ruik rook.

Een van Nyx se oë flikker oop, net betyds om te sien hoe Hera met die stokkie teen die koperhouer slaan. Sy laat die stokkie oor die rand beweeg soos iemand wat op glase musiek maak. Die bakkie bring ’n vreemde klank voort. Nyx voel hoe die klank aangegolf kom en spesifiek in haar buik vibreer, net bo haar naeltjie. Sy maak haar oog weer toe.

Sy laat die klank deur haar spoel. Haar asemhaling raak al hoe stadiger.

Die klank verander. Nyx se oog sper weer oop. Hera het ’n nuwe bakkie beet waarop sy met die stokkie slaan. Hierdie keer vibreer die klank deur Nyx se hart.

Die proses word ’n paar keer herhaal. Elke keer hoor sy ’n ander geluid wat ’n ander deel van haar lyf laat vibreer.

Stilte strek langer uit, en Nyx knipper albei haar oë oop.

Dit voel asof sy sweef. Ver bo die groep mense en die vuur dryf sy in die lug. Op haar eie wolkie.

Van die ander mense begin opstaan. Sy wil nog op haar wolk dryf, maar die warboel ruk haar terug aarde toe. Almal vorm nou kleiner kringetjies, sommer so op die grond gaan sit hulle in sirkels gebondel.

“Dit was …” begin sy. Haar asem blaas lank uit. Sy weet nie eens wat om dit te noem nie.

“Magies,” maak Irene haar sin klaar.

Nie heeltemal wat Nyx in gedagtes gehad het nie. “Wat was al daardie klanke? Ek dink nie ek het al ooit so… só gevoel nie.” Haar mond sukkel om die woorde te vorm.

“Dis *toning* – ’n vorm van klankterapie wat jou chakras balanseer.”

Dis hoekom sy die vibrasies op verskillende plekke gevoel het. “Ahmed het gesê ek moet werk aan my hart chakra. Dit sal my help om mense beter te vertrou.”

“Selle hier.”

Luca sit langs Irene. Nyx het hom nog heel aand geïgnoreer. Hy het ook nie gedans nie. Waarskynlik nie iemand wat daarvan hou om beheer te verloor nie.

“Nyx, jy moet my herinner dan wys ek jou hoe klank gebruik kan word om sand in patrone te laat dans. Dis *cymatics,*” praat Luca om Irene se rug.

Nuuskierige agie. Hy het hulle gesprek sit en afluister.

“Jy sal sien hoe die sand rondspring, amper soos seeperdjies op die see as die wind waai.”

Nyx onthou die droomjoernaalinskrywing oor seeperdjies. Dit stel krag en mag voor. Sy sal nou die seeperdjie moet channel om die golf van hierdie aand klaar te ry.

“Oeh!” Irene se een hand flap teen Luca se skouer soos ’n oorentoesiastiese rob. “Jy moet vir haar die plante se musiek ook speel.” Haar oë blink soos twee donker albasters toe sy na Nyx draai. “Dis vreeslik cool! Jy sit so toestel vas aan ’n plant en dan maak die plant self ’n liedjie. Ek hou baie van die geluid wat sampioene maak.” Irene se kop dobber op en af.

“Ek sal dit graag wil hoor.” Nyx weet wel nie of sy dit saam met Luca wil doen nie. Sy’t klaar besluit. Dis beter as sy haar afstand hou. Kyk wat het met haar ma en pa gebeur. Luca het haar eintlik ’n guns gedoen deur vir haar te jok oor haar pa. Dit het die keuse makliker gemaak.

Die groepies mense word luidrugtiger.

“Dis nou tyd vir die lekker deel.” Irene wikkel haar wenkbroue.

Hier kom moeilikheid.

Nyx loer weer in Hera se rigting. Sy sit met haar rug teen Ahmed s’n gestut. Haar vingers is twee lang kloue in die vuurlig. Een klou steek iets soos ’n stokkie aan. Hera trek met haar mond aan die ding en gee dit vir Ahmed aan. Hy trek ook in en laat rook by sy mond uitkring.

Sigare?

By die ander kringetjies verlig nog sigare (?). Van ver af lyk die punte wat brand soos die vuurvliegies wat sy gesien het. Die rook trek met ’n soet reuk deur die lug na Nyx. Irene bring van êrens vir haar en Nyx ook elk ’n opgerolde stokkie te voorskyn. Dit lyk tuisgemaak en baie verdag.

Nyx sit vooroor om in Irene se oor te fluister. “Is dit … dwelms?” Haar oë dartel tussen Irene en die ding in haar hand.

Irene se een hand vou om haar mond soos sy sukkel om haar lag te onderdruk. “Moenie so gestres lyk nie. Dis net ’n bietjie dagga. Sien dit as medicinal as dit jou beter laat voel. En dis veilig. Ons kweek dit self.”

“Ja nee, ek is baie bewus van julle dodgy geskiedenis hier op die plaas. Ek het wel nie gedink julle sal die audacity hê om vir my aan te bied nie.”

Irene steek een van die stokkies aan en trek stadig daaraan. Nyx wil nie, maar hou haar nuuskierig dop. Irene ken duidelik die proses. Die rook krul in die lug terwyl sy dit uitblaas.

“Wil jy probeer?” Iene hou die ding in Nyx se rigting. ’n Offer. ’n Onwelkome een.

Nyx se lippe pers saam in ’n reguit lyn. Sy kyk hoe die een kant van die stokkie rooierig smeul. Die soet reuk is byna verstikkend. Sy skud haar kop.

Irene se skouers trek op. “Meer vir my.” Sy trek nog ’n diep asem rook in.

Hulle sit in stilte terwyl Irene en die ander mense al rustiger raak. Nyx bestudeer die groepies wat saam sit en rook. Nou en dan gee iemand ’n klein giggellaggie. Die meeste mense praat in fluisterstemme met hulle koppe naby mekaar. Luca het by een van die ander groepies gaan sit en gesels. Sy sien nie by hom ’n zol nie.

“Ek kan met dagga vereenselwig.”

Nyx draai haarself om in Irene se halfmas oë te kyk. “Hoe so?”

“Dis vreeslik misunderstood.”

“Is jy nie nou besig om ’n victim mentality aan te neem nie?”

Irene se oë het toegeval, dan flikker die een weer oop. “Daar is baie soorte kultivars, jy weet.”

“Nee, ek doen nie.”

“Kannabis kan verdeel word in hemp en marijuana.”

Nyx draai haar sodat sy heeltemal in Irene se rigting kyk. “Hoe weet jy anyway van dagga?”

“Ag, ek het iemand daarmee gehelp op ’n stadium.”

Iemand soos Hera? Nyx se oë vernou. Dis weer tyd om speurder te speel. “So, wat maak dat iemand op ’n high gaan? Of overdose.” Sy wil weet wat met haar pa gebeur het.

“Dis actually jou brein.” Irene tik met twee vingers teen haar skedel. “Dit het receptors waaraan die THC in die dagga verbind. Die reseptore is soos iets wat seine ontvang, soos ’n radio wat frekwensies optel.”

“En CBD? Maak dit jou ook hoog? Ek het gesien Hera het ’n olie wat op haar een tafel staan.”

“Ah, nee. Dit help vir goed soos inflammasie en slaap. Het jy dit al probeer?”

Nyx skud haar kop.

“Maak nie saak nie. Ek sal vir jou gee as jy weer iets beseer,” babbel Irene verder. Sy teug eers ’n paar keer aan die sigaar asof sy nuwe energie in haarself moet intrek voor sy verder gaan.

“Nou hemp, dis interesting. Bietjie van ’n staatsgeheim. Die plant kan as ’n baie ekovriendelike en goedkoop boumateriaal gebruik word.” Irene se hand met die stokkie swaai wild in die lug. “Dit detox boonop die grond waarin dit groei, so as al hierdie kenners van klimaatsverandering werklik so besorgd was oor die aarde sou hulle voor in die koor wees om dit te promote.”

Nyx sukkel om op Irene te fokus. Haar aandag is op die volmaan. Dit lyk amper asof daar ’n ekstra kring lig daarom skyn. Vreemd om te dink dat so rots in die ruimte iets soos die see se getuie kan beheer. Dis dan so ver van hier af. ’n Mens sou dink as naamgenoot van die Godin van die Nag sou sy vroeër meer aandag aan die maan gegee het, dat dit ook op haar ’n aantrekkingskrag sou uitoefen.

Nyx draai haar kop terug na Irene. “Vir wat hou julle die musiekaand op die volmaan? Is dit vir die ekstra lig?”

“Volmane is vir wanneer jy iets wil release wat nie meer ’n doel dien in jou lewe nie. Herinneringe, gewoontes, mense. ’n Reiniging.”

“So, wat? Die maan se lig gaan my skoonspoel?”

“Moet jy altyd so letterlik dink?”

“Ek vra net. Hoekom dan nie met nuwemaan nie?”

“Nuwemaan is vir nuwe beginne. Mens kry nuwe beginne makliker reg as om van die ou goed ontslae te raak, of wat sê jy? Enige baggage waarvan jy wil ontslae raak?” Irene se wenkbroue wikkel.

“Seker.” Veral al die vrae wat steeds ronddryf in haar kop. Die onsekerheid.

“Jy weet, jy’t nou-nou gesê Ahmed het genoem jy moet aan jou hartchakra werk. Wel, die volmaan” die zol in Irene se hand rig na die maan, “gaan ook oor die gee en ontvang van liefde. Vanaand miskien die gee en ontvang van ’n zol.” Sy begin giggel. “Ernstig nou: Jy moet reflect tydens ’n volmaan oor die saadjies wat jy gesaai het.”

“Soos die nuwe wortels wat ons in die tuin geplant het?”

Irene rol haar oë. “Nee, man. Soos idees of doelstellings. Wat jy wil bereik. Waarna is jy op soek?”

Dis ’n goeie vraag. Sy wens sy het geweet. Het onthou.

Vir eers moet sy meer uitvind oor die dagga. “Is jy nou al hoog?”

Irene se oë het al weer heeltemal toegeval. ’n Glimlag speel oor haar gesig. “Hmmmm. Per mond vat dit so een tot twee uur, as jy byvoorbeeld space brownies eet. Daggabrownies. Wanneer jy dit rook, vat dit so drie tot tien minute.”

Was dit al tien minute? Irene lyk nie juis anders nie.

Irene steek weer haar hand na Nyx uit. “Seker jy wil nie probeer nie?” Sy wikkel die zol heen en weer soos ’n metronoom.

Nyx dink aan die paar keer wat sy op skool ’n sigaret aangebied is. Sy het dit altyd van die hand gewys. Rook laat jou stink. En haar ma het altyd gesê net skollies en gangsters rook.

Sy frons.

“Wat nou?”

“Nee, niks. Ek het net iets onthou.” Haar liefste moeder sal seker nie daarvan hou as sy dagga rook nie.

Die sekondes tik verby.

Nyx kyk weer na die punt van die stokkie wat rooi skyn. Sy huiwer nog ’n oomblik, maar steek dan tog haar hand uit.

“Aitsa, lyk my ons het iemand convert!”

“Ja-ja, jy kan later gloat.” Nyx se vingers vou versigtig om die zol. Een trekkie sal seker nie maak dat sy by ’n krans afry nie.

Sy plaas die ding in haar mond en neem ’n klein asem in.

“Dieper,” por Irene haar aan, “tot in jou longe.”

Haar longe vul met rook. Hulle begin protesteer teen die nuwe intrekkers. Nyx proes die rook uit. ’n Paar gesigte by die ander groepies kyk nuuskierig in hulle rigting. Sy voel hoe haar oë traan.

Irene gee ’n laggie en lig ’n hand vir die ander mense om te wys hulle is oraait. “Tipiese first timer, jy. Toemaar, dit word gou beter.” Sy klop Nyx op die skouerblad.

As haar ma haar nou moes sien. Sy wéns haar ma kon haar nou sien. Dan kon sy haar iets gee om oor vies te wys. Haar wys wat gebeur as sy haar dogter by vreemdelinge op ’n vreemde plaas los.

Nyx wil die stokkie teruggee, maar Irene beduie sy moet weer probeer. Nyx wil-wil weer hoes, maar sy kry dit onder beheer. Haar keel voel krapperig. Hoe’s dié goed medisinaal as dit voel asof sy doodgaan?

“Weet jy nè,” begin Irene weer stoom kry. “Wil jy nou iets seriously interessant hoor?”

“Humor me. En vat jy maar dié terug.” Nyx hou die zol voor haar. Irene se vingers vou daarom.

“Ek het een keer op die internet gelees hulle sê jou bewussyn blok iets soos 90% van dit wat jou onderbewussyn waarneem, so ons sien eintlik ’n watered down weergawe van realiteit. Maar as jy sekere psychedelics gebruik, dan verminder dit die hoeveelheid wat jou bewussyn uitfilter en jy sien meer van die realiteit.”

“Dit is actually nogal interessant.” Sou dit wees wat Hera-hulle op die spiritual retreats wou regkry? Die insigte waarvan sy gepraat het?

“Kan ’n mens na die musiek van psychedelic mushrooms ook luister?”

Irene blaas weer ’n kring rook uit. “Ek het nog nie probeer nie, maar dis ’n goeie idee.”

“En is die sampioene in die kweekhuis psychedelics?”

“Jip, shrooms, en daai groot rankplant is ayahuasca.”

“Ay-wat?”

“Eye-ah-wah-ska. Klink soos eye, heel gepas, want dit kan jou third eye oopmaak. Hulle maak dikwels ’n tee daarvan. Met die shrooms ook.”

Al daai liters tee wat Hera en Ahmed so drink … Sou sommige van dit spesiale tee wees?

“Ayahuasca word al vir eeue gebruik vir religieuse rituele. Daar word ook na dit verwys as ‘la purge’ te danke aan die geloof dat dit die siel genees en ’n diep introspektiewe reis tot gevolg het.”

Nyx kan nie help om te dink dit gaan dalk ook jou hele derm purge nie. Wag net tot die mense wat daardie dieettees maak hiervan uitvind. ’n Dwelmtrip en ’n trip na die badkamer alles in een.

Nyx sit nog ’n rukkie saam met Irene totdat sy klaar gerook het. Van die ander mense het reeds geloop. Daar sit plek-plek nog iemand wat na die maan kyk.

“Jy’s seker moeg?” vra Irene.

“Eintlik wired, maar ek sal seker gou uitpass as ek eers op my bed lê.”

“Moet ek jou terugvat?” Luca het weer soos ’n skim verskyn.

Nyx kyk op. Sy sien nie nou kans om alleen saam met hom te wees nie. “Nee wat, ek sal self my kamer kan kry.”

Nyx drentel terug na haar kamer. Sy laat haar hande in die donker oor die varings gly. Sy herken die sagte blare van die dag toe sy hier aangekom het. Daai dag wou sy weet wat die plante vir haar wil sê. Nou wonder sy wat die psychedelic plante vir haar sou laat sien.

Sy kyk op na die maan.

’n Mens kan die maan net sien omdat dit die son se lig reflekteer. As sy nog inligting wil uitvind, gaan sy moet weer waar om ’n lig te skyn. Soos ’n Flits.

Nyx stop in die paadjie. ’n Flits. Sy’t êrens ’n flits gehad …

Haar kop skud. Dis die dagga wat praat.

Sy strompel by haar kamer in. Die horlosie wys dis net ná twee in die oggend. Sy sak neer op die bed. Die duvet trek tot onder haar neus.

Wat ’n weird aand.

Terwyl sy insluimer, bly een vraag in haar kop rondmaal: Wat sou haar bewussyn alles uitfilter?

## Hoofstuk 26: Mag ek maar …?

*“Where words fail, music speaks.” – Hans Christian Andersen*

Nyx neem ’n sluk van die ystee en sit die glas terug op haar bedkassie. Die mintblare dryf verlep op die oppervlak. Niks wen vandag die stryd om koel te bly nie.

Sy sak terug teen die bedkussings.

Dalk is dit ’n straf. Vir wát weet sy nie. Maar sy lê al heel middag in ’n halwe beswyming met die hitte wat soos gladwrap teen haar kleef.

As sy na ’n liedjie op haar foon kon luister, sou sy haar ten minste kon verbeel sy lê êrens anders: op ’n strand in die Bahamas, ’n kokosneut met ’n strooitjie in haar hand, die reuk van sonskerm aan haar vel. Maar nee, die ding het mos besluit om te kalf tydens haar Great Fall.

Vandag is dit net die vier mure wat haar geselskap hou, Frida se unibrow, en die onmiskenbare reuk van sweet wat in die lug hang.

Gross.

Sy het haar musiek nodig om te dink. Al haar gedagtes is besig om inmekaar te smelt – dit word taai, soos nat teer. ’n Groot swart webberige gemors, sonder begin of einde.

Dis ’n paar dae ná die maanritueel. Sy’t nog nie weer een van haar vreemde drome gehad nie. Dalk het sy dit release met die volmaan. Sy’s eintlik bly. Dit het haar bang gemaak. Veral wanneer sy so uitasem wakkerskrik.

Nyx draai haar kop na die spieëltafel. Haar oorfone lê wees en verlate in die laai. Sy verbeel haar dit roep saggies na haar toe uit tussendeur die kamer se koggelende stilte. Sy kan sweer hitte het ook ’n geluid. So ’n aanhoudende gesuis. Nes die muskiet.

Haar oog vang die notaboek wat nog op die tafel lê waar sy dit die vorige aand gelos het.

Sy wonder? Nee. Sy weet nie meer hoe om dit te doen nie.

Maar dalk …

Nyx strek haarself soos ’n konsertina uit om die gaping tussen haar en die tafel te oorbrug. Sy tas rond met haar vingers totdat sy uiteindelik die notaboek en pen raakvat. Haar lyf krimp weer terug met ’n steun wat by haar mond uitspeel.

Die notaboek laat sy op haar opgetrekte knieë rus. Sweet loop agter teen haar kuite af. Op die eerste skoon blad maak sy die boek plat oop. Van die vorige blaaie is uitgeskeur. Sy onthou sy het ’n kaart van die plaas geteken, maar dit het verdwyn. Sy moes dit een of ander tyd weggegooi het. Nog ’n gat in haar geheue wat sy nie gevul kry nie.

Nyx kyk af. Die wit blad staar haar afwagtend aan. Met die swart pen begin sy hale daaroor maak. Die lyne word in groepies van vyf gegroepeer. Die gitswart ink bloei effens op die geelwit blad van die notaboek. Hera maak die goed self met herwinde papier.

Nyx hou aan lyne trek totdat die hele blad vol is en begin dan weer van bo af om elke groepie lyne met ’n simbool aan die linkerkant aan te vul. Dit lyk in die eerste paar rye soos ’n hiëroglief, maar aan die einde van die blad kan ’n mens darem sien dis ’n musieksimbool.

Sy dink aan die paar eenvoudige melodieë wat sy vroeërjare probeer skryf het. Niks te ingewikkeld nie. Dit moes rég wees. Mooi wees. Goed genoeg om op die internet gelaai te word. En die musiekskryf was altyd moeiliker as wat dit lyk.

Nyx voel skielik skuldig. Dis haar skuld dat sy al hoe minder begin speel het. What was the point? Dit het nie gelyk asof haar ma ooit wou hoor hoe sy speel nie.

As haar pa nog gelewe het, sou hy teleurgesteld wees.

Nyx se pen huiwer bo die papier. Die pen hou tyd terwyl sy dit tussen haar vingers rondwikkel. Saggies begin sy neurie om te kyk of dit nie iets in haar sal aanwakker nie.

Nes sy wil moed opgee, val ’n paar note asof vanself agter mekaar. Haar hand vlug na die blad. Sy neurie weer, en ’n volgende sarsie note word by die blad gevoeg. Die melodie begin al vinniger in haar kop speel. Sy sukkel om alles op die blad te kry voor dit wegglip.

’n Paar minute se koorsige gekrabbel later sit Nyx weer terug teen die kussing. Sy voel kortasem. Die note word deur haar oë vasgepen op die blad. Netnou het die hitte haar laat hallusineer en verdwyn die liedjie as sy wegkyk.

En tog, die note bly kleef.

As sy net kon hoor hoe dit klink.

Sy kan seker vir Ahmed vra, maar dit voel vreemd om na hom vir hulp te gaan. Hy’s miskien haar ouma se kêrel, maar dis nie *regte* familie nie. En dis ook nie dat hy onvriendelik is nie, inteendeel, partykeer voel sy hy’s te nice. Dit maak haar senuweeagtig.

Nyx se oë flits weer af na die note. Sy wil bitter graag weet of dit mooi is.

* * *

Ahmed sit alleen op die plaashuis se stoep en lees. Sy kop buig oor die boek.

Nyx hou haar voetstappe lig, maar sy sesde sintuig skop in. Hy kyk op. Met ’n geringde hand haal hy sy ronderaambrilletjie af. Die brilglase flits ’n oomblik in die sonlig voordat hy die een brilbeen voor by sy hemp inhaak.

"Nyx! Waarmee help ek?" Ahmed vou die boek toe en sit dit op die arm van die bankie neer. Hy kyk weer op. Sy bruin oë hou haar nuuskierig dop. "Hera is ongelukkig nie nou hier nie. Sy't, uhm, 'n groot bestelling."

Nyx bly staan aan die onderkant van die trap. Die notaboek hou sy met albei hande agter haar rug vas. Haar lyf wieg vorentoe en agtertoe op haar voete terwyl sy na die regte woorde soek.

"Ek het gewonder of jy my dalk kan help met my musiek?" Sy kyk vinnig na sy boek op die armlening. "As jy tyd het. Ek kan sien jy's eintlik besig."

"Musiek? Daarvoor het ek altyd tyd."

Nyx versteen.

Dit was 'n dom idee.

Ahmed hou haar steeds stip dop. Hy glimlag. "Kom sit 'n bietjie hier langs my, dan gesels ons oor hierdie musiek van jou." Hy beduie met sy wysvinger na die boek wat agter haar rug uitsteek. "Jy wil iets vir my wys?"

Shit. "So iets."

Stadig klim Nyx die drie trappies tot bo. Op die ander punt van die bankie gaan sy sit. Die houtskelet van die riempiesbankie steun onder haar gewig. Daar's nog 'n hele spasie tussen haar en Ahmed oop. Die notaboek lê in afwagting op haar skoot.

"Kan ek loer?"

Nee!

"Ja," mompel sy.

Ahmed neem versigtig die boek. Nyx moet haarself inhou om dit nie dadelik terug te gryp nie.

Sy kyk hoe hy tot by die musiek blaai. Sy oë vee stadig oor die blad. Hy speel die note in sy kop. Een bruin hand hou tik-tik tyd op sy been. Nyx wil haar oë toeknyp om nie na sy reaksie te kyk nie.

Ahmed spring op en sit die boek op die bankie neer. "Verskoon my. Ek's nou terug." Hy verdwyn by die huis in. Die kralegordyn val klingelend agter hom toe.

Nyx trek aan haar naelvelle. Was dit só sleg dat die arme man wou vlug? Dalk wou hy haar die vernedering spaar en het hy homself eers gaan compose sodat hy nie in haar gesig vir haar lag nie.

Sy waaier 'n hand voor haar gesig. Die lug voel swaar van die hitte.

Uiteindelik kom Ahmed weer by die huis uit. Hy't 'n kitaar in sy hand.

Nyx druk haarself nog meer teen die kant van die bankie om vir hom en die instrument plek te maak. Ahmed laat die kitaar op sy skoot rus. Die houtlyf is met ’n laag vernis bedek wat dit laat blink. Die kitaar is oud, maar baie goed versorg. Beslis vintage. Dit moes ’n fortuin gekos het.

Nyx kyk met verwondering af na die houtsneewerk wat in patroontjies oor die kitaar vleg. Haar oë volg die snare waar dit oor die mond van die kitaar strek al die pad op tot by die stemsleutels aan die bokant van die kitaar se nek.

Dis só cool.

Ahmed begin saggies neurie. Sy oë is toe en sy kop knik liggies saam met die melodie. Die lang bruin vingers van sy linkerhand krul om die nek van die kitaar. Eers maak hy ’n paar spookdrukke op die snare. Sy sien hy het sy ringe afgehaal toe hy in die huis was.

Nyx se been bons op en af, op en af. Al vinniger. Haar vinger begin bloei waar sy nog ’n naelvelletjie afruk. Sy druk die brandende vinger in haar mond.

Dan begin Ahmed se vingers oor die snare streel. Die melodie sing by die kitaarmond uit.

Nyx se brandende vinger sak tot op haar skoot. Iets klink nie reg nie. Dis wat sy geskryf het, maar die hele … álles is verkeerd.

Die trane begin onwillekeurig opwel. Sy was só seker sy’t iets beet. Die bladmusiek op haar skoot swem.

Nyx staan op. Sy kan nie nou hiermee deal nie.

Ahmed se arm skiet uit en kry haar liggies aan die voorarm beet. “Hou net gou aan.”

Teësinnig sak sy neer en draai haar kop weg sodat hy nie haar rooi oë kan sien nie.

Ahmed maak nog ’n paar musiekdrukke. “Ah, daar het ek hom nou!”

Nyx hou haar asem op. Hy begin weer speel.

Dis in ’n ander toonaard. ’n Mineur. Sy draai haar kop verwonderd terug na Ahmed. Die hele liedjie het verander. Dis asof die note van die een na die ander vloei. Dis soos sy haar dit verbeel het. Nee, dis *beter*. En dis hare.

Ahmed laat die laaste noot effens langer aanhou deur sy vingers op die snaar te wikkel. Dit sterf met ’n vibrato weg. “Hmm. Pragtig. Dit laat my dink aan ’n reverie. ’n Herinneringslied. Is dit wat jy in gedagte gehad het?”

Nyx knik, steeds sprakeloos. Sy’t aan haar pa gedink terwyl sy dit geskryf het. Hoe dit sou wees om hom in die huis te hê toe sy klein was. Haar eerste tree, eerste woord, eerste dag op skool.

“Partykeer kort ’n mens net ’n klein kopskuif om iets te laat werk.” Ahmed tokkel nog so ’n bietjie op die kitaar. Sy vingers skuif gemaklik tussen die drukke. Nyx voel skoon jaloers om te sien hoe maklik hy speel.

“Ek hoop jy beplan om aan te hou skryf. Daar is beslis talent. Ons wil dit nie onder die maatemmer bêre nie.” Hy tel die kitaar van sy skoot af op en maak dit versigtig teen die kant van die bankie staan. “As jy wil, kan ons elke middag of tweede middag saamspeel? Dan kyk ons of dit nie met die skryf ook help nie.”

“Dink jy regtig so?” Nyx druk-druk haar krulle terug agter haar ore. “Oor die talent?”

“Ek sal nooit oor so iets jok nie.”

Nyx kan nie help om te glimlag nie. “In daai geval sal ek dit baie waardeer. Die middagsessies. Ek het self lanklaas gespeel. Dit sal lekker wees om weer my eie musiek te maak.”

Ahmed se sekelmaanglimlag verskyn. “Wel, dan is dit afgespreek. Jy kan môremiddag dieselfde tyd hier aanmeld vir jou eerste les.” Hy slaan met sy palms op sy knieë voor hy opstaan. “Nou ja. Wat van ’n bietjie tee? Hier is nog ystee. Dan vertel jy my hoe gaan dit met al die tuinwerk.”

“Dankie, dit sal lekker wees.”

Die opgewondenheid borrel in Nyx se maag.

## Hoofstuk 27: Ongebaande weë

Nyx se nek ruk na links. “Weet jy ooit waarheen ons op pad is?” Sy klou aan die deurhandvatsel om haarself te probeer stut. Die grondpad kronkel lank voor die Jeep uit.

“Nyx, jy besef ek is al vir jare op die plaas en jy is nog nie eers ’n maand hier nie.”

“Dankie, Captain Obvious. Dit beteken steeds nie dat jy reg ry nie, Luca. My binnegoed rearrange soos jy ons laat rondskud.”

Nyx probeer die naarheid onderdruk wat met elke stamp van die Jeep dreig om oor te gaan tot aksie. Dalk moes sy eerder nie ontbyt geëet het nie.

“Dis die grondpad se skuld, nie myne nie. Dis al sinkplaat gery.” Luca laat die Jeep versnel. “Ek kan altyd vir Hera vra of hulle dit ’n bietjie kan kom gladmaak vir U Hoogheid.”

Nyx glimlag selfvoldaan en sit terug teen die sitplek. “Dit sal baie gaaf wees, dankie.”

Hulle ry deur ’n woeste gat. Sy hop só dat haar kop teen die dak kap. “Eina!”

“Oeps.”

Haar oë flits vinnig na Luca. Dit was beslis aspris.

Hy fokus onverstoord op die pad.

Die man neurie wragtag nog ’n liedjie ook! Dit terwyl haar stembande probably skade ly van al die vibrasies wat deur haar lyf skiet met elke klip waaroor hy ry. Hy geniet hierdie. Kyk hoe sit hy al weer met daar halwe glimlag van hom. Dis irriterend hoe oulik dit hom laat lyk.

Nyx skud haar kop en draai weer om by die venster uit te kyk.

Laat jou nie in die versoeking lei nie.

Ahmed het gesê ’n mens moet soms ’n kopskuif maak. Haar nuwe skuif in hierdie spel is om emosies as ammunisie te gebruik. Luca se emosies. Sy hoef hom nie fisies weg te stoot nie, net emosioneel op ’n afstand hou. Sy sal oukei wees, solank sy hou by die plan.

*I’m bulletproof, nothing to lose,* hoor sy Titanium se lirieke.

Sy moes omtrent smeek en soebat dat Luca haar dorp toe neem. Hera weet nie. Dis hulle twee se geheim.

Luca het ingestem dat sy by sy huis die internet mag gebruik, solank sy ook saam met hom dorp toe gaan en ’n draai by sy ma maak. Terms and conditions geld ook vir gunsies.

Daar is nog heeltyd iets wat aan haar knaag oor haar ma en Hera. En die persoon wat sy gesien het. Sy’t gisteraand weer die diepsee-droom gehad. Nes sy dink sy is ontslae daarvan. Sy glo nie die storie oor die bobbejaan nie. Dit was ’n mens. Maar voor sy uitvind wie dit was, gaan sy eers vir Karlien ’n boodskap stuur.

’n Bord flits verby die kar. Nog 5km.

Dankie tog.

Luca parkeer die Jeep veilig langs die mark se ingang. Nyx knip haar sitplekgordel bewerig los en klim uit.

"Daarsy, ons het lekker vinnig hier gekom vandag." Luca slaan met sy plat hand op die Jeep se dak.

"Hm. Baie lekker hoor."

Hulle stap tussen twee pale deur wat die ingang van die mark vorm. Die atmosfeer verander. Alles is kleurvol. Dorpsmense fladder die hele plek vol. Hulle geselsende stemme zoem soos bye in die agtergrond.

Hier lyk almal net so vreemd soos op die plaas. Nyx verkyk haar aan al die verskillende tatoes wat die lywe rondom haar versier. Die een man se kuit bult onder ’n groot leeu wat na jou hap, terwyl ’n ander vrou ’n draak het wat by haar arm opklouter.

Nyx kan sien waar Hera en Ahmed aan hulle modes kom. Oral trap kaalvoete oor die koue grond, die minder malles het darem leersandale aan. Iemand op die dorp het ook ’n onnodig-suksesvolle crochet-besigheid, want as die mense nie ’n gehekelde toppie aan het nie, is dit ’n trui. Nie eens die kussings is veilig nie. Daar staan ’n hele berg van die goed ingeryg om ’n boom. Dit lyk soos varkworsies in gehekelde omhulsels gestop. ’n Galgtou wat haar asem op die verkeerde manier wegslaan.

Behalwe vir die gehekelde klere is daar verskeie laprompe en papbroeke. Ventilasie word hier nie tot jou huis beperk nie. Daar is selfs ’n man of twee wat met ’n romp ronddwarrel terwyl hulle die klante help. Rompspante flap-flap agter hulle aan soos vlerke. Nyx sien ’n bordjie by een van die klerestalletjies: *Hang loose.*

Ja nee, kyk.

Die mark is in ’n oopte opgerig. Nyx volg die stroom. Sy loop verby ’n klomp afdakkies waaronder houttafels en houtkratte staan. Die kratte is volgelaai met verskillende soorte kosse, gereedskap en wat nog alles. Een stalletjie verkoop gedroogde kosse. Van rooibone tot kekerertjies word in gooiingsakke uitgestal vanwaar jy dit met ’n houtlepel in kleiner papiersakkies kan skep. Die vrugte en groente is op die tafels uitgepak. Nyx sien eiervrugte, lemoene, sampioene, groenbone, wortels en uie. Sy loer na die okra en buk af om die naambordjie te lees van die lelike groente wat soos klein drakies lyk.

By die volgende stalletjie is verskillende speserye oor die tafel uitgepak. Klein glasbotteltjies met kardemom, kaneelstokke en gedroogde gemmer staan rond. Gerookde paprika en borrie lê saam met ander fyngemaalde speserye in glasbakkies.

Haar neus kriewel.

Nyx kyk na die rak vol koerante en tydskrifte by een van die stalletjies. Die een lyk soos die streekskoerant. Die opskrif is in groot rooi letters.

BEKENDE BLOM- EN GROENTEBOER STEEDS VERMIS.

Langs die berig is daar ’n foto van die man. Hy lyk nie juis vriendelik nie. Eerder soos ’n boef – ’n reus tussen die plaaswerkers wat in hulle oorpakke langs hom staan.

Nyx stamp Luca teen die skouer en beduie na die koerant. “Weet jy iets hiervan?”

Hy loer na die opskrif. “Hmm, dis ’n vreemde storie. Hy was een van Paradys se grootste kompetisies. Ís, bedoel ek. Hy en Hera kom al ’n lang pad saam. Parallelle paaie, eintlik.”

“Parallelle paaie?”

“Ja, jy weet, hulle stap in dieselfde rigting, maar nie saam nie. Hy’s baie kompeterend en sy besigheid is ouer as Paradys s’n.”

“Ek sien.” Nyx byt aan die binnekant van haar wang. “So, Hera het in sy organiese besigheidsslaai kom krap?”

Luca glimlag. “So iets, ja.”

“Is hy nie dalk dood nie?”

Luca se skouers ruk nonchalant op. “As hy is, het hulle nog nie sy lyk gekry nie. Daar was wel jare terug ’n vreemde storie waar ’n paar van sy werkers ook verdwyn het. Hulle is ook nooit gekry nie.”

Iemand loop oor Nyx se graf. Sy kyk weer na die groente wat uitgepak lê op die tafels. “So, laai Paradys van sy oeste hier af?”

Luca knik. Sy oë soek oor die stalletjies. Dit huiwer by iemand wat brode verkoop. “Moenie vir Ahmed sê nie, maar hierdie man se olyfciabatta is reguit uit die hemel. Ek gaan een vir ons en een vir my ma kry.”

Nyx loop agter Luca aan tot by die broodstalletjie. Die storie oor die vermiste man gee haar ’n hol kol op haar maag.

Bakkies met verskillende soorte olyfolie staan voor die brode uitgepak. Nyx doop ’n blokkie rogbrood in die chilli-olie en kou daaraan terwyl Luca die ciabattas koop. Sy loer na die man by die stalletjie langsaan wat ’n kokosneut met die vinnige haal van ’n groot lem onthoof. Die new age Marie Antoinette sou seker sê: *Let them drink coconut water.*

Die man steek ’n strooitjie by die kokosneut se oop wond in voordat hy dit vir die vrou gee wat staan en wag. ’n Voël sit op die vrou se skouer en staar Nyx aan. Sy blou lyf bons op en af op sy klein pootjies wat by die vrou se hemp ingehaak is. Die vrou kyk op en glimlag. Sy het ’n goue voortand.

Nyx draai skuldig weg. Die mense vergaap hulle seker ook net so aan haar. Sy moet vreeslik vervelig lyk in haar kortbroek en t-hemp.

Luca het die ciabattabrode in 'n kardoessak onder sy arm beet. Die walms laat Nyx se maag grom. Die stukkie proebroodjie het haar nou net honger gemaak.

Hulle stap verder en Luca koop 'n paar glasbottels vol tuisgemaakte konfyt en ingelegte vrugte. En 'n reuse slab sjokolade. Hy laai ook 'n paar handgemaakte sepe en 'n katoenlaken in die lapsak wat hy saamgebring het.

“En dit?” beduie Nyx na die sjokolade. “Het jou ma 'n soettand?” Haar mond water.

“Nee, dis sommer vir my. Alles organies voordat jy my daaroor aanval.”

“Ek wou eintlik weet of jy deel.”

“Net met mense wat dit verdien.”

“Bummer.”

Hulle loop verby 'n boom waar 'n man 'n klomp windklokke opgehang het. Nyx gaan staan. Die riete kap in die wind teen mekaar. Klop-klop-klop.

Haar oë val toe en sy voel die bries teen haar vel.

“Dit hou bose geeste weg.”

Een oog flikker oop. Dis die man by die stalletjie wat gepraat het. Hy kyk op van die riet waaraan hy sit en skaaf.

Nyx kyk om haar rond. Luca het in die skare weggesink.

“In die Ooste gebruik hulle verskillende klokke om die geeste weg te hou. Dit het eintlik begin met iets in Rome genaamd 'n tintinnabulum. Vreemde dingetjie daai.” Hy sit die riet neer en kyk weer na haar. Sy oë is ontstellend ligblou, amper grys.

“Snaaks genoeg is dit ook daar om goeie geeste nader te bring. Alhoewel ek nie seker is wat maak 'n gees goed of sleg nie.” Hy gee 'n droë laggie.

Die man is dalk possessed deur 'n gees.

“Sommige mense sê windklokke is as 'n tipe voëlverskrikker gebruik,” praat die man weer. “Die voëls wat my vrugtebome kom leegvreet, is waarskynlik ook deur bose geeste gevul, so vir my is dit 'n two-in-one.”

Die man kan self 'n voëlverskrikker wees. Sy hare staan in alle rigtings.

Nyx se blik gly oor die verskillende windklokke op die tafel. Party is gemaak van hout, ander van riet, glas en dan is daar ook sulke spirale wat die sonlig weerkaats as dit in die wind ronddraai. Nog 'n paar is van skulpe.

Nyx verlang skielik na die see. Magrieta het so 'n paar keer verlof ingesit, en dan het hulle by die see gaan vakansie hou. Dit was asof haar ma 'n heel ander mens geword het. Die wind

het haar hare deurmekaar gewaai. Alles was vol sand. Hulle het roomys geëet en vis en tjips met mayo. En haar ma het gelag. Iets wat sy byna nooit doen nie.

Nyx se oë voel krapperig.

Vir wat verlang sy skielik so? ’n Gees het haar ook beetgekry.

Hera het mos ook windklokke. Veral daar op die stoep. Watse geeste wil sy weghou?

Dalk die tydsgees.

Nyx onderdruk ’n glimlag. Netnou dink die man sy glimlag vir hom.

Sy kyk op na die boom wat ’n dakkie oor die stalletjie maak. Van die spiraalwindklokke in die boom flits sonlig in haar oë. Op ’n houtbordjie wat aan ’n tak hang, staan *Soos die wind jou waai*.

“Slegte emosies of energie kan met een van hierdie wonders weggewaai word.” Die man wys na die klokke.

Hy duik onder sy tafel in en begin rondgrawe. ’n Oomblik later verskyn sy kop weer bo die oppervlak. Hy het ’n klein boksie onder die tafel uitgediep en sit die vonds op die tafel neer.

“Vir jou.” Hy beduie dat sy moet oopmaak.

Nyx tree stadig nader aan die tafel. Sy kan voel hoe sy ligte oë haar bewegings volg. Sy tel die boksie op en begin versigtig die dekseltjie loswikkel. Binne-in lê daar ’n paar oorbelle. Windklokoorbelle, met drie klein pypies aan elke oorbel wat aan ’n groter ring hang.

Sy tel een in haar hand en kyk vraend op.

“Vir daaglikse gebruik indien nodig. Dit sal jou beskerm.”

“Dankie,” Nyx plaas die oorbel terug in die boksie by sy maat. ”Ongelukkig het ek nie geld gebring nie.”

“O nee, dis gratis.”

“Ek soek nie charity nie.”

“Dis ’n geskenk. Asseblief.” Weer die grys oë wat haar vaspen.

“Oukei, uh, thanks.” Sy sit die deksel terug en druk die boksie in haar broeksak. Sy’t ’n gevoel as sy weier, gaan sy die wind van voor kry.

“Hey.” Luca vat aan haar skouer.

Nyx draai verskrik om. “Ek dag jy’t weggeloop.”

“Nee, net ’n bietjie distracted geraak.”

Luca kyk skepties na die man wat met ’n halwe glimlag weer aan sy riet skaaf. “Kom, laat ons gaan, dit word laat.”

“Kom kuier gerus weer.”

Nyx voel die man se oë deur haar rug boor terwyl hulle wegstap. Die boksie brand in haar broeksak.

* * *

Nyx is stil tydens die rit na Luca-hulle se huis wat so ’n paar kilo’s buite die dorp lê. Sy wikkel rond. Die boksie in haar broeksak druk teen die sitplek. Daar is steeds ’n hol kol op haar maag, en dis nie net van die honger nie.

Sê nou Luca se ma hou niks van haar nie?

Die huis is anders as wat sy verwag het. Bo-op die rooi baksteenhuisie is ’n spierwit teëldak. Daar is diefwering voor die vensters en ’n meterhoë heining van wit, gespitste paaltjies hardloop langs die rante van die erf af. Links van die tuinhekkie staan so ’n outydse poshokkie met ’n wit vlaggie wat in die lug opsteek.

Die deure van die Jeep klap toe. Die klank weergalm oor die vlaktes. ’n Maltese hondjie kom afgehol by die trappies wat na die huis se voordeur lei. Sy wollerige stert waai heen en weer in strepe van grys en wit. Hy gee ’n paar opgewonde blaffies.

Luca maak die tuinhekkie oop en buk af. “Hallo, my honne.” Sy vingers krap agter die hond se ore en die hond se tong hang uit van lekkerte. “Sy naam is Woefie. Jy kan hom vryf, hy sal niks maak nie.”

“Dis wat alle honde-eienaars sê voordat hulle klein Woefie jou in stukkies verskeur.”

Luca lag. “Woefie het nie genoeg breinselle om enigiemand seer te kan maak nie, nè?” Hy hou die hond se koppie vas. Woefie se stert hou aan om soos ’n ruitveër heen en weer te tik.

Nyx hurk en streel oor die lyfie. Woefie bedank haar met ’n slobberige lek teen haar arm.

“Kom ons gaan in. My ma verwag my seker al.”

Alhoewel die erf redelik klein is, hou iemand die tuin mooi in stand en ’n paar blomme pronk langs die paadjie al die pad tot by die voordeur. Een van die windklokke soos dié by die mark klop-klop liggies op die stoep.

Luca swaai die voordeur oop. Woefie hardloop vooruit by die oop voordeur in.

Nyx stap in. Die huis ruik na kaneel. In die leefarea staan ’n bank met ou oortreksels wat in bruin en geel blom. Op ’n houtkis is ’n TV, nogal ’n moderne skerm, en gehekelde sirkels versier die koffietafeltjie. Sou die tannie dit self maak of is dit ook van die mark?

“Wat is jou ma se naam?” fluister Nyx. Dit lyk soos ’n huis waar klank trek.

“Hanneke.”

Hulle loop deur na die kombuis waar Luca die markgoed vir hom en sy ma op die blad begin uitpak. Die vloer is nuut oorgeteel, maar die kaste is nog ’n outydse gelerige kleur. Alles is baie netjies en skoon.

“Hou jy die plek so mooi?”

“Wel, niemand anders gaan dit doen nie.”

“Jy kon net ja sê.”

Luca kyk vinnig op van die kos wat hy uitpak. “Skuus, jy’s reg. My kop is op ’n ander plek.”

“Ag, jy weet, ek is mos vreeslik forgiving, so jy kan ontspan.”

Luca snorklag. “As jy so sê.”

Nyx se hart spring toe hy vir haar glimlag. Sy kyk vinnig na die klok teen die muur bo die yskas. Halftwee. Sy moet nog net ’n paar uur van sy geselskap oorleef.

“My ma neem gewoonlik ’n middagslapie so van twee-uur af, so ons kan gou-gou hallo sê.”

“Oukei.” Nyx se hande sweet. Sy vee dit vinnig teen haar broekspype af.

Hulle loop af in die kort gang na die slaapkamers. Nyx wil inloer waar Luca slaap, maar sy kamerdeur is toe.

Hy klop saggies aan die hoofslaapkamerdeur. ’n Krakerige stem sê dat hy kan inkom.

“Hallo, Ma.”

Die tannie lig haar kop waar sy op die bed onder komberse lê. Haar hare is heeltemal grys. Sy lyk soos ’n mummie. Haar wange skyn rooi met klomp gebarste aartjies wat oor haar neus loop. Waterige oë loer nuuskierig oor die karbonkelneus.

Sy kan tog nie so oud wees nie? Of is dit van al die drank?

“Wie’s jou vriendinnetjie? As ek geweet het ons kry gaste sou ek ’n bietjie opgedress het.” Sy gee ’n droë laggie. Nyx kan sien waar Luca sy sin vir humor gekry het.

“Dis Nyx. Hera se kleindogter. Sy het so ’n rukkie by ons op die plaas kom woon. Ek het ma al gesê.”

Hy praat oor haar?

“Sy kan self praat.”

Nyx skrik “Uh. Hallo, Tannie. Dis lekker om Tannie te ontmoet. Ek het al baie van Tannie gehoor,” rammel sy die sinnetjies af.

“Hmm. Seker net slegte goed.”

“Ma.” Luca vryf oor sy oë.

Die tannie kyk haar op en af. Nyx voel soos ’n skouperd. “Mooi meisie. Maar baie kort.”

Nyx frons.

"Ag wat, jy's lank, my kind. Julle kan mekaar uitbalanseer."

"Ma!" Luca gee 'n kyk in Nyx se rigting. Nyx byt op haar onderlip.

"Die *eintlike* rede hoekom ons hier is, is net omdat ek gou vir Ma 'n paar goed van die mark wou bring. Ma het gesê dis dringend."

"Ag, jy kon dit vanaand ook gebring het, maar dankie."

"Het Ma enigiets anders nodig? Water? Iets om te eet?"

"Ag nee wat. Spandeer jy nog tyd saam met jou vriendinnetjie."

Nyx moet haar hand voor haar mond sit om haar lag te keer toe sy sien hoe Luca sy kop vies in sy ma se rigting ruk.

"Fine, dan gaan ons." Hy wys vir Nyx na die deur. "Stank vir dank," mompel hy.

Nyx druk haar kop vinnig weer om die deurraam. "Lekker om vir Tannie te ontmoet." Luca se ma gee haar 'n knipoog.

Luca stoom by die gang af tot in die kombuis. "Laat ek eerder iets eet sodat ek nie iets leliks sê nie." Hy begin die ciabatta-brood in snytjies sny. Nyx hou hom stil dop. Hy pak die snye op 'n houtplank saam met twee houertjies olyfolie.

Hy stoom weer buitentoe en gaan sit op die trappies voor die huis. Nyx gaan sit langs hom.

Elke keer wat een van hulle afbuk na die bord om nog 'n snytjie brood te vat, stamp hulle kniekoppe teen mekaar. Nyx voel hoe sy bloos en kou al hoe vinniger.

"So, wie's die vent vir wie jy 'n boodskap wil stuur? Is dit jou geheime kêrel?"

"Luca, as jy so graag wil weet of ek 'n boyfriend het, kan jy net vra."

Luca draai sy kop weg en vryf in sy nek. Sy ore is bloedrooi. "Ek is net verbaas dat iemand sou belangstel in 'n meisie met soveel opinies."

"Blykbaar dink jou ma ek's 'n goeie match."

Luca se wange bol. "So, wie is die mystery man? Ek neem aan jy het hom met jou sprankelende persoonlikheid oorgewen?"

"Dis 'n mystery meisie en haar naam is Karlien."

"O?" Luca se stemtoon styg terwyl hy die "o" uitrek.

"'n Ou skool*vriendin*," beklemtoon Nyx die woord.

"O." Sag dié keer.

"Wat? Weet jy nie wat vriende is nie? Nog nooit 'n ware een gehad nie?"

"Ouch. My hart."

"So jy het nog een? So tussen al die stekies in my rigting deur?"

"Jy't hom seker gesteel."

"Ha-ha, baie snaaks." Nou vlam Nyx se wange eers op.

Sy moet hou by die oorspronklike plan om nie emosioneel betrokke te raak nie! Maar dit gaan dalk moeiliker wees as wat sy gehoop het …

Luca staan op. "Dis al laat. Ek gaan haal vir jou my laptop dan kan jy daarop 'n e-pos tik, of 'n facebookboodskap stuur of whatever dit is hoe jy met die *vriendin* wil komunikeer."

"Dankie." Nyx sit en vryf Woefie se ore terwyl sy wag.

Honde is ook nie so bad nie. Sy kan net meer met katte relate. Hulle is so onafhanklik, kom en gaan soos hulle wil. En selektief met wie hulle om hulle toelaat.

"Daarsy." Luca gee die skootrekenaar vir haar aan. Op die skerm is 'n foto van hom en sy ma toe hy nog 'n klein seuntjie was.

"Cute."

"Huh?"

"Die foto."

"O, dankie." Sy ore raak nog rooier. "Jy kan op die internet ook gaan, ons het wifi, al lyk dit nie so nie."

"Cool." Nyx gaan na haar Instagram. Sy draai haar kop na Luca. "Gaan jy die heeltyd oor my skouer loer?"

"Skuus, nee. Tik jy rustig. Ek kyk sommer hoe gaan dit met die tuin."

Nyx kyk hom agterna terwyl hy wegstap en by die beddings gaan hurk. Vreemde man.

Sy fokus weer op die skerm. Karlien se profiel is voor haar oop sodat sy haar kan DM.

Wat sal sy sê?

*Hey Karlien. Als ok daar by jou?*

Nyx druk backspace totdat die sinnetjie verdwyn.

*Heyyyyy! Sorrie virrie DM maar ek het jou hulp nodig. My ma het my gedump op so weird plaas saam my ouma. Long story* 🙄🙄🙄 *Mommy dearest is oorsee en ek hoor niks van haar. Ek worry* 😳 *Kan jy jou ma vra om te probeer uitvind wat aangaan?* 🥺 *Pretty please? Ek weet ek skuld jou, maar dis desperate times!!!!!!*

Nyx druk send voordat sy van plan kan verander. Dit sal 'n wonderwerk wees as Karlien antwoord. Maar dis nie die belangrikste ding wat sy wil doen nie.

Sy maak 'n nuwe webblad oop. Die googlelogo staar haar in die gesig. Hoekom voel dit nou soos déjà vu met haar pa. Wat as daar nog slegte nuus op haar wag?

Sy tik haar ma se naam in die search bar. Enter.

Hordes artikels verskyn oor haar ma se werk en sake waarby sy betrokke was. Nyx scroll af tot onder aan die blad. Daar wys niks oor ’n onlangse konferensie nie.

Sy maak nog ’n tab oop en gaan na Facebook.

Haar ma se facebookblad het geen nuwe posts nie. Daar is ook geen nuwe tagged foto’s nie. Sy was ook nie onlangs aanlyn nie.

Nyx kliek terug na die blad met inligting oor haar ma se regsake. Sy kliek op die tweede blad, scroll weer af. Sy wil net na die derde blad blaai toe ’n artikel haar oog vang.

Medical trials. Weird. Sy kan nie onthou dat haar ma by enige mediese sake betrokke was nie? Selfs al luister sy sleg as haar ma praat, sou sy so iets onthou het. En die trials is in elk geval in Switserland. Maar die konferensie is tog ook daar? Of is die konferensie juis oor een of ander saak wat met mediese goed te doen het?

Nyx maak die artikel oop. Die blad is in Switserse Duits. Sy wil net op *translate page* druk toe Luca begin nader stap.

“Gaan jy nog lank wees?” Hy loer af na sy horlosie. “Ek wil jou nie aanjaag nie, maar Hera gaan agterkom ons is weg as ons te lank draai.”

Nyx kyk af na die skerm. “Uhm. Ek het seker die belangrikste goed gedoen, so ons kan maar gaan.” Sy kliek ’n paar keer vinnig om die blaaie toe te maak en vee die search history skoon. “Ek sal dalk oor ’n paar dae weer die rekenaar nodig hê, om te kyk of die vriendin antwoord, natuurlik.”

“Sure.” Luca neem die skootrekenaar by haar en gaan sit dit terug in die huis.

Nyx se been bons op en af op die trap terwyl sy wag dat hy terugkom.

Met die motorsleutel in sy hand kom Luca weer uitgestap. “Goed, dan val ons weer in die pad. Gelukkig vir jou sal ek hierdie keer effens stadiger moet ry, want van die glashouers gaan breek as ons teen ’n spoed oor ’n hobbel gaan.”

“Ek dog jy sê die pad is sinkplaat?”

“Ja nee, dis is. Maar ek was ook haastig.”

Bliksemse mansmens.

Nyx is nou nog stiller. Haar kop lê teen die sitplek sodat sy kan kyk hoe die tonele by die motorvenster verbyblur. Die veld lyk so groen. Lewendig. Alles behalwe hoe sy voel. Daardie mediese trials … iets is nie reg nie.

“Als oraait?’

“Huh?” Nyx draai haar kop na Luca. “Uhm, ja, sorry ek dink net.”

“Aan?”

Nyx draai haar kop terug na die venster en laat dit teen haar arm wat op die ruit stut, rus. “Aan my m– my vriendin.”

“Die een vir wie jy die boodskap gestuur het?”

“Ja.” Nyx draai weer haar kop om voor in die pad te kyk. Dit strek nog ver uit. “Ek wonder sommer of sy my gaan antwoord.”

“Het julle baklei?”

“Nee, nie heeltemal nie. Ag, dis eintlik nie eers belangrik nie.”

“As sy ’n regte vriendin is, sal sy jou mos vergewe as jy dink jy het iets verkeerd gedoen?”

“Miskien.” Nyx worry nie eintlik oor Karlien nie. Dis die medical trials. Dis mos nie haar ma se ding nie?

Haar gedagtes reis ook weer terug na daardie vermiste boer se foto. Hy voel vir haar so bekend. Die dun mond. Die kil oë. Daardie groot gebalde vuiste.

## Hoofstuk 28: Aandagafleier

"So, ek hoor jy gaps nou my man om die middae saam met jou deur te bring?"

Nyx sit die kitaar wat sy by Ahmed leen, versigtig neer op die stoel langs haar. "Iemand moet seker maak hy werk nie te hard nie."

"Ek twyfel of dit sal gebeur, maar ek's bly julle spandeer tyd saam. Ek kan sien hy geniet dit om saam met iemand musiek te maak."

Gemmer staan soos 'n soldaatjie langs Hera se been. Hy is baie hans vandag hy saam met haar by die huis ingebreek het. Wil gedurig by die voordeur insluip.

Nyx lok die kat nader. Sy streel met haar hand oor sy kop. 'n Pleister pronk op haar middelvinger waar die kitaarsnare haar seergemaak het.

Hera stap na die kruiekas in die hoek van die eetkamer. Sy sluit oop. Die deure swaai krakend oop. Nyx loer onderlangs na die jonkmanskas. Linies kruie staan in gelid op die rakke. Hera se vingers streel oor die botteltjies.

"Ek sukkel met die speel. My vingers het dom geword. Ek wonder… ek wonder soms of Ahmed nie geïrriteerd raak nie." Nyx trek aan 'n rafeltjie aan haar vinger se pleister.

Hera se hande kom tot stilstand voor een van die botteltjies. Kolskoot. Sy haak die bruin botteltjie tussen haar wysvinger en duim. Hera stap nader en gee die botteltjie vir Nyx aan. "Vir die inflammasie in jou vingers."

Nyx kyk af na die botteltjie. Iets is voorop met wit skrif geskryf: borrie en bloekom. Die mengsel vir haar hoofpyne het nie 'n naam gehad nie.

Hera stap terug na die kas en sluit dit dig toe. Die rye kruie verdwyn agter slot en grendel. Haar sandale klap oor die blokkiesvloer tot by die geelhouttafel waar sy op een van die stoele gaan sit en iets in haar notaboek neerkrabbel. Die pen in haar hand hang skielik stil.

"Volgens Ahmed vaar jy uitstekend vir iemand wat uit oefening is."

Nyx se hande vries bo Gemmer se kop. Dis een kompliment, sy hoef nie op hol te gaan met die idee nie. "Sal jy wil hoor? Hoe ons speel?"

Hera se kop ruk op. "Oeh! Dit sal heerlik wees."

Shit. Waar kom dié skielike selfvertroue vandaan?

Here se kop sak weer af na die notaboek waarin sy koorsig begin skryf. "Ek reserveer solank 'n middag vir die vertoning."

Vertoning? Wie't enigiets gesê oor 'n vertoning? "Kan ons dit klein hou?" Baie klein, verkieslik. Soos net-sy-en-Hera klein.

"Natuurlik, natuurlik." Hera se vry hand flap in die lug. "Ek wil darem vir Luca en Irene en so 'n paar ander ook nooi." Die pen onderstreep 'n paar woorde. "Julle is mos vriende."

“Ja, seker.” Wie is die paar ander?

Gemmer spring op Nyx se skoot. Die botteltjie borrie en bloekom tuimel amper tot op die vloer. Is swart katte ’n teken van geluk of ongeluk?

“Dan is dit afgespreek. Ek sal alles reël, jy hoef oor niks bekommerd te wees nie.”

Nyx kyk af in Gemmer se grasgroen oë. Wat het haar besiel?

* * *

Die dae hardloop verby. Haar vingerpunte voel rou van al die pluk aan die snare. Sy en Ahmed het hulle vingers die afgelope paar dae stompies gespeel.

Hoe verwag Hera moet ’n mens binne so ’n kort tyd gereed wees vir ’n konsert? Sy het dit seker in daardie boek *Becoming Supernatural* gelees. Nyx is net ’n mens. ’n Mens wat nou aan hoë angs en paniek ly.

Nyx pluk aan haar rok om wind te genereer. Dis soos ’n sauna in die kamertjie. Sy kyk in die spieël. Vandag wou sy darem meer presentable as gewoonlik lyk vir die Groot Gebeurtenis, soos Hera daarna verwys. Dit mag dalk haar Groot Mislukking wees.

Haar hare kring in ’n gevlegde stralekrans om haar kop. Hera se handewerk. Tussendeur steek ’n paar klein wit blommetjies kop uit. Nyx, die engel. Of die feetjie. Nou moet sy dit net regkry om die mense te betower. Sy het selfs die man van die mark se windklokoorbelle aan. Vandag is enige bonatuurlike magte welkom om ’n handjie by te sit.

Kyk net wat het van haar geword. Sy is veronderstel om oor haar ma te worry, maar hier staan en bekommer sy haar oor hoe sy lyk. Imagine net Karlien het al haar DM oor haar ma geantwoord en hier staan sy en hou konsert.

Nyx skud haar kop om van die skuldgevoel ontslae te raak. Sy kan mos ná vandag weer daaroor worry. Vandag moet sy aan haar reputasie dink.

Vier kloppe hamer teen die deur – nes die intro van Beethoven se vyfde simfonie. Het haar musiekonnie dit nie die doodskloppe genoem nie? Crap.

“Kom in!”

’n Identitiese kringvlegsel loer om die deur. “Is jy gereed?”

“Is enigiemand ooit werklik gereed?”

“Julle gaan wonderlik wees, kom.” Hera loop nader en haak haar arm by Nyx in. Nyx kyk weer in die spieël. Haar vry hand vee die materiaal van haar rok plat oor haar heupe. Hulle het albei katoenrokke aan. Hera het spesiaal vir haar een by die mark gaan koop. Dis liggroen met klein blaarpatroontjies daarop.

Hera trek liggies aan haar arm. “Kom, die ander wag al vir ons.”

Hulle stap na die feetjietuin, al die pad deur die twee maanhekke en uiteindelik tot by die klein amfiteater en haar graffiti-muur. Een sterkonstellasie is halfpad met die guerilla-graffiti gemaak. Daar kort nog ’n ster of twee. Vandag moet Nyx eers ’n ster probeer wees.

Luca glimlag vir haar toe hulle oë ontmoet. Dit laat haar ’n bietjie beter voel. Of nie. Wat as sy ’n fool van haarself maak? Almal gaan lag. Hulle gaan sien sy het geen talent nie. Hý gaan sien sy het geen talent nie.

Sy staan voor die stomp langs Ahmed s’n. Hy sit reeds. Nyx bewe tot op die stomp. Is daar ’n aardbewing of is die aarde wat so beweeg in haar verbeelding?

Hera open die vloer met ’n kort toesprakie. Nyx hoor nie ’n woord nie. Met haar linkerhant druk-druk sy die note op haar bene. Oor en oor om te sien of sy dit onthou.

Iemand sê haar naam.

“Nyx.” Ahmed vat aan haar skouer.

“Hmm?”

“Ons kan begin.”

“Ja, ja, natuurlik. Goed. Dis reg.” Is dit?

“Jou kitaar?”

“Ja. My kitaar is … waar is my kitaar?” Paniek klem om Nyx se hart.

“Hier agter jou.” Ahmed gee die instrument aan. “Fokus net op my, oraait? Jy gaan piekfyn wees. Ons het mos lank geoefen.”

“Oukei.” Nyx kry haar vatplek op die kitaar en kyk dan na Ahmed sodat hy kan inval.

Sy ken al die drukke. Sy speel al jare kitaar. Haar hande wat bewe is net in haar verbeelding. Hier’s niemand anders nie. Dis sy en Ahmed. Soos elke ander middag.

Die deel waar sy moet inval kom al hoe nader. Vyf, vier, drie …

Voor sy mooi weet wat aangaan val haar vingers outomaties in.

Dankie, universe! Of engele. Of wie ook al.

Nyx hou haar aandag op haar hande. Die duet wat sy en Ahmed saam geskryf het, vloei uit haar vingers. Sy mag nie nou kop verloor nie. Ikarus het ook gedink hy vlieg. En hoe hoër jy vlieg, hoe verder kan jy val.

Net die drukke, dis al wat saak maak.

Die laaste note sterf weg. Sy bly ’n oomblik sit voordat haar kop stadig na die mense draai. Applous breek los. Haar hart swel van trots.

Sy het dit actually gedoen.

Ahmed gee haar ’n druk op die skouer. “Dit was uitstekend!” fluister hy. Nyx kry amper trane in haar oë.

Nou kan sy haarself geniet. Af en toe druk sy ’n snaar mis, maar Ahmed is so vaardig op die kitaar dat hy dit maklik verdoesel met ’n ander akkoord of melodie. Nyx glimlag terwyl die laaste noot tussen die gehoor wegsweef. Sy is in die wolke.

Luca en Irene kom wens haar ná die tyd geluk.

“Dit was so goed!” Irene omhels Nyx. “Ek soek ’n liedjie aan my opgedra as jy eendag rich en famous en heeltemal te fancy vir ons is.”

“Dit sal nie gebeur nie.”

“Nee, seker nie. Hera weet nogal hoe om ’n mens nederig te hou. Maar die rich en famous-deel is ’n opsie.” Sy lag haar klokkielag.

Luca bly ’n oomblik agter nadat Irene wegstap. “Jy was regtig goed.” Hy’t nie vandag sy pet op nie en sy blonde krulle blink in die son.

“Dankie. Ek is bly jy het daarvan gehou.”

“Uh, hier.” Hy hou ’n ruikertjie blomme na haar toe uit. “Vir die musikant. Ek hoor sy’s nogal oulik as jy haar eers leer ken.”

“Ek sal die kompliment aan haar oordra.”

Hy kyk vinnig op. “Sien jou môre?”

“Sure.”

Luca knik en draai dan vinnig om. Hy skarrel weg en loop amper een van die tuinwerkers om. Dis ’n vreeslike beduiery soos hy om verskoning vra. Sy oë flits vinnig terug na Nyx, maar hy verskuif dadelik sy blik toe hy sien sy hou hom dop.

Cute.

Hera sien die bossie blomme in Nyx se hand. “O, dis mooi. Is dit van ’n geheime bewonderaar?”

Nyx skeur haar oë weg van Luca. “Hoekom?”

“Ek weet nie of jy bekend is met die taal van blomme nie, maar hierdie ruikertjie het ’n baie ooglopende boodskap vir jou.”

Nyx kyk af na die blomme. “En wat sal dit wees?”

“Die varing dui op geheimsinnigheid, die vingerhoedskoenplant simboliseer raaisels, en die gesiggies beteken dat jy in iemand se gedagtes is. En die dahlia? Wel, dit staan vir ewige liefde. So, óf iemand het baie toevallig die boodskappie saamgestel, óf hulle wou vir jou iets sê en het daarop staatgemaak dat jy self die raaisel sal ontrafel.”

Nyx kyk af na die bossie.

Nee. Hy sal tog nie? Dis wel Luca waarvan ons praat. En hy het sopas amper iemand onderstebo geloop.

Nyx byt op haar onderlip. Dis beter as sy nie iets sien wat nie daar is nie.

Maar dit is mos deel van haar plan om hom oor te wen. Hoekom voel dit dan nie reg nie?

## Hoofstuk 29: ’n Drafstap

“Pak jou rugsak. Ons gaan vandag stap.”

“Môre vir jou ook, Luca.” Nyx gaap en sluk die laaste koffie uit haar beker. Sy het vanoggend ’n bietjie ingelê. Die konsert het haar uitgeput. En sy het boonop die hele aand lê en rondrol oor die ruikertjie blomme.

“Waarheen vat jy my vir die stappie?”

“Bos toe.”

“Baie beskrywend. Waar in die bos as ek mag weet?” Sy vryf die slaap uit haar oë. Al wat sy voor haar sien is die bossie blomme. Die skuldgevoel fladder weer binne-in haar maag.

“Ons gaan na die watervalle toe. Ek wou jou al lankal die staproetes gaan wys. En bring jou swemklere.”

“Ek het nie swemklere ingepak nie.”

“Dan swem ons in ons stapklere.”

“Hoekom hang jou tas so?” ’n Frons keep in Luca se voorkop. Hy lig Nyx se rugsak met sy een hand op. “Goeie genugtig! Het jy die hele plaas ingepak?”

“Dis net ’n paar snacks vir ingeval ons honger raak. Ek is nie baie aangenaam as ek hangry is nie.”

“Dis darem nie nodig om vir die eindtye voor te berei nie. Die kombuis sal nog hier wees as ons terugkom.”

“Wag maar. Jy gaan my nou-nou smeek vir iets om te eet.”

“Sure. Is dit nou voor of ná jy van uitputting omkap omdat jy al die dooie gewig moet saamdra?”

Nyx bly stil. Die eintlike dooie gewig is hierdie alewige skuldgevoel.

Hulle beweeg flink. Nyx hou mooi by al blaas haar asem. Soos hulle met die paadjie vorder besef sy die ruikertjie is nie al wat aan haar knaag nie. Dis asof sy met elke tree die goed uit haar onderbewussyn losskud. Sy wou dit nie aan haarself erken nie, maar die artikel oor die medical trials pla haar meer as wat dit moet. Veral omdat sy nie nou meer aan die musiekkonsert hoef te dink nie.

Haar ma het regtig nogal moeg gelyk die afgelope ruk. En daar was ’n hele paar keer wat sy met so ’n fluiterstem oor die foon met iemand gepraat het. Dis was nie regtig vreemd nie, want

haar ma kry dikwels oproepe in die aande. Maar dit wás anders. Magrieta het so half verleë gelyk as Nyx haar op die foon sien praat. En sy het die deure altyd agter haar toegemaak.

Nyx struikel. Haar voet het aan ’n klip gehaak.

Sy moet eerder fokus op al die los klippe wat in die paadjie lê as op haar gedagtes wat oor mekaar tuimel. Magrieta was dalk rêrig net moeg gewees. Netnou word sy soos sommige conspiracy theorists wat verbindings maak wat nie daar is nie.

Luca stop sodat hulle vir ’n paar minute kan rus en water drink. Nyx gaan sit op een van die groter klippe en kou lustig aan ’n appel wat sy uit die rugsak gehaal het. Die son filter deur die blare en die skaduwees maak kaleidoskooppatrone op die bosvloer. Sy verbeel haar sy sien hoe die skaduwees oor mekaar beweeg om ’n skoenlapper te vorm.

Uit die hoek van haar oog sien sy hoe Luca verlangend na die appel kyk. Die verbode vrug. Sy vat nog ’n groot hap. Dit proe sommer lekkerder.

“Jy soek seker nie een nie, nè?” Nyx gebruik haar soetste stem. Haar een mondhoek pluk onwillekeurig op.

“Asseblief.”

Shame, hy klink heel opreg. “Skuus, ek kon nie hoor nie.” Een hand skulp om haar oor. “Wat was dit? Wou jy ook gehad het?”

“Ja ja, geniet hierdie oomblik terwyl jy kan.”

Sy grinnik en grawe in haar sak totdat sy nog ’n groot appel optower. “Hy’s nie giftig nie, belowe.”

“Dankie.” Luca neem die appel en sy vingers raak liggies aan Nyx s’n. “So, die gif is net in jou woorde?”

Nyx byt op haar onderlip. “Net as ek met jou praat.”

Versigtig, Nyx, jy speel met vuur, skree haar gewete.

Sy blus die gedagte deur nog ’n groot hap appel te vat.

“Ons is seker so halfpad,” sê Luca tussen happe. “Jy moet jou maar gereed maak. Dis nogal steil van hier af.”

“Toemaar ek is tawwer as wat ek lyk.”

“Beslis.”

Nyx spits haar ore toe sy die eerste geruis van water hoor. Dit klink soos ’n groot groep mense wat oor mekaar fluister. Die geluid word al hoe harder totdat dit klink soos applous. Hulle stap om ’n draai en die watermassa rys voor hulle uit. Dit kom in vinnige valle oor die hange van die berg afgetuimel. Sonlig kaats op die sproei wat van die waterval wegbreek. Die druppels

stippel in reënboogkleure vanuit die waterval tot in die groot waterpoel voor dit. Die water is die kleur van coke en vlek teen die rotse wat ’n rand daarom vorm.

Dit lyk nes die water in haar droom.

Nyx haal haar rugsak van haar rug af en maak dit staan teen een van die rotse. Haar skouers pyn van die gewig. Luca is al klaar besig om sy skoene uit te trek. Sy hemp is volgende. Nyx steel ’n skelm kyk na sy gespierde bolyf.

Nie te sleg nie. Die ouens wat so gym kan maar gerus eerder ’n tuingraaf optel.

Luca klouter tot op ’n groot rots. Sy spiere trek saam om in te spring. Nyx gil om hom te keer, maar haar stem verdrink in die geluid van sy lyf wat die water tref. Haar hart spring tot in haar keel. Hoekom bly hy so lank onder die water? Haar oë soek oor die donker rimpelings na tekens van lewe. Niks. Hoe lank kan ’n mens jou asem ophou?

Luca se kop breek deur die oppervlak. Hy gooi sy kop agteroor sodat sy hare ’n straal water deur die lug laat trek. Nyx slaak ’n sug van verligting. Haar hart wil uit haar ribbes ruk.

“Waarvoor wag jy?” gil Luca. Hy dobber rustig rond soos ’n stuk dryfhout.

Nyx trek haar hemp oor haar kop uit. Sy gaan sommer in haar sportsbra en kortbroek swem. Haar arms vou beskermend om haar lyf. Sy loop nader aan die water en voel-voel eers met haar tone. Dis kouer as wat sy verwag het. En donkerder. ’n Mens kan byna niks onder die oppervlak uitmaak nie.

“Is daar visse?”

“Definitief. En paddas.” Luca spat die water sodat ’n plas Nyx teen die gesig tref.

Sy vee dit vies af. “Nie cool nie.”

“Moet nou nie ’n nat handdoek wees nie.”

“Ek’s nou halfpad daar danksy jou.” Nyx loop stadig in die water in totdat dit tot bo haar knieë kom. “Hier’s nie waterslange ook nie, nè?” Sy probeer haar stem neutraal hou, maar in haar agterkop speel tonele van die Anaconda-fliek af waar ’n man deur ’n slang onder die water ingetrek is. As iets haar nou gryp, is dit tot siens met haar.

Haar oë seil oor die oppervlak op soek na enige skielike bewegings.

“Nee, man. Moenie so bang wees nie. Die ergste wat kan gebeur is dat een van die vissies aan jou toon kom knibbel. Al die cool tannies laat mos daardie fancy visse hulle dooie velle afvreet, so jy kan die diens gratis hier kry.” Luca sink in die water af en swem na haar toe. Net sy oë en ore steek uit. Hy lyk soos ’n seekoei. Dan verdwyn sy kop onder die water.

Iets gryp aan Nyx se been. Haar gil skeur deur die bos. In ’n poging om haar been weg te ruk verloor sy haar balans en tuimel vooroor. Die water suis verby haar ore en borrels dwarrel oor haar gesig waar sy onwillekeurig asem by haar neus uitlaat. Sy trap water totdat haar kop soos

’n kurkprop deur die oppervlak skiet. Al spartelend besef sy die water is net meer as ’n meter diep. As sy platvoet staan, steek haar kop en skouers nog uit.

Luca staan met ’n groot glimlag en wag. “Lekker geskrik?”

Nyx vee die nat hare wat soos seewier aan haar gesig kleef, terug oor haar kop. “Jou vark!” Sy mik met haar vuis na sy bors. Hy vang haar hand. Sy probeer met die ander een, maar hy vang dit ook. Haar oë flits op na syne. “Los my,” sis sy. Sy probeer losruk, maar sy greep is te sterk. Haar arms verslap. Geïrriteerd kyk sy weer op na hom. “Is jy nou gelukkig? Jy’t gewen.”

“Baie.” Sy blik beweeg vir ’n oomblik af na haar lippe.

Of het sy haar verbeel?

Nyx voel hoe haar wange verkleur.

“Dit klink seker lelik van my, maar op ’n manier is ek bly jou ma moes vir die behandeling gaan.”

Nyx frons. Die glimlag op Luca se gesig verstar. Hy laat val skielik haar arms en swem ’n entjie weg. Sy is nie seker of sy reg gehoor het nie. Die water dreun heeltyd in die agtergrond.

“Die wat?”

“Ag nee, dis sommer niks.” Hy waai die gedagte met sy hand weg. “Ek’s net bly jy’s hier.” Hy begin terugswem na die oewer.

So maklik gaan hy nie wegkom nie. Nyx pyl agterna.

“Het jy gesê behandeling?”

Luca begin weer sy hemp aantrek. Nyx gryp na sy skouer. “Jy het. Watse behandeling? Sê vir my.” Haar stem klink hees.

Luca draai stadig om. Sy regterhand vryf oor sy voorkop en sy ander een is op sy heup gestut. “Dis regtig niks nie, Nyx.”

“As ek enigiets vir jou beteken, sal jy nou vir my die waarheid vertel.”

“Ek …” Luca blaas sy asem stadig uit. “Goed, ek sal jou sê, maar jy het dit nie by my gehoor nie.”

“Natuurlik, ek weet ook hoe om ’n geheim te hou.”

“Jou ma. Sy …” Hy kyk na die water. “Sy is nie weg op ’n besigheidsreis nie.”

“Oukei, so waar is sy dan?”

“Sy’s siek.”

“Siek? Hoe siek?”

“Sy het ’n vreemde tipe kanker.”

Kanker.

Nyx laat los Luca se skouer, en sy strompel ’n paar treë agteruit.

In haar kop speel die laaste paar maande soos 'n film af. Haar ma het gekla dat sy te min slaap kry. Dis niks nuuts nie. Magrieta is konstant aan die werk. En sy het dalk ouer as gewoonlik gelyk, maar Nyx het dit aan die gewone werkstres toegeskryf. Almal raak tog ouer, almal raak moeg.

Sy probeer onthou wat verander het: die vuil skottelgoed wat meer gereeld in die wasbak opgestapel bly staan het, die dun stoflagie wanneer haar ma die huis minder skoongemaak het, die TV wat vir langer as normaal geblêr het met Magrieta wat voor dit aan die slaap raak in die leunstoel. En dan is daar die feit dat haar ma die laaste ruk nie eers meer haar glas wyn gedrink het nie. Sy het gesê sy probeer gesonder leef.

Dit was alles daar. Reg onder haar neus. En sy … Sy het dit nie eers raakgesien nie. Sy het nie haar eie ma se siekte raakgesien nie. Of wou sy net nie? Dalk was sý die oorsaak met al haar drama by die skool. Al daardie ekstra spanning.

Luca vat aan haar skouer.

Iets gee mee in Nyx. Haar lyf vou dubbeld en die braaksel begin uit haar mond spuit. Sy voel Luca se hand op haar rug. Sy wil nie nou na hom kyk nie. Sy kan nie. Haar lyf ruk onwillekeurig. Daar is 'n bitter smaak in haar mond.

Nyx bewe regop. "Ek weet nie wat dit is met my nie." Sy vee oor haar mond met haar arm en probeer Luca se hand op haar rug met haar ander hand wegdruk. Haar keel voel rou van die suur.

"Dis 'n normale reaksie. Jou lyf reageer net op die skok. Sit." Luca lei haar na een van die rotse en stut Nyx se arm terwyl sy pap op die koue rots neersak. Hy kry haar hemp en help haar om dit weer aan te trek. Sy is nie seker of sy bewe van koue of skok nie.

"Dis hoekom ek jou nie wou sê nie. Ek was bang dat–"

"Hoekom oorsee?" Die water dans voor haar oë.

"Daar is eksperimentele behandeling aan die gang. Dis nog in die beginstadium, so niks is gewaarborg nie. Jou ma wou nie hê dat jy onnodig moes stres nie. En as dinge nie uitwerk nie, dan het jy ten minste vir Hera."

As dinge nie uitwerk nie? As sy?

'n Snik ruk uit Nyx se lyf.

Nee. Sy verskuif haar fokus na die water, probeer die trane stil. Die water hou aan vloei, onbewus van haar en Luca se gesprek. Sy kyk hoe die waterval in die poel verdwyn en dan uitkring met die paar takkies en blare wat rustig op die oppervlak ronddryf.

Haar skok en hartseer word vervang deur 'n ander emosie wat deur haar spoel – woede. Sy voel hoe dit in haar opborrel.

Hoe kón hulle die inligting van haar hou? Dis háár ma.

Nyx spring op. Haar kop draai, maar sy beur na haar rugsak. Sy trek vinnig die skoene aan.

Luca hou haar in stilte dop. “Sal ons teruggaan?”

Nyx maak die tweede skoen se veters vas. ’n Groot, stewige strik.

“Nyx?”

“Jy kan doen wat jy wil.”

Sy tel die rugsak op haar skouers.

Luca stap vinnig nader. “Hoe bedoel jy nou?”

Nyx gee ’n tree agteruit sodat die spasie tussen hulle weer rek. ’n Beskuldigende vinger lig in sy rigting. “Ek is nou net mooi gátvol. Julle kan almal in julle moer vlieg.”

“Wag, moet nou nie oorreageer.”

“Oorreageer? Ek? You’ve got to be kidding me!” ’n Histeriese lag borrel by Nyx se mond uit. “Dankie, Luca.”

Luca se gerekte oë verstar. “Vir wat?”

“Jy’t my die waarheid gewys.”

“Nyx, wat bedoel jy?”

“Dit was die laaste strooi.”

Luca beweeg vinnig nader. Nog voordat hy by haar kom, skiet Nyx die bosse in. Sy kyk vir oulaas om en sien tussen boomstamme hoe Luca sukkel om sy sokkies oor sy nat voete te kry.

## Hoofstuk 30: Vlugtelinge

In Nyx se bors het haar longe in twee vlamme verander. Dit suig al die suurstof op, verteer haar ribbes. Sy voel soos ’n dier wat gejag word. Haar voete is pote. Klipspringerrats navigeer sy oor die bosvloer, koes vir takke, spring oor stompe, trap oor klippe. Vreemde reuke laat haar neus heen en weer kriewel.

Sy kan al Luca se voeteval agter haar hoor. Die klein voorsprong wat sy het, gaan nie lank hou nie.

Hitte jaag deur haar keel en spoeg by haar mond uit. Die vuur in haar longe het tot by haar bene versprei, maar sy durf nie stadiger hardloop nie. Durf nie omkyk nie. Die bome is in elk geval te dig op mekaar om veel te sien. Gelukkig beteken dit hy kan haar ook nie sien nie.

Wat volgende? ’n Mens kan nie vir ewig aanhou hardloop nie.

Nyx wyk van die paadjie af om agter die dik stam van ’n groot boom weg te kruip. Met haar rug teen die stam sak sy af tot op die grond. Haar ken rus net bo haar knieë. Die rugsak laat sy saggies op die grond lê.

Lug fluit by haar mond uit. Haar keel voel rou. Sy proe nog suur. Sy móét haar asemhaling onder beheer kry, anders hoor Luca haar.

Nyx sluk. Dis seer. Sy probeer haar mond rond terwyl sy lug uitblaas, soos iemand wat iets eet wat te warm is.

Hy’s vinnig. Sy voeteval word harder.

Nyx hou haar kop só dat sy die paadjie kan dophou. Luca se figuur flits agter die bome. Sy ruk haar kop terug agter die stam. Haar lyf druk plat teen die bas. Klein boomtakkies krap deur haar t-hemp. Sy roer nie.

Die geknars van blare het stil geword. Luca het gaan stilstaan.

Shit. Hy moes gehoor het sy het gestop.

Bo in ’n tak is daar ’n ritseling. Haar hartklop versnel. Sy kyk op om te sien hoe ’n voël skril skree voordat dit wegflits.

Luca se asemhaling is hard. Nyx bewe van die inspanning om nie self hard asem te haal nie. Haar keel voel krapperig. Lug blaas steeds rukkerig daaruit.

Crap. Hy’t begin beweeg. Haar ore spits om te luister of die sagte geknars van blare onder sy skoensole harder word. Sy wil hoes, maar byt op haar onderlip. Hy mag haar nie hoor nie.

Nou’s dit weer te stil.

Wat doen hy?

Nyx knyp haar oë toe om beter te luister. Die reuk van verrottende blare en grond kleef aan haar vel. Sy lek haar lippe, proe sout. Teen haar rug bly die takkies druk. Dis asof dit met elke sekonde 'n skoot pyn in haar rug afvuur. Op en af beweeg haar borskas. Luca beweeg egter nie. Dis net haar eie hartklop wat in haar ore doef, doef, doef.

Só kan sy nie bly sit nie.

Haar oë skiet oop. Langsaam verskuif sy haar sodat sy met een oog om die stam kan loer. Luca se rug is op haar gedraai. Hy kyk rond op soek na haar, sy hande op sy heupe gestut. Vir 'n oomblik staan hy weer doodstil. Sy kop lig na bo. Nyx volg sy blik en sien die wolke wat bo die boomtoppe saampak. 'n Sagte vloek ontsnap by sy mond.

Luca begin weer beweeg. Nyx ruk haar kop terug. 'n Takkie krap haar wang. Dit brand. Sy hou haar asem op. Doef, doef, doef.

Die geknars van blare word harder. Hier kom dit nou …

Dan verdof dit en word al sagter totdat dit verdwyn.

Haar asem blaas uit. Veilig.

Nyx kyk op. Bo in die een boom is 'n houtkapper besig om 'n nes in die stam oop te kap. In 'n ander boom beweeg 'n spreeu in en uit by 'n ouer nes. Hy't oorgeneem. Die houtkapper moes van voor af begin bou.

Nog 'n paar minute tik verby. Sy kan nie té vinnig bly raak nie.

Stadig kruip Nyx agter die boom uit. 'n Spier trek in haar regterkuit toe sy regop beur. Haar bene het lam geword. Oral teen haar klere klou stof en stokkies.

Die bos lyk skielik donkerder. Hoendervleis slaan oral oor haar arms uit. Sy skud haar kop. Dis net die weer wat begin draai. Dis al.

Onseker staan sy in die middel van die paadjie.

Watter kant toe? Beslis nie agter Luca en al sy leuens aan nie. Dan is die enigste keuse seker om in die teenoorgestelde rigting te stap? Of so half skuins van waarheen hy gestap het? Enigiets is beter as om hier te staan en wonder.

Haar treë knars eensaam op die verlate paadjie. Deur die takke sien sy hoe die wolke begin saambondel.

Dit begin nou insink wat Luca se nuus beteken, of kán beteken. Wat as haar ma …

Aan die een kant moet sy seker bly wees sy het nou nog familie. Maar het Hera-hulle regtig gedink hulle sou alles kon toesmeer met mooi praatjies? Al hierdie sogenaamde "lessies" terwyl iemand hulle eerder 'n les in eerlikheid kon gee.

Luca.

Hoe kón hy? Hy wat maak asof sy so oulik en alles is? Sy het regtig van hom begin hou. Sy't gedink hulle kan …

Nyx skud haar kop. Dit maak nie meer saak nie. Niks maak meer saak nie. Sy was stupid. Stupid, stupid, stupid meisie.

Irene was waarskynlik ook deel van die komplot. Sy't haar probeer sagmaak met al die praatjies oor hartchakras en hoe sy mense moet leer vertrou. Haar hart moet oopmaak. Kak, man. Kyk nou wat het sy daarvan.

Nyx skop na 'n klip. "Eina, shit!"

Great. Nou het sy haarself beseer ook nog.

Hier is sy, alleen, in die middel van 'n bos wat sy nie ken nie. Sy's moeg. Haar klere is vuil en vol sweet. Sy weet nie eers of sy iemand het om na terug te gaan indien sy die dag oorleef nie.

En Hera!

Oor haar wil sy nie eers praat nie. Kamtige ouma wat haar deel van die familie wil maak. Watter familie? Haar pa is klaar dood, haar ma is ook nou op pad uit.

'n Snik ruk deur Nyx se lyf. Sy gaan eers 'n oomblik staan met haar hand op haar bors.

Sy móét met haar ma praat. Sodra sy uit hierdie donnerse bos kom. Maar elke tweede flippen boom lyk dieselfde.

'n Tak kraak aan haar regterkant. Sy vries.

Het Luca haar opgespoor?

Met haar oë soek sy benoud in die skaduwees. 'n Ander verskrikte paar oë, so koeëlrond soos hare, staar haar aan. 'n Bosbokkie.

Kom nou, Bambi. Wie gaan die eerste skuif maak?

Die bokkie se neusie wikkel heen en weer terwyl hulle mekaar opsom.

Val bosbokke mense aan? Hoe groot is hulle tande?

Nyx begin haar een voet oplig. Met dié spring die bokkie flink om en skiet die donkerte in. Dis asof die hele bos skielik in 'n skemering gehul is. Nyx kyk weer op na die lug en sien dat die wolke nou dig en donker langs mekaar lê. Sy sal moet skuiling soek.

Sy wil dit nie erken nie, maar dit was regtig 'n dom idee om te vlug. Sy het geen idee watter kant toe is terug plaas toe nie, en sy kan ook nie deur die bome sien waar sy kan wag vir die storm om verby te gaan nie.

Wag 'n bietjie.

Luca het op pad na die watervalle vir haar van die grotte in die berg vertel. As sy net kon sien waar sy is, behoort sy haar pad na dit te kan vind.

Boomklim. Dis al uitweg.

Nyx soek ’n boom met ’n dikkerige stam. Sy kry een met ’n paar lae takke sodat sy haarself maklik in die boom kan ophys. Haar rugsak laat sy teen die stam lê, en sy trap met haar voet op die laagste tak. Al haar gewig is op die een voet en sy stoot haarself boontoe sodat sy met haar ander voet op die volgende tak kan staanplek kry. Haar hande klou aan die hoër takke. Die tak bewe liggies onder haar voete.

As Irene haar nou moet sien. Dis beslis ’n upgrade na haar ervaring met die avokadopeerboom.

Nie dat Irene verdien om dit saam met haar te vier nie.

Naby die boomtop gebruik sy die laaste krag in haar arms om haar op te hys. Sy tuur oor die toppe. Dit voel vreemd om alles van so ’n hoë perspektief te sien. Die bome lyk soos ’n klomp miniatuur spitsdakkies. Af grond toe kyk sy eerder nie.

Sy soek oral rond, maar die geboue van die plaas is nêrens te sien nie.

Shit. Dit moet aan die agterkant van een van die koppies versteek wees.

Nyx kyk na haar regterkant waar die berg uitrys. Omtrent ’n kilo van waar sy nou is, sien sy ’n groot gaping in die berghang, soos iemand wat oopmond gaap.

Ten minste weet sy nou waar die grotte is. Ás sy daar kan uitkom.

Sy hou die posisie van die donker kol in haar agterkop terwyl sy versigtig by die boom afklim. Terwyl sy haar rugsak optel, begin die eerste druppels reën deur die takke syfer. Een val op haar neus en meng met haar sweet. Die druppels tel spoed op en modderstroompies traan deur die roesbruin grond.

Sy sal moet opskud as sy nie in die gemors vasgevang wil wees nie.

Nyx beweeg rats tussen die klippe en struike deur. Hierdie keer is sy ’n bosbokkie. Spring-spring flits sy oor waterpoeletjies. Haar tekkies verander van vuilgroen na rooierig. Die lug is vol lading. ’n Eerste donderslag tref die aarde en ’n rilling trek deur Nyx se lyf.

Die grotte is te ver. Haar bene voel soos lood. Sy moes êrens verkeerd geloop het.

Sy hou aan met hardloop. Die bome maak oop op ’n rotsagtige gedeelte. In die berg gaap die skeur haar aan.

Halle-freakin-lujah.

Nyx kyk af na die nat rotse wat tussen haar en die grot lê. Water kom teen ’n spoed daaroor afgestroom. Van bo sak die reën hard en genadeloos neer. Druppels hardloop resies oor haar gesig.

Sy trek haar skoene uit. Stadig sluip-sluip sy oor die rotse. Treetjie vir treetjie. Haar tone probeer vatplek kry terwyl die waterstroom om haar bene druk. Haar arms is gespreide vlerke wat

haar balans hou. Al skuifelend beweeg sy tot voor die grotopening. Haar een voet trap uit die water tot op droë rots. Die grot se opening is bo haar. Sy tree met haar ander voet uit die stroom.

'n Geluid grom uit die grot.

Nyx spring om. "Hallo, wie's daar?" roep sy saggies. Haar stem bewe effens.

My goeie fok, Nyx, al weer so 'n stupid, stupid meisie. Kyk hoe's sy nou die posterchild van elke idioot in 'n horror movie.

Bloed suis in haar ore. Die donker grot wil nie lekker in fokus kom nie. 'n Gedierte se buitelyne beweeg in die skadu's. Haar bene stol, word self rots en groei aan die grotvloer vas.

"Dis net ek."

Luca. Dis nog erger.

Nyx asem diep in. "Ek was nou amper dood van skrik."

"Ek ook. Van bekommernis."

"Moenie my laat lag nie."

Luca se figuur beweeg nader en begin kleur aanneem in die lig. "Net mal mense hardloop so die bos in."

"Net mal mense bekruip iemand in 'n grot."

Luca se mond maak oop om iets te sê, sluit dan weer. By die grotopening drip-drip-drip die water tot op die grond. Nyx voel hoe dit op haar modderige bene spat.

"Ek is bly jy's hier. En veilig."

Nyx kyk na Luca. Hy kyk na die grond.

Hy verdien nie 'n antwoord nie. Suffer baby, suffer.

'n Weerligstraal flits buite en die hele grot is vir 'n sekonde in lig gehul. Die gedreun volg en die grotvloer bewe van die impak.

"Kom 'n bietjie binnetoe. Hierdie reën gaan nie vinnig end kry nie. Ons sal moet wag."

Buite lyk alles wasig. Dis asof Nyx deur 'n grys filter die natuur aanskou. Die gordyn water skei hulle van die res van die wêreld.

"Kom." Luca het tot by haar gestap en neem haar aan die elmboog.

Nyx ruk haar arm weg. Sy kyk vinnig op na hom. "Wat as die reën nie voor vanaand ophou nie?"

"Dan sal ons die nag moet bly."

Dit ook nog. Wat van die ander? Van Hera?

Ag, weet jy wat? Laat hulle ook vrek van bekommernis.

"Hopelik sal Hera en Ahmed besef ons twee is nie dom nie."

Lees die man nou nes Hera haar gedagtes?

’n Hopie hout lê ’n ent binne die grot. Luca moes dit voor die reën bymekaar gemaak het.

“Is dit vir ’n vuur?” beduie Nyx.

“Ja, ek was nie seker wat die wolke gaan maak nie, so toe dog ek ek moet voorberei vir die ergste. Dit kan nogal koud word so in ’n grot. Ek kon die paar stukke red voordat dit nat word.”

“So, jy het eerder hout bymekaar gemaak as om vir my te gaan soek?”

Verontwaardiging flits oor Luca se gesig. “Nee, ek het daarop staatgemaak dat jy hopelik jou brein sal gebruik, en ek was toe gelukkig reg, want hier is ons albei. En ons het hout vir vuur, so jy kan dankie sê.”

“Jy kan eerder dankbaar wees as ek nie jou op daardie vuur verkool nie.” Vlamme dans in Nyx se oë.

Luca gooi sy arms in die lug. “Ek gaan nie wen nie, nè?” Hy gaan sit op die grond met sy hande in sy hare.

“Wel, ek–” Wag nou. Wat is aan die gang? Vir wat is sý die een wat nou skuldig voel? Sy sal nie dat hy haar so gaslight nie. “Jy sal net kan wen as dit ’n regverdige kompetisie is.”

“Dink jy regtig ek wou vir jou jok?”

Sy kan sweer hy gaan huil. “Hoekom het jy dan?” Haar stem breek.

Ag nee, shit.

“Hera het my so mooi gevra. En dit was jou ma se versoek. Anders het ons jou al lankal vertel.”

Nyx weet nie meer wat om te glo nie. Aan die een kant is sy so donners kwaad, maar Luca lyk so opreg. Dis natuurlik ook *tipies* van haar ma om so alles self te wil reël en beheer. Sy sal nie verbaas wees as Magrieta vir Hera met die hof gedreig het nie.

Nyx vou haar arms. Sy’s skielik so moeg. “Fine, whatever. Ek glo jou.” Luca se gesig helder op. “Vir nou. Waag dit om oor nog iets te jok en ek kap jou in klein stukkies en verander jou in ’n sosatie.”

“Ek belowe.”

“So gepraat van kos.” Nyx begin die goed uit haar rugsak pak. Haar maag grom al die afgelope uur. “Ons gaan ten minste nie honger ly nie.” Miskien het haar intuïsie haar voor die tyd gewaarsku dat iets vandag sou skeefloop. Sy kyk na die berg kos voor haar. Dit was dalk too much. Sy byt op haar onderlip om nie te lag nie. Die hele situasie voel skielik belaglik.

Luca kyk ook na die rye kos. “Ja nee, ons sal beslis nie vergaan van hongersnood nie.”

“Vir wat glimlag jy so?” Nyx probeer kwaai klink.

“Niks nie.”

“Ek sien jy jok al klaar weer.”

Luca se oë rek. “Jy was darem reg.”

“Oor?”

“Dat ons dit gaan nodig kry. Dit maak ’n man nogal honger om so agter iemand in die bos aan te hardloop.”

Kyk nou net hoe soek hy witvoetjie. Hy maak verniet daardie puppy dog oë vir haar. Dis nou sý beurt om te seil soos ’n slang.

“Mag ek darem ’n broodjie bedel?”

Nyx sug. “Net omdat ek nie jou lyk sal kan dra as jy hier doodgaan nie.” Sy tel vir hulle elkeen ’n broodjie op uit die vrag kos en gee een vir hom aan. “Dè.”

“Dankie.” Iets in sy stemtoon laat haar dink sy woorde gaan oor meer as net die broodjie.

## Hoofstuk 31: Skadu's teen die muur

Die ure sloer verby. Stadigaan dun die druppels uit. Dit val nou soos strooisuiker deur 'n sif – byna geruisloos. Nyx het uit verveling die sekondes tussen die flitse en donderslae begin tel. Die telling het aanhou rek terwyl die storm wegsluip.

Elke nou en dan verlig die weerlig nog die grot asof iemand foto's met 'n groot flash daarvan neem. Nyx kan die prentjie sien: sy met stofgestreepte klere, hare halfmas en 'n gesig vol klein krapmerkies, en Luca: kaalvoet, met sy rug plat teen die grotvloer waar hy toe-oë lê en dink – sy een hand agter sy kop gevou.

Behalwe vir die vredesoffer met die broodjie het hulle twee nog nie veel vir mekaar gesê nie. Die asof die reën soos 'n sluier tussen hulle kom hang het.

Nyx verskuif haar aandag na Luca.

Wat dink hy?

Haar naelvelle is al almal afgetrek. Sy moet begin planne maak. Waarheen gaan sy as haar ma weg is? Moet sy hier kom bly? Daar is nie juis ander familie nie. Of sal sy op haar eie in die stad kan woon? Dit word seker nie toegelaat nie. Of Karlien? Sal sy by hulle kan bly en weer terug skool toe gaan? Ás die skool haar sal terugvat.

Buite die grot word die lug al donkerder. Alhoewel die son agter die wolke is, moet dit al naby sonsak wees. Nyx het nie 'n horlosie aan nie, anders kon sy ten minste kyk hoe laat dit is. Die donkerte maak haar lomerig. Sy onderdruk 'n gaap.

Luca sit regop. "Ek moet seker kyk of ek nie vir ons 'n vuur aan die gang kan kry nie." Hy staan op en stapel die hout opmekaar. "Ons kan nog van jou kos eet vanaand. Ons moet net genoeg oorlos vir môreoggend." Hy kyk na die kosstapel. "Ek dink nie dit gaan 'n probleem wees nie."

Nyx probeer glimlag, maar sy kan nie. Die nag is nog lank.

"Ons kan vroegoggend in die pad val huis toe sodat ons die ander nie ekstra lank laat stres nie."

Huis. Dis nou vir jou 'n grap. Waar is haar huis? Die afgelope ruk het sy regtig die plaas as haar huis begin sien, al wou sy nie. En elke keer as sy nou aan hulle regte huis dink, dink sy daaraan om by die voordeur in te stap en die plek dolleeg te vind.

Luca pak die laaste twee stukkies hout by die res sodat dit 'n spitsdakkie vorm.

"Wat gebeur volgende?"

"Ons wag tot môreoggend en dan loop ons terug."

"Nie dit nie. Met my en my ma. Wat gaan ek doen?"

“O.” Luca se adamsappel beweeg soos hy sluk. “Hera sal weet wat om te doen.” Hy staan op om die lighter te gaan haal wat hy altyd in sy hempsak dra.

“En jy? Wat gaan jy doen?”

“Ek gaan aan met my werk.” Die lighter klik-klik-klik totdat die klein vlammetjie opspring.

“Nee, wat gaan jy doen as jou ma doodgaan?”

Die vlammetjie gaan dood. Luca draai sy gesig weg. “Ek weet nie.”

Nyx voel ’n steekpyn in haar bors. Dit was dalk ’n bietjie erg om dit sommer so te vra. “Dit sal oukei wees.”

Probeer sy nou haarself oortuig?

Die stokkie in haar hand krap in die sand wat op die grotvloer lê. “Partykeer dink ek mense hou van swaarkry, want dan kry hulle simpatie.”

“Ek soek nie simpatie nie.”

“Dis nie wat ek bedoel het nie.” Wow, daar sit sy nou weer haar hele donnerse voet daarin.

Luca sug. Dis asof sy hele lyf afblaas. “Mense hou nie van swaarkry nie, hulle hou van kla.” Hy draai sy gesig na haar. Hy lyk skielik ouer as sy negentien jaar. Sy hare lê plat teen sy kop en een sliert drup oor sy oë. “Die goed wat mense kán verander, doen hulle nie, want hulle kry aandag as hulle daaroor kla. Dikwels bly dié met regte swaarkry stil.”

Wat moet sy nou daarop antwoord? Wat as daar nog goed in sy verlede is waarvan sy nie weet nie?

Alles is so deurmekaar. Hy’t vir haar gelieg. Maar as sy ma weg is, sal hy ook seker net vir Hera hê. Sy’s basically ’n tweede ma vir hom. En hy *sê* hy wou nie jok nie. Dis Hera wat almal soos poppe aan ’n lyntjie hou. En agter haar was dit Magrieta. Dis soos een of ander weird weergawe van telefoontjie behalwe dat Nyx se lyn van die begin af dood was.

Die stokkie waarmee sy in die grond krap, breek in twee. Die groentetuin se uitleg streep deur die rooierige sand. Die buitelyne van die mandala is net driekwart klaar.

“Dink jy hulle soek al na ons?”

“Hulle weet teen hierdie tyd ons is nie op pad terug nie. Nie vanaand nie.”

Nyx sien hoe Luca sukkel om die vuur aan die gang te kry. Die hout is nie heeltemal droog nie. Stadig maar seker begin van die klein stukkies vlamvat en die vlamme verspei soos ’n virus deur die hout wat die een stuk na die ander mekaar aansteek.

“Daarsy. Dit behoort ons darem vir ’n rukkie lig en hitte te gee.”

Nyx kyk hoe die vuurlig skaduwees teen die muur laat groei. Terwyl Luca rondbeweeg neem die donkerte verskillende vorms aan. Sy handbewegings word ’n voëltjie wat rondfladder. Hy buk af om ’n stuk hout wat wil-wil afval op sy plek te sit. Sy arm verander in ’n skilpad teen die

skaduwees op die muur. Luca staan regop en die skilpad word ’n olifant, sy arm die slurp. Die slurp word weer ’n slang wat uit ’n boom hang. Die slang het ontbind en rek tot ’n monster met ’n groot vuis. Die vuis lig asof dit iemand wil slaan. Nyx se hartklop versnel.

Luca beweeg skielik en die monster verkrummel soos sand. Hy kom sit naby haar. Gewone Luca. Geen monsters of slange nie. Alles is net ’n illusie. ’n Spel tussen lig en donker wat jou om die bos lei. Totdat jy wegkyk en sien wat regtig aangaan.

Nyx blaas haar asem uit.

Alles wás net ’n illusie. Daardie eerste dag wat hulle hier aangekom het. Haar ma wat so weird was. So gespanne. En veral daardie drukkie voordat sy gegaan het. Dit was alles tekens. Hoe kon sy so blind wees? Was sy regtig so selfbehep?

Nee. Dis nie net haar skuld nie. As sy en haar ma beter gekommunikeer het, sou sy van alles geweet het. Maar het haar ma dan gedink sy sal nie verstaan nie? Nie omgee nie? As *dit* die waarheid is, is dit baie erger as die feit dat haar ma haar nie wou vertel nie.

Nyx loer na die grot. Die vuur verlig dele wat sy nog nie voorheen opgemerk het nie.

Sy staan op om die muurwande van nader te bekyk. Teen die een rotsmuur is tekeninge teen die gelerige rots geverf. Dit lyk soos San-tekeninge. Luca kom staan langs haar met sy hande op sy heupe.

“Dit moet van die inheemse mense se werk wees. Hera probeer nog uitvind wat presies die geskiedenis van die area is. Sy kon al vasstel dat van die nomadiese groepe soms hierdeur getrek het.” Luca se lang vingers vryf versigtig oor die tekeninge.

“Hulle het ons een keer op ’n skooltoer gevat na sulke tekeninge. Dis mos meestal jagtonele of stories en so?”

“Ja, baie keer is daar ook handafdrukke gemaak.” Luca sit sy handpalm plat teen die rots en sprei sy vingers. “Gewoonlik sulke negative prints waar die mense hulle hande teen die rots gehou het en dan deur rietbuise verf daaroor geblaas het.”

“Rietbuise?”

“Ja, dis amper soos om verf deur ’n strooitjie te blaas. Soos ’n vintage manier van spray paint.”

“Huh, cool.”

“Die tekeninge is ook nie net in Suid-Afrika nie. Die wat in die Lascaux-grotte in Frankryk is, is baie spesiaal. Die mense het dit só geverf dat dit lyk asof die diere lewe kry wanneer vuurlig daarop skyn.” Luca se hand volg die storie van ’n trop bokke teen die rots. Die trop dun uit totdat slegs een bok oorbly. Langs dit staan daar ’n man met ’n skild en spies en ’n groot kol wat seker ’n bloedplas is. ’n Groep figure drom saam om die dooie bok.

“Wat is jou planne vir volgende jaar?”

“Vir swot?”

“Ja, wat gaan jy doen?” Nyx onderdruk die gedagte dat hy ver weg gaan studeer. Sy weet dan self nie eers of sy hier gaan bly of teruggaan stad toe nie.

“Uh, wel.” Luca haal sy hand weg van die rotstekeninge en steek dit in sy broeksak. “Ek het die afgelope jaar op die plaas tyd gehad om te dink. Ek is aanvaar by die universiteit vir geskiedenis. Mense dink dis ’n dooie beroep, maar ek sal graag stories wil vertel soos dit regtig gebeur het.”

Nyx knik. “Dit pas by jou.” Dan voeg sy by: “Dan kan jy vir jou werk mansplain.”

“Hey!”

“Ek dog ons praat van nou af die waarheid?”

“Touché.”

Nyx voel liggies oor die sketse. Dis vreemd om te dink dat die mense wat dit gemaak het eeue gelede op hierdie presiese plek gestaan het. Hoe sou hulle lewens gelyk het? Of was daardie tipe lewe op baie maniere eintlik dieselfde as wat hare en Luca s’n vandag is?

Sy loop aan tot by van die ander tekeninge. Die een figuur is half-mens en half-dier.

“O.” Luca loer oor haar skouer. “Dit was die tipe tekeninge wat hulle gemaak het om geneeshere uit te beeld.”

“Sal Hera ook so uitgebeeld word?”

“Waarskynlik.”

“Nie dat sy dit verdien nie.”

Luca se hand rus op haar skouer. “Nyx, ek weet jy’s kwaad, en met reg, maar sy wou jou regtig net beskerm.”

“Ja, ek het al daai een gehoor.”

“Dit maak dit nie minder waar nie.”

“Miskien. Ek het … tyd nodig.”

Nyx skud sy hand van haar skouer af en stap nog dieper die grot in, weg van die gesprek. Die mure vernou. Dit begin die vorm van ’n tonnel aanneem. “Hoe diep gaan hierdie grot in die berg in?” Haar woorde word deur die donkerte ingesuig en bons dieper in die tonnel na haar toe terug.

“Ek is nie seker nie. Wees versigtig. Netnou kruip daar iets daar binne weg.”

“Is jy bang, Luca? Dis my werk om die sissie te wees. Jy was dan so vol van jouself by die watervalle.” Nyx stap agteruit die donkerte in. ’n Klip knars hard onder haar voete en sy swaai

om. Diep in die tonnel hoor sy ’n skreeugeluid. ’n Skaduwee flits oor haar gesig. Sy en Luca buk albei instinktief af.

Daar kom ’n hele wolk fladderende gediertes oor hulle gevlieg. Nyx se hart pols vir die hoeveelste keer dié dag hard teen haar ribbes. Sy bly nog so gehurk terwyl Luca opstaan.

“Ek mag verkeerd wees, maar ek is redelik seker jy het die vlermuise ontstel.”

“Ek sal onthou om vir liewe Dracula ’n formele verskoning te stuur.” Nyx gaan sit weer by die vuur. Die grot begin koud word.

“Wil jy iets interessants hoor?” Luca gooi ’n klein takkie in die vlamme. Dit knetter.

“Ja wat, oefen solank jou geskiedenis skills. Dis nie asof ons iets beter het om te doen nie”

“Vlermuise kan purr nes ’n kat.”

“Jy jok.”

“En die vlermuispoef, of guana, kan gebruik word om kruit vir gewere te maak.”

“Seriously? Het hulle dit soos vir regte gewere gebruik?”

“Ja, veral in die Amerikaanse burgeroorlog.”

“Ek wil nou nie snaaks wees nie, maar die idee klink ’n bietjie kak.”

Luca se kop ruk op. Dis die eerste keer dat Nyx voor hom vloek. Die frons tussen sy wenkbroue versag. “Dit was nogal kak.”

Hulle begin soos twee skoolkinders giggel totdat Luca uitasem langs haar by die vuur neersak. Voor hulle dans die vlamme van die vuur – soos lang hoëveldgrasse wat wieg in ’n wind.

Hy vryf met sy handpalm oor sy gesig. “Ons moet seker probeer slaap.”

Nyx knik. Haar oë voel krapperig.

Dis nogal moeilik om ’n gemaklike lêplek op die rotsvloer te kry. Deur die mond van die grot lek die koue na hulle. Die wolke het begin ooptrek. Nyx kan ’n paar sterre dof sien flonker deur die grotopening. Nou en dan spoeg die vuur ’n laaste paar vonke, maar die meeste van die stukke is reeds gereduseer tot as.

Nyx wriemel weer op die rots om haar lê te probeer kry. Buite die grot gee ’n dier ’n lang hartseer roep. Sy kan Luca se asemhaling langs haar hoor. Dis nog te vinnig vir hom om aan die slaap te wees.

“Kry jy ook koud?” vra hy.

Bleddie psychic.

“Nee.”

“Ek kan hoor hoe jou tande op mekaar kap. Niemand kan met so ’n geraas aan die slaap raak nie.”

Nyx antwoord nie. Die stilte gaan lê soos ’n koue kombers oor hulle.

“Is jy seker jy wil nie erken jy kry koud nie?”

“Fine. Dis donners koud.” Sy hoor hoe Luca nader skuifel. ’n Warm arm vou om haar lyf. Nyx versteen. Sy hitte versprei deur haar. In haar nek, kielie sy asem. Haar hartklop tel weer spoed op. Sy kan Luca se eie hart teen haar rug voel klop. Haar oë knyp toe.

Moenie te hard asemhaal nie.

Ugh, wat *maak* sy? Sy is veronderstel om nog kwaad te wees vir hom.

Teen haar rug voel sy elke keer wat sy borskas op en af beweeg. Die minute tik verby. Sy probeer haar eie asemhaling nog stadiger maak.

Slaap hy al? Of kan hy ook voel hoe vinnig haar hart klop?

## Hoofstuk 32: In die bol gepik

Nyx skrik wakker. Sy weet dadelik hy's weg.

Sy druk haarself halflyf regop en kyk wild rond in die grot. Daar is geen teken van hom nie. Was dit alles 'n groot trick? Het hy haar hier gelos om dood te gaan?

"Hi."

Nyx se kop ruk na die grotopening. Sy sluk om die knop in haar keel weg te kry. "Ek dog jy't verdwyn."

"Ek wou net kyk hoe lyk die bos. Die modder is darem nie te erg nie, maar ons gaan versigtig moet loop."

Nyx knik. Sy dink aan sy arm om haar toe hulle gaan slaap het. Haar gesig word warm. Sy hoop nie sy het gesnork nie, dit sal super embarrassing wees. "Oukei, uh, wel, ons kan gaan." Sy sukkel regop. Haar boud pyn van die harde slaapplek.

"Ek sal dié keer jou tas dra."

Nyx stry nie. Haar hele lyf pyn. Sy vryf oor haar lae rug.

Shit. Is dit hoe oumense voel? Horrible. Dan gaan sy maar eerder vroeg dood.

Buite die grot is alles skoon en vars. Haar oë knipper teen die skerp sonstrale. Die rotswand kom in fokus. Dis al drooggebak deur die oggendson. Onder in die vallei sweef 'n digte mis. Dit weef 'n spinnerak tussen die bome.

Nyx bly so paar tree agter Luca om te kyk waar hy trap. Naderhand kry hy hulle gelukkig weer op 'n regte staproete. Hulle het tot binne-in die mis geloop.

Wanneer hulle oor 'n gladde deel in die paadjie stap, hou sy aan 'n boomstam langs die roete vas. Die bas voel grof onder haar hande. Sy sien nou eers op hoe vuil haar naels is. En haar mond voel ook vreemd.

Die paadjie maak 'n skerp draai. Luca gaan botstil staan.

"Vir wat stop jy?"

"Shh," fluister hy.

Sy hoef nie te sien om te weet iets is fout nie. "Wat?" Haar stem is 'n fluistering.

"Pofadder."

Nee. Nee nee nee nee nee. Pofadders is mos giftig? Dit moet 'n siek grap wees. Of is dit nou karma vir haar selfbeheptheid?

"Bly kalm."

Makliker gesê as gedaan, tjom.

Nyx waag dit nie om te beweeg nie. Luca voel-voel agter sy rug vir haar hand. Nyx vou dankbaar haar vingers om syne. Haar oë knyp toe.

*Hear no evil, see no evil, do no evil.*

Sy prewel ’n skietgebedjie. Sy belowe sy sal dinge met haar ma regmaak as hulle lewendig hier uitkom. Selfs met Hera, as sy dan nou moet. Solank sy en Luca net oraait is.

Dit voel soos ure wat hulle so staan. Luca gee haar hand ’n druk.

“Kom, hy’s weg.” Sy hoor hoe hy sy asem uitblaas. “Loop versigtig.”

Katvoet loop hulle verby die plek waar die slang minute terug gelê het. Nyx kan voel hoe Luca se hand bewe.

Na ’n paar meter begin Luca spoed optel. Die mis het begin lig. Hulle gaan nou reguit huis toe.

Nyx se knieë wil onder haar meegee toe sy deur die hek in die plaasmuur stap.

Veilig.

Dit voel asof die plante haar verwelkom. Haar hande vee dankbaar oor die bekende struike.

Op die stoep gooi Hera haar arms om Nyx. Nyx hou haar lyf soos ’n plank, alhoewel sy voel hoe haar oë wil-wil traan. Sy herken haar ouma se reuk van sitrus en kaneel.

“Ons moet praat.” Hera hou Nyx by die skouers vas, maar Nyx kyk haar nie in die oë nie.

“Understatement of the year,” mompel sy.

Luca wil homself verskoon, maar Hera keer hom. Sy voorkop plooi, en hy kyk bekommerd na Nyx.

“Daar’s nuus oor Magrieta.”

## Hoofstuk 33: Siek en sat

*Nyx is weer in die bos. Hierdie keer hardloop sy nie. Sy stap rustig deur ’n digte mis. Sy hoef nie te sien waarheen sy op pad is nie. Sy weet. Die rivier. By die donker water buk sy af. Wanneer sy met haar vingerpunte aan haar weerkaatsing raak, begin die mis in die water afsink en verander die donker kleur na ’n diep seegroen. Sy kyk op en sien die bosbokkie aan die oorkant van die oewer. Die bokkie kyk haar nuuskierig aan voordat dit sy kop vir haar knik en in die bos verdwyn. By haar voete skiet blomme en sampioene deur die aarde op. ’n Groepie wit skoenlappers sirkel om haar voordat hulle in die bos wegflits.*

Nyx is gereed. Die twee weke het haar genoeg tyd gegee om te beplan. Magrieta sal moet keer vir haar wickets. Die tyd vir antwoorde het aangebreek.

Sy lig haar pols om na die tyd te kyk. 15:25. Enige oomblik.

Haar vingers voel klam waar dit om die lysie vrae klem. Elke vraag is ’n spoelklippie. Dit kon vir veertien dae in die stroom van haar onderbewussyn rondrol om nou glad en perfek uit haar pen te vloei.

Die skietgebedjie in die bos is vir eers vergete. Soortvan. Sy sal vrede maak, maar eers moet haar ma vir haar antwoorde gee. Alles het ’n prys.

Sy kyk weer na die tyd. 15:31. Hulle is laat.

Die hangplante op die plaas se stoep bewe in die wind. Nyx staan vas. Sy het vooraf besluit sy gaan hulle nie inwag waar Hera die Jeep parkeer nie. Nee, sy bly hier op die stoep staan sodat Magrieta haar eers sien as sy om die draai kom. Sy mag nie tyd hê om aan leuens en verskonings te dink nie.

Die Jeep se gebrul grom deur die bome. Uiteindelik. Die gebrul word al harder totdat Nyx hoor hoe klippies onder die dik bande spat. Stilte. Nou’s dit showtime.

Motordeure klap. Die houthek gee sy onaardse gekreun. Gedempte stemme praat met mekaar terwyl skoensole oor die klippies knars.

Nyx asem in.

Drie.

Twee.

Een.

Magrieta se geboë kop verskyn om die hoek. Hera se arm is by Magrieta s’n ingehaak om haar regop te hou. Albei fokus op die grond sodat Magrieta nie struikel nie.

’n Rilling hardloop by Nyx se ruggraat af. Haar ma lyk so oud. Haar vel is gelerig en droog. Asof dit ’n skilferdeeg is wat in lae wegkrummel.

Magrieta kyk op. Nyx skrik. Lyne keep in langs haar ma se mondhoeke.

“Hallo, Nyx.”

Nyx lek haar lippe. Die hand met die lysie val tot langs haar sy. “Ek–” Haar mond voel skielik so droog.

Sy kyk hoe die twee by die trappies op sukkel. Haar bene voel soos lood.

“Sy’s baie moeg. Ek dink julle kan later gesels,” sê Hera in die verbystap.

Nyx knik. Sy wil-wil aan haar ma se skouer raak, maar netnou tuimel sy inmekaar soos ’n meringue.

Is die dokters seker die behandeling het gewerk? Haar ma lyk nie vir haar gesond nie. Sy lyk nie eers op die oomblik soos ’n regte mens nie. En hulle hét gesê daar is geen waarborg die kanker gaan wegbly nie.

Nyx raak weer bewus van die lysie vrae in haar hand. ’n Blos verhit haar gesig. Dit voel nou skoon simpel. Sy frommel die papiertjie op en druk dit in haar broeksak. Dis dalk tyd om haar gebedsbeloftes na te kom.

* * *

“Hoeveel tyd is daar nog?”

“Seker so drie weke,” antwoord Luca wat langs haar op die stoepbankie sit.

“Dis nie baie nie.” Gemmer loop na die bankie en spring op Nyx se skoot.

“Nee, dis hoekom ons die tyd wat ons het, goed moet gebruik.”

Sy vryf oor Gemmer se swart rug. “Hoe laat gaan ons?”

“Ek sal jou elfuur kom haal.” Luca druk homself van die bankie af op. “Ek moet gaan. Ek het nog goed om te organiseer voor môre.”

Nyx kyk hom agterna terwyl hy wegstap. Vreemd hoe vinnig alles kan verander. Gemmer trap op haar maag. “Eina!”

Luca moet amper weggaan universiteit toe. Maar vir eers gaan hulle môreoggend op hulle eerste amptelike date.

’n Klokkie lui in die huis.

“Sorry, Gemmer.” Sy tel die kat tot op die bankie. Hy meow ontevrede.

Nyx se voete ken nou al die pad oor die persiese mat in die plaashuis se gang. Die enigste verskil is dat sy nou hier binne mág loop. Gemmer trippel agter haar aan. Nie dat sy, of die kat,

hulle voorheen deur reëls laat keer het nie. Wie weet? Dalk moet sy in die nabye toekoms weer êrens inbreek. Sy verlang nogal na die gevoel van adrenalien.

Nyx klop saggies aan die kamerdeur voordat sy ingaan. Gemmer skiet deur die oop deur tot op die bed waar Magrieta lê. Haar ma lyk steeds vir haar so klein. Hera het die kamer ingerig. Dis dieselfde een waar Magrieta as kind gebly het. Deur die venster het 'n mens 'n uitsig op die groot krismisroos. Die bloupers blomme hang nog swaar daaraan. Bye zoem om die bos.

Gemmer maak homself op die voetenent van die bed gemaklik en begin spin. Nyx vermoed die kat is nou haar ma se confidant. Sy hoor haar dikwels met hom gesels. Katjie van die baan dié Gemmer, opgegradeer tot huiskat. Die klein tegemoetkoming was waarskynlik deel van Hera se manier van om verskoning te vra. Jammer is nie 'n woord wat maklik gesê word nie, selfs al is jy quote-unquote “enlightened”.

“Wat kan ek vir die pasiënt doen?”

“Ek wens jy wil ophou om my so te noem, ek's nie 'n invalide nie.” Magrieta kyk by die venster uit. Haar vel het nog 'n ligte geel skynsel. “Net 'n glas water asseblief.”

“I'm on it.”

“En dalk … dalk een van Hera se boeke?”

Nyx knik en glimlag toe sy omdraai. Sy't haar ma van die sterreboeke vertel. Nou sit die sterre in haar ma se oë as sy dit lees. Uiteindelik weet sy waar het sy dié liefde geërf. Nog 'n mystery solved.

Nyx gaan tap gefiltreerde water in 'n glas, vat 'n koperstrooitjie en neem dit vir Magrieta.

Sy steek vas toe sy die koerant op die duvet sien lê. Die streekskoerant. Daardie man is weer op die voorblad. Steeds vermis. Nyx het van die ander artikels oor hom gelees. Van sy werkers is ook weg. Sy vrou dink dit was moord, want haar man het blykbaar al voorheen iemand afgepers. Karma, sê van die ander mense. Hulle het selfs vir Hera vir kommentaar gevra.

Nyx se bors voel koud. Sy kry steeds déjà vu as sy die foto's van hom sien.

Sy skud haar kop en sit die sterreboek vir haar ma op die bedkassie neer langs die vrede-in-die-huis-lelie – nog 'n nie-so-subtiele boodskap van Hera.

Die tweetjies het nog nie vasgesit vandat hulle hier op die plaas aangekom het nie. Beste voetjie voor en al daai. *Like mother like daughter.* Nyx weet dis net 'n kwessie van tyd voordat Hera en haar ma weer na mekaar begin pik. Sy het met Luca 'n weddenskap aangegaan oor hoe lank die skietstilstand gaan hou. Sy raai drie weke en hy gee dit ten minste 'n maand en 'n half. Hy's steeds te positief. Maar sy sal nog aan hom werk.

Voordat Nyx die kamerdeur agter haar toetrek, sien sy hoe haar ma se oë vassteek by die geel lap wat om haar gewrig gebind is. Dit was deel van haar kersgeskenk – 'n kopdoekie soos dié wat haar pa-hulle se musiekgroep gedra het. Dit laat haar soos 'n deelnemer op Survivor voel.

Magrieta was doodstil toe Nyx haar vertel sy weet van die motorongeluk. Na amper 17 jaar donner die hele geraamte uit die kas met 'n paar ander bene agterna. Haar ma het gelyk asof sy haar kop onder die kombers wou indruk. Nes 'n volstruis, dié ma van haar. Sal eerder op haar eie al die jare sit en klippe kou en haar kop in elke hofsaak vir haar werk druk as om oor die verlede te praat. Maar die kasdeur is nou oop, haar ma sal moet help afstof binne-in.

Weet jy wat was flippen awkward gewees? Toe sy haar ma vertel van Irene se idee om 'n gedeelte van die tuin in 'n gedenktuin te verander. Die Pieter Fourie memorial. Haar ma het amper begin huil. Daardie kruik met haar pa se as is toe al die tyd Pandora s'n. Die enigste verskil is dat sy Pandora was wat alles laat uitkom het. Nyx, die godin van chaos, tot u diens.

Haar ma moet nog leer dat emosies nie tyd verstaan nie. As sy nou Luca se voorbeeld mag volg en 'n plant by elke metafoor indruk, is emosies soos 'n saadjie. Net omdat dit vir lank ondergronds bly, beteken nie dis nie besig om te groei nie. En dan, op die tye wat jy al daarvan vergeet het, verras dit jou deur kop uit te steek.

Sjoe, sjoe, sjoe. So diep, so filosofies, só 'n cliché. Sy sal dit eerder nie hardop aan enigiemand herhaal nie. Veral nie aan Luca nie.

Dalk kan sy 'n ander saadjie by haar ma plant en haar sover kry om ook te begin mediteer. Niemand mag weet nie, maar saans doen sy so 10 minute se meditasie, en dit wil-wil vir haar voel asof dit werk. Hulle twee kan 'n spanpoging aanwend. Verhoudingsbou. Iets soos die AA, maar dis eerder Ascending Animosity?

Hmmm, ons sal sien. That's pushing it, of hoe?

Sy sal aan íéts moet dink om haar ma mee besig te hou as sy weer met skool begin. Ja, dis reg, ten spyte van die absolute *trauma* waardeur sy moes gaan, verdien sy blykbaar nie ook maande se bedrus nie. Belaglik. Ten minste het haar ma ingestem dat sy hier op die plaas kan aangaan met homeschooling. Hera het glo allerhande kontakte wat kan tutor. Nyx wil eerder nie weet wat dit beteken nie.

Of wil sy? Nee. Maar dalk? Dit kan altyd haar nuwe avontuur wees.

Noudat sy weet wat die storie met haar ma is, kan sy in Hera se verlede begin rondkrap. Sy sal wag vir nuwemaan om die projekkie te loods. Vir nou moet sy haar oor belangriker goed bekommer. Soos haar date.

Nyx kyk af na haar horlosie. 17:00. Minder as 20 uur oor.

* * *

10:45.

Nyx kyk in die spieël. Haar hemp is oop oor haar skouers. Klein daisies is met die hand op die blou lap geborduur. ’n Roomkleurige romp hang los tot net bo haar knieë en oor haar skouers drup twee franse vlegsels. Los krulle raam haar gesig.

10:52.

Haar vingers skuif die een krul sodat dit nie voor haar oë hang nie. Sy’t vrede gemaak met die boskaas. Dis nou deel van haar *look*. Hera sê dit gee haar karakter. “Chaos is nodig om die orde uit te balanseer.” – Hera, 17 Januarie. Sy kan die woorde laat raam en langs Frida se gevreetjie teen die muur hang.

Nyx glimlag in die spieël en hoor hoe die winklokoorbelle teen mekaar kap as sy haar kop kantel. Miskien ís daar iets soos ’n beskermengel. ’n Beskerm-iets. Sy hou nogal van die idee dat haar pa haar nog altyd veilig gehou het. Soos ’n spirit guide. Iemand wat nog altyd naby haar was al kon sy hom nie sien of hoor nie.

Sy kyk weer na die horlosie. 10:59.

Daar is ’n klop aan die deur.

Die dag is warm, maar nie ongemaklik nie. Hulle is terug by die rivier. Die paadjie soontoe lyk nie nou meer so verlate nie. Nyx het dit plat getrap die afgelope ruk wanneer sy alleen wou wees om te dink.

“Vandag kan ék vir jou vertel oor al die naaldekokers wat hier is.”

Luca lag. “Jy’s welkom om my oor enigiets te vertel.”

Nyx voel rustig. Sy’s bly sy kon Luca eers leer ken voordat hulle probeer date. Die afgelope paar weke was hy so ondersteunend. Sy’t ook weer ’n draai by sy ma gaan maak. Sommer om te sien of Karlien geantwoord het. No luck there, maar gelukkig het alles goed uitgedraai.

Hulle sit weer op ’n kombers met ’n piekniekmandjie. Dis nou die tipe déjà vu wat sy wil hê.

Nyx kou aan ’n aarbei. Sy’t vanoggend vir hulle gaan pluk voordat die oes verby is. Luca kan darem nie al die werk doen nie.

“Onthou jy nog steeds niks van die val nie?” Luca lyk besorgd.

Nyx frons. Sy dog dis al ou nuus. Haar kop skud. “Ek het op ’n stadium gedink ek het nie geval nie en dat iemand my aangeval het. Weird nè?”

Luca se wenkbroue skiet op. Hy bly ’n oomblik stil. “Nogal. Klink amper asof jy jou kop gestamp het.” Hy grinnik.

Nyx rol haar oë.

“Jy weet, dis dalk beter so. Jy wil nie sulke slegte herinneringe hê nie. Ek sou nie verder probeer om te onthou as ek jy was nie.”

Nyx knik. Sy’t nie die afgelope tyd enigiets vreemd in die bos gesien nie. En Hera was regtig goed vir haar. Al daai moeite met die kruiemengsels toe sy so sleg gevoel het ná die val. Sy het Hera te gou geoordeel. Die persoon wat sy in die bosse gesien het, was probably haar verbeelding.

“Ek het darem nie van jou vergeet nie, Luca.”

Hy glimlag en vee sy hare terug oor sy kop. “Ek het al gehoor ek is nogal unforgettable.”

Nyx se een wenkbrou skiet op. “Ja, soos PTSD.”

“Dit wat jy my gee?”

Nyx bars uit van die lag. “Ahmed het gesê ek moet my talente gebruik. Ek volg bloot instruksies.” Sy vryf een van die voue in die piekniekkombers reguit. “Gaan jy darem na my verlang as jy weggaan universiteit toe?”

“Elke minuut.”

Nyx se mond pruil. “Leuenaar.”

“Dis nou een ding waaroor ek nooit sal jok nie.”

“Kan jy dit belowe?” Sy kyk hom reguit in die oë. “Dat jy altyd sal eerlik wees? Oor *alles*.”

“Ek–” Luca se adamsappel beweeg soos hy sluk. “Natuurlik, ek belowe.”

“Goed so.” Nyx ontspan. Haar een mondhoek lig.

Hoekom kyk hy haar dan nou so vreemd aan?

“Mag ek jou iets vra?”

“Sure, ’n oog vir ’n oog, ’n vraag vir ’n vraag.”

“Mag ek jou maar soen?”

Luca se groen oë pen haar vas.

Oh no. Sy het nog nooit iemand gesoen nie. Hoe moeilik kan dit nou wees?

Nyx knik. “As jy dan nou moet.”

Luca huiwer asof hy eers die oomblik wil vasvang voordat dit wegglip. Sy maak haar oë toe. Dan voel sy sy mond op hare. Dis sag en warm en die soet smaak van aarbeie bly agter. Hy breek weg en sy wil hom terugtrek. Sy voorkop rus ’n oomblik teen hare. Die wind waai een van haar krulle oor haar gesig en hy steek dit saggies agter haar oor in.

Luca glimlag. “Jy gaan nie nou weer weghardloop nie, nè?”

“Net as jy my weer sal kom haal.”